

GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE  
BIBLIOTEKE: 'N MOONTLIKE  
OPLOSSING VIR PLATTELANDSE GEBIEDE

deur



AGNES CRAFFORD

Proefskrif goedgekeur vir die graad  
Doktor in die Wysbegeerte  
(Biblioteek- en Inligtingkunde)  
Universiteit van Stellenbosch

PROMOTOR: PROF. DR. P.G.J. OVERDUIN

Stellenbosch  
Desember 1993

### **VERKLARING**

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

## INHOUDSOPGAW E

	<u>Bladsy</u>
VERKLARING	( ii)
LYS VAN FIGURE	( xiv)
LYS VAN DIAGRAMME	( xv)
LYS VAN TABELLE	( xv)
OPSOMMING	( xvi)
SUMMARY	(xviii)

### HOOFSTUK 1

#### INLEIDING

1.	DIE AKTUALITEIT VAN DIE TEMA	1
2.	DIE AARD VAN DIE PROBLEEM	5
3.	DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK	8
4.	DIE METODE VAN ONDERSOEK	9
4.1	Literatuurstudie	9
4.2	Besoeke aan skool- en openbare biblioteke in die Bolandstreek van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens	9
4.3	Persoonlike onderhoude	10
4.4	Vraelyste	10
4.5	Aanvullende inligting	11
5.	AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN	11
6.	DIE BESKRYWING VAN BEGRIPPE	11
6.1	Skoolbiblioteek/Mediasentrum	11
6.2	Boekopvoeding/Medialeiding	12
6.3	Plattelandse gebiede/dorp/skool	12
6.4	Gekombineerde skole	13
6.5	Gekombineerde skool- en openbare biblioteek	13
7.	DIE PROGRAM VAN ONDERSOEK	13

## HOOFSTUK 2

### DIE SKOOLBIBLIOTEEK

1.	<b>INLEIDING</b>	<b>15</b>
2.	<b>DIE DOELSTELLINGS VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK</b>	<b>16</b>
3.	<b>DIE FUNKSIES VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK</b>	<b>20</b>
3.1	Inleiding	20
3.2	Die voorraad van die skoolbiblioteek	21
3.3	Aanskaffing van die voorraad	23
3.4	Keuring van boeke	25
3.5	Die organisasie van die skoolbiblioteek	27
3.6	Instandhouding van die voorraad	29
3.7	Voorsiening van inligtingsdienste	29
3.8	Aanvulling by die leerprogram	31
3.9	Ontspanning	33
3.10	Kommunikasie	34
3.10.1	Kommunikasie tussen die onderwyser-bibliotekaris en die skoolhoof	34
3.10.2	Kommunikasie tussen die onderwyser-bibliotekaris en die vakonderwyser	35
3.10.3	Kommunikasie tussen die onderwyser-bibliotekaris en die leerling	36
3.10.4	Kommunikasie tussen die leerlinge onderling	36
3.10.5	Kommunikasie tussen die gebruiker en inligting	37
4.	<b>DIE PERSONEEL VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK</b>	<b>37</b>
4.1	Die onderwyser-bibliotekaris	37
4.2	Struktuur en pligte van die bibliotekpersoneel	39
4.3	Die onderwyser-bibliotekaris as bibliotekaris	40
4.4	Die onderwyser-bibliotekaris as inligting-verskaffer	41
4.5	Die onderwyser-bibliotekaris as onderwyser	42
4.6	Propagering van dienste	46

-v-

4.7	Opleiding en kwalifikasies van die onderwyser- bibliotekaris	47
4.8.	Die aanstelling van die onderwyser-bibliotekaris	48
4.9	Ander hulp	49
5.	<b>SKOOLBIBLIOTEEKGEBOU</b>	49
5.1	Ligging	50
5.2	Grootte en uitleg	52
5.3	Ameublement	54
6.	<b>SAMEVATTING</b>	56

### **HOOFSTUK 3**

#### **DIE OPENBARE BIBLIOTEEK**

1.	<b>INLEIDING</b>	57
2.	<b>DIE DOELSTELLINGS VAN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK</b>	59
3.	<b>DIE PLATTELANDSE OPENBARE BIBLIOTEEK</b>	62
4.	<b>DIENSLEWERING VAN DIE KAAPSE PROVINSIALE BIBLIOTEEKDIENS AAN OPENBARE BIBLIOTEKE</b>	63
4.1	Die verskaffing van voorraad aan plattelandse biblioteke	63
4.2	Spesiale biblioteekdienste	65
4.3	Opleiding en voorligting	66
5.	<b>DIE FUNKSIES VAN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK</b>	66
5.1	Die inligtingsfunksie	66
5.2	Die opvoedingsfunksie	69
5.2.1	Formele opvoeding	70
5.2.2	Nie-formele opvoeding	71
5.2.3	Informele opvoeding	73
5.3	Die kulturele funksie	73
5.4	Die ontspanningsfunksie	74
6.	<b>DIE PERSONEEL VAN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK</b>	75
6.1	Personeelvoorsiening	76
6.2	Pligte van die openbare bibliotekaris	76
6.2.1	Voorraadontwikkeling	77

6.2.2	Die beskikbaarstelling van die voorraad	77
6.2.3	Instandhouding	79
6.2.4	Versorging van gebou	79
6.2.5	Administratiewe pligte	79
6.2.6	Uitbreidingsaktiwiteite	80
6.2.7	Reklame	80
6.2.8	Beheer en bestuur van die openbare biblioteek	81
6.3	Opleiding van die openbare bibliotekaris	82
7.	<b>DIE AKKOMMODASIE VAN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK</b>	83
7.1	Ligging	84
7.2	Grootte en uitleg	84
7.3	Ameublement	88
8.	<b>SAMEVATTING</b>	89

#### HOOFSTUK 4

#### OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN DIE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEEK

1.	<b>INLEIDING</b>	90
2.	<b>SAMEVATTING VAN DIE KENMERKE VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK</b>	90
3.	<b>SAMEVATTING VAN DIE KENMERKE VAN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK</b>	91
4.	<b>DIE OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN DIE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEEK</b>	92
4.1	Doelstellings	92
4.2	Funksies	95
4.2.1	Die opvoedingsfunksie	95
4.2.2	Die inligtingsfunksie	96
4.2.3	Die kulturele funksie	97
4.2.4	Die ontspanningsfunksie	98
4.3	Voorraad	100
4.4	Organisasie en administrasie	103

4.4.1	Algemeen	103
4.4.2	Ordering van biblioteekmateriaal	105
4.5	Biblioteekure	106
4.6	Personeel	108
4.7	Akkommodasie	110
5.	<b>SAMEVATTING</b>	<b>111</b>

## HOOFSTUK 5

### 'N ONDERSOEK NA DIE BIBLIOTEEKDIENSTE VAN DIE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE VAN VERSKEIE PLATTELANDSE DORPE IN KAAPLAND

1.	<b>INLEIDING</b>	<b>112</b>
2.	<b>INWONERTAL VAN PLATTELANDSE DORPE EN LEERLINGTALLE VAN GEKOMBINEERDE SKOLE</b>	<b>113</b>
3.	<b>VOORRAAD</b>	<b>115</b>
3.1	Die skoolbiblioteek	115
3.1.1	Boekevoorraad	116
3.1.2	Tydskrifte en koerante	117
3.1.3	Oudiovisuele media	117
3.2	Die openbare biblioteek	118
3.2.1	Boekevoorraad	118
3.2.2	Oudiovisuele media	119
3.2.3	Tydskrifte en koerante	119
4.	<b>BIBLIOTEEKURE</b>	<b>119</b>
4.1	Die skoolbiblioteek	119
4.2	Die openbare biblioteek	120
5.	<b>SIRKULASIE</b>	<b>121</b>
5.1	Skoolbiblioteek	121
5.2	Die openbare biblioteek	121
6.	<b>PERSONEEL</b>	<b>122</b>
6.1	Die skoolbiblioteek	122
7.	<b>AKKOMMODASIE</b>	<b>124</b>

<b>8.</b>	<b>PROBLEME WAT BY DIE DIENSLEWERING DEUR SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN PLATTELANDSE GEBIEDE ONDERVIND WORD</b>	<b>127</b>
<b>8.1</b>	<b>Skoolbiblioteekgebruik</b>	<b>127</b>
<b>8.1.1</b>	<b>Biblioteekure</b>	<b>127</b>
<b>8.1.2</b>	<b>Personeeltekort</b>	<b>129</b>
<b>8.1.3</b>	<b>Onvoldoende voorraad</b>	<b>130</b>
<b>8.1.4</b>	<b>Akkommodasie</b>	<b>132</b>
<b>8.2</b>	<b>Openbare biblioteekgebruik</b>	<b>132</b>
<b>8.2.1</b>	<b>Biblioteekure</b>	<b>132</b>
<b>8.2.2</b>	<b>Voorraad</b>	<b>133</b>
<b>8.2.3</b>	<b>Personeel</b>	<b>134</b>
<b>8.2.4</b>	<b>Stadsrade</b>	<b>134</b>
<b>8.2.5</b>	<b>Akkommodasie</b>	<b>135</b>
<b>9.</b>	<b>SAMEWERKING TUSSEN DIE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEEK</b>	<b>136</b>
<b>10.</b>	<b>SAMEVATTING</b>	<b>137</b>

## **HOOFSTUK 6**

### **GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN ENKELE LANDE BUIE SUID-AFRIKA**

<b>1.</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>141</b>
<b>2.</b>	<b>DEFINISIE VAN 'N GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEEK</b>	<b>141</b>
<b>3.</b>	<b>NAVORSING OP DIE GEBIED VAN GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN OORSESE LANDE</b>	<b>142</b>
<b>4.</b>	<b>GEKOMBINEERDE BIBLIOTEKE IN SUID-AUSTRALIë</b>	<b>144</b>
<b>4.1</b>	<b>Algemeen</b>	<b>144</b>
<b>4.2</b>	<b>Voorbeelde van gekombineerde biblioteke in Suid-Australië</b>	<b>147</b>
<b>4.2.1</b>	<b>Pinnaroo School/Community Library</b>	<b>147</b>
<b>4.2.2</b>	<b>Balaklava Community Library</b>	<b>148</b>



4.2.3	Eudunda School/Community Library	149
4.2.4	Moonta School/Community Library	150
4.3	Gemeenskapsentrums met gekombineerde biblioteke	150
4.3.1	Die Park Community Centre	150
4.4	Bevindings	151
4.5	Voordele van gekombineerde biblioteke in Suid-Australië opgesom deur Dwyer	153
5.	<b>GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN KANADA</b>	<b>153</b>
5.1	Algemeen	153
5.2	Voorbeelde van gekombineerde skool- en openbare biblioteke in Kanada	156
5.2.1	Gekombineerde skool- en openbare biblioteke in Alberta	156
5.2.2	Barhead Elementary School	157
5.2.3	Britannia Community Library Centre in Vancouver	158
5.2.4	G.H. Dawe Community Centre Library	161
5.3	Bevindings van Woolard oor gekombineerde biblioteke in Kanada	163
6.	<b>GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA</b>	<b>164</b>
6.1	Ondersoek na gekombineerde biblioteke in die Verenigde State van Amerika	164
6.2	Gekombineerde biblioteke in Florida	166
6.2.1	Meadowlane Community Library	168
6.2.2	Stone Community Library	170
6.3	Bevindings in ondersoek na gekombineerde biblioteke in VSA	172
7.	<b>GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN SWEDE</b>	<b>174</b>
7.1	Algemeen	174
7.2	Die ontwikkeling van gekombineerde skool-biblioteke in Swede	174

7.3	Gesentraliseerde biblioteekdienste in Swede	176
7.4	Gekombineerde skool- en openbare biblioteke	178
7.5	Voorbeelde van gekombineerde skool- en openbare biblioteke in Swede	179
7.5.1	Gribby Gard in Taby	179
7.5.2	Gekombineerde biblioteke in Gotland	180
7.5.3	Skinnskatteberg	181
7.6	Bevindings in die ondersoek na gekombineerde biblioteke in Swede	181
8.	'N VERGELYKING TUSSEN DIE GEKOMBINEERDE BIBLIOTEEKDIENSTE VAN AUSTRALIË, KANADA, VSA EN SWEDE	182
8.1	Stigting van gekombineerde biblioteke	182
8.2	Geografie	183
8.3	Bevolking	183
8.4	Plattelandse skole	183
8.5	Ligging van skole	184
8.6	Gemeenskapsentrums	184
8.7	Personeel	184
8.8	Leners	185
8.9	Biblioteekure	185
8.10	Bestuur	185
8.11	Finansies	186
9.	BEVINDINGS VAN GEKOMBINEERDE BIBLIOTEKE IN AUSTRALIË, KANADA, VSA EN SWEDE	186
10.	PLATTELANDSE BIBLIOTEKE IN MALAWI	187
10.1	Algemeen	187
10.2	Funksies van die Rural Community Information Service	189
11.	SAMEVATTING	190

**HOOFSTUK 7****MODELLE VAN GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE  
BIBLIOTEKE VIR KLEINER PLATTELANDSE GEBIEDE**

<b>1.</b>	<b>REDES VIR DIE TOTSTANDKOMING VAN GEKOM- BINEERDE BIBLIOTEKE</b>	<b>192</b>
<b>2.</b>	<b>VOORDELE EN NADELE VAN DIE GEBRUIK VAN DIE BESTAANDE OPENBARE BIBLIOTEEK AS SKOOLBIBLIOTEEK</b>	<b>194</b>
<b>3.</b>	<b>DIE OMSKEPPING VAN 'N BESTAANDE BIBLIOTEEK NA 'N GEKOMBINEERDE BIBLIOTEEK</b>	<b>196</b>
<b>4.</b>	<b>DIE OPRIGTING VAN 'N NUWE GEBOU WAAR GEEN FASILITEITE BESKIKBAAR WAS NIE</b>	<b>196</b>
<b>5.</b>	<b>VOORSTELLING VAN MODELLE VAN GEKOMBINEERDE BIBLIOTEKE IN SUID-AFRIKA</b>	<b>197</b>
<b>6.</b>	<b>MODEL A</b>	<b>198</b>
<b>6.1</b>	<b>Doelstellings en funksies</b>	<b>199</b>
<b>6.2</b>	<b>Standaarde</b>	<b>200</b>
<b>6.3</b>	<b>Biblioteekgebou</b>	<b>201</b>
<b>6.3.1</b>	<b>Ligging</b>	<b>202</b>
<b>6.3.2</b>	<b>Beplanning</b>	<b>204</b>
<b>6.3.3</b>	<b>Lokaal</b>	<b>205</b>
<b>6.3.4</b>	<b>Ameublement</b>	<b>208</b>
<b>6.3.5</b>	<b>Sekuriteitsmaatreëls</b>	<b>209</b>
<b>6.3.6</b>	<b>Parkering</b>	<b>210</b>
<b>6.4</b>	<b>Beheer en bestuur</b>	<b>210</b>
<b>6.5</b>	<b>Voorraad</b>	<b>214</b>
<b>6.5.1</b>	<b>Die doelwitte en standarde van die biblioteek</b>	<b>215</b>
<b>6.5.2</b>	<b>Behoeftes van die gebruikers</b>	<b>216</b>
<b>6.5.3</b>	<b>Beskikbare fondse</b>	<b>217</b>
<b>6.6</b>	<b>Die keuring van die voorraad</b>	<b>218</b>
<b>6.7</b>	<b>Uitreiking van die voorraad</b>	<b>218</b>
<b>6.8</b>	<b>Biblioteekure</b>	<b>219</b>
<b>6.9</b>	<b>Personeel</b>	<b>221</b>

6.9.1	'n Voltydse gekwalifiseerde openbare bibliotekaris	222
6.9.2	'n Gekwalifiseerde onderwyser-bibliotekaris gedurende skoolure en 'n gekwalifiseerde openbare bibliotekaris na skoolure en bykomende openingsure van die biblioteek	222
6.9.3	'n Voltydse gekwalifiseerde onderwyser-bibliotekaris in diens van die skool en plaaslike owerheid	223
6.9.4	'n Vakonderwyser met geen biblioteekkwifikasies en 'n voltydse openbare bibliotekaris gedurende skoolure en bykomende openingsure van die biblioteek	223
6.9.5	Addisionele biblioteekpersoneel	224
6.9.6	Nie-professionele personeel	224
7.	MODEL B	225
7.1	Ooreenkoms tussen Model A en Model B	225
7.2	Skoolbiblioteekgebou	226
7.2.1	Ligging	226
7.2.2	Lokaal	226
7.2.3	Ameublement	227
7.3	Bestuur en beheer	227
7.4	Vorraad	227
7.4.1	Uitbreiding van die voorraad	228
7.4.2	Uitreiking van die voorraad	230
7.5	Biblioteekure	230
7.6	Personeel	231
8.	MODEL C	231
8.1	Biblioteekgebou	232
8.1.1	Ligging	232
8.1.2	Gebou	232
8.1.3	Ameublement	233
8.2	Bestuur en beheer	234
8.3	Vorraad	234
8.4	Biblioteekure	235
8.5	Personeel	235
9.	SAMEVATTING	236

**HOOFSTUK 8**  
**BEVINDINGS EN AANBEVELINGS**

<b>1.</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>238</b>
<b>2.</b>	<b>BEVINDINGS</b>	<b>238</b>
<b>3.</b>	<b>AANBEVELINGS</b>	<b>240</b>
<b>3.1</b>	<b>Totstandkoming van gekombineerde biblioteke</b>	<b>240</b>
<b>3.2</b>	<b>Bestuur en beheer</b>	<b>241</b>
<b>3.3</b>	<b>Personeel</b>	<b>241</b>
<b>3.4</b>	<b>Vorraad</b>	<b>241</b>
<b>3.5</b>	<b>Akkommodasie</b>	<b>242</b>
<b>3.6</b>	<b>Dienslewering</b>	<b>242</b>
<b>4.</b>	<b>SLOT</b>	<b>242</b>
	<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>244</b>
	<b>BYLAE 1</b>	<b>261</b>
	<b>BYLAE 2</b>	<b>262</b>

## LYS VAN FIGURE

	<u>BLADSY</u>
1. Losstaande skoolbiblioteekgebou - weg van ander geboue	50
2. Skoolbiblioteek - sentraal geleë	51
3. Klaskamers wat omskep is in 'n biblioteek	51
4. Standaardplan van die Kaaplandse Onderwysdepartement	53
5. Vloerplan van Ainsworth Biblioteek, Nebraska	86
6. Grondvloerplan van Openbare Biblioteek - Zweletemba	87
7. Britannia Community Library Centre	159
8. G.H. Dawe Community Centre Library	162
9. Voorgestelde plan - Model A	201

## **LYS VAN DIAGRAMME**

### **BLADSY**

- |    |  |    |
|----|--|----|
| 1. | Struktuur en pligte van die skoolbiblioteekpersoneel | 39 |
| 2. | Akkommodasie vir 'n hoërskoolbiblioteek              | 54 |

## **LYS VAN TABELLE**

- |    |   |     |
|----|---|-----|
| 1. | Statistieke van 13 plattelandse skool- en openbare biblioteke | 138 |
|----|---|-----|

## OPSOMMING

Moontlike gekombineerde skool- en openbare biblioteke in plattelandse gebiede is die hooftema van die verhandeling. Die skool- en openbare biblioteek staan in diens van die gemeenskap; die skoolbiblioteek slegs in diens van die skool en die openbare biblioteek in diens van die hele gemeenskap. Nieteenstaande die feit dat daar twee biblioteke op plattelandse dorpe bestaan, is daar ook minderbevoorregte gemeenskappe waar daar onvoldoende of geen biblioteekfasiliteite is nie. Navorsing oor die behoeftes van die gebied is noodsaaklik en gemeenskapsontwikkeling is die grootste bydrae wat die biblioteek aan die agterblewenes kan lewer.

Die navorsing sentreer rondom die kernprobleem of daar enige regverdiging bestaan vir twee biblioteke met min of meer dieselfde doelstellings op 'n klein plattelandse dorp. Om die pligte en funksies van albei biblioteke na te kom is daar faktore soos swak ekonomiese toestand, dalende leerlingtalle, ontvolking van die platteland of onvoldoende biblioteekfasiliteite wat 'n stremmende invloed mag hê.

Gekombineerde biblioteke kan 'n oplossing wees. Redes vir die totstandkoming van 'n gekombineerde biblioteek is onder andere rasionalisering, besparing, voldoende biblioteekfasiliteite en beter dienslewering. Gekombineerde biblioteke kan funksioneer op die platteland in bestaande biblioteekgeboue en in nuutbeplande geboue en kan diens lewer aan die oningeligte gebruiker wat die biblioteek nog vreemd vind asook aan die ervare inligtingsoeker.

As afgebakende terrein vir die navorsing is plattelandse dorpe en distrikte van Wes-Kaapland gekies. Die kring is nog nouer getrek deur kleiner dorpe met gekombineerde skole, dit wil sê, een skool wat 'n laerskool- en 'n hoërskoolafdeling op dieselfde gronde akkommodeer, uit te sonder. Die idee van gekombineerdheid het dus al op hierdie dorpe posgevat.

Hierdie verhandeling bespreek eerstens die rol van die bestaande skool- en openbare biblioteke in plattelandse gebiede. Die doelstellings en funksies van albei tipes biblioteke word bespreek en vergelyk. Ooreenkomste en verskille word



aangetoon. Elke bestaande skool- en openbare biblioteek is ook aan die hand van standarde ge-evalueer. Albei biblioteke moet daarin slaag om hul rol sinvol te vervul. Aspekte waaraan die twee biblioteke gemeet word is [i] bestuur en beheer, [ii] voorraad, [iii] personeel, [iv] biblioteekure en [v] akkommodasie. Die faktore is deeglik bespreek en daar word gekyk na die voor- en nadele van albei biblioteektipes. Die skool- en openbare biblioteek moet dus aan bepaalde voorvereistes voldoen om in sy rol as gekombineerde biblioteek te voldoen.

Na die volledige bespreking van twee bestaande biblioteke op die platteland is ondersoek ingestel na gekombineerde biblioteke in enkele lande oorsee; dit is Australië, Kanada, Verenigde State van Amerika en Swede. Die Afrika-staat, Malawi, word ook as voorbeeld gebruik van 'n land met 'n ontwikkelende gemeenskap. Plaaslike omstandighede is met die van oorsee vergelyk en afleidings is gemaak.

Die klem word verskuif na 'n nuwe situasie waar 'n nuutbeplande gekombineerde biblioteek op die skoolgronde voorgestel word. Die nuwe voorstelling, bekend as Model A, sal 'n gemeenskap bedien waar geen skool- of openbare biblioteek bestaan nie. Die hoogste prioriteit word verleen aan die skoolgaande kind en studiefasiliteite en 'n onderrigarea word voorsien.

Model A word vergelyk met Model B, wat die skoolbiblioteek as gekombineerde biblioteek voorstel en Model C, wat die openbare biblioteek as gekombineerde biblioteek voorstel.

Die voordele van gekombineerde biblioteke in hierdie plattelandse gebiede sal aan die gemeenskap en die skool die volgende pertinente voordele bied: beter akkommodasie, 'n groter voorraad, professionele personeel en langer diensure. Met hierdie voordele behoort doeltreffende gemeenskapsdiens op die platteland suksesvol te wees.

-xviii-

## SUMMARY

The possible combination of school and public libraries in rural areas is the main theme of the dissertation. Both the school and public libraries serve the community; the school library solely for use by the school and the public library for the use of the broader community.

Although there are two functioning libraries in country towns there are still underprivileged communities who have unsatisfactory or even no library facilities. Research on the needs of these areas is essential, community development being the most important contribution which can be provided by the library, to the underprivileged.

The research centres on the main problem: whether there is any justification for two libraries with roughly the same objectives in any small town. Possible negative factors, such as a poor economic climate, a decline in the number of school pupils, the depopulation of rural areas and insufficient library facilities must be taken into account for the efficient functioning of both libraries.

Combined libraries can be a solution. Reasons for the establishment of combined libraries are amongst others; rationalization, financial saving, sufficient library facilities and the provision of improved services. Combined libraries could function in the rural areas in existing library buildings or newly-erected structures and provide a service to both the uninformed user in a strange, new environment, as well as to the more experienced seeker of knowledge.

Country towns and districts in the Western Cape were defined as the chosen area for research. The circle is drawn closer with the specific target being combined schools, for example, the combination of both a primary school and high school component on the same site. The custom of combined institutions has thus already been accepted in these towns.

The dissertation initially reviews the role of existing school and public libraries in rural areas. The aims and functions of both types of libraries are discussed and compared and similarities and differences are noted. Each existing school and public library is evaluated to on its own standards. Both the libraries must therefore meet these requirements to be successful. The criteria whereby these libraries are judged are: [i] management and control, [ii] stock, [iii] staff, [iv] library hours and [v] accommodation. All aspects of both types of libraries are discussed thoroughly and all advantages and disadvantages are investigated. A school-public library must, therefore, meet certain standards to succeed in the role of a combined library.

Following on an in-depth discussion of two existing libraries in a rural area, the research shifts to combined libraries in certain foreign countries, namely Australia, Canada, the United States of America and Sweden. The African State, Malawi, is also used as an example of a country with a developing community. Comparisons are made between factors in local and foreign countries and conclusions are drawn.

The emphasis moves on to a new situation where a newly-planned, combined library on the school grounds is proposed. Such a library, known as Model A, should serve a community where no school or public library exists. The highest priority is afforded to the pupil and facilities for studying, as well as an instruction area are provided.

Model A, is compared to Model B, which represents the school library as a combined library and Model C, which represents the public library as a combined library.

Combined libraries in the rural areas will provide the communities and schools with these advantages: [i] more effective accommodation, [ii] a larger stock, [iii] professional staff and [iv] longer library hours. Together, these advantages should successfully provide rural areas with an effective community service.

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1. DIE AKTUALITEIT VAN DIE TEMA

Die hoofdoel van die onderwys, naamlik opvoeding, is om die leerling te help tot verwerwing van kennis, die aankweek van vaardighede en die ontwikkeling van sy vermoë tot selfstandige denke. Hierdie doelstellings vorm die sterkste band tussen die skoolbiblioteek en die openbare biblioteek.

Opvoeding moet as 'n belangrike doelstelling in die openbare biblioteek en die skoolbiblioteek uitgesonder word, omdat boeke onontbeerlik is vir die opvoedingsprogram van die leerling. Die groot waarde van albei tipes biblioteke lê in hulle voorraad. Deur te voorsien in die literatuurbehoefte van die kind, kan die twee biblioteke 'n positiewe bydrae lewer tot die opvoedingsprogram van die leerling.

Geen skoolbiblioteek kan bestaan as daar nie 'n skool is nie. Die bestaan van 'n skool is nie afhanklik van die bestaan van 'n skoolbiblioteek nie. Die omgekeerde is wel waar. Die skoolbiblioteek kan slegs regverdig word, indien dit 'n bydrae tot die skoolprogram lewer.

Ten einde die skoolbiblioteek doelmatig te laat funksioneer, is dit noodsaaklik dat daar voortdurend besin moet word oor sy doel en funksie, want dan alleen kan daar aan die hoë opvoedkundige eise wat daar aan die skoolbiblioteek gestel word, beantwoord word (Erasmus, 1979, p. 22).

Die openbare biblioteek moet hom dus toenemend toelê op opvoeding en ook die voorraad daarvoor beskikbaar stel. Hy moet die informele opvoedingsinstrument vir die hele gemeenskap wees en opvoedingsgeleenthede aan die breë publiek bied

(Carstens, 1986, p. 36).

Beide biblioteke staan dus in diens van die gemeenskap; die skoolbiblioteek slegs in diens van die skoolgemeenskap en die openbare biblioteek in diens van die hele gemeenskap.

Om die doelstellings van albei biblioteke te verwesenlik en die pligte en funksies na te kom, is daar verskillende faktore wat 'n stremmende invloed mag hê naamlik:

- ontvolking van die platteland;
- dalende leerlingtalle;
- afskaffing van onderwysposte;
- onopgeleide onderwys-bibliotekarisise;
- onvoldoende biblioteekure;
- beperkte voorraad; en
- swak ekonomiese toestande.

Dr. F. Knoetze, Adjunk-direkteur: Personeel en Opleiding van die Kaaplandse Onderwysdepartement het in Julie 1989 dit bevestig dat die afname in leerlingtalle regstreekse verband hou met die afskaffing van onderwysposte by skole (Afskaffing, 1989, p. 5). Die Minister van Onderwys en Kultuur: Administrasie Volksraad het tydens die bespreking van sy begrotingspos gedurende Maart 1990 dit beklemtoon. Sonder die instellings, kerk en skool, kwyn 'n gemeenskap, onttrek sakelui hulle en ontvolk die platteland verder (Gemeenskapsbetrokkenheid, 1990, p. 336). In dië praktyk werk die situasie soos 'n sneeubal. Die ontvolking van 'n plattelandse dorp gee aanleiding tot die dalende leerlingtalle wat die afskaffing van onderwysposte tot gevolg het.

Wanneer 'n skool weens die afname in getalle 'n onderwysbetrekking moet prysgee, word dit aan die hoof en die Bestuursliggaam oorgelaat om te besluit oor watter betrekking afgeskaf word. Vak-onderrig is onontbeerlik in enige skool,

daarom is skoolhoofde verplig om 'n pos soos onderwyser-bibliotekaris af te skaf of vakonderwys aan die onderwyser-bibliotekaris op te dra.

Die aanskaffing van media in die skoolmediasentrum was grotendeels afhanklik van die jaarlikse toekennings en begroting van die Onderwysdepartement. Die toekenning is bepaal volgens die getal leerlinge. Hoe kleiner die leerlingtal, hoe kleiner die toekenning vir die aankoop van voorraad. Vanaf 1992 het net die *status quo* en model B-skole gebaat by 'n toekenning vir biblioteke wat deel van 'n globale inrigtingbegroting was. Model-C skole se begroting wat deur die Bestuursliggaam bedryf word, is ook verantwoordelik vir die aankoop van biblioteekboeke. Hoë boekkoste maak dit onmoontlik om die voorraad jaarliks na wense uit te brei.

Reeds in 1976 het Van Wyk (1976, p. 10) genoem:

"Die skoolbiblioteek kan nie in al die behoeftes van al die leerlinge voldoende voorsien nie. Die werklik gretige leser gebruik ook die openbare biblioteek intensief: so ook die gevorderde senior leerling wat die skoolbiblioteekvoorraad "ontgroeï" het".

Die hele begrip van die gebruik van bronne is dat hulle gedeel moet word en tot almal se beskikking moet wees. Indien daar werklik opvoedingsgeleenthede geskep moet word ten bate van die leerling, behoort "buite-bronne" soos die openbare biblioteek ook benut te word. Die geleentheid vir samewerking tussen die openbare biblioteek en die skoolbiblioteek moet geskep word omdat albei die gemeenskaplike doel naamlik opvoeding nastreef.

Die besef van die groot en belangrike bydrae wat biblioteke tot die opvoeding lewer, het 'n nuwe situasie geskep, naamlik die bewuswording van gebiede waar daar geen bestaande biblioteke soos 'n skool- of openbare biblioteek is nie. Die gemeenskappe van ontwikkelende gebiede se behoeftes is groter omdat biblioteek-

materiaal nie altyd beskikbaar is nie en die opvoedingsproses kan skade ly. Dit het dus nodig geword om daadwerklik aandag te skenk aan die lewering van biblioteekdienste aan minderbevoorregte gemeenskappe.

Die genoemde faktore sowel as die biblioteekopset van die skool- en openbare biblioteek bied genoegsame motivering om navorsing te doen oor gekombineerde skool- en openbare biblioteke as 'n moontlike oplossing vir plattelandse gebiede.

Gekombineerde skool- en openbare biblioteke kom tans nie voor in die Republiek van Suid-Afrika nie. Lande waar dit wel voorkom is onder andere Kanada, Verenigde State van Amerika, Australië en Swede.

Die volgende aanhalings uit Combined School/public libraries deur Wilma Woolard kan as voorbeelde gebruik word om die aktualiteit van die tema verder te beklemtoon:

The combined/public library does provide a possible solution for communities unable to support separate facilities offering minimum services (Woolard, 1980, p. 17).

Limited school collections would hinder the intellectual horizons of children who might otherwise use the broader collections of the public library (Woolard, 1980, p. 17).

However it would appear that for many small communities integrating school and public libraries is the only feasible means of providing adequate library services (Woolard, 1980, p. 26).

Ook 'n aanhaling van Frank A. Stevens (1968, p. 15) is relevant:

It is apparent that while school and public librarians of New York State must continue to develop strong central libraries and library programs, boundaries must be broken and new concepts must emerge which consider establishing cooperative library service at higher organizational levels and involving groupings of libraries beyond existing local organizational frameworks.

## 2. DIE AARD VAN DIE PROBLEEM

'n Deeglike studie van die huidige skool- en openbare biblioteek is noodsaaklik om die rol en waarde daarvan in die opvoeding van die skoolgaande leerling te ondersoek. Die skoolleerling bly die middelpunt van bespreking en daar sal gepoog word om die invloed van beide biblioteke se dienste op die leerling en sy behoeftes te ondersoek. Die behoeftes van die minderbevoorregte gemeenskappe sal ook in ag geneem moet word en daar sal veral aandag geskenk word aan die oprigting van geboue en die voorsiening van voorraad.

Klein plattelandse dorpe met 'n bevolking van  $\pm$  5 000 het net soos enige ander groot dorp 'n skoolbiblioteek asook 'n openbare biblioteek. In baie gevalle is die skool gekombineerd, dit wil sê een skool vanaf sub.st. A tot st. 10.

Die skoolbiblioteek staan in die bevoorregte posisie om dienste te lewer aan slegs die skoolleerlinge en onderwysers. Die openbare biblioteek daarenteen bedien die hele gemeenskap waarvan die skool en sy leerlinge slegs een aspek is. Sinvolle biblioteekgebruik is egter die gedurige gebruik van alle kennis, nie net soos verteenwoordig in die skoolbiblioteek nie maar ook in ander biblioteke.

In die navorsing sal 'n deeglike studie gemaak word van die doelstellings van albei biblioteke en die ooreenkomste en verskille aangetoon word, want dit sal 'n invloed hê op die bestudering van die onderwerp oor gekombineerde skool- en openbare biblioteke.



Die kernprobleem van die navorsing sentreer rondom die vrae:

- Is daar, veral in die huidige beperkende ekonomiese klimaat, regverdiging vir die bestaan van twee biblioteke met min of meer dieselfde doelstellings en dienste op 'n klein plattelandse dorp?
- Is die moontlikheid van een gekombineerde skool- en openbare biblioteek die oplossing van die probleem?
- Sal een gekombineerde biblioteek kán voorsien in die behoeftes van die skoolleerling en die breë gemeenskap?

**Probleme tydens die ondersoek van biblioteke en wat kan verband hou tot die kernprobleem is die volgende:**

- Klein plattelandse skole met 'n leerlingtal van 500 en minder kan nie aanspraak maak op 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris nie en die vraag is: Kan die skoolbiblioteek optimaal funksioneer sonder die dienste van 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris?
- 'n Gebalanseerde skoolbiblioteekvoorraad is noodsaaklik vir die lewering van bibliotekdienste. Die klein plattelandse skool se jaarlikse begroting vir die aankoop van boeke en oudiovisuele materiaal kan onvoldoende wees.
- Die moontlikheid bestaan dat die onderwysprofessie nie die nodige erkenning verleen aan die skoolbiblioteek as 'n integrale deel van die opvoedingsprogram nie.
- Is die aantal ure, binne en buite skoolure, wat die skoolbiblioteek beskikbaar stel vir die gebruik van die leerlinge en onderwysers voldoende?

Al die bogenoemde probleme kan aanleiding gee tot die onderbenutting van die skoolbiblioteek.

Identiese probleme kom nie altyd voor by die openbare biblioteek nie maar wanneer dit gaan om die beskikbaarheid van die openbare biblioteek vir die gebruik van die

skoolleerling kan die volgende probleme ter sprake kom:

- Kan die openbare bibliotekaris die plek volstaan van die onderwyser-bibliotekaris wanneer die skoolleerling die openbare biblioteek besoek vir inligting of leesleiding?
- Die boekevoorraad van die openbare biblioteek word gereeld hersien, verouderde boeke onttrek en aangevul met nuwe leesstof, maar voldoen die voorraad van die openbare biblioteek aan die kurrikulêre behoeftes van die skool?
- Die openbare biblioteek is 'n gemeenskapsentrum wat die gemeenskap kan besoek in die beskikbare biblioteekure. Wanneer die skoolleerling die openbare biblioteek besoek, sal daar genoegsame aandag aan sy behoeftes gegee kan word wanneer die bibliotekaris ook aandag aan die ander gebruikers moet skenk?

Met die beperkte kennis van gekombineerde biblioteke kan nuwe probleme opduik by die oprigting van so 'n biblioteek in gemeenskappe waar daar geen bestaande biblioteek is nie.

- Kan 'n gemeenskap wat geen leeskuiluur het nie en totaal onkundig is in biblioteekgebruik opgehef word tot volwaardige lesers en gebruikers van die biblioteek; met ander woorde, sal die biblioteek optimaal benut word?
- Sal die nuutgestigte biblioteek kan bydra tot die groei van kennis om die agterstand op onderwysgebied uit te wis?
- Die behoeftes van 'n gemeenskap wat sosio-ekonomiese probleme het en ongeletterdes en nuutgeletterdes insluit kan die opbou van 'n voorraad totaal laat verskil van huidige skool- en openbare biblioteke. Sal die nuutopgerigte gebou of ander akkommodasie wat verskaf word alle leemtes vervul?
- 'n Gekombineerde biblioteek sal in 'n gemeenskap dien ook as 'n gemeenskapsentrum en die dienslewering sal verskil van die skool- of openbare biblioteek. Sal opgeleide personeel wat in die behoeftes van die

gemeenskap kan voorsien, beskikbaar wees?

Aan alle ander faktore wat lei tot die kernprobleem sal aandag geskenk moet word.

### 3. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die ondersoek is 'n uitvloeisel van paragraaf 1, die aktualiteit van die tema.

Met die kennis wat opgedoen is met die ondersoek na bestaande skool- en openbare biblioteke sal ooreenkomste en verskille van albei biblioteke vergelyk word en die leemtes en gebreke wat die optimale gebruik van die biblioteke strem, aangedui word.

Met die oog hierop is dit noodsaaklik om 'n oplossing vir die probleme te vind en is die moontlikheid van 'n gekombineerde skool- en openbare biblioteek nie uitgesluit nie. 'n Poging sal aangewend word om 'n ideale gekombineerde biblioteek in 'n nuwe situasie te skep in gebiede waar daar geen bestaande biblioteke is nie.

In die laaste instansie is die doel met die ondersoek om 'n gekombineerde skool- en openbare biblioteek as 'n model voor te stel. Drie modelle sal voorgestel word:

- Model A - 'n nuutbeplande gekombineerde skool- en openbare biblioteek op die skoolgronde;
- Model B - 'n gekombineerde skool- en openbare biblioteek op die skoolgronde vanuit 'n bestaande skoolbiblioteek;
- Model C - 'n gekombineerde skool- en openbare biblioteek sentraal geleë in die dorp, beplan vanuit 'n bestaande openbare biblioteek.

Opvoedkundige asook ekonomiese faktore sal 'n deurslaggewende rol speel en alle voor- en nadele sal ondersoek word.

#### 4. DIE METODE VAN DIE ONDERSOEK

In die navorsingsproses is van vier metodes gebruik gemaak naamlik:

##### 4.1 Literatuurstudie

'n Indringende studie is gemaak van:

- [ i] Beskikbare boeke wat op die tema van die verhandeling betrekking het;
- [ ii] Inligting oor die onderwerp uit vaktydskrifte, koerante, brosjures, omsendbriewe en pamflette;
- [iii] Skripsies, verhandelinge en proefskrifte oor relevante temas;
- [ iv] Referate gelewer by simposiums, konferensies en kursusse.

##### 4.2 Besoeke aan skool- en openbare biblioteke in die Bolandstreek van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens

- [ i] Sewe openbare biblioteke in die Bolandstreek is besoek. 'n Vraelys (Bylae 1 op bladsy 261) is aan die biblioteek gestuur en moes voltooi word voor die besoek. Tydens die besoek is die vraelys bespreek en waarneming is gedoen van die lokaal, voorraad en ameublement.
- [ ii] Sewe skoolbiblioteke van gekombineerde skole in die Bolandstreek is besoek. 'n Vraelys (Bylae 2 op bladsy 262) is aan die onderwyser-bibliotekaris gestuur en moes voltooi word voor die besoek. Tydens die besoek is die vraelys met die onderwyser-bibliotekaris bespreek. Waarneming is gedoen van die onderskeie afdelings van die skoolbiblioteek en van die lokale wat verander en aangepas is om as skoolbiblioteke te funksioneer.

Die openbare biblioteke en skoolbiblioteke waarna in [i] en [ii] verwys is, is albei



van dieselfde dorpe.

- [iii] 'n Openbare biblioteek wat as 'n gemeenskapsentrum dien in die Bolandstreek is ook besoek. Die bouplan van hierdie biblioteek is as voorbeeld gebruik om 'n ideale gekombineerde biblioteek voor te stel. Tydens die besoek is die gebou besigtig en het die bibliotekaris die nodige inligting verskaf. Geen vraelys is gebruik nie.

#### **4.3 Persoonlike onderhoude**

- [i] Persoonlike onderhoude is gevoer met die hoofde en onderwysers van die gekombineerde skole wat besoek is. Die gebruik van die bestaande biblioteek en die moontlikheid van 'n gekombineerde biblioteek is bespreek. Hierdie onderhoude of gesprekke is aanvullend tot die vraelys.

#### **4.4 Vraelyste**

Voorbeelde van die vraelyste is ingesluit aan die einde van die proefskrif; Bylae 1 en 2. 'n Totaal van 44 vraelyste is uitgestuur na skole en openbare biblioteke.

- [ i] Dieselfde vraelyste wat aan die skole en openbare biblioteke wat besoek is, gestuur is, is ook aan nege ander gekombineerde skole en openbare biblioteke van dieselfde dorpe in die Bolandstreek van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens gestuur.
- [ ii] Vraelyste is ook gestuur aan ses ander gekombineerde skole en openbare biblioteke van dieselfde dorpe buite die grense van die Bolandstreek van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens.
- [iii] Nege van bogenoemde vraelyste kon nie gebruik word nie. Vyf was onvolledig en die ander vier is nie terugontvang nie.

#### 4.5 Aanvullende inligting

Inligting wat die vraelyste en onderhoude aangevul het, is per brief of telefonies verskaf deur plaaslike owerhede, die Kaaplandse Onderwysdepartement en die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens.

### 5. AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN

In die verhandeling word die afbakening van die studieterrein as volg bepaal:

Die ondersoek geskied in die Bolandstreek soos afgebaken deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens as een streek van vyf sulke streke in Kaapland. Die Bolandstreek beslaan verskeie groot plattelandse dorpe en kleiner dorpe. Die skoolbiblioteke en openbare biblioteke van die kleiner dorpe met 'n bevolking van  $\pm$  5 000 word betrek in die ondersoek. Nie alle skole nie, maar die ondersoek konsentreer op gekombineerde skole, dit wil sê skole vanaf sub.st. A tot st. 10 met 'n leerlingtal van 'n maksimum van 500 in die Bolandstreek.

### 6. DIE BESKRYWING VAN BEGRIPPE

Om te verseker dat verwarring nie ontstaan by die aanwending van sekere begrippe nie, word die volgende beskrywing gegee om die begripveld aan te dui.

#### 6.1 Skoolbiblioteek/Mediasentrum

In die skoolbiblioteek word 'n geordende versameling van boeke, tydskrifte, koerante, pamflette, plate, bandopnames, films en ander opvoedkundige media aangetref (Dippenaar, 1981, p. 6). Met die toevoeging van ander oudiovisuele media; soos byvoorbeeld projektors, bandopnemers, platespelers, televisies en rekenaars het die skoolbiblioteek 'n ander benaming gekry naamlik mediasentrum. Die benaming mediasentrum veronderstel te wees dat afgesien van die boeke-

voorraad en ander gedrukte media daar ook groot versamelings oudiovisuele media in die skoolbiblioteek voorsien word (Van Wyk, 1972, p. 11). Volgens Van Wyk (1972, p. 12) bestaan daar geen rede waarom die benaming skoolbiblioteek vervang moet word nie, want 'n biblioteek huisves nie noodwendig net boeke nie. Die benaming skoolbiblioteek sal deurgaans in hierdie verhandeling gebruik word. Die benaming skoolbiblioteek word dan gedefinieer as die sentrum in die skool wat gedrukte en oudiovisuele media bewaar, voorsien en beskikbaar stel aan die skoolleerlinge en die onderwysers sodat dit ook 'n bydrae kan lewer tot die opvoedingsprogram van die leerling.

## 6.2 Boekopvoeding/Medialeiding

Medialeiding is die vak wat onderrig word om te verseker dat leerlinge genoegsame onderrig en leiding in biblioteekgebruik ontvang.

Hierdie term vervang die begrip, Boekopvoeding, wat voorheen gebruik is. Na die totstandkoming van mediasentrums in Kaaplandse skole is die vak, Boekopvoeding deur Medialeiding vervang. 'n Leerplan is deur die Kaaplandse Onderwysdepartement opgestel om die vak, Medialeiding aan te bied.

## 6.3 Plattelandse gebiede/dorp/skool

Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1981, p. 81) is die woord platteland se betekenis: 'n streek buite die stede. Die begrip plattelandse gebiede is 'n breë begrip en kan enige gebied buite die stede wees. Die plattelandse gebied wat in die navorsing betrek sal word, is die Bolandstreek. Die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens verdeel Kaapland in vyf streke om die verskaffing van dienste geografies te voorsien. Die Bolandstreek is een van die streke. In die verhandeling sal die benaming klein plattelandse dorp of klein plattelandse skool meestal gebruik word. Klein plattelandse dorp sal verwys na 'n dorp met 'n bevolking van  $\pm$  5 000. Klein plattelandse skool sal verwys na 'n

gekombineerde skool met 'n maksimum van 500 leerlinge.

#### **6.4 Gekombineerde skole**

Die begrip gekombineerde skole verwys na skole wat klasse vanaf sub.st. A tot st. 10 betrek, dit wil sê, die laerskool en hoërskool word in een skoolgebou gevestig. Die leerlingtal van gekombineerde skole sal wissel van skool tot skool, maar in die verhandeling sal 500 leerlinge as die maksimum beskou word.

#### **6.5 Gekombineerde skool- en openbare biblioteke**

Hierdie begrip is nog onbekend in die Republiek van Suid-Afrika maar in die buiteland word gekombineerde skool- en openbare biblioteke uitgedruk as "schoolhoused libraries" (Dwyer, 1989, p. 19), "combined school/public libraries" (Woolard, 1980, p. 16), "community/school library" (Woolard, 1980, p. 63) en "media center/public library" (Woolard, 1980, p. 68).

### **7. DIE PROGRAM VAN ONDERSOEK**

In Hoofstuk 1 is die aktualiteit van die tema bespreek. Die probleem word uiteengesit en die doel en metode van ondersoek word eweneens verduidelik. Sekere begrippe is kortliks verduidelik.

In Hoofstuk 2 word die doelstellings en funksies van die skoolbiblioteek breedvoerig bespreek. Die doel en funksie van die skoolbiblioteek is belangrik, want daaruit sal voortspruit of die biblioteek in sy huidige opset goed funksioneer en tekortkominge kan duideliker uitgewys word.

In Hoofstuk 3 word die doelstellings en funksies van die openbare biblioteek uiteengesit. Wat reeds van die skoolbiblioteek in Hoofstuk 2 genoem is, geld ook vir die openbare biblioteek.



Die ooreenkomste en verskille tussen die skool- en openbare biblioteek is aangetoon in Hoofstuk 4. Dit is 'n belangrike aspek van die verhandeling, want dit toon aan of koördinasie tussen die twee biblioteke werklik kan geskied.

Na 'n deeglike ondersoek na die twee biblioteke se dienslewering kan in Hoofstuk 5 voortgegaan word om die probleme wat wel ondervind word op die klein plattelandse dorpe in oënskou te neem. Die empiriese ondersoek word hier nuttig gebruik.

Gekombineerde skool- en openbare biblioteke is reeds in enkele lande oorsee gevestig. In Hoofstuk 6 sal 'n deeglike ondersoek van hierdie tipe biblioteke in enkele lande gemaak word, want hierdie ondersoek sal 'n wesenlike bydrae lewer tot die navorsing van moontlike gekombineerde skool- en openbare biblioteke in die kleiner plattelandse gebiede van die Republiek van Suid-Afrika.

In Hoofstuk 7 word drie modelle van gekombineerde biblioteke voorgestel. Bevindings wat uit die ondersoek na vore gekom het, word gebruik. Model A word beskou as 'n ideale model in 'n nuwe situasie en 'n nuwe funksioneel-beplande gekombineerde biblioteek word voorgestel in 'n plattelandse gebied waar geen bestaande biblioteek is nie. Ander faktore wat 'n rol speel in die gebruik van die biblioteek word uiteengesit en bespreek. Model B en C is twee bestaande biblioteke wat met die nodige aanpassings 'n gekombineerde biblioteek voorstel op die skoolgronde en in die dorp. Die voor- en nadele van Model A, B en C word bespreek.

In Hoofstuk 8 word bevindings wat uit die navorsing na vore gekom het, bespreek en aanbevelings word gemaak.

## HOOFSTUK 2

### DIE SKOOLBIBLIOTEEK

#### 1. INLEIDING

Waar die skoolbiblioteek voorheen slegs uit 'n versameling boeke bestaan het waarvan die gebruik en benutting onbevredigend was, is daar genoeg aanduidings dat die skoolbiblioteek in die afgelope jare besig is om sy integrasierol in die onderwys te vervul en is die tyd finaal verby om skoolbiblioteke as aanhangsels of "frills of the educational system" te beskou (Burger, 1975, p. 181).

Hierdie aanhaling is reeds in 1975 deur Burger geskryf toe die mediasentrum nog in sy kinderskoene was. Met die oorgang van die skoolbiblioteek na die mediasentrum was die opvoedingsfunksie reeds vasgelê.

In die laaste 15 jaar is daar baie geskryf oor die ontwikkeling van die media-georiënteerde onderwys en die rol wat die skoolbiblioteek speel in die verandering van die onderwyspatroon. Die belangrikste klemverskuiwing is van onderrig na leer, weg van die klasonderwys-metode met die beperkings wat dit oplê aan pas, styl en leerinhoud. Die oordrag van kennis is die hoofdoel van die opvoedingsproses en die leerinhoud is belangriker as die leermedium.

As die skool daar is om leer te vergemaklik, te organiseer en te rig, moet die beste gebruik gemaak word van die beskikbare bronne. Die instansie wat dit kan bewerkstellig is die skoolbiblioteek.

"Whereas the traditional school library supported the goal of education which aimed to instruct the masses in certain facts, both the integrated school library and the school media centre support the modern educational goal of developing the individual in order to achieve his optimum as a full member of the society" (Job,

1984, p. 47).

Die doelstellings van die skoolbiblioteek en die van die onderwys is identies en onskeibaar naamlik om die vermoëns van die individu tot die hoogs moontlike wyse te ontwikkel sodat hy 'n volwaardige mens word. Hierdie doel kan egter omskryf word as die inlywing van die kind op pad na volwassenheid, sodat hy op sistematiese wyse, kultuur of lewensinhoud kan verower en beheer, in lewenssituasies kan inskakel en vaardighede of gedragswyses wat aan hom oorgedra is, 'n blywende indruk kan hê (Bisschoff, 1972, p. 119,120).

## **2. DIE DOELSTELLINGS VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK**

Die doel van die skoolbiblioteek is om betrokke te wees in die onderwys- en leersituasie van die skool, dit wil sê die skoolbiblioteek en sy program vorm deel van die skool, want dit het direkte verband met alle aktiwiteite van die leerling, personeel en administrasie in 'n opvoedkundige opset deur 'n aktiewe bydrae te lewer tot die opvoeding en onderwys en onderrig te bevorder (Job, 1984, p. 55).

Die skoolbiblioteek, as integrerende deel van die skool streef daarna om die volgende doelstellings te verwesenlik:

- Om opvoedingshulp van 'n besondere aard aan te bied deur 'n bydrae te lewer tot die totaliteitsopvoeding van die leerling, met ander woorde tot die liggaamlike, geestelike en verstandelike ontwikkeling van die skoolleerling.

"The school library is unique from other kinds of library in giving its first priority to educational functions" (Galler, 1989, p. 157). As eerste prioriteit is onderwys en leergebeure in die skool, maar sosiale en kulturele opvoeding neem ook 'n belangrike plek in die opvoedingsproses. Die skoolbiblioteek streef daarna om die skoolleerling in te skakel in die kultuurwêreld en om ook 'n plek in die samelewing in te neem. Opvoeders, insluitend die

skoolbiblioteek moet dus die wêreld wat deur mense georden, gesistematiseer en opgebou word aan die kind beskikbaar en bekend stel. Die media wat in die biblioteek beskikbaar gestel word, kan die leerling se kennis uitbrei en hy leer om self te redeneer en krities en logies te dink (Venter, 1973, p. 3).

- Om 'n doelwit daar te stel om vir elke individuele leerling die geleentheid te skep om optimaal volgens sy eie vermoë en aanleg die biblioteek te benut en ook individuele aandag en leiding te ontvang.

Individualisering is 'n didaktiese begrip of beginsel waar van die standpunt uitgegaan word dat elke leerling met eie vermoëns, aanleg, neigings en belangstelling gebore word en dat elkeen op sy eie manier sy lefwêreld eksploreer (Venter, 1973, p. 18). Klassikale onderwys maak geen of min voorsiening vir individuele belangstelling of aanleg. Die meer begaafde leerling word verwaarloos en die behoeftes van die minderbegaafdes word nie in aanmerking geneem nie (Venter, 1973, p. 9).

Die moderne pedagogiek en didaktiek lê besondere klem op die individu en die skoolbiblioteek stel dit ten doel om meer aandag te gee aan die noodsaaklikheid om in die onderskeie en eiesoortige behoeftes van die leerling te voorsien.

- Om doelbewus ingestel te wees om die kreatiwiteitsbeginsel aan te wakker deur inspirering en aanmoediging. Dit wat die leerling uit homself kan voortbring, te kan skep, is veel belangriker as wat vir hom geleer is.

Die moderne onderwysstelsel besef vandag dat die onderrig op 'n veranderde manier hanteer moet word deur die klem te verskuif van papegaai-leer van feite na 'n proses van selfstandige soek en verwerking van feite (Venter, 1973, p. 8). Kreatiwiteit is nie net tot die begaafde kind

beperk nie; 'n hoë intelligensie is nie noodsaaklik vir selfdenke nie, maar alle normale kinders is tot kreatiewe vermoëns in staat.

Baie belangrik is die selfstudietaak waar die klaskamerleesstof deur middel van media omskep word tot 'n eie, verstaanbare vertolking en ontleding van die leerstof. Die selfstudietaak vra meer as net handboeke of klasonderrig. Dit vra die intensiewe gebruik van bronnemateriaal wat in die skoolbiblioteek aangetref word. Die selfstudietaak word volledig in paragraaf 3.8 bespreek.

- Om by te dra tot elke aspek van kurrikulêre en nie-kurrikulêre programme van die skool. Die skoolbiblioteek se doel is om die kurrikulum vir alle fases met 'n verskeidenheid bronne en media te voorsien en geselekteerde materiaal wat alle lewensterreine van kennis dek, te voorsien.

Dit is die onderwyser wat die doelwit en metode van vakonderrig bepaal. By die besinning oor onderrigspatrone en tegnieke moet die uiteindelijke doelstellings van die opvoeding steeds voor oë gehou word (Dippenaar, 1981, p. 32). Die fokus van opvoeding is nie op onderrig nie, maar op die leer, nie op die feite nie maar op begrip, nie op die intellek alleen nie, maar op die leerder se emosionele, sosiale, estetiese, geestelike en fisiese welstand en ontwikkeling (Davies, 1974, p. 46).

Die grootste bydrae wat die skoolbiblioteek tot die kurrikulum kan lewer is om te integreer. Integrering beteken om tot 'n volledige geheel te maak. Die skoolbiblioteek moet so 'n wesentliche deel vorm van die skoolprogram dat dit 'n groot geheel vorm wat in sy totaliteit meer en anders is as die oorspronklike vorm (Venter, 1973, p. 35). Kurrikulêre mediagebruik word meer breedvoerig as funksie van die biblioteek in paragraaf 3.8 bespreek.

- Om leiding aan die leerlinge te verskaf met betrekking tot die aankweek van liefde vir boeke, die lees van boeke en die keuse van geskikte materiaal vir 'n bepaalde doel en sodoende by te dra tot die leer-, lees- en ontspannings-behoefte van die leerling.

Die skoolbiblioteek moet hom ten doel stel om opvoedkundige leiding by die keuse van lees- en studiemateriaal te lewer. Die boek was nog altyd die belangrikste medium waardeur die skoolbiblioteek sy primêre doelstellings bereik het. Om die liefde vir boeke aan te kweek moet die skoolbiblioteek die geleentheid skep om aantreklike, opvoedkundige, gekeurde gedrukte media self te hanteer en te lees. Elke boek in die biblioteek moet van nut wees of dit nou ontspannings- of inligtingswaarde het. So word die leerling voorberei en kan hy die media sinvol toepas in die volwasse lewe (Oosthuizen, 1989, p. 320).

- Om die leerlinge op te lei in die gebruik van die media, om vertrouwd te raak met vaardighede in die skoolbiblioteek, om inligtingstelsels te bemeester en selfstandige navorsing self te onderneem.

Die doelstelling kan bereik word deur die vak Medialeiding (boekopvoeding) aan te bied. Medialeiding is 'n integrale deel van die onderwysprogram van die skool. Die doel is om die leerling te leer om die skoolbiblioteek selfstandig te gebruik. Medialeiding kan ook met ander vakke geïntegreer word. Die onderrig daarvan sal meer breedvoerig in paragraaf 4.5 bespreek word.

- Om leerlinge aan te moedig om die vaardighede en biblioteekgewoontes wat reeds in die skoolbiblioteek vasgelê is in die lewe buite die skool te gebruik en biblioteke, inligtingsdienste, museums en ander bronneseentrums gereeld te besoek en te gebruik (Van Wyk, 1976, p. 10).

Hierdie doelstelling moet as teenvoeter dien vir die aanlytyng dat die skool leerlinge die lewe instuur wat nie self kan dink nie en wat nie 'n benul het van selfstandige werk nie. Genoegsame leiding moet gegee word en die klem moet gelê word op die belangrikheid van selfontdekking en selfwerkzaamheid. Biblioteekgebruik moet as 'n gewoonte vasgelê word en as onontbeerlik in die opvoedingsprogram beskou word (Overduin, 1967, p. 103). Om die einddoel van opvoeding, naamlik die bereiking van volwasseheid te verwesenlik, moet die leerling so bekwaam gemaak word dat hy biblioteekgebruik as 'n prioriteit in sy lewensbestaan beskou.

### **3. DIE FUNKSIES VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK**

#### **3.1 Inleiding**

"What is needed is for the functions of the school library to be interwoven into the teaching and learning situations of the school, in such a way, that it binds them into a whole, with greater potential than the mere sum of the separate parts" (Job, 1984, p. 55).

Die funksies van enige skoolbiblioteek is die verwesenliking van die doelstellings van 'n skoolbiblioteek. Die belangrikste funksies is die volgende:

- Die aanskaffing van die voorraad;
- Keuring van die voorraad;
- Die beskikbaarstelling van die voorraad;
- Die instandhouding van die voorraad;
- Die organisasie van die skoolbiblioteek;
- Die voorsiening van inligtingsdienste;
- Aanvulling by die leerprogram van die skool;
- Ontspanning;
- Kommunikasie.

Indien die skoolbiblioteek 'n belangrike rol in die skoolprogram moet speel, is dit van die grootste belang dat die verantwoordelikheid vir die organisasie en leiding in verband met die gebruik daarvan aan knap, bekwame en dinamiese personeellede opgedra word. Die sukses en kwaliteit van die skoolbiblioteekdiens wat gelewer word, hang in 'n groot mate van die personeel af.

### **3.2 Die voorraad van die skoolbiblioteek**

Volgens 'n WNNR-onderzoek vir die Kaapse Provinsiale Administrasie in Oktober 1980, het navorsing aangedui dat daar geen sterk riglyne gevind kan word waarvolgens die keuse van media gemaak kan word nie. Die bepalende faktor ten opsigte van mediaseleksie skyn eerder die nie-opvoedkundige maatstawwe soos die van ekonomie, beskikbaarheid van programmatuur, tegnologiese ontwikkeling, ensovoorts te wees, in plaas van die didaktiese en opvoedkundige maatstawwe soos die ideaal dit sou verlang (Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad 1980, p. 24). Groenewald (1967, p. 184) beklemtoon die noodsaaklikheid van seleksie van leesstof volgens die ontwikkelingslyn en opvoedkundige vlak van die individuele leerling.

Ons volstaan egter by Overduin en De Wit se stelling dat 'n gebalanseerde skoolbiblioteekvoorraad, bestaande uit boeke en oudiovisuele materiaal, wat aan opvoedkundig aanvaarde kwalitatiewe en kwantitatiewe vereistes voldoen, noodsaaklik vir die lewering van biblioteekdienste is (Overduin, 1986, p. 86). Om aan hierdie eise te voldoen, moet die skoolbiblioteek verteenwoordigend van sowel die totale menslike kennis en ervaring wees, as van die algehele moontlike belangstellingsveld van al die leerlinge wat die skoolbiblioteek gebruik (Venter, 1973, p. 55). Die tradisionele media van die biblioteek, met ander woorde boeke en ander gepubliseerde materiaal, maak steeds die belangrikste deel van die voorraad uit (Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad 1980, p. 24). Gillespie (1983, p. 184) onderstreep die belangrikheid van boeke in die versameling met hierdie woorde:



"Regardless of how varied the materials are in the school's centre, books will remain one of the mainstays of the collection".

Ook Venter (1973, p. 29) se mening kan hier bygevoeg word: "Die boek en die geskrewe woord bly natuurlik die doeltreffendste, veelsydigste en omvattendste hulpmiddel in die onderwys en gevolglik is dit ook die medium waarop die skoolbiblioteek primêr gefundeer is.

Dit is natuurlik belangrik dat die onderwyser-bibliotekaris deeglik op hoogte moet wees met alle fasette wat betrokke is by die inskakeling van oudiovisuele media by die skoolbiblioteek (Beswick, 1981, p. 3). Oudiovisuele media kan verdeel word in drie afdelings naamlik visuele media, ouditiewe media en oudiovisuele media.

### **Visuele media**

Visuele media sluit programmatuur in soos skyfies, transparante en die rekenaar. Die apparatuur wat gebruik word vir die genoemdes is die skyfieprojektor en die tru-projektor. Plakkate, muurkaarte, kunsafdrukke en ander prente maak ook deel uit van visuele media.

### **Ouditiewe media**

Bandopnames en kassette en die radio is voorbeelde van ouditiewe media.

### **Oudiovisuele media**

Die televisie gepaard met die videomasjien is seker die kragtigste medium in die oudiovisuele media afdeling. Die videomasjien en die videokassette (programmatuur) is onlosmaaklik deel van die televisiestel (Crafford, 1988, p. 117-119). Televisie kan met vrug in die plek van 'n ander visuele medium gebruik word en benodig geen ander skerms, luidsprekers of donker vertrek nie.

Rolprentfilms ressorteer ook onder oudiovisuele media.

Die oudiovisuele media moet saam met gedrukte media gehuisves, georden en vir gebruik beskikbaar gestel word. Daar moet algemene spesifikasies wees vir die hantering, voorsiening en onderhoud van die apparatuur en die programmatuur in die skoolbiblioteek moet volgens 'n sekere neergelegde en erkende stelsel ontsluit wees (Kruger, 1988, p. 14).

Hoewel die onderwyser-bibliotekaris vir die funksionering van die skoolbiblioteek verantwoordelik is, is dit nie altyd moontlik in 'n klein plattelandse skool nie, want die leerlingtalle laat dit nie toe dat 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris aangestel kan word nie. Kleiner skole verdeel gewoonlik die pligte oor een of meer onderwysers. Veral waar addisionele pligte en verantwoordelikhede toegeken word, is dit belangrik dat genoegsame tyd en genoegsame personeel beskikbaar sal wees om die skoolbiblioteek tot volle potensiaal te ontwikkel en te benut.

Die rol wat die onderwyser-bibliotekaris en die personeellede in die funksionering van die skoolbiblioteek speel, word in paragraaf 4 bespreek.

### **3.3 Aanskaffing van die voorraad**

Die belangrikste kriteria wat in aanmerking geneem moet word by die aanskaffing van die voorraad is:

- die doelstellings van die skoolbiblioteek;
- skoolbeleid;
- die onderwyser-bibliotekaris en die personeel;
- aantal leerlinge;
- jaarlikse toekenning en begroting;
- keuring van boeke en ander media.

- **Die doelstellings van die skoolbiblioteek**

Die voorraad moet in ooreenstemming wees met die doelstellings en elke boek wat aangeskaf word moet 'n bepaalde doel dien. In die aanskaffing van die voorraad moet daar gepoog word om dit saam te stel dat dit alle doelstellings van die skoolbiblioteek verteenwoordig.

- **Skoolbeleid**

Kriteria vir die aanskaffing van media kan wel as riglyn dien maar nie streng voorgeskryf word nie aangesien elke skool sy beleid vir media-aankope het. Die behoeftes van elke skool is verskillend. Die gekombineerde klein plattelandse skool sal voorraad verskaf aan die laerskool vanaf sub. A tot st. 5 en aan die hoërskool vanaf st. 6 tot st. 10. Die sillabusse van die vakke wat aangebied word, sal ook aangevul word. Die klem is nie net die hoeveelheid nie, maar ook die voorraad moet van so 'n aard wees dat die onderwyser en leerling dit kan gebruik en dat dit vir almal beskikbaar is.

- **Die onderwyser-bibliotekaris en personeel**

Dit is die onderwyser-bibliotekaris en die betrokke personeel se taak om kennis te dra van die media wat aangeskaf word. Die personeel moet deeglik vertrou wees met die bestaande voorraad en moet die keurings- en aanskaffingsproses behartig.

- **Aantal leerlinge**

Die getal leerlinge in die skool sal ook bepaal hoe groot die voorraad sal wees. 'n Klein plattelandse skool met 'n klein leerlingstal, maar met 'n skoolbiblioteek wat 'n gebalanseerde boekevoorraad het wat gebruik sal word, is van meer nut as 'n groot hoeveelheid waarvan die meeste nie gebruik word nie. Oudiovisuele media moet ook met oorleg en opvoedkundig gemotiveerd gekies word aangesien dit duur is.

- **Jaarlikse toekenning en begroting**

Die jaarlikse departementele toewysing aan skole vir die aankoop van biblioteekboeke en tydskrifte is in 1989 beëindig en die van die oudiovisuele media in 1986. Die toekenning was gebaseer op die getal leerlinge in die skool, en die toewysing het aansienlik verskil van skool tot skool in Kaapland. In 1990 en 1991 is 'n inrigtingbegrotingstelsel vir skole in die Kaaplandse Onderwysdepartement in werking gestel waarvolgens die skole hul toewysing in totaal ontvang het, met riglyne ten opsigte van die besteding daarvan in 1990 en sonder riglyne in 1991. Sedert 1990 kon die Kaaplandse Onderwysdepartement se skole dus eie beheer oor die besteding van departementele fondse asook, soos altyd, skoolfondse uitgeoefen het. Vanaf 1992 ontvang net die *status quo*- en model B-skole so 'n globale inrigtingsbegroting terwyl dit by die model C-skole gestaak is (Metcalf, 1992, p. 1). Media word ook aangekoop uit skoolfondse wat deur die skool self ingesamel word of deur skenkings.

### 3.4 Keuring van boeke

Die volgende faktore moet in ag geneem word wanneer boeke gekeur word:

- **Doelstellings**

Die doel van boekkeuring is om uit die massa boeke wat jaarliks gepubliseer word, uit te sif wat in die skoolbiblioteek gebruik kan word. Elke boek behoort 'n positiewe bydrae te lewer tot die opvoeding en geestelike ontwikkeling van die kind (Suid-Afrika (Republiek) Kaaplandse Onderwysdepartement, 1983, D1).

- **Vak-onderrig**

Die bruikbaarheid van boeke sal bepaal word deur die mate waarin hulle die opvoedingsprogram van die bepaalde skool kan verryk deur as aanvullende of

agtergrondmateriaal by die verskillende leerplanne te dien. Die samewerking van alle onderwysers in die personeel is dus noodsaaklik om 'n verteenwoordigende en funksionele versameling op te bou (Van Wyk, 1976, p. 9).

- **Leesbehoefte van die leerlinge**

Die behoeftes van die leerlinge moet ook in aanmerking geneem word. Die behoeftes verskil in belangstellings, ouderdom, intelligensie, geslag, ontwikkeling en leesvermoë. Die leerling benodig boeke vir ontspanning, tydverdryf, inligting en kennisverbreding (Louw, 1984, p. 46).

- **Die boek self**

Daar bestaan kriteria wat in gedagte gehou moet word met die keuring van die boekevoorraad.

Vir verhalende lektuur is goeie koördinasie tussen taal, inhoud, illustrasies en styl noodsaaklik vir 'n suksesvolle kinderboek. Vaklektuur moet feitelik en wetenskaplik akkuraat wees en nie verouderde inligting bevat nie. Naslaanwerke is noodsaaklik wanneer die leerling vinnig nuttige, basiese inligting wil vind. Die waarde van naslaanwerke is groot, omdat dit bydra tot die opvoedkundige doelstellings soos uiteengesit in die volgende aanhaling: "The immediate purpose of reference works is to train a child in the most economic and effective use of books to satisfy his curiosities and gain information, and in that training to learn how to judge, and share with others, what he has found" (De Vleeschauer, 1961, p. 28). Ook die fisiese produksie van die boek is belangrik. Die maat, lettertipe, rangskikking van die teks en illustrasies, asook die gebruik van kleur dra by tot die aantreklikheid en leesbaarheid van die boek (Suid-Afrika (Republiek) Kaaplandse Onderwysdepartement, 1983, D1).

Om die taak van boekkeuring te vergemaklik, voorsien die Kaaplandse Onderwysdepartement 'n departementele lys van goedgekeurde boeke, Boekekeur, wat jaarliks verskyn. Gedurende die jaar verskyn daar ook keurlyste ten opsigte van 'n vak of onderwerp.

- **Ander media**

By die basiese versameling word versamelings van ander media gevoeg, byvoorbeeld transparante, grammofoonplate, video's ensovoorts. Soos die boeke, moet die voorrade van die ander media ook sorgvuldig gekies word om in die behoeftes van die skool te voorsien. Hierdie versamelings word in dieselfde organisasie opgeneem om so 'n gesentraliseerde diens aan die hele skool, personeel en leerlinge te voorsien.

### 3.5 Die organisasie van die skoolbiblioteek

Die organisasie van die skoolbiblioteek soos uiteengesit in die Handleiding vir Skoolbiblioteke (1983, E37-39) behels die volgende:

- **Fisiese voorbereiding**

Die voorbereiding van boeke sluit in [i] stempel, [ii] boeksakkies, [iii] datumvelle, [iv] standnommer, [v] aanwinstregister, [vi] uitleenkaart, [vii] nommer en letter en [viii] oortrek van boeke met plastiek materiaal. Nie-boekmateriaal sluit meestal van die funksies in en ander word bygevoeg soos byvoorbeeld [i] simbole, [ii] beskrywing van item, [iii] inhoudsopgawes en [iv] etikettering.

- **Klassifikasie**

Alle materiaal in die skoolbiblioteek moet geklassifiseer word om te verseker dat die gebruiker elke item gou en maklik kan vind, die materiaal op dieselfde plek

teruggeplaas sal word, materiaal met dieselfde inhoud en aard in dieselfde groep sal staan en dat deeglike voorraadopname moontlik is. Dit is ook belangrik dat die klassifikasiesistelsel eenvoudig en verstaanbaar moet wees vir die leerling.

- **Katalogisering**

Doeltreffende ontsluiting van die voorraad deur 'n netjiese en bruikbare katalogus is onontbeerlik vir die skoolbiblioteek. Met behulp van die katalogus kan die gebruiker vasstel watter werke deur 'n bepaalde skrywer in die biblioteek is of wat 'n bepaalde titel in die biblioteek is of watter materiaal oor 'n bepaalde onderwerp in die biblioteek is en waar die leesstof in die versameling gevind kan word. Die skoolbiblioteek beskik oor 'n outeur-, titel-, onderwerp- en 'n standkatalogus. Laasgenoemde word bygehou met die oog op voorraadopname.

- **Rangskikking van boeke op rakke**

Nadat alle boeke voorberei, geklassifiseer en gekatalogiseer is, word die boeke volgens standnommer in numeriese orde op die rakke gerangskik in afdelings soos naslaanwerke, vaklektuur, Afrikaanse verhalende lektuur en Engelse verhalende lektuur. In die laerskool sal die prentboeke en eenvoudige leesboeke in die Kindertuin-afdeling uitgestal word. Rakgidse word aangebring om die verskillende afdelings en onderwerp aan te bring.

- **Uitleensistelsel**

Uitleenprosedures moet goed en vlot verloop. Daar word van 'n kaartstelsel gebruik gemaak wat maklik verstaanbaar is. Die leerlinge kan dit self voltooi en die uitreiking en terugbesorging van boeke kan ook behartig word deur leerlinge. Daar is ook biblioteke met gerekenariseerde uitleensistelsels.

- **Biblioteek-ure**

Om aan elke leerling soveel as moontlik geleentheid te bied om te werk, is dit nodig dat die skoolbiblioteek vir 'n maksimale periode oop moet wees en mag geen leerling wat graag daar wil lees of werk, weggewys word nie (Erasmus, 1979, p. 24). Diens-ure moet gevolglik so lank en prakties moontlik wees en omruil van boeke moet deurentyd kan plaasvind. "Elke kind wat by die toe deur van die skoolbiblioteek moet omdraai, is 'n opvoedingsgeleentheid wat onherroeplik verlore is (Groenewald, 1967, p. 15).

### **3.6 Instandhouding van die voorraad**

Die media moet te alle tye in 'n goeie toestand wees. Ou, verslete, stukkende en verouderde boeke moet gereeld onttrek word. Netjies gerangskikte boeke op rakke sonder geskeurde omslae en omkrulpunte is 'n groot aantrekkingskrag en selfs die trae lesers sal belangstel. Geen leerling moet toegelaat word om 'n stukkende boek uit te leen nie. Dit is 'n swak beeld van die biblioteek wat na buite uitgedra word.

Oudiovisuele media moet gereeld nagegaan word en reparasies moet vinnig geskied sodat media altyd beskikbaar is wanneer die personeel of leerlinge dit benodig.

Ten einde die skoolbiblioteek *doelmatig te laat funksioneer, moet die biblioteek so ingerig wees dat dit die leerlinge en onderwysers sal lok om die gebalanseerde voorraad te benut en van die biblioteekpersoneel sal verwag word om te alle tye die administrasie vlot te laat verloop en hulle beste dienste te lewer (Dippenaar, 1981, p. 124).*

### **3.7 Voorsiening van inligtingsdienste**

Die inligtingsfunksie van die skoolbiblioteek se doel is die voorsiening van bronne en dienste wat vir die gebruiker geskik is. As gevolg van die inligtings- en



kennisontploffing ontstaan daar 'n behoefte by die onderwysers en leerlinge om bronne beter te benut (Job, 1984, p. 31). Die snelle pas van ontwikkeling en die toenemende verandering noodsaak die skool om die leerlinge beter voor te berei en meer aandag te gee aan vaardighede om inligting te bekom (Whitney, 1988, p. 7).

Genoegsame leiding moet gegee word om die voorraad in die skoolbiblioteek na behore te kan gebruik. Die onderwyser-bibliotekaris moet die rol speel van inligtingkundige, onderwyser en raadgewer (Whitney, 1988, p. 8). Die leerlinge en onderwysers moet bewus wees van:

- alle moontlike inligtingstelsels wat in die skoolbiblioteek beskikbaar is;
- die korrekte metode om studiemateriaal te versamel en relevante inligting te sorteer;
- die vermoë om materiaal krities te beoordeel en logies te dink; en
- die vermoë om 'n strategie te ontwikkel om inligting te lokaliseer (Job, 1984, p. 31).

Om die versekering te kry dat alle leerlinge effektiewe gebruikers van inligting is, kos spanwerk tussen die onderwyser-bibliotekaris en onderwys-personeel. "Information skills cannot be taught in isolation and every subject area provides opportunities to promote their growth" (Whitney, 1988, p. 9).

Die onderwyser-bibliotekaris kan die skoolpersoneel van raad bedien deur behulpsaam te wees met die opstel van onderwerpe van temas of werkopdragte en die beskikbare bronne kan oorweeg word.

Die weeklikse Medialeidingperiode is nie genoeg om die leerling bedrewe inligtingsoekers te maak nie. Inligtingsdienste moet te alle tye beskikbaar wees en die onderwyser-bibliotekaris moet as raadgewer dien en die leerlinge help om 'n sistematiese metode van inligtingsoek te ontwikkel. "Students and staff must be able to use the center's resources, both human and material, throughout and

beyond the schoolday" (Whitney, 1988, p. 8).

### **3.8 Aanvulling by die leerprogram**

By die formulering van die doelstellings is sterk klem gelê op die skoolbiblioteek as opvoedingshulp. Om onderrigondervinding aan te bied wat voldoende is, sal voorsien moet word in die behoeftes, belangstelling en vermoëns van elke individu. Die didaktiese beginsels naamlik kreatiwiteit en individualisering neem 'n belangrike plek in die opvoeding, want dit lei tot die selfstudietaak en integrering.

- **Kurrikulêre mediagebruik**

As aanvulling tot die skoolprogram moet die biblioteekvoorraad aan die eise van die vakonderrig in die skool beantwoord. Die skoolbiblioteek kan 'n verrykende invloed op alle vakonderrig uitoefen deur aanvullende en relevante inligting aan leerlinge te verskaf. Ook die vakonderwyser kan sy lesaanbieding verhoog met die verkryging van aanvullende inligting van die skoolbiblioteek (Engelbrecht, 1973, p. 55). Die proses van skoolintegrering moet dus deurgevoer word. Die hele proses van integrering met die skoolprogram draai dus om die skoolbiblioteek.

Die skoolbiblioteek moet dus die middelpunt wees van integrerende onderwysende opvoeding en vanuit hierdie funksie vind die skoolbiblioteek sy ware beslag en oefen dit 'n invloed uit op elke vertakking van die skool se werksaamhede (Venter, 1973, p. 36).

Mediafasiliteite en dienste moet met klasonderrig gekoördineer word. Elke besoek aan die skoolbiblioteek is 'n vorm van integrering en die skoolbiblioteek moet elke besoek as 'n opvoedingssituasie beskou (Dippenaar, 1981, p. 43). Integrering is die beste manier waarvolgens aan die kind formele en vormende onderwys gegee kan word. Die leerling moet 'n meer aktiewe rol in die onderrigproses speel sodat die onnodige fragmentasie van kennis uitgeskakel word (Dippenaar, 1981, p. 12).

Die regstreekse doel van die skoolbiblioteek en klasintegrering is om die leerling te lei na die uitvoering van selfstudietake.

"The inability of students to think for themselves, is lack of common sense, immaturity, inability to 'cope'. This is partly due to what is essentially a prescriptive educational system that does not encourage 'free-thinking' and initiative" (Adams, 1990, p. 1). Met hierdie aantyging teen die onderwys, is dit duidelik sigbaar dat daar van die skoolbiblioteek verwag word om hom sinvol en funksioneel op 'n konstruktiewe wyse meer by 'n gedifferensieerde onderwysprogram in te skakel.

De Vleeschauwer (1961, p. 4) merk ook verder op met die mening: "the school library is in the position of making a unique contribution to the true spiritual development of the individuals of contemporary society".

Selfwerksaamheid en selfontdekking kan alleen sinvol toegepas word deur die gebruikmaking van die skoolbiblioteekvoorraad.

In die onderwyspraktyk kan daar nie geheel en al weggedoen word met klassikale onderwys nie, maar die individualiteit van elke leerling kan tot sy reg kom in die skoolbiblioteek (Venter, 1973, p. 11). Die selfstudietaak word gegee in die vorm van 'n opdrag vir uitvoering in die skoolbiblioteek, binne 'n vasgestelde tyd, deur die leerlinge as kleiner groepe of as individue (Engelbrecht, 1973, p. 77). Elke leerling benut die fasiliteite van die skoolbiblioteek volgens sy eie vermoë. Dit bring ook die moontlikheid mee dat individuele aandag gegee kan word aan die minderbegaafde leerlinge terwyl die begaafde leerling nie gestrem word in sy selfstudietaak nie (Venter, 1973, p. 39).

In die kleiner plattelandse skool met min leerlinge in 'n klas, kan die onderwyser meer individuele aandag aan elke leerlinge gee. Baie kleiner skole bevind hulle in 'n posisie waar aparte standerds gelyktydig in een klaskamer deur een personeellid

onderrig moet word. Twee of drie standerds moet so produktief moontlik besig gehou word sonder om die leerplan skade te berokken. In 'n artikel, "Hantering en onderrig van gekombineerde klasse" in Die Unie (1990, p. 183), word selfstudie as die enigste oplossing beskou. Die voordele verbonde aan hierdie soort onderrig is dat die leerling onafhanklik werk en daar is geen gevaar van met die lepel gevoer te word nie. Daarbenewens ontwikkel die leerling 'n sin vir hulpvaardigheid en verantwoordelikheid en verleen hulp aan andere wanneer hulle eie werk afgehandel is.

Dit is dan die taak van die skoolbiblioteek om aan elke leerling die geleentheid te bied vir die uitlewing van sowel sy belangstellingsveld as sy formele werkopdragte (Erasmus, 1979, p. 23).

### **3.9 Ontspanning**

Die skoolbiblioteek help dat die leerling sy vrye tyd sinvol kan bestee. Die atmosfeer wat in die skoolbiblioteek geskep word is van deurslaggewende belang vir ontspanning. In die skoolbiblioteek kry die leerlinge geleentheid tot rustigheid en selfinkeer en kan hy hom distansieer van die werklikheid (Engelbrecht, 1973, p. 25).

Die skoolbiblioteek bied die leerlinge die geleenthede om die media te gebruik vir ontspanning. Lees vir ontspanning word 'n meer vrywillige en spontane aktiwiteit wat nie gepaard gaan met studie nie (Engelbrecht, 1973, p. 60).

Die skoolbiblioteek moet voortdurend vir die leerling die weg open tot kreatiwiteit. Daar moet ruim voorsiening vir stokperdjies gemaak word. Baie geleenthede kan ook in die skoolbiblioteek geskep word waar kreatiwiteit tot volle aanwending en benutting kan kom.

Ontspanningsaktiwiteite soos films en video's, storie-ure, tafelspeletjies,

vasvrakompetisies en kunsaktiwiteite kan aangebied word. Die leerlinge kan op eie inisiatief programme aanbied en sodoende leerlinge wat nooit die skoolbiblioteek besoek nie, lok na die biblioteek (Oosthuizen, 1989, p. 320).

Die skoolbiblioteek speel 'n baie belangrike rol in die verskaffing van gesonde en geestelike ontspanning en die onderwyser-bibliotekaris moet die leiding neem om konstruktiewe benutting van vrye tyd aan te moedig.

### **3.10            Kommunikasie**

Al beskik die skoolbiblioteek oor al die nodige en modernste media is dit van geen waarde as kommunikasie nie tussen mededeler en vertolker plaasvind nie (Engelbrecht, 1973, p. 64). In die skoolbiblioteek kan kommunikasie op verskillende wyses plaasvind:

- tussen die onderwyser-bibliotekaris en skoolhoof;
- tussen die onderwyser-bibliotekaris en vakonderwysers;
- tussen die onderwyser-bibliotekaris en leerlinge;
- tussen leerlinge onderling; en
- tussen die gebruiker en inligting.

#### **3.10.1            Kommunikasie tussen die onderwyser-bibliotekaris en die skoolhoof**

Die skoolhoof moet 'n basiese kennis hê van die doelstellings en funksies van die skoolbiblioteek. Eers dan kan kommunikasie tussen die onderwyser-bibliotekaris en die skoolhoof plaasvind. Sonder sinvolle kommunikasie tussen die skoolhoof en onderwyser-bibliotekaris kan die skoolbiblioteek nie doeltreffende diens lewer nie (American Library Association, 1989, p. 22).

Die skoolhoof is die sleutelfiguur waarom alles draai en die sukses en kwaliteit van die skoolbiblioteek hang in 'n groot mate af van die skoolhoof, want hy is die persoon wat verantwoordelik is vir die beplanning en verskaffing van die mediadiens (Martin, 1987, p. 35). Suksesvolle integrering van die skoolbiblioteek kan alleenlik geskied in samewerking met die skoolhoof. Die samewerking tussen die skoolhoof, personeel en leerlinge moet goed wees sodat die gesindheid teenoor die skoolbiblioteek die geesdrif wek by die personeellede en leerlinge om gereeld van die dienste van die skoolbiblioteek gebruik te maak (Martin, 1987, p. 35).

"Cooperation is impossible without good, open communication. The principal sets the stage for the productive relationships by indicating ways, times and places in which the teacher and media specialist can make personal contact" (Martin, 1987, p. 40).

### **3.10.2 Kommunikasie tussen die onderwyser-bibliotekaris en die vakonderwyser**

Om in die vakonderwyser se eise te kan voorsien, is dit vir die onderwyser-bibliotekaris noodsaaklik om met die vakonderwyser te kommunikeer oor die werk wat in die klaskamer gedoen word. Integrering en die selfstudietaak soos reeds bespreek in paragraaf 3.8, is twee sprekende voorbeelde van goeie kommunikasie tussen die onderwyser-bibliotekaris en die vakonderwyser. Die kwessie van wedersydse begrip tussen die onderwyser-bibliotekaris en die vakonderwyser kan weer beklemtoon word.

"When teachers and media staff plan together they can help clarify each other's goals, share competencies, cooperatively design individual and/or group learning activities, and provide an integrated approach to learning opportunities and problems" (Martin, 1987, p. 41).

"Working within the partnership is the only way we can ensure that all our students have an equal opportunity to develop the abilities to locate, understand, evaluate and communicate information and ideas effectively" (Whitney, 1988, p. 7).

### **3.10.3 Kommunikasie tussen die onderwyser-bibliotekaris en die leerling**

Wanneer daar suksesvolle kommunikasie is tussen die onderwyser-bibliotekaris en die skoolhoof en die onderwyser-bibliotekaris en die onderwysers, dan sal daar ook die nodige kommunikasie tussen die onderwyser-bibliotekaris en die leerlinge wees. Die leerling is dan deel van 'n span en dien as't ware as raadgewers in die beplanning van biblioteekaktiwiteite (American Library Association, 1989, p. 23).

In die skoolbiblioteek is daar baie geleenthede vir die onderwyser-bibliotekaris om sinvol met die leerlinge te kommunikeer. Die onderwyser-bibliotekaris moet elke kind in die skool individueel probeer ken. Kommunikasie kan dan makliker geskied wanneer hy die behoeftes van elke leerling verstaan as hy die skoolbiblioteek besoek. Wedersydse begrip is weer baie belangrik wanneer die leerling hulp soek met betrekking tot selfstudietake, navorsing, keuse van leesstof of die gebruik van audiovisuele media. Die gebruik van leerlinghulp in die skoolbiblioteek is 'n goeie wyse van kommunikasie tussen onderwyser-bibliotekaris en leerlinge. Deur samewerking in die skoolbiblioteek leer hulle mekaar beter ken en ondersteun mekaar (Engelbrecht, 1973, p. 65).

### **3.10.4 Kommunikasie tussen die leerlinge onderling**

Die skoolbiblioteek bied baie geleenthede aan tot kommunikasie tussen leerlinge. Wanneer die klas die biblioteek vir Medialeiding besoek, kan die praktiese uitvoering van take in groepe gedoen word en leerlinge werk saam. Ander groepsaktiwiteite is boekbesprekings, die oprig van uitstallings in die skoolbiblioteek, die opstel van bibliografieë, voorstellings om lees te bevorder soos byvoorbeeld dramatisering en

kompetisies.

Wanneer die leerlinge die skoolbiblioteek in hulle vrye tyd besoek, kan daar in die rakke rondgesnuffel word en boeke kan saam bespreek word. Vir leerlinge wat dikwels 'n belangstelling in 'n akademiese rigting het, bied die skoolbiblioteek die geleentheid tot kommunikasie met medeleerlinge (Engelbrecht, 1973, p. 69).

### **3.10.5 Kommunikasie tussen die gebruiker en inligting**

Die wyse waarop kommunikasie van kennis en inligting bewerkstellig word, is deur middel van ontsluiting. Die skoolbiblioteekskatalogus is 'n belangrike kommunikasiemedium tussen inligting en die gebruiker (Engelbrecht, 1973, p. 64). Kennis en inligting word ook deur middel van die geskrewe woord aan die gebruiker oorgedra.

Kommunikasie as 'n funksie van die skoolbiblioteek sal goed funksioneer in 'n klein plattelandse skool. Die kleiner klasse, personeel en leerlinge leer mekaar beter ken, nie net in die skool nie maar ook buite die skool en by die huis. Leerlinge wat 'n gekombineerde skool bywoon is bevoorreg in dié sin dat sommige van hulle klasmaats kan wees vanaf sub. A tot st. 10. Aangesien die onderwyser-bibliotekaris ook vakke onderrig en as klasonderwyser optree, sal hy/sy 'n goeie kennis hê van die leerlinge wat die biblioteek besoek en in staat wees om suksesvol met die leerlinge te kommunikeer.

## **4. DIE PERSONEEL VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK**

### **4.1 Die onderwyser-bibliotekaris**

Die benaming, onderwyser-bibliotekaris, word in Kaapland aan die hoof van die skoolbiblioteek gegee. Net soos die naam aandui, is die onderwyser-bibliotekaris 'n onderwyser en 'n bibliotekaris. In die eerste plek is hy 'n opgeleide onderwyser



en kan ook vakke onderrig. As bibliotekaris is hy verantwoordelik vir alle werksaamhede in die biblioteek.

Volgens Kachelhoffer (1966, p. 121) kan die onderwyser-bibliotekaris nie net onderwyser of net bibliotekaris wees nie. Die onderwyser-bibliotekaris is 'n professionele opvoeder, bestuurder van 'n inligtingsentrum, organiseerder van die inligtingsentrum en as hulpverlener aan volwassewordendes.

Die skoolbiblioteek kan slegs suksesvol funksioneer met die professionele opleiding en vaardighede van die onderwyser-bibliotekaris (Kachelhoffer, 1988, p. 124).


"The library media specialist holds membership in both the teaching and library professions, and is both an educational generalist and a media specialist. Respecting the duality of his professional role, the library media specialist places equal significance on each aspect, realising that, like the two sides of a coin, neither role has value without the other (Davies, 1979, p. 64).

## 4.2 Struktuur en pligte van die biblioteekpersoneel

Alvorens die pligte van die onderwyser-bibliotekaris in 'n klein plattelandse skool bespreek word, is dit nodig om diagrammaties die struktuur en pligte van die skoolbiblioteekpersoneel uiteen te sit (Crafford, 1988, p. 135).

Diagram 1

### Struktuur en pligte van die skoolbiblioteekpersoneel



Die funksies en take van die onderwyser-bibliotekaris kan as volg uiteengesit word:

- as bibliotekaris
- as inligtingverskaffer
- as onderwyser

#### 4.3 Die onderwyser-bibliotekaris as bibliotekaris

As bibliotekaris is die onderwyser-bibliotekaris verantwoordelik vir die organisasie van die voorraad in die skoolbiblioteek. Organisasie en administrasie van die skoolbiblioteek sluit die volgende in:

- keuring van materiaal
- aanskaffing van materiaal
- voorbereiding van die materiaal
- instandhouding van materiaal en katalogus
- mediagebruik
- behartiging van die uitleenprosedure
- die versorging van die lokaal
- bestuur

Die onderwyser-bibliotekaris moet sorg dra dat die hele organisasie van die skoolbiblioteek in al sy fasette doeltreffend verloop ten einde te verseker dat die skoolbiblioteek se rol as hulpmiddel in die onderwys verwesenlik word (Venter, 1973, p. 47). Die opbou van 'n boekevoorraad moet goed beplan word. Elke boek moet 'n bepaalde doel dien. Die grootste verantwoordelikheid vir opvoedkundige boekkeuring berus by die onderwyser-bibliotekaris. Die bibliotekaris se taak word vergemaklik deurdat die Kaaplandse Onderwysbiblioteekdiens 'n lys van goedgekeurde boeke publiseer en ook keurlyste voorsien. Uit die groot hoeveelheid goeie boeke moet die onderwyser-bibliotekaris die behoeftes van die individuele leerlinge in ag neem (Groenewald, 1967, p. 185).

Elke skoolbiblioteek sal ook die onderwysbeleid van sy skool asook die sillabusse van die vakke in ag neem (Suid-Afrika (Republiek) Kaaplandse Onderwysdepartement, 1983, D4). 'n Gekombineerde skool se onderwyser-bibliotekaris sal voorsiening maak vir die kindertuin-, senior primêre- en hoërskoolleerlinge.

Die skoolbiblioteek moet so goed bestuur en organiseer word dat dit as fondament dien waarop die onderwyser-bibliotekaris sy rol as onderwyser en inligtingverskaffer kan uitvoer (Whitney, 1988, p. 8).

#### 4.4 Die onderwyser-bibliotekaris as inligtingverskaffer

Die belangrikheid van die verskaffing van inligting in die skoolbiblioteek kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Die skoolbiblioteek kan nie net die ontsluiting van materiaal as 'n funksie aanvaar nie, maar die gebruik daarvan deur die leerlinge is 'n belangrike taak wat van die onderwyser-bibliotekaris verwag word. "The mission of the library media program is to ensure that students and staff are effective users" (American Library Association, 1989, p. 1). Die voorsiening in die inligtingsbehoefte van die gebruiker is nie genoeg nie; onderwyser-bibliotekaris het 'n groter verantwoordelikheid naamlik die doeltreffende lewering van die inligting en om die leerling en onderwyser te help om die inligting effektief te gebruik.

Leerlinge moet daarvan bewus gemaak word dat inligting 'n integrale deel van die leerprogram is vanaf die primêre standerds tot in die senior klasse. Die leerlinge moet die waarde van inligting beseef. Dit is die onderwyser-bibliotekaris se verantwoordelikheid om die leerling te leer om 'n inligtingsoektog sinvol uit te voer. Dit is sy taak om seker te maak dat die gebruiker die navorsingsvaardighede kan bemeester (Kachelhoffer, 1988, p. 121). Die inligtingsmateriaal moet gebruik kan word om die leerling tot sy volle potensiaal te laat ontwikkel en terselfdertyd voor

te berei vir die toekoms (Kruger, 1977, p. 161). Die effektiewe gebruik van inligting lei ook tot kritiese denke en verantwoordelike besluitneming en om eiesoortige vermoëns te ontwikkel (Van Wyk, 1981, p. 137).

Voortgesette leiding in die gebruik van inligting verseker dat die leerling aan die einde van sy skoolloopbaan toegerus is met selfvertroue en genoegsame inisiatief om sy eie vaardighede uit te voer. Die leerlinge is dan gemotiveer om mediagebruik ook in ander biblioteke en in die beroepslewe toe te pas (Crafford, 1988, p. 130).

"The library media specialist must also help build positive attitudes toward the use and communication of ideas and information, since these attitudes can greatly influence student's interest in and enthusiasm for exploration and research and their ability to participate in a free, exciting, enriched life (Aaron, 1988, p. 86).

#### 4.5 Die onderwyser-bibliotekaris as onderwyser

Die belangrikste funksies wat deur die onderwyser-bibliotekaris vervul moet word met die oog op die opvoeding van die leerling, is kurrikulêre mediagebruik, biblioteekvoorligting en leesleiding.

- **Kurrikulêre mediagebruik**

"The philosophy, goals and significance of the school library program are the philosophy, goals and objectives of the education programme. They are one and the same, permanently fused, and therefore inseparable" (School Libraries, 1984, p. 8).

Hierdie aanhaling uit School libraries: the foundation of the curriculum toon duidelik die hegte band tussen die onderwyser-bibliotekaris en die verdere onderwyspersoneel. As vakonderwyser en deel van die klein personeel in 'n klein

plattelandse skool is die onderwyser-bibliotekaris bevoorreg om direk met die personeel en leerlinge te skakel en die eise en behoeftes van die personeel en leerlinge te bevredig. Die bevordering van die gebruik van die media vir kurrikulêre doeleindes is natuurlik nie die taak van die onderwyser-bibliotekaris alleen nie. In hierdie verband werk die onderwyser-bibliotekaris en die vakonderwyser saam in 'n hegte span. Die onderwyser-bibliotekaris moet 'n leidende rol speel in mediagebruiksbeplanning en ook leiding neem met selfstudietake. Vaardighede wat deur die onderwyser-bibliotekaris aan die leerling onderrig word, vind die praktiese toepassing daarvan juis tydens kurrikulêre mediagebruik (Van Wyk, 1981, p. 147).

"No longer can the school librarian remain on the fringe of schooling, head of a private domain which is largely irrelevant to the experiences taking up most of the students' time. The school librarian becomes a specialist on the school staff, committed, not only to the wider aims of education, but to the aims and objectives of the school itself" (Rewill, 1970, p. 244).

- **Biblioteekvoorligting**

Om van elke leerling 'n goeie biblioteekgebruiker te maak is dit nodig dat hy voorgelig moet word hoe om die biblioteek sinvol te gebruik. Biblioteekvoorligting word gewoonlik gekoppel aan die vak Boekopvoeding. Die benaming Boekopvoeding is gebruik vir die "tradisionele" onderrig in biblioteekgebruik. Ander benaminge wat ontstaan het die afgelope jare is Medialeiding, Mediagebruikersleiding, en Gebruikersleiding. In die proefskrif sal die benaming, Medialeiding gebruik word.

In die laerskool en in standerd 6 en 7 word formele Medialeiding deur die onderwyser-bibliotekaris of klasonderwyser aangebied. Overduin en De Wit het in die navorsingsprojek Skoolbiblioteekwese in Suid-Afrika aangetoon dat Medialeiding te formeel en teoreties aangebied word (Overduin, 1986, p. 792).

Beswick (1981, p. 37) het dit benadruk dat Medialeiding nie vakgebonde is nie, maar by elke besoek aan die biblioteek kan voorligting op 'n spontane manier aangeleer word. In 'n artikel van Maurice Line (1976, p. 10-11) word Biblioteek-voorligting as volg beskryf:

"Learning to handle information is something like riding a bicycle. You do not learn to ride a bicycle by having evening classes in bicycle riding, given by a bicycle manufacturer or even a champion cyclist; you learn by sitting on a bicycle and falling off, and getting on again until you can ride one ...

Information handling skill is a skill that should be developed in the same sort of way; you do it by learning it beside someone who is better at it than you are, but is not going to be patronising about it ...

It is better to integrate information handling skills into the whole of education from the start, at the beginning of school. Teaching children and helping them to use books and information should not be two separate activities, but children should be taught, or should learn, in such a way that book and information handling are picked up as they go along".

Die doelstellings van Medialeiding (Suid-Afrika (Republiek) Kaaplandse Onderwysdepartement, 1983, G 1-18) kan as volg opgesom word:

- om leerlinge in te lig aangaande dienste wat binne en buite die biblioteek beskikbaar is;
- om die leerling vertrouwd te maak met die uitleg van die biblioteek en die rangskikking van boeke;
- om die leerlinge te lei tot die benutting van die voorraad deur middel van gebruik te maak van die katalogus, indekse en bibliografieë;
- om onderrig te gee in die maak van aantekeninge en vinnige opspoor van inligting;

- om inligting te versamel, te ontdek en doeltreffend te gebruik;
  - om liefde en respek vir boeke en ander media te kweek;
  - om lees vir genot aan te moedig; en
  - om 'n kritiese waardering vir letterkunde aan te leer.
- 
- Leesleiding

Leesleiding maak ook deel uit van Medialeiding. Leesleiding is 'n opvoedingstaak en elke bemoeienis wat die onderwyser-bibliotekaris met 'n leser maak, is wesenlik 'n opvoedingsituasie. Opvoedkundige leesleiding lei die kind om onafhanklik en selfstandig sy eie keuse van sy leesstof en studiemateriaal te maak. Lees neem 'n belangrike plek in die onderwys en die algemene ontwikkeling van die leerling in, daarom is volop geleentheid en materiaal nodig om sy leeslus te bevredig. Leesleiding is vir alle leerlinge van alle ouderdomme, intellektuele vermoëns en albei geslagte (Engelbrecht, 1973, p. 62). Naas die aankweek van goeie leesgewoontes, word gepoog om deur leesleiding die leesbelangstelling te wek en die leessmaak te bevorder. Die voorwaarde bly steeds dat die kind gelei moet word om krities ingestel te wees teenoor die massamedia en slegs die beste daaruit moet haal. Dit is van belang dat die leerling boeke sal vind wat by sy belangstelling, begripsvermoë en leesvaardigheid sal pas (Engelbrecht, 1973, p. 62-63).

Baie belangrik is die feit dat die onderwyser-bibliotekaris self kennis moet dra van die voorraad. Om boeke aan te beveel moet die onderwyser-bibliotekaris self 'n getroue leser wees en hy is in 'n unieke posisie om die leerlinge se leessmaak te ontwikkel en om goeie letterkunde te waardeer (Houghton-Hawksley, 1983, p. 39).

"It is impossible to overstress the influence of the teacher's own knowledgeability about books. The right book brought forward at the right time can make all the difference to a child's reading development (Houghton-Hawksley, 1983, p. 39).



Die trae leser moet spesiale aandag geniet en reg hanteer word sodat hy onbewustelik 'n liefde vir boeke kan aankweek en dit kan geniet. Die onderwyser-bibliotekaris, wat ook 'n klas- of vakonderwyser in 'n klein plattelandse skool is, is in die bevoorregte posisie om met die kontak wat hulle behou met die onderwysers, die leerlinge met leesprobleme makliker te identifiseer en behulpsaam te wees met die keuse van leesstof.

Leesleiding het nie 'n spesifieke patroon nie, maar die volgende faktore kan in gedagte gehou word:

- die leesbehoefte van die leerlinge;
- die keuse van geskikte materiaal vir 'n bepaalde doel;
- 'n begeerte wek om te lees vir ontspanning;
- om te lees vir inligting en kennisverbreding (Venter, 1973, p. 30);
- om 'n eie leesbelangstelling en leessmaak te verwerf (Engelbrecht, 1973, p. 177).
- die aankweek van kritiese evaluering van leesmateriaal (Dippenaar, 1981, p. 20);
- om die leerling te help om wat hy lees te interpreteer en daarop reageer (Dippenaar, 1981, p. 20); en
- kwaliteit is altyd belangriker as kwantiteit (Engelbrecht, 1973, p. 62).

#### 4.6 Propagering van dienste

Die hoofdoel van propagering is seer sekerlik om leerlinge en onderwysers bewus te maak van die skoolbiblioteek en die dienste wat dit aanbied. Die doeltreffendheid van die skoolbiblioteek word bepaal deur die gebruik daarvan en die onderwyser-bibliotekaris moet hom/haar beywer om propaganda te maak vir die skoolbiblioteek.

Om die skoolbiblioteek se dienste te propageer, kan die volgende in gedagte gehou word:

- 'n aantreklike lokaal met mooi matte, kleurvolle gordyne, muurversierings en gerieflike meubels dra baie by tot die rustige atmosfeer en is 'n groot aantrekkingskrag vir leerlinge en onderwysers;
- die persoonlikheid van die onderwyser-bibliotekaris, die inisiatief wat aan die dag gelê word en die vriendelike optrede in die skoolbiblioteek moet vertroue inboesem by die leerling wat hom laat lus voel om weer te kom;
- die onderwyser-bibliotekaris moet op hoogte bly van die skoolprogram, vakonderrig en buitemuurse aktiwiteite van die skool en belangstelling toon;
- om die skoolbiblioteek bekend te stel moet die onderwyser-bibliotekaris na buite beweeg en die dienste aanbied;
- die aanbieding van storie-ure, kinderprogramme, kompetisies of video- en filmvertonings bly 'n lokmiddel na die skoolbiblioteek; en
- die biblioteekdeur mag nooit toe wees as hulp nodig is nie. 'n Toe deur is geen propaganda vir die skoolbiblioteek nie. Gedurende skoolure moet die skoolbiblioteek dienste kan aanbied en na skoolure moet die skoolbiblioteek beskikbaar wees vir genoegsame ure om in die behoeftes van die leerlinge te voorsien.

#### **4.7 Opleiding en kwalifikasies van die onderwyser-bibliotekaris**

Onderwyser-bibliotekaris moet gekwalifiseerde onderwysers wees, met ander woorde hulle moet in besit van 'n onderwysdiploma wees.

Die onderwyser-bibliotekaris behoort ook oor 'n biblioteekkwalifikasie te beskik. Aan onderwyskolleges en enkele universiteite word daar gespesialiseerde diplomas aangebied. Studente wat hierdie kursusse voltooi, kwalifiseer as professionele onderwysers maar slegs as para-professionele bibliotekaris (Kruger, 1988, p. 13). Geïntegreerde onderwysgrade soos byvoorbeeld die B.Bibl. (Ed)-graad word ook

aangebied aan enkele universiteite. Die student kwalifiseer dan as professionele onderwyser asook as professionele bibliotekaris (Kruger, 1988, p. 13).

Voldoende en opgeleide personeel is 'n gebrek by skoolbiblioteke en by klein plattelandse skole mag skoolhoofde verplig voel om vakonderwys aan die onderwyser-bibliotekaris oor te dra (Overduin, 1986, p. 782).

Omdat daar 'n groot persentasie onderwyser-bibliotekarisse is wat geen formele opleiding vir skoolbiblioteekwerk ontvang het nie, word oriënteringskursusse deur onderwysdepartemente aangebied (Overduin, 1986, p. 782). Indiensopleidingsgeleenthede word ook aangebied waaraan 'n diensdoenende onderwyser kan deelneem met die uitsluitlike doel om sy professionele kennisvaardighede uit te brei en om elke onderwyser-bibliotekaris maksimaal vir die suksesvolle uitvoering van sy/haar taak toe te rus (Botha, 1988, p. 17).

"A library media specialist of true professional stature will realize the necessity for continuous in-service study and growth and will possess the rigorous self discipline essential for persistent self-directed knowledge building" (Davies, 1979, p. 65).

#### **4.8 Die aanstelling van die onderwyser-bibliotekaris**

Die klein plattelandse skoolbiblioteek sal as gevolg van klein leerlingtalle nie oor mediapersoneel soos aangetoon in diagram 1 bladsy 39, beskik nie.

Die aanstelling van 'n onderwyser-bibliotekaris in Kaapland moet geskied binne die kwota poste vir die skool en die provinsie. Binne die kwota behoort  $\frac{1}{5}$  van die tyd van een onderwyser vir elke 100 leerlinge benut te word vir pligte in die skoolbiblioteek. Aldus mag deeltydse poste aan kleiner skole toegestaan word, terwyl groter skole met 'n leerlingtal bo 600, mag aansoek doen om een voltydse en een deeltydse onderwyser-bibliotekaris, mits dit binne die skool se personeelkwota is (Suid-Afrika (Republiek) Kaaplandse Onderwysdepartement,

1983, B 3). Dit beteken ook dat skole met meer as 500 leerlinge een pos binne die personeelvoorsieningskaal behoort af te sonder vir 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris. Kleiner skole behoort op bogenoemde basis 'n deeltydse onderwyser-bibliotekaris in beheer van die skoolbiblioteek te plaas (Overduin, 1986, p. 391).

#### **4.9 Ander hulp**

Die onderwyser-bibliotekaris kan bygestaan word deur personeellede van die skool. Die ekstra personeellede kan behulpsaam wees met die pligte van die assistent-onderwyser, tegniese assistent, klerklike assistent en tegnisi soos voorgestel in Diagram 1 bladsy 39. Ouers en vrywilligers kan ook hulp aanbied met daaglikse roetine pligte. Die gebruik van leerlinge is nie weens die gebrek aan personeel nie.

Al sou voldoende personeel beskikbaar wees, kan die hulp wat leerlinge aanbied vir die leerling en onderwyser van groot waarde wees (Crafford, 1988, p. 143).

#### **5. SKOOLBIBLIOTEKGEBOU**


Die skoolbiblioteekgebou bestaan in die eerste plek as 'n fasiliteit vir die gebruiker en moet in die gebruikersbehoefte voorsien. Die doelstellings van die skoolbiblioteek moet nagekom word en die skoolbiblioteek moet funksioneer, dit wil sê die sentrum moet optimaal gebruik word deur die personeel en die leerlinge. Elkeen moet kan toegang hê tot alle toerusting wat hom sal lei om kennis op die eenvoudigste en doeltreffendste manier te kan verkry.

Sekere riglyne moet in gedagte gehou word wanneer 'n nuwe skoolbiblioteekgebou beplan word.



**Figuur 2**


Skoollibiblioteek - sentraal geleë (Malherbe, 1981, p. 17)



Indien daar nie 'n standaardmediasentrum op die skoolgronde beskikbaar is nie, kan 'n ander ruimte soos byvoorbeeld aangrensende klaskamers omskep word in 'n biblioteek. Die onderstaande skets is 'n voorbeeld van klaskamers wat omskep is tot 'n biblioteek.

**Figuur 3**

Klaskamers wat omskep is tot 'n biblioteek (Malherbe, 1981, p. 156)



## 5.2 Grootte en uitleg

Die grootte en uitleg hang grootliks af van:

- die funksies en doelstelling van die spesifieke skool. Die funksies waarvoor daar ruimte gemaak kan word is lees, luister, bespreek, snuffel, naslaan, uitstal, tegniese werke, ontvangs, uitleen, produksie van materiaal en groepaktiwiteite;
- die gebruik van die biblioteek; en
- die grootte van die voorraad (Carroll, 1979, p. 24).

Die standaardgrootte van 'n skoolbiblioteek is 217,5 m<sup>2</sup>. Volgens die Handleiding vir Skoolbiblioteke (C1) beslaan 'n gestandaardiseerde skoolbiblioteekgebou vir laer- en hoërskole in Kaapland die volgende areas en groottes:


Vertoonsaal	2 070 X 9 000 cm
Projek/opname kamer	3 220 X 7 360 cm
Apparatuur pakkamer	2 300 X 4 140 cm
Bibliotekaris se kantoor	2 875 X 4 255 cm
Uitleenruimte	5 520 x 5 290 cm
Biblioteek	12 880 X 9 660 cm

Die jongste standaardplan van die Kaaplandse Onderwysdepartement (Suid-Afrika (Republiek) Kaaplandse Onderwysdepartement, 1983, Bylaag C.1) is as volg:

**Figuur 4**

**Standaardplan van die Kaaplandse Onderwysdepartement**

1. Vertoonsaal
2. Projek/opname kamer
3. Apparaatruimte
4. Kantoor
5. Uitleenruimte
6. Biblioteek





Die onderstaande mate is vir die akkommodasie vir 'n ideale hoërskoolbiblioteek deur Vermeulen (1987, p. 397) voorgestel.

### Diagram 2

#### Akkommodasie vir 'n hoërskoolbiblioteek

LEERLINGTAL	LEESAREA	SITPLEKKE	KANTOOR/ WERKKAMER	Oudiovisuele KLASKAMER	Oudiovisuele WERKKAMER	Oudiovisuele PAKKAMER	TOTAAL
500 +	165m <sup>2</sup>  (Gemiddelde van nos. 1 en 3 + 15m <sup>2</sup> vir klein groep/ individuele gebruik)	<u>+ 50</u>  (Grootste klas + klein groep, d.w.s 10% van leerlingtal; oudiovisuele area akkommodeer addisionele groep beheer deur vakonderwyser)	15m <sup>2</sup>  (10m <sup>2</sup> se kantoor-ruimte te min vir meer as een personeellid)	60m <sup>2</sup>  (Gebaseer op no 1 waar ook werk-ruimte ingesluit is en no 3 waar die area te klein is vir funksionele gebruik)	30m <sup>2</sup>  (Gebaseer op no 3 wat produksie deur leerlinge en onderwysers akkommodeer, met meer as minimum ruimte)	10m <sup>2</sup>  (Gebaseer op no 3 wat so 'n ruimte afskort in werkarea) (Sekuriteitsarea)	280m <sup>2</sup>  = 3 014 vk vt
250 +	99m <sup>2</sup>  3/5 van 165m <sup>2</sup> ; gebaseer op aantal sitplekke)	<u>+ 30</u>  (Grootste klas + plek vir individue)	20m <sup>2</sup>  (Sluit alle aktiwiteite in)	Biblioteekarea word benut	Deel van algemene werkarea	10m <sup>2</sup>  (Sekuriteitsarea)	1 129m <sup>2</sup>  = 1 388 vk vt
1 000 +	247m <sup>2</sup>	<u>+ 75</u>	20m <sup>2</sup>  (Meer personeel moet geakkommodeer word in kantoorarea)	60m <sup>2</sup>	30m <sup>2</sup>	10m <sup>2</sup>	367m <sup>2</sup>  = 3 950 vk vt

Die model voorgestel vir die leerlingtal 250 is geskik vir 'n klein gekombineerde skool op die platteland. Aanpassings vir 'n leerlingtal van 300 + sal gemaak moet word en sekere ruimtes sal vergroot moet word. 'n Ruimte van + 3.3m<sup>2</sup> per gebruiker word bereken vir die leesarea (Vermeulen, 1987, p. 398).

### 5.3 Ameublement

Verskillende tipe meubels moet in die behoeftes van leerlinge en onderwysers en hulle onderskeie aktiwiteite voorsien. Die keuse van meubels word vergemaklik deur die feit dat gespesifiseerde standaardtoerusting deur die onderskeie onderwysdepartemente voorgeskryf is. Die belangrikste meubels is:

- Boekrakke
- Uitleentoonbank
- Tafels
- Stoele
- Kaartkatalogus
- Boekwaentjie

Boekrakke in die skoolbiblioteek moet funksioneel wees, dit wil sê die rakke moet verstelbaar wees, kan uitbrei en verskuif. Die hoogte moet altyd in gedagte gehou word, veral in die laerskoolafdeling sodat die boeke maklik bereikbaar is. Die plasing van die rakke is ook belangrik. Tydskrif en koerantrakke is noodsaaklik in die leesarea (Thompson, 1978, p. 79).

Die grootte van die tafels en die rangskikking daarvan is ewe belangrik in die skoolbiblioteek. Aangesien primêre- sowel as hoërskoolleerlinge die tafels gebruik, moet 'n maklike hoogte gekies word. In die kindertuinafdeling is laer bankies, los kussings of lae stoeltjies geriefliker (Thompson, 1978, p. 105).

Groter en langer tafels in die leesarea en kleiner tafels in die naslaanafdeling word aanbeveel. Die aantal tafels word bereken volgens die grootste klasgroep.

Studiehokkies is ook 'n addisionele fasiliteit wat aan die leerling 'n mate van afsondering bied om selfstandig te werk. Nadele aan studiehokkies is te veel ruimte wat dit in beslag neem en die hoë koste (Overduin, 1967, p. 202).

Seminaarkamers of studielokale het nog nie posgevat soos in oorsese lande nie, maar wanneer die onderwys meer op selfstudie gerig is kan 'n afsonderlike ruimte vir studie in die skoolbiblioteek baie nuttig wees. Malherbe (1981, p. 52) beveel 'n seminaarkamer van 11,2 m<sup>2</sup> vir skole met minder as 1 000 leerlinge aan. Vir plattelandse skole met 'n klein leerlingtal kan 'n studielokaal van 30 m<sup>2</sup> genoeg wees. Hierdie lokale kan deur middel van 'n glasafskorting van die leesarea

afgeskei word sodat toesig gehou kan word en terselfdertyd is die geraas gedemp. Die lokaal kan ook vir vergaderings gebruik word (Pierce, 1980, p. 56).

## 6. SAMEVATTING

Daar is gepoog om in hierdie hoofstuk die doelstellings en funksies van die skoolbiblioteek deeglik uit een te sit en te bespreek. Die skoolbiblioteek van die moderne tyd moet aan baie vereistes voldoen. Net soos daar van die opvoedkundige verwag om die "hele kind" op te voed, word daar ook van die skoolbiblioteek verwag om met die doelstellings en funksies by te dra tot die totale opvoeding van die leerling. Die skool se hoogste funksie en die enigste gronde vir sy bestaan, is dat dit in diens van die skoolgemeenskap moet staan.

Daarom is dit so belangrik dat die onderwyser-bibliotekaris en sy personeel in 'n goedtoegeruste skoolbiblioteek net die beste dienste moet lewer. Dieselfde hoë en veeleisende doelstellings en funksies moet ook deur die klein plattelandse skoolbiblioteek gehandhaaf word. Om hierdie doelstellings te kan handhaaf sal steeds 'n faktor van belang moet bly in die klein plattelandse skoolbiblioteek, ongeag die feit dat die skool reeds op vele ander gebiede in die reël baie fasiliteite moet ontbeer waarvoor groot skole beskik.

## HOOFSTUK 3

### DIE OPENBARE BIBLIOTEEK

#### 1. INLEIDING

"Openbare biblioteke beskik oor gekeurde versamelings van literatuur en ander media waarin die beste intellektuele geestesprodukte van die mensdom verteenwoordig is. Voorgenoemde is tans hoofsaaklik op vrywillige en gratis grondslag vir alle lede van die gemeenskap toeganklik. Die openbare biblioteek dien as inligtingsbron om informele onderwys en gesonde vryetydsbesteding te bevorder. Die gratis en onbelemmerde toegang tot die mens se opgetekende rekords as bron van inspirasie en inligting word as onmisbaar beskou vir die totstandkoming van gekultiveerde en ingeligte gemeenskappe van die land".

Die doel en strewe van die openbare biblioteek is in bogenoemde aanhaling uitstekend deur Lubbe saamgevat (Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Administrasie. Direktoraat Biblioteekdiens 1992, p. 59).

In ander gevalle soos die skoolbiblioteek byvoorbeeld is die biblioteek deel van 'n instituut met spesifieke doelstellings. Dit ondersteun dus die beleid van die instansie waaraan dit behoort en sy dienste wat dit aanbied is soos die instansie dit verlang. Die openbare biblioteek aan die anderkant, bedien klandisie, 'n gebruikersgroep met eie behoeftes en versoeke waarby die openbare biblioteek moet aanpas en sy dienste moet uitbrei om die klandisie te bevredig (Pungitore, 1989, p. 28).

"Public libraries are unique in that they have no parent institution within which to function" (Pungitore, 1989, p. 27)

Die bestaansreg van die openbare biblioteek word as volg saamgevat deur Brink (1985, p. 23).

"Die openbare biblioteek is 'n refleksie van die menslike lewe in al sy fasette en as sodanig dien dit die mens op sy vlak ongeag wat dit mag wees".

Die volgende aanhalings bevestig die waarde van die openbare biblioteek:

"There is no substitute for the public library. It serves all the people from the time they first look at a picture book until the senior citizen reads his last book (Morgan, 1981, p. 62).

"The value of the public library in the improvement of the mind lies mainly in the width of its provision and in the library it offers its users. It is a means of comprehensive and continuous instruction; it is free from authoritarian direction and is untouched by the unifying patterns of formal education. It is an inspiration and incentive to free ideas and opinions" (Morgan, 1981, p. 176).

Die gemeenskap maak ten volle van die diens van die openbare biblioteek gebruik: van die huisvrou tot die sakeman, van die kleuter tot die bejaarde en van die nuutgeletterde tot die hooggeleerde (Schoeman, 1990, p. 7).

Die volgende aanhaling sal die belangrikheid van die behoeftes van die gemeenskap verder beklemtoon:

"It must be reiterated that the library as a social institution is concerned with people, primarily with people, then with its operations, for the people are the target at which the service is aimed and for which it exists" (Murison, 1988, p. 225).

"The public library is the most 'universal' of all libraries in respect of the diversity of all people it serves. It should cater for everybody, for small children, to adults,

from people who are barely literate to scholars" (Broeze, 1986, p. 4.).

Doelstellings en funksies van die openbare biblioteek sal rigting gee aan die eintlike strewe van die openbare biblioteek. Met die gemeenskapsdiens as die fokuspunt sal daar in Hoofstuk 3 'n omskrywing en uiteensetting van die doelstellings en funksies van die openbare biblioteek gegee word.

## 2. DIE DOELSTELLINGS VAN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK

In die Standaarde vir Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteke (1968, p. 15) word die doelstellings van die openbare biblioteek as volg uiteengesit en word woordeliks aangehaal:

- om boeke en verwante materiaal aan alle lede van die gemeenskap vry beskikbaar te stel;
- om inligtingsdienste te voorsien vir gebruik deur alle burgers;
- om die kultuur- en intellektuele status van die gemeenskap te verhoog;
- om die informele selfopvoeding van alle burgers te bevorder en aan te moedig;
- om aanvullende inligtingsmateriaal te voorsien aan diegene wat formele opvoedkundige kursusse volg;
- om die middele te voorsien vir die bevordering van estetiese waardering;
- om boeke en ander biblioteekmateriaal te bewaar vir toekomstige geslagte;
- om die materiële ontwikkeling van Suid-Afrika te bevorder, en om veral in die besondere behoeftes van die handel en nywerheid te voorsien; en
- om in die ontspanningsbehoefte van die individu, die gesin en ander gemeenskapsgroepe te voorsien, en om die gesonde gebruik van vrye tyd aan te moedig.

Bevindings van die Zaïman-verslag het ook duidelik bewys dat die openbare biblioteek ook 'n groot rol te speel het in die bekamping van ongeletterdheid

(Lubbe, 1990, p. 15). Geletterdheid is 'n basiese voorvereiste van die gebruik van die biblioteek en na hierdie basiese behoefte bevredig is, sal ander behoeftes na vore tree en kan daaraan aandag geskenk word (Lotz, 1981, p. 22).

Volgens die Public Library Development Program van 1987 (Pungitore, 1989, p. 79) word dit duidelik gestel dat geen gegewe doelstellings, funksies en standarde geldig is vir alle openbare biblioteke nie en dat elke openbare biblioteek sy eie doelstellings kan bepaal in ooreenstemming met die behoeftes van die gemeenskap. Standarde word voortdurend aangepas om aan die behoeftes vir biblioteekgebruikers te voldoen (Wehmeyer, 1992, p. 18).

"The goal appears to be that each library will be developed to reflect the values and needs of its local community" (Pungitore, 1989, p. 79).

Dit word algemeen aanvaar dat die doel van die openbare biblioteek is om 'n bydrae te lewer tot die bevrediging van die inligtings-, opvoedings-, kulturele- en ontspanningsbehoefte van die gemeenskap. Prof. Fourie (1987, p. 3) brei verder daarop uit deur die openbare biblioteek te beskou as 'n instrument vir die bevordering van die totale ontwikkeling van die gemeenskap.

Die Kaapse Provinsiale Uitvoerende Komitee vir die Biblioteekdiens het ook in 1990 die volgende doelwitte gestel:

- Die versameling, ontsluiting en beskikbaarstelling van inligtingsbronne aan die publiek.
- Die verskaffing van informele aanvullende opvoeding deur die beskikbaarstelling van biblioteekmateriaal van opvoedkundige waarde en die aanmoediging van die gebruik daarvan.
- Die beskikbaarstelling van ontspanningslesstof en ander verwante materiaal aan die publiek (Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Administrasie. Direktoraat Biblioteekdiens, 1992, p. ii).

Die openbare biblioteek as instrument van ontwikkeling, moet ook, om effektief met ontwikkeling tred te hou en daarin te voorsien, met die behoeftes van sy gemeenskap identifiseer (Shillinglaw, 1986, p. 83).

Die behoeftes van die gemeenskap word baie belangrik geag. In 'n artikel Moderne openbare biblioteektendense in Die Kaapse bibliotekaris noem prof. Overduin (1988, p. 3) dat die komitee van die "Public Libraries Association" in 1970 tot die oortuiging gekom het dat geen standaard meer opgestel behoort te word deur 'n aantal bibliotekarisse sonder om die verskeidenheid behoeftes van die gemeenskappe wat bedien word in ag te neem nie. Volgens Fourie (1987, p. 3) moet die openbare biblioteek beskou en ontwikkel word as deel van die rykdom van die gemeenskap.

The public library mission statement was bestem as 'n tussentydse handleiding tussen die laaste uitgawe in 1966 van openbare biblioteek standaard (Public Library Association) en die volgende publikasies. In twee dokumente val die klem veral op die behoeftes van die plaaslike gemeenskap. A Planning process for public libraries en Output measures for public libraries beaam dat openbare biblioteke hulle beplanning en evaluering van dienste moet baseer op die spesifieke toestande en behoeftes van die plaaslike gemeenskap. Die doelstellings en bedrywighede moet inpas by die bedrywighede van die gemeenskap (Pungitore, 1989, p. 35). Nasionale standaard kan as riglyne dien maar hoef nie slaafs gevolg te word nie (Pungitore, 1989, p. 74).

Wanneer die standaard van die openbare biblioteek saamgevat word, kan ons tot die slotsom kom dat die doelstellings van die openbare biblioteek gedefinieer kan word tot opvoeding, ontspanning, inligtingverskaffing en enkulturasie (Cilliers, 1987, p. 2).

Die openbare biblioteek moet egter steeds sy doelstellings evalueer om te verseker dat dit tred hou met die behoeftes van sy gebruikers. "It comes down to a lack



of commitment to the validity of service to ordinary people" (Robinson, 1989, p. 147).

### 3. DIE PLATTELANDSE OPENBARE BIBLIOTEEK

Hennen definieer 'n plattelandse biblioteek as 'n biblioteek wat minder as 10 000 persone bedien in 'n plattelandse gebied met persone minder as 150 per vierkante myl (Amerikaanse mate) of 'n biblioteek wat geleë is in 'n gebied waar 80% deur plase ingeneem word (Pungitore, 1989, p. 176).

Die plattelandse openbare biblioteek speel 'n baie belangrike rol in die bereiking van die inligtings-, kulturele en ontspanningsbehoefte van die plattelandse gemeenskappe.

Navorsing toon tog dat daar 'n verskil is in gemeenskappe wat biblioteekgebruik en leesgedrag betref. Daar is 'n verskil nie net tussen die lede van stadsbiblioteke nie maar ook die biblioteekgebruik van groot biblioteke op die platteland teenoor die van die kleiner biblioteke soos genoem in Hennen se definisie.

Die verskille in lewensstyl tussen die leser in die stad en die leser op die platteland kom ook tot uiting in waardes, norme en gesindhede asook in leesgedrag en vryetydsbesteding (Brink, 1985, p. 26). Verskillende lesertipes kan ook onderskei word. Die belangstellings en behoeftes van die mense in die gemeenskap moet dan in aanmerking geneem word en die biblioteekdiens wat gelewer word, moet aanpas by die gemeenskapsgroepe.

Nie alleen die leesgedrag van die biblioteekgebruiker verskil nie, maar ook die gedrag en optrede van die bibliotekaris teenoor die leser is meer natuurlik en persoonlik van aard aangesien hy die lesers goed ken en ook hulle leesgedrag of -behoefte.

"The commonly held perception is that the primary strength of small libraries lies in their user-oriented, personalized service, while that of large libraries centers on their ability to provide immediate access to vast collections" (Pungitore, 1989, p. 177).

Die verslag van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens (1989, p. 14) se gebruiksyfer toon dat openbare biblioteke op die platteland hoër syfers toon teenoor biblioteke in stedelike gebiede. Die gemiddelde syfers van uitreiking van boeke in een plattelandse gebied is 36,1 boeke per lid per jaar. Die openbare biblioteek speel 'n belangrike rol in die leefwyse van die leser op die platteland en ook met aktiwiteite van gemeenskapsorganisasies.

#### **4. DIENSLEWERING VAN DIE KAAPSE PROVINSIALE BIBLIOTEEKDIENS AAN OPENBARE BIBLIOTEKE**

Die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens lewer in samewerking met die plaaslike owerhede 'n omvattende diens aan openbare biblioteke in die Kaapprovinsie. Van die belangrikste dienste wat gelewer word is die verskaffing van biblioteekmateriaal, die spesiale aanvraagstelsel en vakkundige voorligting.

##### **4.1 Die verskaffing van voorraad aan plattelandse biblioteke**

Die Provinsiale Biblioteekdiens behartig die keuring, aankoop, voorbereiding, versorging en verspreiding van biblioteekmateriaal en -toerusting op bruikleen aan plaaslike owerhede. Hierdie materiaal sluit boeke, tydskrifte, koerante, grammofoonplate, laserskywe, kassette, kunsafdrukke, rolprente en video's in.

Die verskaffing van 'n vry openbare biblioteekdiens in die Kaapprovinsie is die gesamentlike verantwoordelikheid van die Provinsiale Biblioteekdiens en plaaslike owerhede. Enige plaaslike owerheid kan 'n openbare biblioteek instel, beheer en bestuur en by die Biblioteekdiens aansluit indien die betrokke owerheid onderneem

om aan die bepalings van die regulasies van Ordonnansie 16 van 1981 insake die vry Provinsiale Biblioteekdiens te voldoen. Dit is dus die verantwoordelikheid van die plaaslike owerheid om 'n gebou op te rig en om personeel aan te stel en te besoldig ooreenkomstig Provinsiale standaarde (Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, 1989, p. 7).

In 1992 het die Munisipale vereniging van die Kaapprovinsie versoek dat bogenoemde Ordonnansie gewysig moet word sodat gebruikersgelde van munisipale inwoners gehef kan word (Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Direktoraat Biblioteekdiens, 1992, p. i). Die Administrateur van Kaapland het nie aan die versoek voldoen nie en gratis openbare biblioteekdienste sal steeds voorsien word. Die gratis dienste geld egter nie vir landelike lede nie en plaaslike owerhede kan gebruikersgelde van nie-belastingbetalers verhaal.

Openbare biblioteke op die platteland in die Kaapprovinsie is in verskillende streke verdeel en word bedien deur 'n streekbibliotekaris. Die boekwa besoek die streke gemiddeld vyf keer per jaar met 'n voorraad nuwe boeke, plate en kunsafdrukke en gebruikte boeke waaruit die bibliotekaris haar eie keuse kan maak. Die nuwe voorraad se hoeveelheid word bepaal volgens die sirkulasiesyfers van die vorige maande. Tydens elke besoek van die boekwa moet boeke uitgesoek word terwyl ander boeke weer onttrek word. Sodoende kan 'n gebalanseerde versameling opgebou word met voldoende basiese dekking op alle gebiede ten einde in die behoeftes van al die inwoners van die bepaalde gemeenskap te voorsien. Die plattelandse biblioteek kan sy voorraad verder aanvul met spesiale aangevraagde boeke op tydelike basis of permanent (Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, 1984, 6.1.3).

In 'n gewone plattelandse openbare biblioteek sal die voorraad bestaan uit die volgende:

[ i]           Prenteboeke;

- [ ii] Jeuglektuur
- [ iii] Jeugvaklektuur
- [ iv] Naslaanwerke vir skoolgaande leerlinge
- [ v] Vaklektuur
- [ vi] Verhalende lektuur; gewone druk en grootdruk
- [ vii] Naslaanwerke soos byvoorbeeld ensiklopedieë, jaarboeke, atlasse, woordeboeke, ensovoorts
- [viii] Tydskrifte
- [ ix] Koerante
- [ x] Grammofoonplate
- [ xi] Kunsafdrukke

Video's, kassette en laserskywe word nie aan alle klein openbare biblioteke voorsien nie omdat die sirkulasiesyfers nie aan vereistes voldoen nie. Films en video's kan aangevra word om in die biblioteek te vertoon of aan ander klubs of organisasies uit te leen.

#### **4.2 Spesiale biblioteekdienste**

- **Spesiale aanvraagdiens**

Individuele gebruikers kan hulle spesifieke behoefte deur middel van die spesiale aanvraagstelsel van die Biblioteekdiens laat bevredig wanneer die benodigde inligting nie in die plaaslike biblioteek beskikbaar is nie. Veral die kleiner biblioteek op die platteland met sy beperkte bronne vind die diens onontbeerlik.

- **Die Inligtingsbiblioteek**

Die Inligtingsbiblioteek van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens is drieledig van aard. Dit bied beroepsgerigte inligting, lewer 'n snelinligtingsdiens aan openbare biblioteke, asook 'n sosiale biblioteekdiens aan personeel van die Provinsiale

Biblioteekdiens.

- **Spesiale biblioteekdienste**

Behalwe vir die gewone dienste wat openbare biblioteke aan gebruikers bied, is daar ook 'n aantal spesiale biblioteekdienste. Daar word dienste gelewer aan swaksiendes, bejaardes, pasiënte in hospitale, invalides, gestremdes, gevangenes en soldate (Ellis, 1988, p. 21).

#### **4.3 Opleiding en voorligting**

Vakkundige voorligting aan openbare bibliotekarisse word deur die personeel van die Biblioteekdiens jaarliks aangebied. Kursusse word ook gereeld gereël en lesings word in die verskillende streke aangebied. Die Navorsings- en Biblioteekbeplanningsafdeling verskaf ook praktiese inligting en wenke aangaande biblioteekbeplanning (Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, 1989, p. 45).

### **5. DIE FUNKSIES VAN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK**

Om die rol van die openbare biblioteek te bepaal, is dit dan nodig om die behoeftes te identifiseer en dan die funksie om daardie behoefte te bevredig, uit te voer. Die funksies van die openbare biblioteek word as volg bepaal:

#### **5.1 Die inligtingsfunksie**

Die openbare biblioteek moet sy belangrikste taak sien as die voorsiening van inligting in watter vorm ookal aan alle sektore van die gemeenskap binne sy bedieningsgebied op die vlak en tot die mate wat elke sektor benodig en dit moet dienslewering primêr hierop instel (Brink, 1987, p. 135). Elke individu en groep in die gemeenskap is geregtig op inligting en die openbare biblioteek maak

voorsiening vir vrye toegang tot inligting vir almal in die gemeenskap. Elke individu is geregtig op inligting wat hulle in staat stel om hulle kennis uit te brei of bevestig of om sy onkunde of onsekerheid te verminder (Cilliers, 1987, p. 3).

'n Voorvereiste van doeltreffende inligtingsvoorsiening is beskikbaarheid en spoed waarmee akkurate inligting voorsien word (Venter, 1990, p. 2). Die openbare bibliotekaris vul die biblioteekvoorraad aan met 'n pamflet versameling, tydskrifte en koerante. Vir die kleiner plattelandse biblioteek is dit nie altyd moontlik om met 'n kleiner voorraad in alle inligtingsbehoefte te voorsien nie. Die sentrale inligtingsdiens van die Biblioteekdiens kan dan geraadpleeg word om inligtingsvrae te beantwoord (Wehmeyer, 1990, p. 22).

Die bibliotekaris moet die skakel wees tussen sy gebruiker, sy navorsersbehoefte en die beskikbare bronne. Die inligtingsdiens wat openbare biblioteke aanbied kan verskil van biblioteek tot biblioteek, afhangende van die gemeenskap wat bedien word. Die openbare biblioteek moet wel oor die materiaal en ander hulpbronne beskik om in sy gebruikers se behoeftes te voorsien (Van Deventer, 1989, p. 4).

'n Biblioteek wat as inligtingsentrum bedrywig is, maak 'n integrerende deel uit van die infrastruktuur wat nodig is om die ontwikkelingsdoelwitte te bereik. Die inligting wat beskikbaar is, is nie slegs daardie wat binne die mure van die biblioteekgebou gehuisves word nie (Fourie, 1987, p. 4). Reeds in par. 4.2 is verskeie hulpbronne genoem as al die materiaal in die plaaslike biblioteek nie beskikbaar is nie.

In die biblioteek kan inligting uit verskillende bronne verkry word. Inligting word nie net beskou as 'n konkrete boodskap uit 'n boek nie maar inligting kan verkry word uit tydskrifte, brosjures, pamflette en ander gedrukte materiaal asook oudiovisuele media.

Inligtingsdiens aan skoliere is 'n belangrike aspek van die werksaamhede van die

openbare biblioteek. Nie alleen skoolopdragte, werkstukke en mondelingetake vereis meer inligting nie maar inligtingsdienste aan skoliere is enige mededeling waardeur 'n skoolgaande kind op die hoogte van sake gebring word (Molier, 1990, p. 25). Inligtingsbehoefte van kinders verskil op verskillende stadiums van ontwikkeling. Die jonger kind se inligtingsbehoefte is persoonlik van aard en ontstaan uit die situasie waarin die kind homself bevind. Aangesien die openbare biblioteek ook belangstel in die opvoeding van die skoolgaande kind is dit dan belangrik om met die verskaffing van korrekte inligting die jong kind behulpsaam te wees.

Veral die hoërskoolleerling is meer bewus van sy behoefte aan inligting, die beskikbaarstelling van inligting en die vaardighede om sy eie keuse te maak uit die verskillende soorte bronne. "Adolescents can learn to consider the library as a whole information source with a wide variety of materials to meet their information needs rather than a collection of books on different subjects" (Kulthau, 1988, p. 56). Die adolessent benodig ook inligting wat betref sy toekomsplanne, sy loopbaan en werkseleenthede, persoonlike krisis en behoeftes. Dit is dan ook die plig van die bibliotekaris om die leerling die regte gebruik van die biblioteek aan te leer sodat hy sy behoeftes kan bevredig.

Die openbare bibliotekaris het dus die belangrike taak om inligting te voorsien aan nie alleen navorsing op sekere gebiede nie, maar ook aan ander aktiwiteite soos informele opvoeding, formele opvoeding en nie-formele opvoeding soos genoem in par. 5.2. Die funksie van inligtingsvoorsiening brei dan verder uit na volwasse opvoeding en 'n volwaardige gemeenskapsinligtingsdiens, waarin daar, veral in die metropolitaanse gebiede 'n groot behoefte is.

Bunch (1987, p. 3) beskryf gemeenskapsinligtingsdienste as volg:

"A community information service performs the function of linking needs with resources in the community and alerting the community to unmet needs and lack

of resources".

Die openbare biblioteek moet hom ook beywer vir die tydige beskikbaarstelling van inligting oor onderwerpe van aktuele belang aan individue en groepe in die gemeenskap. Gemeenskapinligtingsdienste verleen hulp aan individue met daaglikse probleemoplossing en besluitneming veral ten opsigte van hul tuiste, werk en regte (Shillinglaw, 1986, p. 42).

"This is why municipal libraries should be given the resources to help environmental groups and other pressure groups, local associations, village communities and trade union branches to obtain the information they need, in about the same way as the parliamentary information service helps the parliamentary parties with investigations in various questions" (Lindqvist, 1989, p. 6).

Gemeenskapinligtingsdienste is sterk op die gemeenskapsbehoefte gebaseer. Die openbare biblioteek moet ingerig wees as 'n belangrike sentrum vir die versameling van plaaslike geskiedenis en kultuurmateriaal. "Even though the library is an access point to the world of the intellect, it must have its cultural roots in the community it serves, providing a source of identity and pride for the community" (Manaka, 1971, p. 27).

## **5.2 Die opvoedingsfunksie**

Opvoeding kan as een van die belangrikste doelstellings van die openbare biblioteek beskou word omdat hy die informele opvoedingsinstrument vir die hele gemeenskap moet wees en opvoedingsgeleentheid aan die breë publiek bied.

Wanneer mens in ag neem hoe kort die invloed van formele opleiding op die individu is, sal mens beseft hoe 'n belangrike rol die openbare biblioteek in die latere lewe speel (Fourie, 1990, p. 90). 'n Baie klein persentasie leerlinge gaan hulle



studies aan tersiêre inrigtings voortsit. Leerlinge wat na skool gaan werk sal beseef dat in die hedendaagse samelewing elke mens met inligting gekonfronteer word. Die openbare biblioteek kan voorsien in hulle behoeftes.

"Public libraries should engage in non-formal and informal education that contribute meaningfully and measurably to social development among the underdeveloped" (Zaaiman, 1989, p. 14).

Dienste wat van toepassing kan wees vir gemeenskapsontwikkeling sluit in die ondersteuning van formele opvoeding, samewerking met agente vir nie-formele opleiding en die voorsiening van hulpbronne vir informele opleiding (Shillinglaw, 1986, p.39).

### **5.2.1 Formele opvoeding**

Die skoolbiblioteek is in 'n groot mate afhanklik van "buitebronne" waarvan die openbare biblioteek die belangrikste is (Zaaiman, 1989, p. 14). Die kleinste plattelandse skoolbiblioteek met sy kleiner voorraad kan nie altyd in al sy behoeftes voorsien nie en die openbare biblioteek bied hulp aan met die verkryging van inligting vir temas of projekte. Om die leerlinge van inligting te voorsien, dra veel by tot die leerling se opvoedingsprogram. "Gathering information has an educational effect and at the same time causes intellectual satisfaction" (Papp, 1979, p. 51).

Dit is ook die plig van die openbare bibliotekaris om medialeiding wat aan die skoolgaande leerling reeds op skool aangebied is, voort te sit in die openbare biblioteek. Reeds van voorskoolse ouderdom sal die kind bewus gemaak word van die versorging en hantering van boeke en die korrekte rangskikking van die boeke op die rakke, alfabeties of volgens die Dewey Desimale Klassifikasie.

Die bibliotekaris sal altyd byderhand wees as die skoolgaande leerling hulp nodig

het met die gebruik van die katalogus, indekse of bibliografieë. Die bibliotekaris verleen ook hulp met die gebruik van naslaanwerke vir studieprojekte. Die bibliotekaris sal ook altyd in gedagte moet hou dat te veel hulp, gemaksug en intellektuele luiheid in die hand werk. Daarom sal hy daarna streef om selfwerkzaamheid en selfstandigheid by die leerling aan te moedig.

Nog belangriker as skooltake, is die hulp wat die openbare biblioteek moet verleen met leesleiding ter ondersteuning van leerlinge se emosionele groei. Deur goeie leesleiding kan 'n eerlike waardering vir letterkunde onbevange gekweek word deur die regte benadering. Die kind se gemoed is meer buigsaam as die volwassene en die bibliotekaris moet hom aan verskillende tipes boeke bekendstel (Le Roux, 1986, p. 13).

Die openbare biblioteek kan 'n belangrike rol speel om opvoedingsgeleenthede vir formele opvoeding daar te stel deur boeke aan buitemuurse studente te voorsien. Aanvullende studie materiaal kan voorsien word en die biblioteek kan beter benut word (Carstens, 1986, p. 37).

### **5.2.2 Nie-formele opvoeding**

Opvoeding en opleiding beteken nie slegs dit wat in skole en universiteite geleer word aan te vul nie maar ook selfopvoeding in onderwerpe waarin die individu belangstel (Lotz, 1981, p. 22).

Met nie-formele opvoeding word bedoel daardie onderwys wat buite die raamwerk van die formele sisteem gebied word en waarin geselekteerde leerervaringe en spesifieke subgroepe van die bevolking, volwassenes sowel as kinders gebied word (Schoeman, 1990, p. 5).

Nie-formele opvoeding sluit onder andere in lesings, demonstrasies, groep-besprekings, vertonings en uitstallings in. Deur gereelde informele opvoedkundige

programme aan te bied, stel die openbare biblioteek dit ten doel om selfopvoeding by die gemeenskap aan te moedig en te bevorder. Die voorraad van die biblioteek word te alle tye in die selfopvoedingsaktiwiteit gebruik. Die uitbreidingsaktiwiteit dra daartoe by dat die nie-biblioteekgebruiker na die biblioteek gelok word en die voorraad word aan hom bekendgestel.

Alle aktiwiteite word aangebied met 'n spesifieke doel, naamlik om 'n bydrae te lewer tot die algemene vorming van die mens en om hom geestelik te verryk. Programme kan ook in samewerking met ander organisasies, verenigings en groepe aangebied word (Carstens, 1986, p. 39). Boeke aangepas by die onderwerp wat bespreek word, word uitgestal en aan die gebruiker beskikbaar gestel.

Openbare biblioteke bied verder ondersteuning aan nie-formele onderwys deur biblioteekmateriaal, -geriewe en arbeid tot die beskikking van individue en organisasies te stel wat nie-formele onderwysprogramme aanbied (Swanepoel, 1987, p. 201). Die openbare biblioteek kan bydra tot opvoedkundige programme deur die materiaal te verskaf aan volwassenes om hulle tuis te bekwaam in een of ander rigting. Kursusse in vreemde tale word ook op kassetband of video aangebied. Die immigrant in sy nuwe vaderland kan die landstaal aanleer deur bande of video's by die biblioteek te leen en tuis bestudeer.

Geletterdheidsopleiding vorm deel van nie-formele opvoeding. Die openbare biblioteek kan 'n bydrae lewer om ongeletterdheid te bekamp deur betrokke te raak by bestaande geletterdheidsopleiding of self geletterdheidsopleiding verskaf (Lubbe, 1990, p. 14).

Die biblioteekversameling moet ook aanpas by die nuutgeletterde. Leesmateriaal word in meervoudige eksemplare aangeskaf. Dit sal die taak van die bibliotekaris wees om die gaping tussen die gereelde lesers en die nuut-leser uit te skakel. "Respect for and greater understanding of the culture and basic way of life of these non-readers must be achieved" (Morgan, 1981, p. 67).

### **5.2.3 Informele opvoeding**

Op grond van die RGN-verslae se beskrywing van informele onderwys kom dit voor of die meeste aktiwiteite wat openbare biblioteke verrig, met informele onderwys verband hou. Die meeste openbare biblioteekaktiwiteite kan spontaan lei tot opvoeding en kennisverryking en is nie spesifiek beplan om opvoeding, onderrig en kultuurbevordering te weeg te bring nie. Die opspoor van inligting, die uitleen van materiaal, uitstallings en die hulpverlening by die gebruik van die katalogus of die woordeboek is aktiwiteite wat nie beplan is nie maar wat wel bydra tot die opvoeding (Swanepoel, 1987, p. 201).

### **5.3 Die kulturele funksie**

"The library can, or should be able to give a broad and clear answer to the question of what culture is, simply by setting an example, a place where collections of books, newspapers, periodicals, music and art, as well as versatile activities and the access to all kinds of technological means of expressions, come together in showing what the word culture means in practice" (Koefoed, 1985, p. 64). Die openbare biblioteek met sy goed toegeruste voorraad en ander aktiwiteite kan dus 'n groot bydrae lewer tot kultuurverryking.

Die openbare biblioteek is 'n natuurlike kulturele sentrum vir die gemeenskap. Dit bring mense met dieselfde belangstellings bymekaar. As brandpunt van kommunikasie in die samelewing, het dit in die eerste plek die taak om die kommunikasieprosesse waardeur sosiale opvoeding en kultuurprosesse bewerkstellig word, te bevorder (Totterdell, 1981, 39).

Dit is raadsaam om die kultuurbehoefte van die gemeenskap vas te stel en die biblioteek kan aanpas by ander kultuurorganisasies in die gemeenskap se doelstellings en werksaamhede. Verskille in kultuur van verskillende gebruikersgroepe moet respekteer en oorbrug word (Swart, 1990, p. 24).

Die boekevoorraad is sekerlik die eerste en mees omvangryke medium waardeur kultuur gedissemineer word op openbare vlak (Swiegelaar, 1986, p. 4). Daar is verskeie tegnieke of metodes waar kultuur deur middel van die materiaal in die openbare biblioteek oorgedra kan word byvoorbeeld uitstallings, boekvoorlesings, paneelbesprekings, ensovoorts.

#### 5.4 Die ontspanningsfunksie

Een van die doelstellings van die openbare biblioteek is om heilsame ontspanning en konstruktiewe benutting van vrye tyd aan te moedig. Die openbare biblioteek speel 'n baie belangrike rol in die verskaffing van gesonde geestelike ontspanning. Die groot waarde van die voorraad van die openbare biblioteek lê in die feit dat dit ontspanning aanbied (Carstens, 1986, p. 40).

"Whatever good accrues from the purposeful study of educational literature, there can be no doubt that the bulk of public library reading is of recreational nature of fiction and other light material, in which case much of the significance of the library will depend on the effect of such books" (Murison, 1988, p. 179).

Die openbare biblioteek bied 'n groot verskeidenheid leesstof aan vir elke leser.

Die openbare biblioteek rig hom ook tot die leser op 'n informele wyse. Die jong kind verlustig hom in prenteboeke en sy verbeelding is so ongelooflik wyd en hy is so ontvanklik dat dit loutere vreugde is om te lees. Die jong kind kan rustig luiërlees doen en onbewustelik 'n magdom van kennis ontdek deur middel van lees.

Nie net verhalende lektuur nie, maar ook vaklektuur kan ontspanning bied aan die jeug en volwassenes. Koerante en tydskrifte voorsien heelwat in die lesers se lees- en inligtingsbehoefte aangesien dit verhale en artikels oor sake soos die gesin, huwelik, huis, tuin en stokperdjies bevat. Video's en plate kan ook lesers se ontspanningsbehoefte bevredig.

Die rustige atmosfeer dra baie by tot volkome ontspanning in die openbare

biblioteek. Dit moet as't ware die gebruiker lok na die biblioteek. Die openbare biblioteek moet 'n teenvoeter wees teen stres en spanning. Dit is dus die taak van die bibliotekaris om die atmosfeer rustig te hou met 'n kalm, vriendelike optrede teenoor gebruikers, konfliktsituasies te vermy en hulpvaardig te wees. Nie net alleen die atmosfeer nie, maar die aantreklikheid van die binneruimte moet gesellig wees. "This is an aspect of library service which deserves consideration, for the library does provide congenial conditions for study or relaxation when these are difficult to obtain at home (Murison, 1988, p. 181).

Snuffel (browsing) is 'n pluspunt vir die openbare biblioteek as ontspanning-sentrum. Die leser, jonk en oud kry die geleentheid om op sy tyd die boeke te ondersoek en rustig deur te blaai, sonder om hom veel in te span. Om hierdie rede is die openbare biblioteek van veel waarde. Daar is geen entoesiasme vir gedwonge lees nie, maar as die leser die geleentheid gegun word om self sy keuse te maak uit die verskeidenheid van leesstof op die rakke, sal hy belangstelling vind in 'n onderwerp en boeke uitneem (Murison, 1988, p. 182).

Nie slegs die voorraad nie, maar ook die ander aktiwiteite wat die openbare biblioteek aanbied, verskaf genotvolle ontspanning. Die biblioteek voorsien tafelspeletjies soos byvoorbeeld skaak, legkaarte en woordbouspeletjies. Ander aktiwiteite soos byvoorbeeld storie-ure, poppekas, film- en videovertonings verskaf genot aan die kleiner kinders en programme gereël vir die jeug, volwassenes en senior burgers dra baie by tot die bevrediging van die ontspanningsbehoefte van die gemeenskappe aangesien die klein plattelandse dorp nie oor baie vermaaklikheidsplekke beskik nie.

## 6. DIE PERSONEEL VAN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK

Die gehalte van dienslewering hang in 'n groot mate af van die personeel van die openbare biblioteek. In die klein plattelandse biblioteek is daar slegs een of twee personele wat verantwoordelik is vir alle funksies van die biblioteek.

## 6.1 Personeelvoorsiening

Die openbare bibliotekaris word deur die plaaslike owerheid aangestel. In plattelandse biblioteke word daar gewoonlik voorsiening gemaak vir twee bibliotekarisse, 'n hoofbibliotekaris en 'n assistent maar in dorpe waar die bevolkingsyfers laag is en die sirkulasiesyfers van die biblioteek onder 25 000 boeke per jaar is, is daar slegs een personeellid. Personeellede word aangestel volgens die sirkulasiesyfers van die biblioteek. Die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens beveel aan dat daar vir elke 25 000 boeke wat uitgereik is, een bibliotekaris aangestel word. In baie ander openbare biblioteke beklee die assistent 'n deeltydse betrekking. Die tyd wat 'n hoofbibliotekaris aan diens moet wees behoort nie 80% van sy totale werktyd te oorskry nie. In die meeste openbare biblioteke werk die hoofbibliotekaris 38 uur en die assistent of deeltydse bibliotekaris se ure word aangepas. Die meeste van die werk word gedoen terwyl die biblioteek oop is vir die publiek, maar baie ander administratiewe werk, korrekte rangskikking van boeke op die rakke, oortrek van boeke, uitstallings en beplanning vir die dag se program word agter geslote deure gedoen. In die openingstye sal die personeel volle aandag wy aan toonbankdiens en hulp verleen aan leners.

## 6.2 Pligte van die openbare bibliotekaris

"Public libraries have been successful in promoting spiritual and hence social development, by providing reading material that support recreational and cultural interests. Since the spiritual development of each generation has to be accomplished through the reading of recreational and cultural literature, provision of such literature continue to be an important function of public libraries" (Zaaiman, 1989, p. 13).

Pligte dui op dit wat gedoen moet word om praktiese nastrewing van die doelstellings in die hand te werk (Brink, 1985, p. 28).

Die funksies wat uiteengesit word is die wat tipies in 'n klein plattelandse openbare biblioteek aangetref word.

### **6.2.1 Voorraadontwikkeling**

- **Keuring**

Die bibliotekaris sal materiaal keur alvorens dit aan die gebruiker voorsien word.

- **Uitdunning**

Die voorraad word gesuiwer deur verouderde, verslete en duplikaatmateriaal van die rakke te verwyder.

- **Evaluering**

Sinvolle keuring en uitdunning is afhanklik van sinvolle evaluering van die versameling (Brink, 1985, p. 31).

### **6.2.2 Die beskikbaarstelling van die voorraad**

Die beskikbaarstelling van die voorraad is die vernaamste diens wat die biblioteek kan lewer. 'n Verskeidenheid boekmateriaal en oudiovisuele media word voorsien aan alle groepe en individue in die gemeenskap. Die materiaal word voorsien om:

- informele opvoeding te vergemaklik;
- formele opvoeding te verryk en te ontwikkel;
- inligtingsbehoefte te bevredig;
- opvoedkundige en kulturele aktiwiteite te ondersteun;
- ontspanning en vermaak te verskaf (American Library Association 1972, p. 210).



'n Versameling boeke op sigself vorm nie 'n biblioteek nie en moet die voorraad aan die gemeenskap beskikbaar gestel word.

- **Ontsluiting**

Alle nuwe voorraad word ontvang met 'n outeurkataloguskaart- of 'n onderwerpskaart as die outeur nie beskikbaar is nie. Dit word van die bibliotekaris verwag om die kaarte alfabeties in die kataloguskabinet te rangskik en in volgorde te hou vir openbare gebruik. Vanaf 1991 het groter biblioteke hul biblioteekdienste gerekenariseer en ontsluiting van die voorraad vergemaklik.

- **Rangskikking**

Die boeke word op die rakke gerangskik in alfabetiese orde, volgens die Dewey Desimale Klassifikasie of volgens 'n gebruikergeoriënteerde orde. Plate word in groepe ingedeel en daarvolgens in die platekabinet gepak. Kunsafdrukke kan uitgestal word of in die spesiale kunsafdruk kabinet geberg word.

- **Materiaalbeskikbaarstelling**

Die uitleendiens van elke openbare biblioteek maak dit vir die gebruiker moontlik om materiaal vir 'n tydperk te leen en weer terug te besorg aan die biblioteek. Materiaal wat gereeld gebruik word kan ook bespreek word (Brink, 1985, p. 29).

- **Bespreking**

Wanneer 'n boek reeds uitgeleen is, kan die boek op aanvraag bespreek word.

- **Spesiale aanvraag**

Materiaal wat nie in die plaaslike voorraad is nie, kan aangevra word vanaf die

Biblioteekdiens. Die boeke kan op tydelike basis aan die biblioteek geleen word (Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, 1984, 10.1).

### **6.2.3 Instandhouding**

Alle voorraad in die biblioteek ontvang deurlopende aandag. Boeke word gereeld oorgetrek met skoon plastiek en waar moontlik herstel en skoongemaak. Plate word versorg en kunsafdrukke word in stand gehou.

### **6.2.4 Versorging van gebou**

Die biblioteeklokaal word netjies skoongehou en versier met uitstallings, kunsafdrukke en blommerangskikkings.

### **6.2.5 Administratiewe pligte**

Administratiewe pligte van die bibliotekaris sluit die volgende in:

- aansluit van nuwe lede;
- opstel van en beheer oor biblioteekvorms;
- maandelikse verslag indien;
- invordering van agterstallige boeke;
- spesiale aanvrae;
- skepping en instandhouding van 'n liasseerstelsel;
- inname van en boekhouding oor kontant;
- lewering van sekretariële dienste;
- hantering van pos;
- statistiekhouding.

### 6.2.6 Uitbreidingsaktiwiteite

Aktiwiteite word aan elke groep van die gemeenskap aangebied. Storie-ure, rolprent- en videovertonings, lesings en demonstrasies word aangebied.

### 6.2.7 Reklame

Aangesien die openbare biblioteek se beeld of aansien geskep word deur die gehalte van die diens wat hy lewer, moet elke biblioteek sy beeld deur middel van reklame bekendstel (Suid-Afrika (Republiek)Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, 1984, 14.1). Om reklame vir die biblioteek te maak is 'n diens wat voortdurend onder die publiek se aandag gebring moet word. Om al die doelstellings en strewes van die openbare biblioteek na te kom, is reklame; meer nog dit beteken om die biblioteek en sy bedrywighede aan die publiek te verkoop of om te adverteer (Reklame, 1988, p. 4). Die bibliotekaris moet te alle tye daarna strewes om die biblioteek in sy geheel te bevorder, dit wil sê alle biblioteekgebruikers. Dit kan insluit sakelui, verenigings, leeskring, klubs en verskillende groepe uit die gemeenskap. Geen bibliotekaris moet ook tevrede wees met die ledetal nie, maar moet probeer om die nie-gebruiker te lok (Reklame, 1988, p. 4).

Persoonlike kontak tussen die bibliotekaris en die gebruikers is van besondere belang. In hierdie opsig het kleiner biblioteke 'n groter voorsprong bo groter biblioteke deurdat die verhouding tussen die bibliotekaris en die gebruiker meer natuurlik is. (Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, 1984, 14:1).

Kees Hamann (1989, p. 423) maak in sy artikel, Public relations meer dan bibliotheekpromotie, melding van die belangrikheid van die publiek se samewerking met die biblioteek. Die begrip public relations beskryf hy as volg: "als een organisasie bereid is planmatig te werk aan het bevorderen van een wederzijds begrip tussen de organisasie en al de groepen, waarvan haar voortbestaan

afhankelik is". Volgens Hamann (1989, p. 423) is die bereiking van die doelstellings van die biblioteek afhanklik van die goeie betrekkinge tussen die biblioteek en die gemeenskap.

Die vraag moet gevra word - Hoe kyk die publiek na die biblioteek? Die verskillende groepe in die gemeenskap se behoeftes verskil. Die een groep beskou die biblioteek "als een oase van rust", die ander groep weer "als een cultureel bolwerk" of "als een supermarkt met bestsellers" (Hamann, 1989, p. 425). Nie alleen verskil die groepe in een gemeenskap nie, maar ook die gemeenskappe van die verskillende dorpe. Dit is die taak van die openbare bibliotekaris om sy gemeenskap se behoeftes te bestudeer en na die beste van sy vermoë tevrede te stel. Om groepe in die gemeenskap te bereik, moet 'n mens kommunikeer. Die openbare bibliotekaris moet na buite beweeg en ook deur middel van uitstallings of ander aktiwiteite die biblioteek bekendmaak en persoonlike verhoudinge opbou (Shillinglaw, 1986, p. 77,83). Deur dus die biblioteek in die geheel te bevorder, sal alle biblioteekgebruikers tevrede gestel word en tevrede gehou word.

### **6.2.8 Beheer en bestuur van die openbare biblioteek**

Die openbare biblioteek is die verantwoordelikheid van die plaaslike owerheid. Die plaaslike owerheid verskaf geskikte biblioteekakkommodasie en is ook verantwoordelik vir die aanstelling en besoldiging van die bibliotekpersoneel en voorsien bedryfskoste van die biblioteek. Kragtens artikel 12 van die Ordonnansie op die Provinsiale Bibliotekdiens 1981, is die volgende Standaard-biblioteekverordeninge gepubliseer en is dit die plig van die plaaslike owerheid om toe te sien dat dit nagekom word deur die bibliotekpersoneel. Die verordeninge soos dit in die Offisiële Koerant (1990, p. 4241-4246) verskyn, kan die volgende insluit:

- registrasie en lenerkaartjies;

- uitleen en terugbesorging van biblioteekmateriaal;
- agterstallige biblioteekmateriaal, bespreking van biblioteekmateriaal, verlore en beskadigde materiaal, biblioteekmateriaal vir spesiale doeleindes, hantering van biblioteekmateriaal;
- gebruik van groepaktiwiteitslokaal;
- verhaling van dienskosse;
- optrede teen misdrywe;
- strafbepalings.

Die bibliotekaris van die openbare biblioteek het dus 'n verantwoordelikheid teenoor die plaaslike owerheid en die Provinsiale Biblioteekdiens. Hy is in beheer van die openbare biblioteek soos dit deur sy werkgewer verlang word en kom ook alle administratiewe pligte na teenoor die Provinsiale Biblioteekdiens.

Volgens die Handleiding vir openbare biblioteke (1984, 5.1) kan plaaslike owerhede ingevolge artikel 17 van die Regulasies insake die Vry Provinsiale Biblioteekdiens (1980) 'n adviserende biblioteekkomitee aanstel. Minstens een van die verteenwoordigers moet 'n raadslid wees en die bibliotekaris moet as sekretaris dien. Die komitee tree in adviserende hoedanigheid op en verleen steun aan die bibliotekaris. Dit staan ook enige biblioteek vry om 'n "Vriende van die Biblioteek" vereniging in te stel ter bevordering van die doelstellings van die openbare biblioteek.

### **6.3 Opleiding van die openbare bibliotekaris**

'n Gekwalifiseerde bibliotekaris moet 'n vierjarige graadkursus in Biblioteek- en Inligtingkunde aan 'n universiteit loop, of moet 'n nagraadse diploma verwerf. Vir paraprofessionele poste kan 'n driejarige opleidingskursus by sekere teknikons gevolg word. Daar is ook poste vir bibliotekarisse sonder biblioteekkwalifikasies. Die bibliotekaris kan hom ook op hoogte hou van biblioteekontwikkeling deur opleidingskursusse by te woon en ook deur gebruik te maak van die leiding wat die amptenare van die Provinsiale Biblioteekdiens lewer.

## 7. DIE AKKOMMODASIE VAN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK

Kragtens Ordonnansie 16 van 1981 word standarde gestel vir openbare biblioteke wat by die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens geaffilieer is. Hierdie standarde bly nie staties nie, maar moet gereeld ge-evalueer en aangepas word by veranderde omstandighede. Standarde is vloeibaar en ontwikkel saam met die veranderde idees oor die vereistes waaraan 'n biblioteek moet voldoen (Wehmeyer, 1992, p. 18).

Faktore wat 'n rol speel in die grootte en tipe biblioteek wat vir die gemeenskap oorweeg word, is die volgende:

- die doelstellings van die biblioteek;
- die bevolkingsyfer;
- die behoeftes van die gemeenskap;
- die akkommodasie wat benodig word (vloeroppervlakte);
- begroting van koste (Van der Merwe, 1988, p. 4).

Ander faktore wat in ag geneem moet word is:

- aanpasbaarheid vir toekomstige uitbreiding;
- funksioneel-doeltreffendheid, dit wil sê die binneruimte moet so beplan word dat doelstellings en aktiwiteite onbelemmerd kan voortgaan;
- nuwe tegnologiese ontwikkeling.

Die bevolkingsyfer vir die area wat die biblioteek gaan bedien, speel 'n beslissende rol in die grootte en tipe biblioteek wat vir die gemeenskap oorweeg word. Wanneer die grootte van die biblioteek op die bevolkingsgetal gebaseer word, is dit ook belangrik dat daar vir distrikslede voorsiening gemaak word aangesien 'n groot aantal biblioteekgebruikers in die distrik woon (Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, 1991, p. 3).

## 7.1 Ligging

Die ligging van die biblioteek is ook belangrik. Die perseel waarop die biblioteek opgerig gaan word, moet bereikbaar wees deur alle groepe van die gemeenskap. Die afstand van die skool en woongebiede moet in aanmerking geneem word en daar moet beskikbare parkering wees (Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, 1991, p. 4).

Dit word aanbeveel dat die openbare biblioteek in die hoofstraat tussen ander besighede geleë moet wees. Nie slegs die lesers sal dit besoek nie maar ook die gewone man op straat wat inkopies kom doen. Dit is dan meer en makliker beskikbaar. As alternatief kan die openbare biblioteek ook naby aan die skool geleë wees. Samewerking tussen die openbare biblioteek en die skool kan dan makliker plaasvind.

## 7.2 Grootte en uitleg

Die totale oppervlakte van die biblioteek moet in verhouding met die grootte van die bevolking wees. Die vloeroppervlakte word bepaal volgens definitiewe riglyne wat voorsiening maak vir 'n minimum en 'n maksimum, byvoorbeeld:

BEVOLKING	MINIMUM (m <sup>2</sup> )	OPTIMUM (m <sup>2</sup> )
1 000	80	190
2 000	100	260
3 000	120	310
5 000	160	440

(Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, 1991, p. 4).

Die binneruimte van die biblioteeklokaal se indeling kan as volg wees:

- toonbankarea;
- 'n volwasse leenarea;
- naslaan- en leesarea;
- Studie-area;
- Kinderafdeling;
- Kantoor/Werkarea (Wehmeyer, 1992, p. 18).

Die grootte van die verskillende areas word bepaal deur die aantal gebruikers van die betrokke gemeenskap. 'n Groter kinderafdeling as die volwasse afdeling sal beplan word as die gemeenskap se kinders 'n groot deel van die ledetal uitmaak. So sal die naslaan- of studiearea ook meer ruimte inneem as daar 'n behoefte na meer studiefasiliteite is (Wehmeyer, 1992, p. 18).

Die groepaktiwiteitsaal met 'n vloeroppervlakte van 80m<sup>2</sup> kan ongeveer 60 stoele akkommodeer. Groepaktiwiteitsale aangrensend aan die biblioteeklokaal met 'n skuifdeur tussen die twee lokale is baie nuttig en verskaf meer ruimte as daar 'n oorfloei van gebruikers is (Suid-Afrika (Republiek) Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, 1991, p. 6). Ander vertrekke wat in aanmerking geneem moet word by die bou van 'n nuwe biblioteekgebou is die volgende: [i] voorportaal, [ii] projektorkamer, [iii] stoorkamer, [iv] kombuis en [v] toilette.

Terreinverfraaiing moet ook aandag geniet en goed versorg wees sodat dit aantreklik is en die biblioteekgebou se voorkoms verbeter. Genoeg parkeerruimte is noodsaaklik.


Die onderstaande plan van die plattelandse biblioteek van Ainsworth, Nebraska (New public library buildings III, 1984, p. 33) toon duidelik die verskillende ruimte areas aan. Aanpasbaarheid en funksionaliteit is twee duidelike kenmerke van die plan. Die ruimte tussen die leesarea en aktiwiteitsaal word ook gebruik as toonbank- en uitleenarea maar belemmer nie die verkeersvloei nie. Toegang tot



die aktiwiteitsaal word ook verkry vanaf die portaal en kan gebruik word as die biblioteek gesluit is. Met die nodige apparaat en meubels kan die aktiwiteitsaal ook as 'n oudiovisuele kamer of naslaankamer gebruik word. Studiehokkies teen die mure is ook so beplan dat dit geskei is van die raserige area.

### Figuur 5


#### Vloerplan van Ainsworth Biblioteek, Nebraska



Figuur 6 (grondvloerplan van die Openbare Biblioteek, Zweletemba) is 'n voorbeeld van 'n biblioteek wat dien as 'n gemeenskapsentrum vir die inwoners van 'n groot woongebied. Daar word veral meer ruimte toegestaan aan die kinderafdeling en studente omdat daar 'n groot behoefte is aan fasiliteite vir ontspanne en snuffellees deur jong kinders en 'n studiearea vir hoërskoolleerlinge en studente.

Figuur 6

Grondvloerplan van Openbare Biblioteek, Zweletemba



### 7.3 Ameublement

'n Handleiding van standarde word verskaf deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens oor die aanskaffing van meubels vir die biblioteek. Standaardeenhede is beskikbaar vir verskillende rakke en ander toerusting soos byvoorbeeld boektrullies en kennisgewingborde (Wehmeyer, 1992, p. 18).

Funksionaliteit moet ook weer in aanmerking geneem word en dit omvat gerief, doeltreffendheid, ekonomiese onderhoud ensovoorts. Van belang is ook stewigheid, verstelbaarheid en hanteerbaarheid. Geskikte rakke is muurrakke, eilandrakke en ooprakke en die hoogte en diepte van die rakke is belangrik en sal verskil van die volwasse en kinderafdeling. Die plasing van rakke is baie belangrik. Faktore wat in ag geneem kan word is maklike verkeersvloei, ruimte tussen rakke, toesig oor en tussen rakke (Pierce, 1980, p. 150-151).

Lae stoeltjies, lae tafeltjies en kussings sal die kleuters in die kinderafdeling laat tuis voel. Verskillende tafels vir verskillende aktiwiteite sal nodig wees. In die leesarea sal kleiner en langer tafels nodig wees. Leesstoele vir gebruik by tafels en gemakstoele moet ook beskikbaar wees. Die plasing van die tafels en stoele is ook hier belangrik. Tafels en stoele kan ook slegs 'n sekere ruimte inneem. Die aanvaarbare ruimte per leser by 'n tafel word algemeen op 60cm x 90cm gereken met ses tot agt lesers aan 'n tafel met 'n grootte van 91cm x 2,4m (Thompson, 1978, p. 103).

Ameublement is slegs die basiese toerusting van 'n biblioteek maar nuwe ontwikkeling bring uitdagings vir die biblioteekbeplanner en ander eenhede en toerusting vir die biblioteekbeplanner word ontwerp en aangebring. Die plan wat in Hoofstuk 7 voorgestel word, sal meer volledige spesifikasies aantoon.

## 8. SAMEVATTING

Die sukses en kwaliteit van die diens wat die openbare biblioteek lewer, hang in 'n groot mate af van die personeel. In die slotparagraaf van Kathleen Joyce Kruger se artikel Creativity: An Exploration in Journal of Library Administration (1989, p. 4) skryf sy: "In order for librarians to continue developing as effective professionals, they must retain their spirit of adventure about the world, practice the profession in a spirit of celebration, and cultivate their own potential for creativity".

Gesien in die lig van voorafgaande besprekings oor die doel en funksies van die openbare biblioteek, is dit van die grootste belang dat die organisasie in die hande van knap, dinamiese personeellede opgedra sal word. Die doel van die funksies van die openbare biblioteek sentreer grootliks rondom die feit dat die openbare biblioteek 'n sentrum is vir inligting, kultuur, ontspanning en opvoeding. Om goeie diens te lewer aan die gemeenskap moet die gebou, ameublement, fasiliteite, voorraad en personeel aanpas by die doelstellings van die openbare biblioteek. Die openbare biblioteek lewer 'n baie belangrike bydrae tot gemeenskapsontwikkeling en dienslewering aan die biblioteekgebruiker is die bibliotekaris se eerste prioriteit.

## HOOFSTUK 4

### OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN DIE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEEK

#### 1. INLEIDING

In Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3 is die doel en funksies van die skool- en openbare biblioteek onderskeidelik bespreek. In Hoofstuk 4 word die ooreenkomste en verskille van die twee biblioteektipes bespreek.

Op elke gebied van die skool- en openbare biblioteek is daar ooreenkomste en verskille. Die basiese funksie van albei biblioteke is die voorsiening van leesstof aan gebruikers. Die ooreenkomste en verskille tussen die twee biblioteke kom na vore wanneer die aard van diens wat gelewer word en aan wie dit gelewer word, vergelyk word.

Verskillende aspekte van albei biblioteke sal beskryf word en teenoor mekaar opgeweeg word. 'n Vergelyking tussen die aspekte van die twee biblioteke sal duidelik die ooreenkomste en verskille uitspel.

#### 2. SAMEVATTING VAN DIE KENMERKE VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK

Die skoolbiblioteek is 'n inherente deel van die skool en funksioneer dus binne in die skool. Dit is op die onderwysprogram gerig en dien as hulp in die onderrig en opvoeding van die skoolleerling (Smit, 1981, p. 14). "The school library media program that is fully integrated into the school's curriculum is central to the learning process" (Patrick, 1988, p. 12). Die skoolbiblioteek se gebruikers bestaan uit die onderwysers en leerlinge van 'n spesifieke skool. Die bibliotekaris self is ook 'n onderwyser. Die mees unieke eienskap van die skoolbiblioteek is die feit dat dit verbonde is aan 'n skool en slegs skoolleerlinge en die skoolpersoneel

bedien.

Die belangrike bydrae wat die skoolbiblioteek aan die skool bied, is die ondersteuning van die doelstellings van die skool, naamlik die totale opvoeding van elke leerling. Biblioteekmateriaal word daar gestel en georden vir die gebruik van die leerling (Erasmus, 1979, p. 22). As onderwyser en kenner van die onderwysmetodiek kan die onderwyser-bibliotekaris die nodige inligting en advies aan die personeel en leerlinge gee. Die skoolbiblioteek stel belang in elke leerling van die skool en deur die individuele aandag wat elkeen ontvang kan die opvoedingsdoel bereik word.

"The school media centre stocks a variety of media which open up far greater possibilities for use by teachers for instructions by pupils for learning and research" (Job, 1984, p. 53).

Die skoolbiblioteek dien ook as 'n inrigting waar die fondament neergelê kan word vir die doeltreffende en selfstandige gebruik van boeke. Daar kan die kind toegerus word met kennis en vaardigheid om die geskrewe woord en ander media met vrug te kan gebruik (Groenewald, 1967, p. 365, 366).

### 3. SAMEVATTING VAN DIE KENMERKE VAN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK

Die openbare biblioteek bedien die inwoners van 'n dorp en sy distrik. Die openbare biblioteek is in diens van die hele gemeenskap. Die hele gemeenskap sluit in voorskoolse kinders, skoolleerlinge en volwassenes. Vanaf 'n vroeë ouderdom soos drie jaar kan kinders aansluit by die biblioteek. Besoekers aan die dorp kan ook van die dienste van die openbare biblioteek gebruik maak. Die openbare biblioteek kan in die behoefte van oud en jonk voorsien.

Die openbare biblioteek voorsien inligting aan alle gebruikersgroepe waarvan die skoolleerlinge 'n besondere deel uitmaak. "Public libraries are committed, by the nature of their mission, to serving the library and information needs of all people" (Martin, 1990, p. 176).

Inligting, opvoeding en kultuur is die drie belangrikste funksies wat die openbare biblioteek uitvoer; nie slegs deur boeke en ander media beskikbaar te stel nie, maar ook ander dienste en aktiwiteite te voorsien soos byvoorbeeld gemeenskapsinligtingsdienste, boekbesprekings of vakansieprogramme.

#### **4. DIE OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN DIE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEEK**

##### **4.1 Die doelstellings**

- **Die skoolbiblioteek**

Die skoolbiblioteek is deel van 'n opvoedingsinrigting, die skool wat totaliteitsopvoeding as eerste prioriteit stel. Die skoolbiblioteek se betrokkenheid tot die totale opvoeding van die leerling is die vernaamste doelstelling. Kwaliteit skoolbiblioteke is sinoniem met kwaliteitsonderwys (Groenewald, 1967, p. 2). "School libraries must be seen to be an intrinsic and invaluable element in the learning process and to be able to prove that they are a "cost-effective" part of the total school resources" (King, 1989, p. 37).

Die betrokkenheid van die skoolbiblioteek by die kurrikulum en ander aktiwiteite van die skool is die belangrikste doelstelling. Die skoolbiblioteek het 'n verneme rol wat dit speel in die onderwys- en leerprogram van alle leerlinge en is verbind aan die doelstellings en filosofie van die skool (King, 1989, p. 37). Deur integrering staan die onderwyser-bibliotekaris in 'n besondere verhouding met die onderwyser en leerlinge. Fasiliteite en dienste van die skoolbiblioteek word met klasonderrig

gekoördineer (Crafford, 1988, p. 63).

Die skoolbiblioteek moet die opvoedkundige program van die skool in 'n groot mate aanvul deur te voorsien in die literatuur en oudiovisuele materiaal. Die skoolbiblioteek bied ook genoeg geleentehede dat ander onderwysbeginsels soos byvoorbeeld die individualiseringsbeginsel en kreatiwiteitsbeginsel toegepas kan word in die skoolbiblioteek. Didaktiese beginsels wat 'n rol speel in die opvoeding word in aanmerking geneem by die aanskaffing en verspreiding van die voorraad. Met sy positiewe deelname aan die skoolprogram streef die skoolbiblioteek daarna om in die behoeftes van die personeel en leerlinge te voorsien (Smit, 1981, p. 15).

Die skoolbiblioteek skep ook die klimaat vir selfstudie en selfwerkzaamheid deur geleentehede in die biblioteek te skep om vaardighede aan te leer, kennis op te doen en eienskappe soos selfdissipline, verantwoordelike sin en doelgerigtheid aan te kweek (Groenewald, 1967, p. 2-3).

Die sentrale doel van die didaktiese pedagogiek, naamlik opvoeding aan kinders en alles wat daarmee saamhang, dit wil sê, die verstandelike, geestelike en liggaamlike opvoeding van die kind tot 'n volwaardige mens, is in alle opsigte die vernaamste doelstelling van die skoolbiblioteek (vergelyk Hoofstuk 2 paragraaf 2).

- **Die openbare biblioteek**

Die hoofdoel van die openbare biblioteek is sy dienste aan die gemeenskap. Om 'n aktiewe biblioteekdiens vir die hele gemeenskap daar te stel, lewer die openbare biblioteek 'n groot bydrae tot die ontspannings-, inligtings-, kultuur-, en opvoedingsbehoefte van die gemeenskap.

Die openbare biblioteek moet tred hou met die ontwikkeling van sy gemeenskap en die behoeftes van sy gemeenskap identifiseer. Opvoeding is 'n belangrike doelstelling en dienste wat van toepassing kan wees vir verdere ontwikkeling, sluit



in formele, nie-formele en informele opleiding (Shillinglaw, 1986, p. 38). Die openbare biblioteek kan ook optree as agent vir ontwikkeling deur geletterdheidskursusse aan te bied (Hansen, 1992, p. 7).

Die openbare biblioteek is ook die verskaffer van inligting en kennis en veral die skoolgaande kind is aangewese op die openbare biblioteek vir al sy inligtingsbehoefte. Die dienste kan verder uitgebrei word deur gemeenskapsinligtingsdienste aan te bied en uitbreidingsaktiwiteite voorsien in die kultuurbehoefte van die gemeenskap (Brink, 1987, p. 136).

- **'n Vergelyking tussen die doelstellings van die skool- en openbare biblioteek**

'n Uitstaande ooreenkoms tussen die twee biblioteke is dat beide opvoeding as 'n belangrike doelstelling beskou.

Die skoolbiblioteek is onomwonde verbind aan onderwys en opvoeding omdat dit deel is van die skoolkompleks. Die skoolbiblioteek stel sy dienste beskikbaar aan formele onderwys en slegs aan die leerlinge van die betrokke skool.

Die openbare biblioteek bied hulp en ondersteuning aan formele onderwys, dit wil sê aan skoolleerlinge en studente deur biblioteekmateriaal beskikbaar te stel en ook ander inligtingsbronne vir studiedoeleinde te bekom wanneer dit nie in voorraad is nie. Aan informele opvoeding en nie-formele onderwys word ook biblioteekmateriaal voorsien.

Die openbare biblioteek se opvoedingsdoel sluit 'n breër veld as die skoolbiblioteek in maar dit is nie organisatories deel van die formele onderwysstelsel soos die geval van die skoolbiblioteek nie (Swanepoel, 1987, p. 200).

Die verskaffing van inligting is 'n doelstelling van albei biblioteke. Beide biblioteke verskaf inligting aan skoolleerlinge; die skoolbiblioteek rig hom tot die inligtings-

behoefte van die leerlinge en die openbare biblioteek aan alle gebruikersgroepe waarvan skoolleerlinge 'n groot persentasie uitmaak.

## 4.2 Funksies

### 4.2.1 Die opvoedingsfunksie

- **Die skoolbiblioteek**

Die opvoedingsprogram met die kind as middelpunt is die uitgangspunt van die skoolbiblioteek. Dit dra nie slegs by tot die intellektuele ontwikkeling van die kind nie, maar het 'n groot invloed op die kind se weg tot volwassenheid (Venter, 1973, p. 27). Die skoolbiblioteek speel 'n belangrike rol deur die leerlinge op te voed in die gebruik van inligting in formele onderwys en in die latere lewe. Daarom word die vak, Medialeiding, in die skoolbiblioteek aangebied en leiding word aan die leerling gegee in die gebruik van die verskillende media sodat die leerling toegerus word om oordeelkundig en met selfvertroue die media in die skoolbiblioteek en openbare biblioteek te gebruik (Kachelhoffer, 1988, p. 126). Om die kind beter voor te berei vir die lewe moet hy reeds in die skoolbiblioteek op die weg van selfstandige studie gelei word (Bester, 1981, p. 50). "Pupils should be able to handle information so that they can cope with their various information requirements when they leave school and enter a complex society" (Olën, 1991, p. 8).

Leesleiding is gekoppel aan Medialeiding en die uitgangspunt is nie net om die leser van 'n elementêre teks te lei na meer gevorderde tekste nie, maar ook om sy leeservaring te verbreed volgens literatuursoorte (Oosthuizen, 1989, p. 320).

- **Die openbare biblioteek**

Die openbare biblioteek se opvoedingsfunksie dra by tot die opvoedingsfunksie van

die skoolbiblioteek. Reeds voor skool word kinders leesleiding aangebied deur voorlees van stories en word goeie leesgewoontes vroeg in die kind se lewe vasgelê. Die Medialeiding wat die leerling op skool ontvang het word op 'n informele wyse in die openbare biblioteek voortgesit. Die openbare biblioteek speel 'n aanvullende rol tot die skoolbiblioteek. Leerlinge en studente besoek die openbare biblioteek gereeld vir studiedoeleindes. Die openbare bibliotekaris se opvoedkundige bydrae lê op die terrein van die verkryging en opsporing van inligting (Broeze, 1986, p. 15). Net soos die onderwyser-bibliotekaris word die leerling deur die openbare bibliotekaris begelei om 'n selfstandige inligtingsoeker te word en die media sinvol te gebruik (Kachelhoffer, 1988, p. 127).

Die opvoedingsfunksie van die openbare biblioteek strek verder deur te voorsien in die behoeftes van die ontwikkelende gemeenskappe en uitreikingsdienste aan nuut-, half- en ongeletterde lede van die gemeenskap aan te bied (Johnstone, 1989, p. 297).

#### **4.2.2 Die inligtingsfunksie**

- **Die skoolbiblioteek**

Die samelewing is voortdurend afhanklik van inligting. Beide die skool- en openbare biblioteke is inligtingsdienste. Hulle funksies is onder andere om inligtingverskaffing aan gebruikers te verleen en om individuele inligtingsbehoefte te bevredig. Dit is eerstens daar om kennis te bevorder asook om die taakverrigting van die gebruiker te bevorder (Bristow, 1991, p. 7,9).

Die inligting wat die skoolbiblioteek bied, staan in nou verband met die leerplan van die skool. Die inligtingsdienste word met klaskameronderrig gekoördineer en is meer gerig op kurrikulêre mediagebruik. Die skoolbiblioteek kan dan 'n groot bydrae lewer tot die uitbreiding van kennis en tot die totale opvoeding van die skoolleerling (Bester, 1981, p. 49).

- **Die openbare biblioteek**

Die openbare biblioteek bied inligting aan die verskillende gebruikersgroepe van die gemeenskap. Skoolleerlinge maak egter baie gebruik van die openbare biblioteek se inligtingsdienste. Die grootste bydrae tot die skoolleerling is die verskaffing van inligting vir skoolprojekte. Opvoedkundige materiaal word ook beskikbaar gestel aan gebruikers wat tuis studeer, stokperdjies of ander selfopvoedingsaktiwiteite beoefen.

Inligtingsdienste sluit in kitsinligtingsverskaffing, gemeenskapsinligting, inligting vir temas, projekte en inligting vir navorsingsprojekte. Die verskillende openbare biblioteke se gemeenskappe se inligtingsbehoefes kan verskil en die openbare biblioteek sal daarby aanpas. "Public library reference work is as varied as public libraries and the communities they serve" (Martin, 1990, p. 175). Wanneer genoegsame inligting nie in die biblioteek gevind kan word nie, kan van ander inligtingsdienste gebruik gemaak word.

#### **4.2.3 Die kulturele funksie**

- **Die skoolbiblioteek**

As deel van buitemuurse bedrywighede het die skool verskillende kulturele organisasies wat hulle beywer op die gebied van musiek, redevoering, omgewingsbewaring, ensovoorts. Leerlinge word ook aangemoedig om hulle stokperdjies te beoefen en belangstellingsgroepe te vorm. Die vergaderings van kulturele verenigings word dikwels in die skoolbiblioteek gehou en ander vryetydsbestedingsbyeenkomste soos byvoorbeeld skaak, seëlversameling en fotografie vind ook in die skoolbiblioteek plaas. Die vrye gebruik van die oudiovisuele apparaat wakker die belangstelling van 'n sekere onderwerp aan. Die boekevoorraad is altyd bereikbaar as inligtingsbronne en om kultuurbehoefes te bevredig.

- **Die openbare biblioteek**

Die openbare biblioteek is op sigself 'n kulturele sentrum. Die boekevoorraad is 'n belangrike bydrae tot kultuurbehoefte. Verskillende kultuurorganisasies vergader gereeld in die biblioteek of in die biblioteeksaal. Die openbare biblioteek beywer hom ook om die gemeenskap kultureel te verryk en funksies soos byvoorbeeld boekbesprekings, opvoedkundige videovertonings en lesings word aangebied. Na voltooiing van 'n formele onderwysopleiding of verdere studies bly die openbare biblioteek die belangrikste bron van kulturele groei en individuele ontwikkeling (Fourie, 1990, p. 9).

#### 4.2.4 Die ontspanningsfunksie

- **Die skoolbiblioteek**

Die hoofdoel van die ontspanningsfunksie van die skoolbiblioteek is gesonde vryetydsbesteding. Uit die aard van die saak word die skoolbiblioteek tydens skoolure meer opvoedkundig benut. Die leerling leer ook om sy tyd produktief te bestee en in sy vrye tyd ontspan hy met leesstof van sy eie smaak.

- **Die openbare biblioteek**

Die openbare biblioteek se hoë sirkulasiesyfers vir ontspanningsleesstof is 'n duidelike bewys dat die gemeenskap die openbare biblioteek se voorraad gebruik om sy vrye tyd mee te bestee. Die atmosfeer in 'n openbare biblioteek is ontspanne en die gerieflike biblioteekure verskaf genoeg tyd vir luilekker lees en rondsnuffel tussen koerante, tydskrifte en boeke. Die uitreiking van video's, laserskywe en grammofoonplate verskaf ook meer ontspanning. Meer geleenthede soos funksies, byeenkomste en programme word aan jonk en oud aangebied. As gevolg van langer biblioteekure en die gebruik van die biblioteek gedurende vakansies, verkeer die openbare biblioteek in die gunstige posisie om

uitbreidingsaktiwiteite soos byvoorbeeld storie-ure, boekbesprekings en sosiale funksies aan te bied en dit dra by tot die gemeenskap se vryetydsbestedings-behoefte.

- **Vergelyking tussen die funksies van die skool- en openbare biblioteek**

Op opvoedkundige gebied toon die skoolbiblioteek en die openbare biblioteek 'n sterk ooreenkoms. Albei biblioteke verskaf inligting aan leerlinge wat bydra tot formele opvoeding. Die openbare biblioteek doen dit meer op 'n informele wyse aangesien dit op vrye keuse gedoen word en nie in 'n klassituasie nie. Die openbare biblioteek brei sy opvoedingsfunksie verder uit deur ook dienste aan studente en volwassenes aan te bied.

Beide die skool- en die openbare biblioteek is inligtingsdienste en verskaf inligting aan skoolleerlinge. Die inligtingsfunksie wat die skoolbiblioteek verrig is meer gerig op die kurrikulum van die skool. Die verskeidenheid van inligtingsmateriaal is beperk tot die leergang van die skool. Die openbare biblioteek bied inligting aan skoolkinders, studente en volwassenes en gevolglik bied die openbare biblioteek 'n groter verskeidenheid boeke en ander inligtingsbronne aan. Die openbare bibliotekaris kan ook addisionele inligting bekom deur die onderwerps- en spesiale aanvraagdiens van die Provinsiale Biblioteekdiens.

Die skool- en openbare biblioteke lewer albei 'n kulturele bydrae aan skoolkinders, maar aangesien die openbare biblioteek 'n gemeenskapsentrum is, kan dit soveel meer aanbied; nie slegs aan kinders nie maar aan alle gebruikersgroepe. Die skoolbiblioteek is deel van die skool en bied sy samewerking aan wanneer die skool kultuurprogramme aanbied.

Die ontspanningsfunksie kom meer tot sy reg in die openbare biblioteek omdat die gemeenskap die biblioteek as 'n ontspanningsentrum gebruik. Verstrooiingslektuur maak 'n groot deel uit van die voorraad van die openbare biblioteek en die

verskeidenheid tydskrifte voorsien in die behoeftes van die gebruiker. Vaklektuur word ook nie net as inligtingsmateriaal of studiemateriaal gebruik nie maar is ook leesstof vir ontspanning. Die atmosfeer in 'n openbare biblioteek is ook meer ontspanne as in die skoolbiblioteek waar die leerlinge meer in 'n klassituasie verkeer. As gevolg van die langer biblioteekure en die gebruik van die biblioteek gedurende vakansies, verkeer die openbare biblioteek in die gunstige posisie om uitbreidingsaktiwiteite soos byvoorbeeld storie-ure, boekbesprekings en sosiale funksies aan te bied.

### 4.3 Vorraad

- **Die skoolbiblioteek**

Boekkeuring word deur die skoolbiblioteekafdeling van die Onderwysbiblioteekdiens gedoen. Die keurders moet oor onderwyskwalifikasies beskik. Opvoedkundige boekkeuring is noodsaaklik, want elke boek wat in die skoolbiblioteek aangeskaf word moet kan bydra tot die volkome opvoeding van die kind (Groenewald, 1967, p. 185). Belangrike faktore wat by die keuringsbeleid in ag geneem word, is die leerplan van die skool, skoolaktiwiteite asook die opvoeding en geestelike ontwikkeling van die kind. Die stadige en traë leser word ook in aanmerking geneem (Suid-Afrika (Republiek) Kaaplandse Onderwysdepartement, 1983, D1).

Jaarlikse lysie van goedgekeurde boeke word opgestel en skoolbibliotekaris se bou hulle voorraad op uit die boekelys. Vakonderwysers doen ook aanbevelings met die keuse van boeke. 'n Algemene balans van die boekevoorraad is belangrik (Suid-Afrika (Republiek), Kaaplandse Onderwysdepartement, 1983, D1).

Opvoedkundige boekkeuring is die verantwoordelikheid van die onderwyserbibliotekaris. Die voorraad van die skoolbiblioteek moet aanpas by die skoolkurrikulum. Kurrikulêre mediagebruik speel 'n groot rol en die voorraad moet

doelmatig deur die onderwysers en leerlinge gebruik kan word. Dit spreek dan vanself dat die vaksillabusse en die leerstofinhoud van die verskillende vakke 'n groot invloed sal hê op die voorraad van die skoolbiblioteek (Olën, 1991, p. 8). Die gebruik van die materiaal stel dan die onderwyser in staat om weg te beweeg van die handboek en deur van ander materiaal gebruik te maak, ook die leerlinge aan te moedig tot selfnavorsing, selfontdekking en selfwerkzaamheid (Erasmus, 1979, p. 23).

Dit is die onderwyser-bibliotekaris wat moet sorg dat die boekevoorraad verteenwoordigend is van die groot verskeidenheid van behoeftes vir albei geslagte en op elke vlak van ouderdom, intelligensie, ontwikkeling, leesvermoë en aktuele belangstelling (Groenewald, 1967, p. 187). Die skoolbiblioteek se voorraad sal dan toegespits wees op naslaanwerke, fiksie en nie-fiksie vir skoolleerlinge. Die gekombineerde skool se biblioteekvoorraad sal dus bestaan uit eenvoudige prenteboekies vir die kindertuinklasse tot meer gevorderde lektuur vir hoërskoolleerlinge. Die boekevoorraad van die skoolbiblioteek sal aangevul word met tydskrifte, koerante en 'n pamfletversameling.

Die boekevoorraad word verder uitgebrei deur oudiovisuele media. In oorleg met die skoolhoof en vakonderwysers word oudiovisuele media aangekoop vir onderriggebruik en vir die leerlinge vir die aanvulling en verbreding van kennis. Deur die voorsiening van oudiovisuele media kan die personeel en leerlinge dieper in elke afsonderlike vakgebied delf en sy belangstellingsveld uitbrei.

Met die totstandkoming van Model-C skole is die jaarlikse toekenning van die Kaaplandse Onderwysdepartement vir die aankoop van nuwe voorraad teruggetrek. Die skool sal uit eie fondse verantwoordelik wees vir die uitbouing van die voorraad. Materiaal kan ook deur middel van skenkings aangevul word met goedkeuring van die Onderwysdepartement. Spesiale aanvrae vir addisionele inligtingsbronne vir die onderwysers en leerlinge kan skriftelik aangevra word en tydelik vir 'n sekere tydperk beskikbaar gestel word.



Die gemiddelde jaarlikse bedrag van gekombineerde skole in die Kaaplandse Onderwysdepartement vir 1991 is R270.00 vir biblioteekboeke en R28.81 vir tydskrifte. Die gemiddelde jaarlikse bedrag vir biblioteekboeke uit skoolfondse is R225.38 en tydskrifte R70.37 (Metcalf, 1993, p. 1). (Vergelyk hoofstuk 5, paragraaf 3.1).

Sedert die beëindiging van toewysing aan skole in 1989 was daar 'n merkbare afname in die uitbreiding van die voorraad. Die gemiddelde syfers vir die jare 1990 en 1991 word in Hoofstuk 5 paragraaf 3.1.1 aangedui.

- **Die openbare biblioteek**

Die openbare biblioteekdiens se keuring van die massa boeke wat jaarliks gepubliseer word, word deur die professionele personeel van die Biblioteekdiens gedoen. Die keurders word gelei deur die inligtings-, opvoedkundige en ontspanningsbehoefte van die gebruikers met inagneming van die beskikbare fondse. Aangesien die openbare biblioteek materiaal op 'n gereelde basis en op bruikleen van die Provinsiale Administrasie ontvang, kan die openbare biblioteek die gemeenskap voorsien van die nuutste uitgawes van die leesstof en oudiovisuele materiaal.

Die voorraad van die openbare biblioteek bly egter in bruikleen en word nooit die besitting van die plaaslike owerheid nie. Die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens besit ook die reg om materiaal wat deur ander biblioteke benodig word te herroep en tydelik uit te leen of permanent aan 'n ander biblioteek te verskaf.

Die openbare biblioteek se voorraad sal bestaan uit fiksie en nie-fiksie vir kinders en volwassenes, koerante, tydskrifte en oudiovisuele materiaal soos byvoorbeeld grammofoonplate, laserskywe en rolprente.

- **'n Vergelyking tussen die voorraad van die skool- en openbare biblioteek**

Albei biblioteke se biblioteekmateriaal word gekeur. In albei gevalle word die behoeftes van die gebruikers in aanmerking geneem. In die geval van die skoolbiblioteek word die noodsaaklikheid van opvoedkundige boekkeuring erken en die kurrikulum van die skool word in ag geneem.

Die openbare biblioteek kan 'n wyer verskeidenheid aanbied, want dit hoef nie aan te pas by 'n seker gebruikersgroep soos die skoolgaande kind en skoolpersoneel nie. Deur gereelde onttrekkings en vervangings kan die voorraad lewendig gehou word.

#### **4.4 Organisasie en administrasie**

##### **4.4.1 Algemeen**

- **Die skoolbiblioteek**

Die skoolbiblioteek is 'n onderafdeling van die skool. Die skoolhoof met behulp van die onderwyser-bibliotekaris en ander personeellede dra die verantwoordelikheid vir die organisasie en leiding van die skoolbiblioteek.

Dit is onder andere die taak van die skoolhoof om toe te sien dat die skoolbibliotekaris sy pligte in die biblioteek nakom. Die skoolhoof moet ook sy belangstelling toon in die werksaamhede van die biblioteek.

Die Kaaplandse Onderwysdepartement lê 'n beleid ten opsigte van die skoolbiblioteek neer. Hierdie beleid word gevolg om verder 'n biblioteekbeleid vir die skool op te stel. Dit word in samewerking met die skoolhoof en die senior-onderwysers of biblioteekkomitee opgestel. Die beleid sal inskakel met die opvoedkundige program van die skool. Aspekte soos die funksionering van die

skoolbiblioteek, die voorsiening van biblioteekdienste, die doeltreffende gebruik van die voorraad en die onderrig in mediagebruik word ingesluit.

Samewerking met die skoolpersoneel en die leerlinge is baie noodsaaklik sodat die reëlings vlot kan verloop. Gedurende skoolure word die skoolbiblioteek druk besoek deur die onderwysers en leerlinge en biblioteektye moet ooreenstem met die skoolrooster. Gedurende weeksmiddae word diens verskaf aan die gebruikers.

- **Die openbare biblioteek**

Die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens bied 'n handleiding aan om die organisasie in die openbare biblioteek te vergemaklik en oor die algemeen word die beleid van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens in die meeste openbare biblioteke gevolg. 'n Huishoudelike beleid kan opgestel word, want elke openbare biblioteek sal die biblioteekbeleid aanpas na goeie dinge van die Stadsraad en by die gemeenskap wat dit bedien. Die huishoudelike beleid sal voortvloei uit die handleiding van die Biblioteekdiens. In samewerking met die stadsraad sal die biblioteekure bepaal word.

Die openbare biblioteek is 'n departement van die plaaslike owerheid of munisipaliteit. Die stadsklerk moet toesien dat die werksaamhede van die openbare biblioteek funksioneer. Die openbare bibliotekaris word besoldig deur die munisipaliteit. Die openbare biblioteek is ook afhanklik van die munisipaliteit vir die instandhouding van die biblioteek, ameublement, skryfbehoeftes, ensovoorts. Slegs die boekevoorraad word deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens voorsien.

#### 4.4.2 Ordening van biblioteekmateriaal

- Die skoolbiblioteek

Die klassifikasie en katalogisering van biblioteekmateriaal is die verantwoordelikheid van die onderwyser-bibliotekaris en sy helpers. Die Dewey Desimale Klassifikasiestelsel (10e verkorte uitgawe) word gebruik en sekere aanpassings is deur die Kaaplandse Onderwysbiblioteekdiens gemaak om beter te voorsien in die behoeftes van die Kaaplandse skole (Suid-Afrika (Republiek) Kaaplandse Onderwysdepartement, 1983, E1). Katalogisering geskied volgens die Anglo American cataloguing rules (AACR2). Die gegewens vir die katalogus word op kaarte geskryf en word in die kataloguskabinet in afsonderlike volgordes gerangskik naamlik, 'n alfabetiese outeur-, titel-, en onderwerps-katalogus. 'n Numerieke standkatalogus word ook vir die gebruik van die onderwyser-bibliotekaris opgestel (Suid-Afrika (Republiek) Kaaplandse Onderwysdepartement, 1983, E1).

Die voorbereiding van boeke en ander media is ook die taak van die onderwyser-bibliotekaris en hier kan die skoolleerlinge baie hulp verskaf. Voorbereiding van boeke sluit take in soos stempel van boeke, inplak van boeksakkies en datumvelle, oortrek van boeke, aanbring van standnommer en voltooiing van uitleenkaart. Die aanwinstregister moet ook voltooi word. (Suid-Afrika (Republiek) Kaaplandse Onderwysdepartement, 1983, E1).

Ander bykomende jaarlikse take is die instandhouding van die boekevoorraad, voorraadopname en afskryfprosedure.

- Die openbare biblioteek

Die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens is verantwoordelik vir alle klassifikasie, katalogisering en voorbereiding van biblioteekmateriaal. Wanneer die biblioteek die nuwe voorraad ontvang, is dit die openbare bibliotekaris se taak om die outeurs-

katalogus alfabeties te rangskik. Slegs die outeurskatalogus word beskikbaar gestel. 'n Gebinde saakindeks in boekvorm word deur die Biblioteekdiens beskikbaar gestel om onderwerpe met klassifikasienommers op te spoor. Die implementering van 'n gerekenariseerde stelsel maak dit moontlik dat 'n volledige rekord verkry kan word van alle materiaal in 'n geaffilieerde biblioteek.

Instandhouding en onttrekkings van verouderde en verslete boeke word gereeld deur die openbare bibliotekaris gedoen terwyl die voorraadopnames deur amptenare van die Provinsiale Biblioteekdiens gedoen word.

- **'n Vergelyking tussen die organisasie van die skool- en openbare biblioteek**

Die organisasie en administrasie van die openbare en skoolbiblioteek word aangepas by die beleid van die onderskeie biblioteke. Die beleid is opgestel deur hom te laat lei deur die behoeftes van die gemeenskap wat die biblioteek bedien. Die organisasiestelsels, soos uiteengesit deur die Onderwysdepartement en die Provinsiale Biblioteekdiens word in beide biblioteke gevolg.

Die onderwyser-bibliotekaris is meer gemoeid met die voorbereiding van die biblioteekvoorraad as die openbare bibliotekaris.

#### **4.5 Biblioteekure**

- **Die skoolbiblioteek**

Die skoolbiblioteek is 'n onderafdeling van die skool en is daarom gebonde aan skoolure. Die openingsure van die skoolbiblioteek kan deur die skoolhoof en personeel bepaal word, want dit moet aanpas by die klasonderrigperiodes. Die meeste plattelandse skoolbiblioteke is slegs vir enkele ure gedurende die middag van die skooldae oop en daar is skoolbiblioteke wat gesluit is gedurende middag. Wanneer 'n skool beskik oor 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris kan die

skoolbiblioteek meer ure oopgestel word vir gebruik deur die leerlinge en personeel.

- **Die openbare biblioteek**

Die openbare biblioteek se openingstye moet aanpas by die behoeftes van die gemeenskap wat dit bedien. Openbare biblioteke is gewoonlik ses dae per week oop (Standaarde, 1968, p. 22). Gewoonlik word openbare biblioteke druk besoek na normale werksure en daarom sal dit saans en Saterdag oop wees. Die gemiddelde openingsure van 'n plattelandse openbare biblioteek is 28 uur per week.

- **'n Vergelyking tussen die biblioteekure van die skool- en openbare biblioteek**

Ooreenkomste tussen die openbare en skoolbiblioteek kan op ander gebiede gevind word, maar wat biblioteekure betref, is daar 'n groot verskil tussen die twee biblioteke. Die biblioteekure van die skoolbiblioteek kan baie ondoeltreffend wees. Biblioteekure tydens skooltyd is kort en ongerieflik wanneer 'n navorsingsprojek wat langer ure vereis aangepak moet word. Die biblioteekure na skoolure kan ongeregeld wees omdat die skoolbiblioteek moet aanpas by skoolbedryghede. Baie projekte en temas moet voltooi word oor naweke of gedurende vakansies en die skoolbiblioteke is dan gesluit.

Openingstye van die openbare biblioteek maak dit baie gerieflik vir skoolleerlinge. Wanneer die skoolbiblioteek gesluit is na skoolure, Saterdag en skoolvakansies word die openbare biblioteek druk besoek deur skoolleerlinge, nie net vir ontspanningslesstof nie maar ook vir naslaandoeleindes.

#### 4.6 Personeel

- **Die skoolbiblioteek**

'n Skoolbiblioteek kan slegs doeltreffende diens lewer indien daar voldoende en bekwame personeel is. Die personeel staan aan hoof van die biblioteek en moet die doelstellings uitleef en voorsien in die wesenlike behoeftes van die gebruikers.

In Hoofstuk 2 paragraaf 4.7 is die opleiding en kwalifikasies van die onderwyser-bibliotekaris aangedui. In klein plattelandse skole waar nie 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris aangestel is nie, is 'n vakonderwyser verantwoordelik vir biblioteekorganisasie. Die onderwyser-bibliotekaris moet dan tegelyk onderwyser, bibliotekaris, organiseerder en opvoeder wees. Die onderwyser-bibliotekaris is dus 'n professionele onderwyser en as opvoeder beskik hy ook oor sekere vaardighede om die leerling in die skoolbiblioteek op te lei en te onderrig, want die kind as gebruiker bly steeds kind op weg na volwassenheid (Kachelhoffer, 1988, p. 123). Die onderwyser-bibliotekaris is betrokke by alle aspekte van kurrikulum-ondersteuning en dit word van hom verwag om die basiese begrippe ten aansien van kurrikulering te ken. Die onderwyser-bibliotekaris integreer die media in die biblioteek met vakonderrig sodat die leerling selfstandige, individuele werk kan verrig. Waar gedrukte en oudiovisuele media saam deel is van die voorraad van die skoolbiblioteek, moet die onderwyser-bibliotekaris ook vertrouwd wees met die gebruik van oudiovisuele media (Kruger, 1988, p. 14).

- **Die openbare bibliotek**

Die openbare bibliotekaris se kwalifikasies word in Hoofstuk 3 in paragraaf 6.3 bespreek. Die openbare bibliotekaris se vernaamste funksie is inligtingverskaffer aan alle gebruikersgroepe. Die openbare bibliotekaris moet dus 'n deeglike kennis hê van die voorraad en vaardighede om alle gebruikersgroepe te bedien. Nie alleen 'n kennis van die voorraad nie maar ook van die gebruiker, die kind, die tiener en

die volwassene. Die doelstellings, opvoeding, inligting, ontspanning en kultuur moet altyd nagestreef word. Die openbare bibliotekaris kan in die ware sin van die woord ook as 'n opvoeder beskou word, aangesien hy bydra tot die opvoeding van die kind. Hy is nie 'n onderwyser nie aangesien hy nie onderrig gee nie maar deur die kind te help tot die verwerwing van kennis, die aankweek van vaardighede en die ontwikkeling van sy vermoë tot selfstandige denke dra die openbare bibliotekaris by tot die ontwikkeling van die kind op sy pad na volwassenheid (Groenewald, 1967, p. 2).

- **'n Vergelyking tussen die personeel van die skool- en openbare biblioteek**

By albei bibliotekarisse is daar 'n begrip van opvoedkundige doelstellings en die dienste wat die biblioteke moet lewer om by te dra tot die opvoeding van die leerling. Die onderwyser-bibliotekaris speel 'n meer prominente rol in die skool se onderrig- en leerprogram in teenstelling met die openbare bibliotekaris wie se taak wyer van aard is.

Die kwalifikasies van die skoolbibliotekaris en die openbare bibliotekaris verskil in dié opsig dat die skoolbibliotekaris ook onderwyskwalifikasies moet hê. Elke skool het ook slegs een onderwyser-bibliotekaris of 'n onderwyser verantwoordelik vir die biblioteek met ander personelede wat hom bystaan.

Die openbare bibliotekaris word deur die plaaslike owerheid aangestel. Dit word aanbeveel dat 'n persoon met biblioteekkwalifikasies aangestel word maar biblioteekposte op klein plattelandse dorpe word ook beklee deur ongekwalifiseerde persone. Biblioteekassistentes kan ook aangestel word. Die aantal personelede in die openbare biblioteek hang af van die ledetal en sirkulasiesyfers van 'n biblioteek, maar die plaaslike owerheid het 'n groot seggenskap in die aanstelling van personeel.



#### 4.7 Akkommodasie

- **Die skoolbiblioteek**

Die skoolbiblioteek as losstaande gebou of as integrerende deel van die skoolkompleks is die eiendom van die Bestuursliggaam van die betrokke skool. Die grootte van die biblioteeklokaal word bepaal deur die grootte van die skool en die leerlingtalle. 'n Moderne skoolbiblioteek bestaan gewoonlik uit 'n portaal, biblioteeklokaal, kantoor, werkkamer en bergingsplek vir oudiovisuele media.

- **Die openbare biblioteek**

Die openbare biblioteekgebou word opgerig deur die plaaslike owerheid. 'n Moderne biblioteekgebou bestaan uit 'n biblioteeklokaal, 'n aktiwiteitsaal, 'n kombuis en kleedkamers. Die biblioteekgebou is gewoonlik baie sentraal geleë. Die biblioteeklokaal maak voorsiening vir afdelings vir kleuters, skoolkinders, tieners en volwassenes.

- **'n Vergelyking tussen die akkommodasie van die skool- en openbare biblioteek**

Die gebruikers van die verskillende biblioteke beïnvloed die geriewe en akkommodasie van die gebou. Die openbare biblioteek kan deur enige lid van die gemeenskap besoek word. Die binneruimte van die openbare biblioteek sal groter wees aangesien dit die hele gemeenskap moet kan akkommodeer teenoor die skoolbiblioteek se binneruimte wat slegs die skoolpersoneel en kinders huisves.

Die skoolbiblioteek verskil in dié opsig van die openbare biblioteek dat daar ander areas soos byvoorbeeld onderrigareas, ruimte vir huisvesting van oudiovisuele programmatuur, ruimte vir produksie van programmatuur ensovoorts is. Die openbare biblioteek daarenteen is in besit van 'n aktiwiteitsaal wat deur die

gemeenskap vir verskillende verrigtinge gebruik kan word.

Openbare biblioteke sal ook so geleë wees dat dit maklik bereikbaar sal wees en parkeerruimte sal beskikbaar wees. Die skoolbiblioteek is slegs bereikbaar vir die personeel en leerlinge en aangesien die gebou op die skoolgronde is, is dit nie toeganklik vir ander lede van die publiek sonder toestemming nie.

## 5. SAMEVATTING

Daar kan duidelike ooreenkomste tussen die skoolbiblioteek en openbare biblioteek gesien word. Die mees uitstaande ooreenkoms is dat die doelstellings van albei biblioteke sentreer rondom opvoeding en inligting aan skoolgaande kinders. Die funksies is hierby aangepas en die voorraad is van so 'n aard dat dit kan bydra tot die opvoeding van die kind en tot die ontwikkeling van die kind.

Die skoolbiblioteek is uniek in dié opsig dat sy dienste slegs beskikbaar gestel word vir die skoolpersoneel en leerlinge terwyl alle gebruikersgroepe van die openbare biblioteek gebruik maak. Biblioteekure en personeelvoorsiening is twee ooglopende verskille wanneer die biblioteke vergelyk word. Die personeel van die twee verskillende biblioteke toon ook duidelike verskille wat kwalifikasies en pligte betref. Die onderwyser-bibliotekaris het 'n dubbele beroep naamlik onderwyser en bibliotekaris teenoor die openbare bibliotekaris wat sy volle werksure in die biblioteek kan spandeer.

Uiteenlopende verskille is nie opmerklik nie; intendeel, ooreenkomste is meer opvallend. Die twee biblioteke kan mekaar goed aanvul en samewerking tussen hulle is moontlik.

## HOOFSTUK 5

### 'N ONDERSOEK NA DIE BIBLIOTEEKDIENSTE VAN DIE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE VAN VERSKEIE PLATTELANDSE DORPE IN KAAPLAND

#### 1. INLEIDING

Die ondersoek het geskied in die jaar 1990 en alle statistieke wat genoem is, is syfers soos dit in 1990 opgeteken is. Twee en twintig dorpe is by die ondersoek betrek. Met die goedkeuring van die Kaaplandse Onderwysdepartement en plaaslike owerhede, is besoeke aan skole- en openbare biblioteke gebring in die Bolandstreek van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens. Plattelandse dorpe met 'n inwonertal van 5 000 en minder en met gekombineerde skole (sub. A tot st. 10) is besoek. Die aantal dorpe, skole en biblioteke wat besoek is of aan wie vraelyste gestuur is, word in Hoofstuk 1 in paragraaf 4 genoem.

Openbare biblioteke in die Kaapprovinsie word bedien deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en is in verskillende streke verdeel waarvan die Bolandstreek een is. Die Bolandstreek is weer verdeel in vier afsonderlike streke naamlik Hermanus, Malmesbury, Robertson en Worcester. Die Bolandstreek is uitgekies aangesien die biblioteke in hierdie streek maklik bereikbaar is en die afstande tussen die dorpe klein is. Tydens hierdie besoeke is onderhoude gevoer met die skoolhoofde, onderwyser-bibliotekaris en openbare bibliotekaris. Daar is ook vraelyste aan biblioteke in die streke van Beaufort-Wes, Kimberley en Oudtshoorn gestuur. Dit is gedoen om vas te stel of in ander streke van Kaapland dieselfde omstandighede ondervind word as in die Bolandstreek.

Addisionele inligting is aangevra van die Onderwysbiblioteekdiens van die Kaaplandse Onderwysdepartement en die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en

plaaslike owerhede.

Die behoefte aan gekombineerde skool- en openbare biblioteke van die dorpe is ondersoek. Die inhoud van die onderhoude, besoeke en vraelyste is onder verskillende aspekte verdeel en 'n uiteensetting van die aspekte sal die kenmerke, leemtes en probleme van albei biblioteke identifiseer.

Sedert die opname gemaak is, het skoolbiblioteke as gevolg van die nuwe onderwysstelsel veranderings ondergaan. Die statistieke soos opgeneem in 1990 sal onveranderd bly, maar die invloed wat veranderings in die onderwys op sekere aspekte gehad het, sal bespreek word.

Die gegewens van 13 skole en openbare biblioteke van die Bolandstreek word in die statistiektabelle in die teks gebruik. Aan die einde van die hoofstuk verskyn die bylae met volledige statistieke. Die vier voorbeelde van statistieke wat in die onderafdelings gebruik word, is geneem uit die lys van volledige statistieke.

## 2. INWONERTAL VAN PLATTELANDSE DORPE EN LEERLINGTALLE VAN GEKOMBINEERDE SKOLE

- **Gekombineerde skole**

Die leerlingtal van gekombineerde skole (sub. A tot st. 10) in die Bolandstreek wissel vanaf 130 tot 500. Die gemiddelde leerlingtal is 246. Die laerskoolleerlingtalle (sub. A tot st. 5) wissel van 70 tot 200 en die hoërskoolleerlingtalle (st. 6 tot st. 10) wissel van 50 tot 150. Die gemiddelde leerlingtal van 'n klas in die laerskool is 20.

Die gegewens van die leerlingtalle van vier gekombineerde skole en die ledetal van die openbare biblioteek van dieselfde dorp in die Bolandstreek word verstrekk, byvoorbeeld Skool 1 en Biblioteek 1 se gegewens is die skool en openbare

biblioteek van dieselfde dorp.

Skool 1	Laerskool (sub. A tot st. 5)	77
	Hoërskool (st. 6 tot st. 10)	55
Skool 2	Laerskool (sub. A tot st. 5)	90
	Hoërskool (st. 6 tot st. 10)	60
Skool 3	Laerskool (sub. A tot st. 5)	151
	Hoërskool (st. 6 tot st. 10)	78
Skool 4	Laerskool (sub. A tot st. 5)	189
	Hoërskool (st. 6 tot st. 10)	132

- **Inwonertal van die plattelandse dorpe**

Die inwonertal van die plattelandse dorpe in die Bolandstreek wissel van 'n klein inwonertal van 300 tot 'n redelik groot inwonertal van 6 000. Die gemiddelde inwonertal is 4 500. 36 Persent van 22 dorpe se inwonertal is onder 3 000.

- **Ledetal van die openbare biblioteek**

Biblioteek 1	Dorp	Volwassenes	225	Kinders	97
	Distrik	Volwassenes	169	Kinders	86
Biblioteek 2	Dorp	Volwassenes	190	Kinders	49
	Distrik	Volwassenes	171	Kinders	177
Biblioteek 3	Dorp	Volwassenes	374	Kinders	171
	Distrik	Volwassenes	135	Kinders	70

-115-

Biblioteek 4	Dorp	Volwassenes	630	Kinders	177
	Distrik	Volwassenes	388	Kinders	158

### 3. VOORRAAD

#### 3.1 Die skoolbiblioteek

Reeds in Hoofstuk 2 paragraaf 3.3 is melding gemaak van die jaarlikse departementele toekenning aan skole wat in 1989 beëindig is. Gedurende 1990 en 1991 is 'n inrigtingbegrotingstelsel in Kaaplandse skole ingestel en was daar 'n merkbare afname in die aankoop van biblioteekboeke. Dit wil voorkom of die bedrag wat begroot is vir die aankoop van biblioteekvoorraad by baie skole onvoldoende was.

Die gemiddelde jaarlikse bedrag wat 76 gekombineerde skole in die Kaapse Onderwysdepartement gedurende hierdie tydperk aan biblioteekvoorraad bestel het, is soos volg:

#### Departementele fondse

	Biblioteekboeke	Tydskrifte
1991	R270.05	R28.81

#### Skoolfondse

	Biblioteekboeke	Tydskrifte
1991	R225.38	R70.37

### 3.1.1 Boekevoorraad

Soos uit die onderhoude en verslae blyk, is die boekevoorraad nie voldoende nie en beskik die skole oor 'n beperkte voorraad en ook 'n verouderde voorraad. Die jaarlikse toewysing voor 1989 is toegeken volgens die leerlingtal van 'n skool en die klein plattelandse skole word daardeur benadeel. Die gemiddelde jaarlikse toewysing vir gekombineerde skole in die Boland beheergebied was R525.00.

Die skole wat besoek is, is Model-C skole sedert 1992. Boekevoorraad word uitgebrei deur aankope deur die Bestuursliggaam, fondsinsamelings en skenkings.

Die Kaaplandse Onderwysdepartement was verantwoordelik vir die keuring van alle boeke en tydskrifte. Die goedgekeurde lys verskyn in Boekekeur wat jaarliks verskyn. Model-C skole is sedert April 1992 nie gebind aan die lys nie.

Die publikasie van Boekekeur sal egter voortbestaan en as handleiding dien wanneer skole hulle boekevoorraad aanskaf uit eie fondse.

Vergelykende statistiek toon dat die gemiddelde jaarlikse uitbreiding van die voorraad in skoolbiblioteke van 76 gekombineerde skole in die Kaaplandse Onderwysdepartement soos volg is:

	NASLAANWERKE	VAKLEKTUUR	VERHALE
1990	14,8	38,5	58,9
1991	6,8	24,8	42,8

Die gegewens van vier skole van die Bolandstreek se grootte van die biblioteekvoorraad, dit is fiksie, nie-fiksie en naslaanbronne is as volg:

	VOORRAAD	GEMIDDELDE AANTAL BOEKE PER LEERLING
Skool 1	3 471	13,6
Skool 2	2 546	7,37
Skool 3	4 807	17,6
Skool 4	4 266	19,39

### 3.1.2 Tydskrifte en koerante

Tydskrifte en koerante vir hoërskole kon uit die jaarlikse toewysing aangevra word. Goedgekeurde tydskrifte kon gekies word uit 'n publikasie, Naslaanwerke en tydskrifte vir hoërskoolbiblioteke. Die meeste biblioteke het die jaarlikse toewysings slegs vir boekevoorraad gebruik en tydskrifte uit eie fondse aangekoop.

Baie min tydskrifte word deur skole aangeskaf. Agt uit 22 skole voorsien slegs een tydskrif en ses skole voorsien ses tot agt tydskrifte. Wanneer tydskrifte wel aangeskaf word, is dit meer vakgerig as populêr. Slegs drie skole verskaf een daaglikse koerant.

### 3.1.3 Oudiovisuele media

Gedurende die ondersoek is aan skole 'n jaarlikse bedrag vir oudiovisuele programmatuur toegewys. Die Sentrum vir Onderwystegnologie het 'n goedgekeurde onderrigprogrammatuurlys verskaf wat aangeskaf kon word. Apparaatuur mag ook volgens 'n kwotastelsel aangeskaf geword het, maar die Model-C skoolstelsel verwag ook dat apparaatuur en programmatuur deur skoolfondse aangeskaf word.



Die meeste biblioteke beskik ook oor 'n skyfieprojektor, oorhoofse projektor, filmprojektor, bandopnemer en rekenaars. Baie biblioteke het ook 'n televisiestel, videomasjien, 'n ligtafel, oorfone en distribusiekassie en kamerastel. Die apparaat word aan die personeel en leerlinge beskikbaar gestel.

### 3.2 Die openbare biblioteek

#### 3.2.1 Boekevoorraad

Die grootte en uitbreiding van die voorraad hang van die volgende faktore af:

- Grootte van gemeenskap;
- Grootte van gebou; en
- Sirkulasie.

Sirkulasie speel 'n groot rol in die toekenning van boeke en ander biblioteekvoorraad, aangesien dit 'n aanduiding is van werksdruk, watter kategorie die drukste gebruik word en slytasie van materiaal. Die streekbibliotekaris speel 'n groot rol in die verskaffing van die voorraad en die uitbreiding daarvan aangesien die plattelandse biblioteke afhanklik is van sy allokasie en keuse.

Die tabel aan die einde van die hoofstuk dui aan dat 'n groter voorraad en ledetal die sirkulasiesyfers verhoog. Vier voorbeelde is soos volg:

	Grootte van gebou	Inwoners	Sirkulasie	Voorraad
Biblioteek 1	94,9 m <sup>2</sup>	1 551	16 547	6 222
Biblioteek 2	208 m <sup>2</sup>	4 000	28 494	8 646
Biblioteek 3	70 m <sup>2</sup>	4 560	19 515	7 630
Biblioteek 4	120 m <sup>2</sup>	3 700	29 447	8 324

### 3.2.2 Oudiovisuele media

Filmprojektors en platespelers word deur die Kaaplandse Biblioteekdiens aan openbare biblioteke verskaf. Fotostaatmasjiene, videomasjiene en televisiestelle moet deur die plaaslike owerhede self aangeskaf word.

Veertien uit 22 biblioteke maak van filmprojektors gebruik. Slegs 2 uit 22 openbare biblioteke het televisiestelle en drie biblioteke het videomasjiene.

### 3.2.3 Tydskrifte en koerante

Tydskriflyste wat vir keuring aanbeveel word, word deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens opgestel. Die aantal tydskrifte wat aan 'n biblioteek toegeken word, word bepaal ooreenkomstig die jaarlikse boeksirkulasie. Aan 'n biblioteek met 'n jaarlikse sirkulasie van 40 000, kan 10 tydskrifte toegeken word. By die keuring van tydskrifte word die belangstelling van die gemeenskap in ag geneem en tydskrifte van verskillende onderwerpe word gekies. Die meeste tydskrifte is populêr van aard soos byvoorbeeld gesins-, vroue-, ekonomiese-, sport en algemene tydskrifte. Tydskrifte mag ook nes boeke, uitgeneem word.

Koerante word deur die plaaslike owerheid self aangeskaf. Koerante word nie uitgeleen nie en word vir drie maande of langer bewaar.

## 4. BIBLIOTEEKURE

### 4.1 Die skoolbiblioteek

Die biblioteekure van die verskillende skoolbiblioteke verskil van skool tot skool. Die meeste skole het klasbesoeke aan die skoolbiblioteke gedurende vakperiodes. Aangesien die gekombineerde skole nie oor 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris beskik nie, begelei 'n vakonderwyser die leerlinge na die skoolbiblioteek vir

opsoring en gebruik van naslaanmateriaal vir temas of ander werkopdragte. 'n Weeklikse periode vir Medialeiding word ook voorsien aan klasse vanaf sub. A tot st. 7. Baie skole het ook die reëling dat die biblioteek gedurende een pouse per dag oop is. 50 Persent van 22 skole is oop gedurende pouses.

Daar word ook van die skole verwag om buite skoolure die biblioteek beskikbaar te stel vir kurrikulêre gebruik, ontspanningslees of sosiale gebruik. 64 Persent van die skole bied gemiddeld drie ure per week openingsure na skool aan. Die meeste skole het openingsure twee keer per week na skool en ander skoolbiblioteke is tot vier middag per week oop. Elke skool se buitemuurse bedrywigheede beïnvloed ook die oop biblioteekure in die middag. Op die platteland is 'n groot persentasie van die skoolleerlinge van die distrik. Die betrokke leerlinge is afhanklik van busvervoer en kan nie na skool by die skool agterbly vir biblioteekgebruik nie.

#### **4.2 Die openbare biblioteek**

Die openbare biblioteek se biblioteekure verskil baie van biblioteek tot biblioteek. Sirkulasie en ledetal speel 'n vername rol. Die biblioteekure word aangepas by die gemeenskap se bedrywigheede en lewenswyse en die biblioteekgebruik van die gemeenskap. Elke plattelandse dorp het groot distrikte en die openbare biblioteek moet geskikte ure voorsien sodat die distriklede wat slegs een tot twee maal per week die dorp besoek, die biblioteek terselfdertyd kan besoek.

Die gemiddelde oop biblioteekure is 25 uur per week. Daar bestaan 'n tendens dat die biblioteek sekere oggende gesluit is. Alle biblioteke is oop gedurende die middag maar daar is selfs biblioteke wat een hele weekdag gesluit is. Sommige biblioteke is ook op Saterdag gesluit. 'n Verskynsel wat ook by sekere biblioteke voorkom is dat daar biblioteekure slegs vir die kinders se gebruik is en ook ure slegs vir volwassenes. Die meeste plattelandse biblioteke is gedurende etenstye gesluit en is ook nie later as 18:00 saans oop nie.

In die onderstaande tabel word die biblioteekure vergelyk met die ledetal van die openbare biblioteek en skoolbiblioteek van dieselfde dorp. Die biblioteekure na skoolure word aangedui by die skoolbiblioteek:

	LEDETAL	OPENINGSURE
Biblioteek 1 Openbare Skool	358 194	16 2
Biblioteek 2 Openbare Skool	750 229	18 3
Biblioteek 3 Openbare Skool	577 132	21 3
Biblioteek 4 Openbare Skool	1 116 457	30 4

## 5. SIRKULASIE

### 5.1 Skoolbiblioteek

Die sirkulasiesyfers van die biblioteek toon die gebruik van die biblioteek deur die leerlinge. Leerlinge kry geleentheid om boeke uit te neem gedurende klasbesoeke, Medialeidingklasse en tydens openingsure na skool. Die laagste syfer is 507 en die hoogste is 5 076 jaarliks.

Die sirkulasiesyfers sluit ook bloklenings in. Die jaarlikse uitleenstatistieke van skole is nie 'n getroue weergawe van die gebruik van voorraad gedurende die jaar nie. Wanneer die klasse gedurende vakperiodes die biblioteek besoek, word die gebruik van vaklektuur nie getrou aangeteken nie.

### 5.2 Die openbare biblioteek

Die sirkulasie syfers van 19 plattelandse openbare biblioteke wissel vanaf 7 401 tot 39 720. Dit is vanselfsprekend dat die sirkulasiesyfers van die klein

plattelandse biblioteke kleiner sal wees aangesien die ledetal soveel minder is. Voorbeelde van vier dorpe is die volgende:

	LEDETAL	SIRKULASIE
Biblioteek 1 Openbare Skool	185 142	7 401 507
Biblioteek 2 Openbare Skool	1 016 305	35 793 2 557
Biblioteek 3 Openbare Skool	572 272	29 447 2 090
Biblioteek 4 Openbare Skool	1 324 190	28 494 1 230

## 6. PERSONEEL

### 6.1 Die skoolbiblioteek

Volgens onderhoude en vraelyste is daar geen voltydse onderwyser-bibliotekaris in die betrokke skole in beheer van die skoolbiblioteke nie. Die Kaaplandse Onderwysdepartement voorsien slegs 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris betrekking aan skole met 'n leerlingtal meer as 600 (Vgl. Hoofstuk 2 par. 4.8).

By die meeste skole is 'n voltydse vakonderwyser in beheer van die skoolbiblioteek. Vakke soos byvoorbeeld Afrikaans, Engels, Musiek en Wetenskap word aangebied. Kindertuinonderwysers en laerskoolonderwysers wat verantwoordelik is vir volle onderrig alle periodes van die dag dien ook as onderwyser-bibliotekaris.

Slegs twee skole se onderwysers wat verantwoordelik is vir die biblioteek het opleiding in Biblioteekkunde maar bied ook ander vakke aan. By twee gevalle het die Bestuursliggaam van die skool 'n deeltydse persoon aangestel wat vir slegs die organisasie en administrasie van die skoolbiblioteek verantwoordelik is. Die aantal werksure per week is onderskeidelik 11,5 uur en 12,5 uur. Die werksure in die

biblioteek, dit wil sê wanneer die betrokke onderwyser nie vakonderwys aanbied nie, wissel van 0 tot 8 ure per week.

Die skoolbiblioteek word beskou as 'n buitemuurse aktiwiteit en die organisasie van die biblioteek moet na skoolure gedoen word. By een betrokke skool is die standerd 2 onderwyser ook verantwoordelik vir die skoolbiblioteek en is hoof sport-afrigter vir die dogters se sportaktiwiteite. Dit is ook nie altyd die onderwyser-bibliotekaris wat die Medialeiding aanbied nie. Hierdie vak word in die Kindertuinklasse deur die klasonderwyser self aangebied en in primêre klasse bied die klasonderwyser of een onderwyser vir alle klasse die vak aan. Dit word nie altyd noodwendig in die biblioteeklokaal aangebied nie maar ook in die gewone klaskamer.

Met openingstye van die biblioteek word hulp aangebied deur mediaprefekte by alle skole. Take wat aan hulle opgedra word is toonbankdiens, boeke wegpak op die rakke in die korrekte volgorde, uitstallings, voorraadopnames, versiering van die lokaal, instandhouding van die voorraad en prosessering.

As deel van buitemuurse bedrywighede lewer personeellede ook diens in die biblioteek. Die meeste skole het een tot drie personeellede wat behulpsaam is. In baie gevalle bied die ouers ook hulp aan. By die meeste skole help die sekretaresse met tikwerk en die voorbereiding van kataloguskaarte. Party skole se ouers is behulpsaam met bykomende tikwerk.

- **Die openbare biblioteek**

Die meeste openbare biblioteke het slegs een bibliotekaresse; slegs twee biblioteke het ook 'n assistente. Drie uit 22 biblioteke se bibliotekaresses is opgelei: twee het 'n diploma in Biblioteekwese en een personeellid het 'n graad in Biblioteekkunde. Alle biblioteke het 'n skoonmaker wat in baie gevalle ook help met kleiner takies in die biblioteek. Baie skoonmakers is ook behulpsaam met

boeke wegpak, die rakke in orde hou, die skoonmaak van plate en die oortrek van boeke.

Aanstellings word deur die plaaslike owerheid gemaak en die grootte van die personeel hang af van ledetal, sirkulasiesyfers en oop biblioteekure. Die Kaaplandse Provinsiale Biblioteekdiens beveel aan dat 'n aanstelling vir een voltydse persoon vir 'n sirkulasiesyfer van 25 000 gemaak word (vergelyk Hoofstuk 3 paragraaf. 6.1).

Die bibliotekaresse is voltyds aan diens gedurende openingstye en is ook verplig om gereelde ure wanneer die biblioteek gesluit is, administratiewe werk te verrig (vgl. Hoofstuk 3 paragraaf 6.1 ). Die gemiddelde ure is 5,5 ure.

Biblioteekkomitees kan in 'n raadgewende hoedanigheid aangestel word.

48 Persent van die openbare biblioteke het aangedui dat hulle biblioteekkomitees het. In sommige gevalle is gemeld dat die komitees nie baie aktief betrokke is by die biblioteek se bedrywighede nie.

## 7. AKKOMMODASIE

### ● Die skoolbiblioteek

Alle betrokke skole beskik oor 'n biblioteeklokaal maar nie een voldoen aan die standaardplan wat voorgeskryf is deur die Kaaplandse Onderwysdepartement nie. Die voorgestelde grootte is 217,5 m<sup>2</sup>. Die kleinste lokaal is 58,8 m<sup>2</sup> en die grootste lokaal is 204 m<sup>2</sup>.

Meeste van die biblioteeklokale maak deel uit van die skoolgebou en is maklik bereikbaar vir alle klasse. Dit word verbind met gange na alle klaskamers. In party gevalle is die biblioteek 'n losstaande gebou maar naby die hoof skoolgebou.

Gekombineerde skole se biblioteeklokale moet voorsiening kan maak vir kindertuin, primêre en hoërskoolleerlinge. Nie alle biblioteeklokale is geskik vir gebruik nie. In sommige skole is die kindertuinvoorraad van die biblioteek verskuif na 'n aparte lokaal in die kindertuinafdeling van die skool. Party skole het geen werkkamerareas of kantore nie of ander vertrekke in die skool, ver van die biblioteek word gebruik vir die doel. In sommige skole is klaskamers omskep in biblioteke en kan dit nie die ruimte bied soos voorgeskryf is nie. Laasgenoemde het nie ander lokale soos 'n kantoor, ingangsportaal, werkkamers en stoorkamers nie.

Gegewens om die duidelike verskil aan te dui in akkommodasie:

	GROOTTE VAN GEBOU	LEERLINGTAL
Skool 1	160 m <sup>2</sup>	190
Skool 2	181 m <sup>2</sup>	150
Skool 3	58,8 m <sup>2</sup>	132
Skool 4	204 m <sup>2</sup>	321

- **Ameublement**

Alle biblioteke beskik oor 'n toonbank, kaartkatalogus kabinet en boekwaentjie. Die meeste skoolbiblioteke voorsien voldoende tafels en stoele vir klasbesoeke, dit wil sê sowat 30 sitplekke by tafels wat twee tot agt stoele per tafel kan neem. Twee skoolbiblioteke het slegs twee tafels en 10 stoele en twee tafels en vier stoele onderskeidelik.

Die aantal boekrakke in alle biblioteke is voldoende. Die boekrakke bied genoeg ruimte aangesien die voorraad beperk is en daar heelwat plek is vir uitbreiding van die voorraad.



Oudiovisuele apparatuur en sommige programmatuur word in 'n aangrensende stoorkamer geberg.

- **Die openbare biblioteek**

Die grootte van 'n openbare biblioteek word bepaal deur die inwonertal van die dorp. Die gemiddelde grootte volgens die standaardplan is 310 m<sup>2</sup> vir 'n inwonertal van 3 000.

Op bladsy 118 is 'n tabel waar die grootte van die biblioteek vergelyk is met die inwonertal en voorraad. Die volgende gegewens dui die grootte van die biblioteek aan teenoor die ledetal van die verskillende dorpe:

	LEDETAL	GROOTTE m <sup>2</sup>
Biblioteek 1	750	174 m <sup>2</sup>
Biblioteek 2	1 353	270 m <sup>2</sup>
Biblioteek 3	685	153 m <sup>2</sup>
Biblioteek 4	490	70 m <sup>2</sup>

Die meeste biblioteke bied genoegsame ruimte maar gevalle soos Biblioteek 3 kom ook voor. In hierdie geval is die akkommodasie beperk vir die inwoners maar tans is die ledetal wat van die biblioteek gebruik maak 685, wat slegs 16% is van die inwonertal.

In sekere dorpe maak die openbare biblioteek deel uit van die munisipaliteitskompleks. In party gevalle maak die openbare biblioteek dan gebruik van sekere fasiliteite soos die kombuis en die kleedkamers. Daar is ook openbare biblioteke wat nie beskik oor 'n aktiwiteitsaal nie. Tydens die ondersoek blyk dit dat drie openbare biblioteke die raadsaal van die munisipaliteit as 'n aktiwiteitsaal gebruik.

- **Ameublement**

Uit gegewens van openbare biblioteke blyk dit dat die meeste biblioteke twee tot vyf tafels en agt tot sestien stoele akkommodeer. In die leesarea of leeshoekie word gemakstoele verskaf en tussen die rakke is 'n aantal lae stoeltjies. Wanneer meer sitplek benodig word, word gebruik gemaak van die aktiwiteitsaal se ameublement. Die kleuterafdeling is apart en gemeubileerd met laer rakke en lae stoeltjies of kussings.

Die aantal boekrakke is voldoende vir die voorraad maar is ook verstelbaar wanneer meer ruimte benodig word. Elke biblioteek beskik ook oor 'n tydskrifrak, toonbankarea en 'n kataloguskabinet.

## **8. PROBLEME WAT BY DIE DIENSLEWERING DEUR SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN PLATTELANDSE GEBIEDE ONDERVIND WORD**

### **8.1 Skoolbiblioteekgebruik**

Die skoolbiblioteek word onderbenut as gevolg van die volgende faktore:

- 8.1.1 Biblioteekure
- 8.1.2 Personeeltekort
- 8.1.3 Onvoldoende voorraad
- 8.1.4 Akkommodasie

#### **8.1.1 Biblioteekure**

Uit die verslag blyk dit dat 64% van die skoolbiblioteke van gekombineerde skole na skoolure oop is vir slegs drie tot vier ure per week. Ander buitemuurse bedrywighede neem baie tyd van die leerlinge in beslag en gewoonlik is die openingstye van die biblioteek dieselfde ure as sportoefeninge. Die personeellede

wat verantwoordelik is vir diens in die biblioteek na skoolure doen dit as deel van hulle buitemuurse pligte en aangesien hulle van sportafrigting verskoon word, bied hulle ook die diens aan gedurende sportoefeninge. Die leerlinge wat aktief aan sport deelneem kan dus nie die biblioteek besoek nie. Die geleentheid vir naslaanwerk, rondsnuffel, lees, kyk en luister gaan verlore.

Kurrikulêre mediagebruik word nie effektief in die skoolbiblioteek toegepas nie. Klasbesoeke gedurende skoolure vir vakonderwys is baie onprakties aangesien die meeste skoolperiodes 30 minute lank is en dit nie moontlik is vir leerlinge om in so kort bestek van tyd, navorsing te doen nie. Botsings vir die gebruik van die biblioteek kan ook tussen verskillende klasse ontstaan.

In baie gevalle kom Medialeidingklasse ook nie tot sy reg nie. Die periode word deur leerlinge gebruik vir die roetine uitleen en inhandiging van boeke en lees vir ontspanning. As gevolg daarvan gaan kosbare onderrig in die gebruik van die media verlore, want weeklikse periodes vir Medialeiding is slegs 30 minute lank.

Openingstye gedurende pouses bied die leerlinge geleentheid om die biblioteek vir ontspanning of rondsnuffel te gebruik of om boeke in te handig of uit te neem. Pouses is gewoonlik  $\pm$  20 minute en dit bied nie veel tyd vir biblioteekgebruik nie. In baie skole is mediaprefekte alleen in beheer van die skoolbiblioteek gedurende pouses en dissipline kan skade ly.

Onvoldoende biblioteekure veroorsaak dat die leerling die skoolbiblioteek nie optimaal kan gebruik nie. Weens beperkte tyd kan die gedrukte en oudiovisuele media nie met vrug gebruik word nie. Naslaanbronne mag ook nie uit die skoolbiblioteek verwyder word om take by die huis af te handel nie. Fotostaatmasjiene is nie altyd beskikbaar nie.

### 8.1.2 Personeeltekort

Met geen voltydse onderwyser-bibliotekaris tot die leerlinge se beskikking, kan 'n skoolbiblioteek nie ten volle funksioneer nie. Optimale dienslewering kan nie deur voltydse vakonderwysers in die skoolbiblioteek gelewer word nie. Hoë eise word aan die betrokke leerkrag gestel om sy beste te lewer in vakonderwys en skoolbiblioteekdiens. Daar word ook te veel staatgemaak op mediaprefekte om sonder volwasse toesig verantwoordelike take in die biblioteek te verrig.

Die onderwyser verantwoordelik vir die skoolbiblioteek het ook nie veel beheer oor die biblioteek nie aangesien elke personeellid met sy klas die biblioteek kan besoek en gebruik in sy afwesigheid.

Die tekort aan 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris en die feit dat die skoolbiblioteek nie elke periode beman is nie, bemoeilik die inskakeling van kurrikulêre mediagebruik in die onderrig van verskillende vakke. Vir effektiewe kurrikulêre mediagebruik is samewerking tussen die onderwyser-bibliotekaris en die vakonderwysers noodsaaklik en moet die onderwyser-bibliotekaris te alle tye beskikbaar wees met die seleksie van geskikte materiaal.

Medialeiding word ook nie deur alle onderwysers met biblioteekkwalifikasies aangebied nie. Nie alle onderwysers besit die belangstelling of kennis om dit aan die leerling korrek oor te dra nie. Wanneer verskillende leerkragte die vak aanbied, gaan kontinuïteit tussen klasse verlore.

Die skoolbiblioteekprogram kan alleenlik doeltreffend wees as 'n voltydse gekwalifiseerde onderwyser-bibliotekaris in beheer van die skoolbiblioteek is. Opvoedkundige leiding by die gebruik van lees- of studiemateriaal, om te voorsien in die leerling se leer-, lees- en ontspanningsbehoefte en om vaardighede aan te leer om die biblioteek selfstandig te gebruik, is doelstellings wat alleenlik bereik kan word as professionele advies, die nodige inisiatief en die liefde vir die beroep aan

die dag gelê word.

### 8.1.3 Onvoldoende voorraad

Die toekennings van die Kaaplandse Onderwysdepartement wat deur die jare in die verlede voor 1992 toegewys was, was heeltemal onvoldoende om 'n sterk voorraad op te bou. Met die instelling van Model-B of Model-C skole sal fondse nog steeds beperk wees vir die uitbreiding van die voorraad. Model-B skole se jaarlikse toekennings van die Onderwysdepartement sal krimp en Model-C skole se bestuursliggame sal uit die finansiële bydraes van die ouers 'n bedrag moet bepaal vir die aankoop van biblioteekmateriaal. Laasgenoemde bedrag is soms onvoldoende om konstante groei in die voorraad te verseker.

Oor die algemeen is skoolbiblioteke se voorraad baie beperk en verouderd. Naslaanbronne en vakliteratuur is baie duur en jaarlikse prysstygings veroorsaak dat skole 'n beperkte voorraad boeke kan aankoop en nie die voorraad na wense kan uitbrei nie. Onderzoek het getoon dat 'n gemiddelde plattelandse openbare biblioteek, 13 stelle ensiklopedieë het teenoor vier tot agt stelle in die skoolbiblioteek. Baie stelle in die skoolbiblioteke is ook verouderd en naslaanwerke soos byvoorbeeld Children's Britannica en Afrikaanse Kinderensiklopedie se jaar van uitgawe is 1961 en 1952 onderskeidelik.

Die Statistieke van die Kaaplandse Onderwysdepartement in paragraaf 3.1.1, toon die afname van die voorraad van skoolbiblioteke.

Die behoefte aan meer en beter vakliteratuur vir kurrikulêre mediagebruik is groot en die skoolbiblioteek kan nie daarin voorsien nie.

In teenstelling met die openbare biblioteek wat nuwe boeke met plastiekomhulsel, datumvelle en boeksakkies ontvang, is die skoolbiblioteekpersoneel, bygestaan deur die skoolleerlinge self verantwoordelik vir die fisiese voorbereiding van die

boekevoorraad en het die boeke nie altyd dieselfde netjiese voorkoms nie. 'n Slordige plastiekomslag, verskillende grootte plakkers waarop die standnommers soms onnet aangebring is, vertoon nie netjies op die boekrakke nie. Die voorbereiding van uitleenkaarte of kataloguskaarte word ook nie altyd in 'n netjiese handskrif of in tikskrif gedoen nie. Die instandhouding van die voorraad verg baie tyd van die biblioteekpersoneel en wanneer dit nie gereeld gedoen kan word nie, het die boeke 'n slordige voorkoms. So 'n voorraad sal beslis nie 'n leerling stimulerend bied nie. Dit is belangrik dat die voorraad gereeld gesif moet word en verouderde voorraad en stukkende boeke verwyder moet word. Onderwysers is traag om dit te doen aangesien die voorraad reeds so beperk is en dan skraal op die rakke sal vertoon.

'n Goedgekeurde lys word opgestel wat as aanbeveling dien wanneer boeke aangekoop word. Skole is nie verplig om boeke aan te koop van die goedgekeurde lys nie. Vakonderwysers moet meer seggenskap hê in die opstel van so 'n lys. Die lys moet 'n wyer keuse aanbied. Die behoeftes van kurrikulêre mediagebruik van elke skool verskil. Selfs op die gebied van ontspanningslesstof het elke skool spesifieke behoeftes.

Die meeste skole beskik oor apparatuur en programmatuur. Programmatuur, net soos boeke moet gereeld aangevul word. Fasiliteite vir produksie is nie altyd beskikbaar nie. Entoesiastiese onderwysers vervaardig programmatuur maar in baie gevalle beskou hulle dit as hulle eiendom en wil dit nie vir gebruik deur ander leerkrigte in die skoolbiblioteek beskikbaar stel nie. Baie onderwysers besit nie die kennis om te produseer nie. Leerlinge word wel toegelaat om oudiovisuele media te gebruik vir take en werkopdragte. Ywerige leerlinge word soms opgelei om programmatuur te vervaardig maar hulle is in die minderheid.

#### **8.1.4 Akkommodasie**

Alhoewel elke skool 'n skoolbiblioteeklokaal besit, is die ruimte soms te klein vir gebruik in die toekoms. Dit is veral die bykomende vertrekke soos byvoorbeeld ingangsportaal, pakkamer, kantoor en werkkamer wat by sekere skoolbiblioteke ontbreek. Dit is veral klaskamers wat omskep is in biblioteke wat swak ingerig is. Nuwe meubels is nie aangekoop nie en groot, lomp tafels en stoele is onvanpas. Ou boekrakke is ook nie funksioneel nie en die laerskoolleerling vind die ongemaklike hoogtes van die rakke moeilik om 'n boek te bereik.

### **8.2 Openbare biblioteekgebruik**

#### **8.2.1 Biblioteekure**

Elke openbare biblioteek stel sy openingsure vas in samewerking met die plaaslike owerheid en met inagneming van die gemeenskap se behoeftes en gereelde gebruik van die biblioteek. Die feit dat baie plattelandse biblioteke sekere oggende 'n volle weekdag en ook Saterdagoggende gesluit is, kan ongerieflik wees vir die gemeenskap en veral ook skoolleerlinge. 'n Gewoonte by sekere openbare biblioteke om spesiale aparte dienstyle slegs vir kinders en volwassenes te hê, is nie aan te beveel nie.

Ongereelde tye of ure wat nie daaglik ooreenkom nie kan lede verwar en ook besoekers verontrief. Openbare biblioteke moet gerieflike openingstye aan alle gebruikersgroepe in die gemeenskap verskaf. Biblioteekure langer as kantoorure is gerieflik vir sakemanne. Gerieflike diensure aan skoolleerlinge is belangrik aangesien die skoolbibliotek se ure beperk is en die openbare biblioteek aanvullende diens moet lewer. Skoolleerlinge, sakemanne en die inwoners van die distrik verkies ook om Saterdagoggende in die biblioteek deur te bring. Saterdag heers daar 'n meer ontspanne atmosfeer in die openbare biblioteek en is ideaal vir snuffelwerk, ontspanne lees en aan die skoolleerling word meer tyd gegun vir

naslaanwerk en selfstandige studie.

Spesiale ure slegs vir diens aan kinders of volwassenes is ongewild en benadeel dienslewering. Gesinsbesoeke aan die biblioteek is gewild. Distrikslede wat nie dikwels die dorp besoek nie verkies om inkopies te doen en die biblioteek te besoek op dieselfde dag. Vreemdelinge wat die dorp besoek en onbewus is van so 'n reëling kan dit baie ongerieflik vind.

### **8.2.2 Voorraad**

Oor die algemeen is die openbare biblioteek se voorraad voldoende en word gereeld aangevul deur die Kaaplandse Provinsiale Biblioteekdiens sowat vyf keer per jaar. Daar word ook van die bibliotekaris verwag om gereeld onttrekkings te doen en terug te stuur. Sirkulasiesyfers speel 'n groot rol by die uitbreiding van die voorraad en vir die insluiting van video's en laserskywe in die voorraad.

Die nuwe voorraad wat per boekwa ontvang word is gekeur en gekoop deur die Kaaplandse Provinsiale Biblioteekdiens. Die streekbibliotekaris doen die allokasie en hy besluit die aantal boeke wat elke biblioteek in sy streek moet ontvang. Hierdie reël geld net vir die platteland wat as gevolg van geografiese afstande en personeeltekort nie self die keuse vir sy biblioteek kan maak nie. Die plattelandse openbare biblioteek is dus noodgedwonge afhanklik van die streekbibliotekaris se keuse, ongeag die feit dat die openbare bibliotekaris sy gebruikers se leesbehoefes beter verstaan. Die leemte is raakgesien en verbeter. Met die verskuiwing van die Bolandstreekdiens-kantoor na Worcester gedurende 1993 is die voorraad nader gebring en sal dit vir plattelandse bibliotekarisse in die streek moontlik wees om die kantoor te besoek en hulle eie keuse te maak.

Oudiovisuele media soos video's en laserskywe word ook alleenlik uitgereik aan biblioteke met hoë sirkulasiesyfers. Kleiner plattelandse dorpe met 'n klein inwonertal kan nie die syfers behaal nie en voel afgeskeep. Video's sal veral op



die platteland met min vermaaklikheidsplekke, baie meer gereeld gebruik word.

### **8.2.3 Personeel**

Aanstelling as bibliotekaris van klein plattelandse openbare biblioteke word deur die Stadsraad gedoen. Sekere Stadsrade vereis nie bibliotekerkwalifikasies nie. Personeel met geen bibliotekerkwalifikasies kom dikwels voor in die klein plattelandse openbare biblioteke. Wanneer die sirkulasiesyfers gemiddeld 25 000 en onder is kan een bibliotekaris die roetinewerk behartig maar die werkspatroom in 'n openbare biblioteek kan van dag tot dag verskil. Wanneer uitbreidings-aktiwiteite aangebied word, is bykomende hulp altyd nodig.

Daaglikse dienslewering soos toonbankdiens, wegpak van boeke en administratiewe pligte is funksies wat daaglik gedoen moet word, maar professionele hulp is noodsaaklik wanneer gebruikers, veral skoolleerlinge hulp en leiding nodig het met naslaanwerk of leesleiding verlang. Biblioteke met ongekwalifiseerde personeel is nie altyd in staat om volwaardige en dinamiese inligtingsdiens te lewer nie. Indiensopleiding en verfrissingskursusse is dus noodsaaklik om alle bibliotekaris op hoogte te hou van die jongste ontwikkelinge op bibliotekgebied, sy kennis uit te brei en die gehalte diens wat hy lewer, te verhoog.

### **8.2.4 Stadsrade**

Die openbare bibliotekediens is 'n departement van die plaaslike owerheid en is onder die beheer van die Stadsraad van die dorp. Die bibliotekgebou is die eiendom van die munisipaliteit en dis ook die munisipaliteit se verantwoordelikheid om die gebou in stand te hou. Die bibliotekpersoneel is munisipale amptenare en word deur die munisipaliteit besoldig. Buiten die voorraad word die openbare bibliotek deur die Stadsraad gefinansier.

Die Stadsklerk moet toesien dat bevredigende diens gelewer word. Jaarliks word 'n begroting deur die bibliotekaris by die Stadsraad ingedien en word die behoeftes van die biblioteek genoem. Dit is die Stadsraad wat besluit oor die uitgawes aan die openbare biblioteek. Die Stadsraad het dus indirek 'n groot seggenskap oor die openbare biblioteekbedryf.

Die reëls en regulasies van die Stadsraad ten opsigte van die openbare biblioteek kan 'n groot uitwerking hê op die dienslewering van die openbare biblioteek. Die vasstelling van biblioteekure, die gebruik van die aktiwiteitsaal en die verskaffing van ameublement en ander apparate is onder andere aspekte wat die goedkeuring van die Stadsraad moet wegdra. Goeie samewerking tussen die bibliotekaris en die Stadsklerk is noodsaaklik vir vooruitgang en puik dienslewering in die openbare biblioteek. 'n Goed gemotiveerde Stadsraad is 'n ware vriend vir elke openbare biblioteek maar die teenoorgestelde kan frustrasie meebring en biblioteekorganisasie strem.

#### **8.2.5 Akkommodasie**

Aangesien openbare biblioteke geaffilieer is by die Kaaplandse Provinsiale Biblioteekdiens word standaardplanne opgestel vir biblioteekgeboue. Die grootte en tipe biblioteek word aangepas by die gemeenskap. Die begroting van die koste is 'n Stadsraadsbesluit en die Stadsraad neem die verantwoordelikheid vir die oprigting van die gebou. (Vergelyk Hoofstuk 3 paragraaf 7).

Die meeste openbare biblioteke op die platteland is standaardgeboue maar met die oopstelling van openbare biblioteke in 1990 het ledetalle drasties verhoog en kan kleiner biblioteke nie genoeg ruimte bied om almal te akkommodeer nie. Die aantal tafels en sitplekke is ook beperk en samedromming by die toonbank kan die vloei strem.

## 9. SAMEWERKING TUSSEN DIE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEEK

Opvoeding moet as die belangrikste doelstelling in die openbare biblioteek en in die skoolbiblioteek uitgesonder word omdat boeke onontbeerlik is vir die opvoedingsprogram van die skoolleerling. Hierdie doelstelling vorm dan die sterkste band tussen die openbare en skoolbiblioteek. Die groot waarde van albei biblioteke lê in hulle voorraad. Die openbare biblioteek kan as 'n buite-bronnesentrum 'n aanvullende rol speel tot die skoolbiblioteek. Samewerking tussen die twee biblioteke is van besondere belang.

Die meeste openbare biblioteke het in die onderhoude en verslae getuig van min en swak samewerking met skoolbiblioteke. Skoolleerlinge is gereelde gebruikers van openbare biblioteke. Vyf en neëntig persent van alle skoolleerlinge van gekombineerde skole op plattelandse dorpe is reeds vanaf kleuterjare lede van die openbare biblioteek.

Noue skakeling tussen die vakonderwysers en die personeel van die openbare biblioteek is noodsaaklik sodat die benodigde inligting aan die leerling verskaf kan word en die werk- en opvoedingsprogram tussen die twee biblioteke kan integreer.

By twee gevalle word skoolleerlinge verbied om van die openbare biblioteek gebruik te maak vir ontspanningsleesstof. Personeel van die openbare biblioteek verleen hulp met die verkryging van inligting en verskaf leesleiding. Vaardighede wat in die medialeidingklasse onderrig is, word voortgesit in die openbare biblioteek sodat die leerling weet om die voorraad na behore te kan gebruik.

Bogenoemde probleme in albei biblioteke wat onbevredigende dienslewering tot gevolg het, kan deur gereelde kommunikasie en samewerking tussen die personeel van die openbare biblioteek en skoolbiblioteek opgelos word.

**10. SAMEVATTING**

Die ondersoek toon dat daar op elke dorp op die Kaaplandse platteland waar 'n gekombineerde skool gevestig is, 'n skool- en openbare biblioteekdiens aangebied word. Die ondersoek het ook getoon dat gereelde dienslewering plaasvind, maar dat daar as gevolg van faktore wat in paragraaf 8 genoem is, probleme ondervind word om optimale diens te lewer. Daar is gevind dat die skoolbiblioteek onvoldoende is vir intensiewe gebruik en dat die openbare biblioteek 'n aanvullende rol kan speel by die opvoeding van skoolleerlinge. Goeie samewerking tussen die skool- en openbare biblioteek is nodig om bevredigende dienslewering te bewerkstellig. Die moontlikheid van 'n gekombineerde skool- en openbare biblioteek op die platteland is nie uitgesluit nie.

-138-

**Tabel 1****Statistieke van 13 plattelandse skool- en openbare biblioteke**

DORP 1 INWONERS : 2 500				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	577	8 357	23 937	21
Skoolbiblioteek	132	4 680	2 160	3
DORP 2 INWONERS : 1 604				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	587	8 965	16 319	20
Skoolbiblioteek	150	4 245	1 270	Slegs klasbesoeke
DORP 3 INWONERS : 4 200				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	750	7 944	26 000	18
Skoolbiblioteek	229	4 858	2 360	3
DORP 4 INWONERS : 3 000				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	1 353	10 742	39 720	30
Skoolbiblioteek	321	5 607	3 505	Slegs pouses in skooltyd
DORP 5 INWONERS : 3 700				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	572	8 324	29 447	24
Skoolbiblioteek	272	4 807	2 090	2 ure

-139-

DORP 6 INWONERS : 1 775				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	1 055	9 207	18 865	28
Skoolbiblioteek	345	2 546	1 246	Slegs pouses in skooltyd
DORP 7 INWONERS : 4 400				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	1 016	10 031	35 793	30
Skoolbiblioteek	305	5 567	2 557	2
DORP 8 INWONERS : 6 298				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	1 116	12 916	33 101	30
Skoolbiblioteek	457	6 639	5 076	4
DORP 9 INWONERS : 1 551				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	358	6 222	16 547	16
Skoolbiblioteek	194	5 496	1 209	2
DORP 10 INWONERS : 4 000				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	1 324	8 646	28 494	30
Skoolbiblioteek	190	3 868	1 230	3

-140-

DORP 11 INWONERS : 308				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	185	2 507	7 401	20
Skoolbiblioteek	142	1 834	507	4
DORP 12 INWONERS : 4 200				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	685	6 720	31 286	31
Skoolbiblioteek	220	4 266	1 935	2
DORP 13 INWONERS : 4 560				
	LEDETAL/ LEERLINGE	VOORRAAD	SIRKULASIE	BIBLIOTEEKURE
Openbare biblioteek	490	7 630	19 515	15
Skoolbiblioteek	255	3 471	2 145	2

Let Wel: Leerlingtal van skool is ook ledetal van skoolbiblioteek. Die biblioteekure van skoolbiblioteek is openingsure na skool.

## HOOFSTUK 6

### GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN ENKELE LANDE BUIITE SUID-AFRIKA

#### 1. INLEIDING

In dié hoofstuk is verskeie gekombineerde skool- en openbare biblioteke in Australië, Kanada, Verenigde State van Amerika en Swede ondersoek. Die rede vir die keuse van hierdie lande is die geografiese ooreenkoms tussen bogenoemde lande en Suid-Afrika. Die uitgestrekte en dunbevolkte platteland van die vier oorsese lande kan goed vergelyk word met die van Suid-Afrika. Skool- en openbare biblioteke in klein plattelandse dorpe en die totstandkoming van gekombineerde biblioteke word bespreek. Malawi is as voorbeeld geneem van 'n ontwikkelende land in Afrika waar biblioteekdienste op die platteland ook uitbrei.

#### 2. DEFINISIE VAN 'N GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEK

Volgens Burns in sy artikel The school-based public library: perspectives and suggestions for improving the delivery of library programs and services is die "school-based library 'n skoolgebou waarin openbare biblioteekdienste en aktiwiteite aan die publiek gebied word (Burns, 1988, p. 40). Die aktiwiteite en dienste kombineer met die opvoedingsdienste van die skool.

Dwyer gebruik ook die term "one-building-for two services" South Australia School-based public libraries; an alternative in the rural area (Dwyer, 1989, p. 19). Colleen Edwards beskryf dit as "an integrated School and Public service, operating from a single building, situated within the physical boundaries of a school" (Dwyer, 1978, p. 1).



In Engeland, Wallis en Nieu-Zeeland word die terme "dual" ook gebruik (Woolard, 1980, p. 27).

Dwyer beskryf ook die gekombineerde skool- en openbare biblioteek as 'n gebou wat voorsien in die behoeftes van die hele gemeenskap waar die skoolbiblioteek alleenlik in die behoeftes voorsien van die skoolleerlinge (Dwyer, 1989, p. 22).

Opsommend kan die gekombineerde skool- en openbare biblioteek dan as 'n biblioteek beskou word wat die twee aparte skoolbiblioteek en openbare biblioteek vervang en huisves as een biblioteek naamlik die gekombineerde skool- en openbare biblioteek. Die biblioteek verrig dan al die funksies van die skoolbiblioteek sowel as die openbare biblioteek. Hierdie tipe biblioteekgebou is meestal op die skoolgronde.

Vir die terme "school/public library", "school-housed library", "school-community libraries", "combined school/public library", "joint-use library" moet 'n algemene benaming in Afrikaans gevind word om in die proefskrif gebruik te word. Aangesien hierdie tipe biblioteke nog nie in Suid-Afrika voorkom nie sal die naam "gekombineerde skool- en openbare biblioteke" of "gekombineerde biblioteke" deurgaans in die proefskrif gebruik word.

### **3. NAVORSING OP DIE GEBIED VAN GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN OORSESE LANDE**

Gekombineerde biblioteke was die onderwerp van baie ondersoeke die afgelope twee dekades. Verskeie biblioteke, biblioteekverenigings en departemente van onderwys het verslae ingedien. Professionele geskrifte, referate en ander verslae het insigte verskerp op die onderwerp (Woolard, 1980, p. 9).

Literatuur wat handel oor ondersoeke wat gedoen is oor gekombineerde biblioteke voorsien baie voorbeelde van eksperimente; sommige suksesvol en ander minder

sukksesvol (Woolard, 1980, p. 9.).

Baie tydskrifartikels is ook oor die onderwerp geskryf. Die voor- en nadele van gekombineerde skole was veral 'n gewilde onderwerp. In die meeste gevalle kan die voor- en nadele as volg opgesom word:

- Besparing - voorkoming van onnodige duplisering van voorraad, koste besparing op geboue, personeel, instandhouding van geboue en voorraad;
- Gerief - die openingsure van die biblioteek;
- Personeel - die byvoeging van professionele personeel;
- Inligting - die meer beskikbaarheid van inligting;
- Diens - die biblioteekdienste wat aan 'n klein gemeenskap verskaf kan word wat nie in staat was om 'n onafhanklike openbare biblioteek te onderhou nie (Aaron, 1980, p. 3).

Amey beskryf die gekombineerde skool- en openbare biblioteek as "They are seen as the best and most reasonable solution to a particular situation" (Amey, 1989, p. 110).

Pogings om gekombineerde biblioteke in groter dorpe of klein stede te implementeer was onsuksesvol en toe te skryf aan die volgende nadele:

- Die doelstellings en beleid van die skool- en openbare biblioteek verskil te veel (Clubb, 1988, p. 47);
- Die tekort aan professionele personeel om die behoeftes van leerlinge en volwassenes deur een program te bevredig;
- Die onwilligheid van volwassenes om die biblioteek gedurende skoolure te besoek;
- Die programme wat aangebied word is baie beperk en voorsien nie in al die gebruikersgroepe se behoeftes nie;
- Buite studente van ander skole is onwillig om 'n openbare biblioteek te

gebruik in 'n ander skool;

- Skoolaktiwiteite in die biblioteek word versteur deur besoekers;
- Volwasse literatuur wat nie geskik is vir leerlinge nie, is vryelik beskikbaar;
- 'n Gekombineerde biblioteekprogram maak die skoolleerlinge nie genoeg bewus van die waarde van 'n goedgeorganiseerde openbare biblioteek nie (Aaron, 1980, p. 4).

#### 4. GEKOMBINEERDE BIBLIOTEKE IN SUID-AUSTRALIË

##### 4.1 Algemeen

Suid-Australië is die laboratorium vir gekombineerde biblioteke. Dit is die enigste plek in die wêreld wat reeds in 1977 'n vaste beleid gehad het vir gekombineerde biblioteke (Combining libraries, 1987, p. viii). Volgens Amey (1989, p. 111) was daar in die jaar 1989 'n totaal van 46 gekombineerde skool- en openbare biblioteke in Suid-Australië.

Suid-Australië het groot, metropolitaanse stede en baie kleiner geïsoleerde gemeenskappe. Adelaide is die hoofstad met 70% van die bevolking daar gekonsentreer (Dwyer, 1978, p. 19). Die bevolking is verder in die binneland versprei met groter dorpe soos Whyalla wat 33 000 inwoners het, Mt. Gambier wat 19 000 het en Port Lincoln met 10 000. Hierdie dorpe dien as besigheidssentrums vir baie groot plattelandse areas (Dwyer, 1986, p. 28).

Suid-Australië is een van die ses state van die Commonwealth van Australië. Dit is die droogste staat in die droogste vasteland. Dit beslaan 'n area van 984,377 kilometer. Die bevolking van die staat Suid-Australië is 1 500 000, dit is 9% van die bevolking van die vasteland, Australië (Dwyer, 1989, p. 19).

Dit was eers teen 1950 wat die eerste openbare biblioteke hul verskyning gemaak het, ten spyte van die proklamasie van 'n Free Public Libraries Act reeds in 1898.

Teen 1978 was daar slegs 28 van die 129 plaaslike owerhede met gratis openbare biblioteke. Daarna was daar 'n skielike styging in voorsiening van gratis biblioteekdienste, tot 100 in 1985. Die gratis biblioteekdienste was die verantwoordelikheid van die plaaslike owerhede met 'n 50% subsidie van die Staat. Die skema is geadministreer deur die Library Board of South Australia wat onder andere ook aanbevelings moes maak aan die Minister van Opvoeding (Dwyer, 1986, p. 28).

Die Minister van Onderwys was bewus van die feit dat die dunbevolkte plattelandse gebiede nie in staat was om openbare biblioteke te onderhou nie. 'n Komitee is aangestel om 'n verslag in te dien oor die moontlikheid van gemeenskaplike gebruik van biblioteke. Die verslag Community use of school libraries is in 1974 vrygestel.

Dit was duidelik dat slegs sekere dorpe ekonomies sterk genoeg was om 'n openbare- en skoolbiblioteek te besit. Goedkeuring is toegestaan aan kleiner gemeenskappe om gekombineerde biblioteke tot stand te bring. Teen 1977 is die eerste school/community libraries begin. Sekere riglyne moes gevolg word:

- [ i] Gekombineerde biblioteekdiens kan slegs in hoërskole funksioneer, en in uitsonderlike gevalle, ook in primêre skole.
- [ ii] Slegs areas met 'n bevolking minder as 3 000 moet oorweeg word.
- [ iii] Voorrade moet aan skole en openbare biblioteke net soos altyd, voorsien word.
- [ iv] Finansiering van die voorraad, die instandhouding en die besoldiging van die personeel is die plaaslike owerheid se verantwoordelikheid, gesubsidieer deur die Biblioteekraad.
- [ v] Personeel sal beskikbaar gestel word deur die Departement van Onderwys.
- [ vi] Die koste verbonde aan veranderinge of uitbreidings van geboue sal deur die Departement van Opvoeding gedra word en sal deur die

plaaslike owerhede gesubsidieer word.

- [ vii] 'n Bestuursraad sal gekies word om 'n beleid op te stel om doelstellings en funksies te formuleer (Dwyer, 1978, p. 33).

Sedert 1977 is die riglyne hersien om die skema meer prakties en buigsaam te maak (Dwyer, 1986, p. 30). Die belangrikste kenmerke van Guidelines for Establishment and Operation van gekombineerde skool- en openbare biblioteke was die volgende:

- die skema verwys na klein, plattelandse gemeenskappe waar geen openbare biblioteekdienste is nie;
- die bevolking wat bedien word deur die biblioteek moet ongeveer 3 000 wees;
- 'n formele kontrak moet goedgekeur en onderteken word deur alle bydraende partye;
- die skoolgebou en die instandhouding van die gebou is die verantwoordelikheid van die Departement van Onderwys;
- waar geen veranderinge of uitbreidings nodig is nie moet die koste van addisionele ameublement deur die plaaslike owerheid gedra word;
- die plaaslike owerheid is verantwoordelik vir die voorraad van die openbare biblioteek en vir die onderhoud van die personeel wanneer dienste uitgebrei word;
- 'n gekombineerde diens kan alleenlik tot stand kom wanneer die plaaslike gemeenskap dit versoek en ondersteun word deur die plaaslike owerhede;
- goedkeuring van gekombineerde diens word verlang van die interdepartementele School/Community Libraries Committee;
- plaaslik word die diens geadministreer deur die Library Board of Management wat bestaan uit plaaslike persone wat verteenwoordigers is van die skoolpersoneel, die skoolraad en die plaaslike owerheid (Dwyer, 1986, p. 30).

## 4.2 Voorbeelde van gekombineerde biblioteke in Suid-Australië

- [ i] Pinnaroo School/Community Library;
- [ ii] Balaklava Community Library;
- [iii] Eudunda School/Community Library;
- [ iv] Moonta School/Community Library;
- [ v] Park Community Centre.

### 4.2.1 Pinnaroo School/Community Library

Die Pinnaroo School/Community Library was die eerste amptelike gekombineerde skool- en openbare biblioteek wat onder die "guidelines" van die verslag Community use of school libraries tot stand gekom het. Die verslag is uitgereik deur die Minister van Opvoeding en die moontlikhede van gekombineerde biblioteke vir kleiner dorpe word bespreek.

Pinnaroo is 'n klein plaasgemeenskap, 240 kilometer oos van Adelaide. Die totale bevolking van die dorp is 750 en van die distrik is 1 400. Die Pinnaroo Area School is 'n gekombineerde skool met primêre en hoërskoolleerlinge. Die leerlingtal is slegs 250. Die skool is in besit van 'n biblioteekgebou van 220 m<sup>2</sup>. Op Pinnaroo was daar nie 'n openbare biblioteek nie (Dwyer, 1978, p. 35).

Na bestudering van die verslag het die dorpsraad en die skoolraad die moontlikheid van 'n gekombineerde biblioteek bespreek. Die saak is goed ondersteun en die skoolhoof en leiers van die gemeenskap het na samesprekinge oorgegaan tot die stigting van 'n gekombineerde skool- en openbare biblioteek in Oktober 1977 (Dwyer, 1978, p. 35).

Die biblioteekgebou is 'n losstaande gebou op die skoolgronde en maklik bereikbaar vanaf die straat deur die publiek. Die biblioteek is oop vir 30 ure per week vir die leerlinge van die skool en die publiek. Daar is een voltydse onderwyser-

bibliotekaris en klerklike personeel. Die Onderwysdepartement is verantwoordelik vir die gebou, instandhouding, meubels, personeel en skoolvoorraad. Die Pinnaroo District Council gesubsidieer deur die Library Board, finansier die openbare biblioteek se voorraad en ander publieke aspekte.

Wat die beskikbaarheid van biblioteekmateriaal betref, is die skool- en openbare biblioteekvoorraad vir alle lede beskikbaar, met uitsondering van die volwasse fiksie wat nie vir laerskoolleerlinge beskikbaar is nie. Oudiovisuele materiaal mag deur die publiek in die biblioteek gebruik word maar nie uitgeneem word nie (Dwyer, 1978, p. 36).

Die prosessering van die skoolvoorraad vind nog by die skool plaas terwyl die openbare biblioteekvoorraad deur die State Library geprosesseer word.

In die jaar 1979 tot 1980 het die biblioteek besonder uitgebrei. Daar is 'n toename van 136 in die ledetal wat 50,6% is van die bevolking. Die voorraad vir volwassenes is 3 770 en die van die skoolleerlinge is 11 455. Sirkulasiesyfers het ook dramaties gestyg. Gedurende 1978, is 20 367 boeke uitgereik en in 1979 is 24 624 boeke uitgereik (Dwyer, 1978, p.36).

#### 4.2.2 Balaklava Community Library

Balaklava, noord van Adelaide is 'n dorp met 'n bevolking van 2 650 inwoners. Die Community Library is geleë in die hoërskool, wat sentraal geleë is in die dorp. Daar is sowat 380 leerlinge in die skool. Die gebou, 417 m<sup>2</sup>, was aanvanklik bedoel vir 'n oopplan klaskamer maar die gebou was baie geskik vir 'n biblioteek.

Die biblioteek is sowat 3 meter van die straat geleë en parkering geskied langs die straat. Die ingang na die biblioteek is naby die straat en weg van die klaskamergebied. Die grootte van die gebou is beslis geskik vir die gebruik van alle gemeenskapsgroepe. Die ameublement, bestaande uit lae rakke, 'n

verskeidenheid stoele, klein tafels en lang tafels bied akkommodasie aan alle lesers. Daar is ook 'n leesput vir die voorskoolse kinders en los kussings wat deur die jonger kinders en tieners gebruik word om op te sit voor die rakke. 'n Spesiale area in die biblioteek is gemerk "silent reading" (stillees). Hierdie area word veral gebruik vir leerlinge en studente wat hulle voorberei vir eksamen. Die biblioteeklokaal word ook verbind met die saal langsaan (Combining libraries, 1987, p, 17.)

Die personeel bestaan uit 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris, 'n openbare bibliotekaris - assistent wat 35 ure werk en 'n skoolbibliotekaris assistent wat 30 ure per week werk (Combining libraries, 1987, p. 18). Daar is ook 'n bestuurskomitee saamgestel uit 5 plaaslike raadslede, 5 skoollede en 1 lid van die skoolraad (Combining libraries, 1987, p. 19).

#### **4.2.3 Eudunda School/Community Library**

Die dorpie Eudunda is 105 kilometer vanaf Adelaide geleë. Die dorp het 'n klein inwonertal van 675 en in die distrik, 1 500. Die skool het 294 leerlinge tot matriek.

Die gekombineerde biblioteek het in 1980 geopen (Combining libraries, 1987, p. 27). Die lokaal is deel van die skoolgebou maar het sy eie ingang. Daar is genoeg parkering beskikbaar in die straat voor die skool. Die lokaal self beskik oor lang tafels vir klasgebruik maar daar is ook kleiner tafels en sagte stoele vir individuele lees. Die voorportaal word ook gebruik vir 'n gesellige leeshoekie en uitstallings, tydskrifte en sagtebandboeke (Combining libraries, 197, p. 26).

Die voorraad bevat 14 577 items wat voorsien word deur die Skoolbiblioteekdiens. Die openbare biblioteek voorsien 'n verdere 2 031 items wat ook kassette insluit. Die volwasse lesergetal is 909 en die uitreikingsgetalle is 20 000 per jaar. Die biblioteekpersoneel bestaan uit 1 onderwyser-bibliotekaris en 2 assistentes. Die



biblioteekure is 30 ure per week. Die biblioteek is oop gedurende skoolure en twee ure op Dinsdagaande (Combining libraries, 1987, p. 27).

Die biblioteek word bestuur deur 'n gesamentlike komitee bestaande uit skoolkomiteede en gemeenskapslede. Probleme wat hulle wel ondervind is dat die skool en biblioteek nie sentraal geleë is nie en volwassenes en bejaardes nie so gereeld die biblioteek kan besoek nie. Die skool en leerlinge maak wel baie goed gebruik van die biblioteek (Combining libraries, 1987, p. 27).

#### **4.2.4 Moonta School/Community Library**

Moonta is 165 kilometer van Adelaide geleë. Daar is 1 700 inwoners en die skool se leerlingtal is 370. Die gekombineerde skool- en openbare biblioteek is in 'n aparte gebou op die skoolgronde en beslaan, 223 m<sup>2</sup>.

Die biblioteekpersoneel is twee onderwysers wat deeltydse werk doen en hulle word ook bygestaan deur assistentes sodat daar 'n totaal van 50 ure dienslewering is. Die biblioteek is 7 ure per dag oop, asook op Dinsdagaande vir twee uur. Op aandrang van die gemeenskap is die biblioteek ook vir twee ure op Sondagmiddae oop (Combining libraries, 1987, p. 28-35).

### **4.3 Gemeenskapsentrums met gekombineerde biblioteke**

#### **4.3.1 Die Park Community Centre**

Hierdie opset verskil geheel en al van die gekombineerde skool/openbare biblioteke van Suid-Australië. Dit bedien 'n veel groter inwonertal as die gemiddelde gekombineerde biblioteek wat se ledetal gewoonlik tussen 2 000 of 3 000 is. Die plattelandse biblioteekgeboue is ook gewoonlik kleiner, maak deel uit van die skoolgeboue of die biblioteeklokaal is 'n paar vertrekke langs mekaar (Combining libraries, 1987, p. 14).

Die Park Community Centre is in 'n voorstad van Adelaide geleë en is 'n voorbeeld van 'n groot winkelkompleks waar 'n gekombineerde biblioteek geleë is tussen ander fasiliteite soos 'n skool, winkelsentrums, teaters, restaurante, 'n sportsentrum en ander vermaaklikheidsplekke. Die biblioteek maak dus deel uit van 'n sentrum en nie van 'n skool op skoolgronde nie. Die biblioteek lewer diens aan die hoërskool wat in die kompleks geleë is en ook aan ander skole en die publiek. Die inwonertal van die distrik is 30 000 (Combining libraries, 1987, p. 14).

#### 4.4 Bevindings

1. Gekombineerde biblioteke is baie effektief vir klein plattelandse dorpe, veral in die dun bevolkte areas van Suid-Australië (Combining libraries, 1987, p. 52). Voorbeelde van dorpe of distrikte waar wel gekombineerde skool- en openbare biblioteke voorkom is:
  - Cleve - 2 900
  - Burra - 3 700
  - Wandoan - 1 800
2. Ligging van die biblioteek in die dorp is baie belangrik. Die biblioteek moet naby die skool of op die skoolgronde geleë wees.
3. Die hooftoegang tot die biblioteek vir die publiek op die skoolgronde moet naby aan die straat en parkeergebied geleë wees. Die publiek moet nie toegang hê tot die skoolgebou of skoolgange (Amey, 1989, p. 110).
4. Meningsverskille oor die organisasie en administrasie van die biblioteek kan onenigheid tussen die onderwyser-bibliotekaris en die openbare bibliotekaris veroorsaak (Amey, 1989, p. 110).
5. 'n Probleem wat wel kan opduik is die kwessie van wie die hoof-bibliotekaris van die gekombineerde biblioteek is - die onderwyser-bibliotekaris of die openbare bibliotekaris? (Combining, libraries, 1987, p. 59).

6. Die onderwyser-bibliotekaris se assistente is nodig om behulpsaam te wees, aangesien daar van die onderwyser-bibliotekaris verwag word om onderwyser en bibliotekaris te wees (Combining libraries, 1987, p. 54).
7. Groot voordeel is die feit dat almal mekaar ken; selfs die senior burgers ken ook die skoolkinders. 'n Goeie verhouding met mekaar vergemaklik die werksaamhede in 'n gekombineerde biblioteek (Dwyer, 1986, p. 35).
8. Kenmerkend van kleiner gemeenskappe is dat gekombineerde biblioteke die biblioteekure aanpas by die plaaslike gemeenskap se bedrywighede. So sal byvoorbeeld in ag geneem word dat wanneer dit markdag is en die plaaslike spesiaal dorp toe kom, of aan die einde van die maand wanneer die winkels later oop is, sal die biblioteek ook langer oop ure verskaf. Dit is ook opvallend dat die personeel ook gewillig is om diens te lewer op Sondag.
9. Samesmelting van biblioteke kan ook verskeie meebring in die organisasie en administrasie soos byvoorbeeld katalogisering, klassifikasie, uitleenstelsels ens. Tye kan bots soos byvoorbeeld storietye en klasperiodes (Combining libraries, 1987, p. 61).
10. Die toekenning van salarisse aan onderwyser-bibliotekarisse en openbare bibliotekarisse kan ontevredenheid veroorsaak. Dit kom voor dat onderwyser-bibliotekarisse beter besoldig word as openbare bibliotekarisse weens die feit dat hulle ook skoolhou. Openbare bibliotekarisse is egter ook gedurende skoolvakansies op diens. 'n Ooreenkoms kan bereik word (Combining libraries, 1987 p. 61).

Gekombineerde biblioteke in Suid-Australië het merendeels bogenoemde probleme uitgestryk. Deur hulleself te beperk tot klein plattelandse gebiede met 'n bevolking van 3 000 of minder, het Suid-Australië verseker dat biblioteekfasiliteite geleë is midde-in 'n klein gemeenskap en dat dit bestuur word. Dit word bestuur deur 'n vereenvoudigde bestuurstruktuur en een persoon naamlik die onderwyser-

bibliotekaris staan aan hoof.

#### 4.5. Voordele van gekombineerde biblioteke in Suid-Australië opgesom deur Dwyer (1986, p. 35)

- 'n Openbare biblioteekdiens is beskikbaar gestel aan 80 000 mense wat andersins nooit die voorreg sou gehad het nie;
- Skoolfasiliteite, wat deur die publiek onderhou word, word nou meer effektief gebruik en deur 'n groter aantal mense van die gemeenskap;
- Voorrade van die skool is meer beskikbaar aan die plaaslike volwasse gebruikersgroep en aan die skoolpersoneel en studente van ander skole;
- Die groot voorraad wat deur die Libraries Board en State Library voorsien word, is baie nuttig vir die skool en die gemeenskap;
- Gemeenskapsbetrokkenheid en interaksie is bevorder en volwassenes is meer in kontak met die skool gebring;
- Die leerlinge en die gemeenskap het meer betrokke geraak by ander vrywillige dienste soos biblioteekbesoeke aan hospitale, huisgebondenes en ouetehuse; en
- 'n Plaaslike besluit soos die suksesvolle instelling van 'n gekombineerde biblioteek kan 'n trotsgevoel by die gemeenskap ontwikkel.

#### 5. GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN KANADA

##### 5.1 Algemeen

Kanada is 'n uitgestrekte en dunbevolkte land wat byna die helfte van Noord-Amerika beslaan en wat 'n oppervlakte van byna 10 miljoen km<sup>2</sup> het. Kanada het 'n bevolking van sowat 24 miljoen wat oneweredig oor die land versprei is. Die noordelike dele van die land is dun bevolk en oorgrote meerderheid van die bevolking woon langs die suidgrens met die Verenigde State van Amerika. Die meeste groot stede, Ottawa, Montreal en Toronto lê in die gebied. Kanada is in

ses natuurlike landskappe verdeel. Wat die sosiaal-geografiese indeling betref is daar groot streekverskille. Verskillende provinsies kom in elke natuurstreek voor waarvan Manitoba, Saskatchewan en Alberta in die Kanadese prêiegebied is. Die provinsie Alberta is 255,285 vierkante myl (Amerikaanse mate) (Wêreldspektrum, 1982, p. 176-177).

Elke provinsie is verantwoordelik vir sy eie opvoedkundige en kulturele sake. As gevolg van plaaslike omstandighede sal die opvoedkundige stelsels van provinsie tot provinsie verskil. So sal ook die biblioteekorganisasie verskil van streek tot streek (Coughlin, 1968, p. 28).

Die Public Library Act het tot stand gekom in 1907 en het voorsiening gemaak vir die begin van openbare biblioteke en die organisasie van biblioteekrade. Na die Tweede Wêreldoorlog het provinsiale biblioteekverenigings die inisiatief geneem om biblioteke te verbeter maar provinsiale toelae was gering en daar was minder ontwikkeling in Alberta as in ander provinsies soos Manitoba. In 1948 is 'n provinsiale biblioteekagentskap gestig en is ook 'n streeksbiblioteek gestig in 1959. Die eerste stadsbiblioteek was in Calgary en ook later in Edmonton, Lethbridge, Red Deer en Medicine Hat. Teen 1930 het ook 20 kleiner biblioteke tot stand gekom en in 1967 was daar oor die 100 openbare biblioteke (Morton, 1970, p. 131-132).

In 1973 het die Select Committee on the utilization of educational facilities reeds aanbevelings gemaak dat skoolfasiliteite ook vir die publiek beskikbaar gestel kan word. Volgens Amey was ekonomiese faktore die belangrikste rede vir die totstandkoming van gekombineerde biblioteke (Woolard, 1980, p. 24).

Reeds in die jare vanaf 1973 het 179 "school-housed" biblioteke tot stand gekom. Hierdie biblioteke is by die skole met 'n klein leerlingtal ingerig maar ook by die groter skole met 3 000 leerlinge gevind (Woolard, 1980, p. 25).

'n Studie is in 1974 gemaak en daar is bevind dat ekonomiese faktore die belangrikste rede is vir die stigting van gekombineerde skool- en openbare biblioteke. Faktore wat kombinasie kan strem is die volgende:

- Die verskil in beleid, organisasie en funksies;
- Die onvermoë van die skoolrade en openbare biblioteekrade om die probleem rondom finansies op te klaar;
- Die keuse van die voorraad;
- Onvoldoende spasie;
- Die aanpassing van die volwassene by skoolomstandighede;
- Die aanpassing van skoolpersoneel en openbare biblioteekpersoneel en verskillende opinies oor die uitvoering van take in die gekombineerde biblioteek (Woolard, 1980, p. 25).

Amey en Smith se ondersoek na gekombineerde biblioteke gedurende 1976 (1976, p. 251) het ander probleme uitgewys:

- Ligging - die skool moet sentraal geleë wees en die biblioteek se plasing op die skoolgronde moet korrek wees.
- Een biblioteek moet twee biblioteke se diens en administrasie behartig en laat aanpas;
- Die voorraad van twee biblioteke wat saamgevoeg word kan ongebalanseerd wees;
- Die doelstellings van die skool en openbare biblioteek; alhoewel albei die opvoeding as doelstelling het, kan ander doelwitte heel verskillend wees.

Navorsers het ooreengekom dat die belangrikste faktor wat in ag geneem moet word by die kombinasie van die twee biblioteke die behoeftes van die gemeenskap is. Vir klein gemeenskappe is dit 'n besliste oplossing (Woolard, 1980, p. 26).

## 5.2 Voorbeelde van gekombineerde skool- en openbare biblioteke in Kanada

### 5.2.1 Gekombineerde skool- en openbare biblioteke in Alberta

Daar was drie uitstaande feite wat aanleiding gegee het tot die totstandkoming van gekombineerde biblioteke in die staat, Alberta naamlik [1] tradisie, [2] ekonomie en [3] opvoedingsfunksie.

Gedurende die sestigerjare het die munisipaliteite van Alberta nie veel aandag geskenk aan die totstandkoming van openbare biblioteke nie.

Die gemeenskap het egter opvoeding as eerste prioriteit gestel en aanbeveel dat 'n biblioteekdiens by skole ingestel moet word en die skool dus as 'n opvoeding- en kulturele sentrum gebruik word (Combining libraries, 1987, p. 148). Die staatshoofde (ministers) het ook gevoel dat boekvoorsiening eerder aan kinders verskaf behoort te word as aan volwassenes. "The feeling was that if libraries could attract and hold the interest of children, adults would follow" (Combining libraries, 1987, p. 148).

Skoolbiblioteke wat ook diens aan die publiek voorsien het, is aangemoedig maar in sommige gevalle is geldelike bydraes van die regering verkeerdelik gebruik en is meer geld aan handboeke en kurrikulummateriaal bestee as aan dienste aan die publiek (Combining libraries, 1987, p. 148).

Die saak is deeglik ondersoek en in 1978 is 'n dokument Statement on Community School Libraries opgestel wat aanvaar is deur die Library Association of Alberta en die Learning resources council of the Alberta Teachers' Association in 1979. Die dokument het die voor- en nadele en probleme van 'n gekombineerde biblioteek uiteengesit. Die dokument het die beleid van die regering gebly maar het nie die beleid afgedwing op 'n gemeenskap nie.

In 1978 was daar ongeveer 70 gekombineerde skool- en openbare biblioteke. Alberta Education Policy, Guidelines, Procedures and Standards for school libraries in Alberta is opgestel vir die stigting en funksionering van gekombineerde biblioteke. 'n Algemene feit is dat die dorpe met kleiner bevolkingsgetalle (400 tot 1 000) meer staatmaak op die gekombineerde biblioteek. Hoe groter die bevolking hoe meer ongeskik is die gebruik van 'n gekombineerde biblioteek omdat die ruimte dan te beperk is.

Probleme wat moet uitgestryk word is finansies en biblioteekure. Die Alberta Culture het in 1984 regulasies neergelê wat bepaal dat die munisipaliteit en skool ooreen sal kom wat die verantwoordelikheid van elkeen sal wees sodat die biblioteek goed sal funksioneer. Elke raad sal ook sy eie finansies behartig. Die biblioteek sal ook net buite skoolure vir die publiek oop wees (Combining libraries, 1987, p. 154). Die Alberta gemeenskap het tot die gevolgtrekking gekom dat gekombineerde biblioteke kan funksioneer in sekere omstandighede maar in sommige gevalle is dit ondoeltreffend. Volgens Clubb (1988, p. 46) is onvoldoende fondse en onopgeleide biblioteekpersoneel twee oorsake van onbevredigende dienste.

### 5.2.2 Barhead Elementary School

Barhead se inwonertal is 3 849 en 5 517 distrikslede volgens die sensus van 1981. Dit is 'n landboustreek en het 'n aantal groot nywerhede. Benewens bogenoemde skool is daar drie ander skole. Die laerskool het 'n leerlingtal van 715 leerlinge en die hoërskool het 1 024 leerlinge.

Die Barhead Elementary School se gekombineerde skool- en openbare biblioteek huisves ook 'n mediasentrum en is ook in besit van 'n mobiele boekdiens. Dit is gedurende Oktober 1974 geopen.

Volgens die skrywer Susan McLaren is dit baie suksesvol. Sy skryf dit toe aan



goeie samewerking "If the spirit of cooperation which presently exists between our two boards, the library staff, students, teachers, administration and public continues, it is my view we will serve this community successfully in the years ahead" (Combining libraries, 1987, p. 163).

Die Munisipaliteit van Barhead in samewerking met die Biblioteekraad is verantwoordelik vir die personeel, salarisse en uitgawes van die biblioteek. Die munisipaliteit dra ook by tot die aankoop van materiaal. Ledegeld betaalbaar deur distrikslede wat nie eiendomsbelasting betaal nie en boetes word ook bygevoeg tot die skool se begroting (Combining libraries, 1987, p. 168).

Biblioteekure is ook aangepas by die bedrywigheide van die gemeenskap. Dit is 53 ure per week oop en is op Saterdag vanaf 13:00 tot 17:00 oop. Donderdagaande is 'n inkopiesaand in Barhead en die biblioteek is dan oop vanaf 20:00 tot 21:00 (Combining libraries, 1987, p. 164).


Die oop tye van die biblioteek op 'n Donderdagaand is ook 'n bewys van hoe die gemeenskap se belange in ag geneem word op 'n klein plattelandse dorp.

### **5.2.3 Britannia Community Library Centre in Vancouver**

In April 1967 is die Britannia Centre projek van stapel gestuur. Die doel van die sentrum was dat gemeenskapsdienste meer gesentraliseerd en integreer moet wees. Afgesien van ontspanningsgeriewe vir die gemeenskap bevat die sentrum ook 'n hoërskool en 'n laerskool met 'n gemeenskaplike biblioteek wat deur die leerlinge van albei skole en die publiek gebruik word. Die laerskool het sowat 350 leerlinge en die hoërskool het 1 150 leerlinge (Combining libraries, 1987, p. 188-195). Die onderstaande skets toon die ligging van die biblioteek tussen die skole en ander gemeenskaplike fasiliteite (Combining libraries 1987, p. 186).

**Figuur 7**

**Britannia Community Library Centre**



Die biblioteek word beheer en bestuur deur 'n Biblioteekraad, die Skoolraad asook die vereniging van die Britannia Community Service Centre. Hierdie gesamentlike raad is verantwoordelik vir die vasstelling van biblioteekure, die aanstelling van personeel en die onkoste met die aankoop van voorraad word deur die Biblioteekraad en Skoolraad verdeel. 'n Komitee, saamgestel uit twee verteenwoordigers van elke raad is verantwoordelik vir die organisasie en funksionering van die

biblioteek. Die komitee sal gereeld verslag lewer oor die biblioteek en aanbevelings maak (Woolard, 1980, p. 176-177).

Die biblioteek het vyf professionele bibliotekaris, vyf voltydse en ses deeltydse personeellede. Een gekwalifiseerde bibliotekaris sal as hoof ageer en twee ander personeellede is opgeleide onderwyser-bibliotekaris. Die personeel word besoldig deur die Biblioteekraad (Woolard, 1980, p. 176).

Die voor- en nadele van die Britannia Community se gekombineerde biblioteek soos in Combining libraries: The Canadian and Australian experience (1987, p. 196-200) uiteengesit is die volgende:

[ i]           **Personeel**

Verskille in die optrede van die personeel teenoor die publiek is soos "instruction vs service". Die onderwysers skenk baie aandag aan instruksies en die aanleer van vaardighede terwyl die openbare bibliotekaris meer diens lewer en die publiek ontspanning aanbied. Die onderwysers wil graag hê dat die voorraad moet aanpas by die skool se kurrikulum en die openbare bibliotekaris verlang dat die voorraad in die publiek se smaak val. Die rangskikking van die voorraad in verskillende kategorieë kan ook probleme gee. Botsings kan ontstaan wanneer die gebruik van die fasiliteite oorvleuel. Die onderwysers moet 'n aparte lokaal hê vir onderrig, maar dieselfde lokaal kan ook vir storie-ure, vergaderings of funksies gebruik word. Daar is soms 'n meningsverskil oor wat die biblioteek se doel werklik is; 'n "learning resource center" of 'n "library".

[ ii]           **Voorraad**

Die voorraad is meer uitgebrei aangesien dit moet voorsien in die behoeftes van die kleuter tot die bejaarde. Die groot voorraad is beskikbaar aan alle gebruikers. 'n Nadeel is egter die feit dat onderwysers bloklenings maak of dat vakonderwyser

vakliteratuur verwyder om in die skool te gebruik. Sulke boeke is soms lank uitstaande en nie tot beskikking van die publiek nie (Combining libraries, 1987, p. 219).

[iii] **Fasiliteite**

'n Gemeenskaplike biblioteek bied 'n gesellige en ontspanne atmosfeer aan. Studente ontmoet hulle maats daar en kom ook in aanraking met die publiek. Kinders, tieners, studente en volwassenes het dus geleentheid om te kommunikeer. Die kinderarea is klein en die skoolprogramme moet kompeteer met 'n groot groep ander gebruikers en met ander programme. Die area vir hoërskoolleerlinge is klein en word vir etlike ander doeleindes gebruik (Combining libraries, 1987, p. 219).

[iv] **Biblioteekure**


Aangesien die biblioteek ook saans en naweke oop is, is dit baie gerieflik. Langer ure beteken meer personeel wat in skofte werk. Finansies laat dit nie altyd toe nie (Combining libraries, 1987, p. 217).

#### **5.2.4 G.H. Dawe Community Centre Library**

Die G.H. Dawe Community Centre Library is 'n uitstekende voorbeeld van 'n biblioteek wat deel vorm van 'n gemeenskapsentrum en optimaal gebruik word deur twee skole en die gemeenskap. Die biblioteek is geleë in Red Deer tussen Edmonton en Calgary (Combining libraries, 1987, p. xi).

**Figuur 8**

**G.H. Dawe Community Centre Library**



Die plan toon duidelik die verskillende areas vir alle gebruikers van die gemeenskap. Die leerlinge is ook binne stapafstand van die biblioteek. Die kinderlokaal is so beplan dat dit afgeskort kan word deur middel van 'n skuifdeur. Aktiwiteite vir kinders kan daar plaasvind en veroorsaak geen steurnis aan die volwassenes wat die biblioteek gebruik nie. Twee ander addisionele lokale kan dien as seminaarkamers, studielokale of onderrigareas. Die ruimteverdeler kan weggeskuif word om meer akkommodasie aan te bied. Die toonbank is ook sentraal geplaas en toesig kan oor die volle biblioteeklokaal gehou word.

### 5.3 Bevindings van Woolard oor gekombineerde biblioteke in Kanada

1. Daar is bevind dat gekombineerde biblioteke meer voorkom in areas waar die bevolking klein is. Daar is bevind dat 'n plattelandse dorp met 'n bevolking van onder 3 000 gekombineerde biblioteke meer voorkom asook met 'n bevolking van 15 000 (Woolard, 1980, p. 37).
2. Gekombineerde biblioteke kom meer voor in kleiner skole byvoorbeeld 13 skole met gekombineerde biblioteke het minder as 500 leerlinge (Woolard, 1980, p. 37).
3. In die meeste gevalle is daar 'n opgeleide onderwyser-bibliotekaris wat diens lewer in die biblioteek. Groter skole met meer as 5 000 leerlinge het ook assistente of paraprofessionele personeellede wat die onderwyser-bibliotekaris bystaan.
4. Biblioteekure is 'n gemiddelde van 60 ure per week. Die meeste biblioteke is oop vir alle lede te eniger tyd.
5. Die grootste motivering vir die totstandkoming van gekombineerde biblioteke is die tekort aan fasiliteite in die skool of openbare biblioteek. Die tekort aan openbare biblioteke is meer opvallend as skoolbiblioteke.
6. Ligging van biblioteek - Die biblioteek is meestal geleë op die skoolgronde. Ander geboue word ook gebruik vir 'n biblioteek, veral in geboue waar ander aktiwiteite van die skool en publiek plaasvind (Woolard, 1980, p. 43).
7. Verskillende bestuursrade kom voor (1) skoolrade wat dien as biblioteekrade, (2) skoolrade en biblioteekrade wat apart funksioneer

maar saam vergader en (3) bestuursrade aangestel uitsluitlik vir die beheer van gekombineerde biblioteke. Daar word ook soms van advieskomitees gebruik gemaak (Woolard, 1980, p. 43).

Amey (1988, p. 42) beklemtoon die feit dat dit totstandkoming van gekombineerde biblioteke in Kanada toegeskryf kan word aan die feit dat dit die beste en mees regverdigde oplossing is vir 'n spesifieke situasie; in hierdie geval, klein plattelandse dorpe met geen biblioteekfasiliteite nie of met slegs een openbare of een skoolbiblioteek wat nie toegang bied vir alle gebruikersgroepe nie. Hy sonder ook die gemeenskap van 'n plattelandse dorp uit as die mees aanpasbare gebruikers van 'n biblioteek wat op die skoolgronde geleë is en wat ook saam met leerlinge gedurende skoolure van die biblioteek moet gebruik maak. Die feit dat almal aan mekaar bekend is en daar 'n goeie verhouding tussen volwassene en kind bestaan, skep 'n ontspanne atmosfeer in die biblioteek. "It has proven to be much less of a problem in small town rural South Australia, where shared ownership of the institution is easier to experience among people known to each other (Amey, 1988, p. 42).

## **6. GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA**

### **6.1 Onderzoek na gekombineerde biblioteke in die Verenigde State van Amerika**

'n Onderzoek na 52 gekombineerde biblioteke in die VSA is in 1976 van stapel gestuur. In 1979 is bevestig dat hierdie biblioteke nog altyd funksioneer (Woolard, 1980, p. 30). Gekombineerde biblioteke word in alle geografiese gebiede gevind maar meestal in die state soos Alaska, Colorado, Hawaii, Maryland, Massachusetts, Michigan en Pennsylvania. Vraelyste is na die skole gestuur en gekombineerde biblioteke is ge-evalueer onder die volgende afdelings (Woolard, 1980, p. 30-50).

[ i]           **Gebiede en inwonertal**

Nege-en-twintig van die gekombineerde biblioteke is geleë in die platteland in 'n distrik met 'n bevolking van 3 000 en minder, tien in 'n dorpsgebied met 'n bevolking van 15 000 en minder en twee in die stedelike gebiede. Die inwonertal van ses dorpe is 1 000 en minder en 27 dorpe met 'n inwonertal van 1 000 tot 5 000.

[ ii]           **Leerlingtal**

Die leerlingtalle van die skole wissel van minder as 500 tot 1 000. Ses skole het minder as 500 leerlinge en 33 biblioteke voorsien dienste aan laer- en hoërskole (Woolard, 1980, p. 37).

[iii]           **Personeel**

Van die 52 biblioteke het 14 onderwyser-bibliotekaris, nege het openbare bibliotekaris en vier het ondervinding van biblioteekwerk maar is opgeleide onderwysers. Twee-en-veertig biblioteke het ook assistentes of klerklike personeel (Woolard, 1980, p. 38-40).

[ iv]           **Biblioteekure**

Die aantal openingsure van die verskillende biblioteke wissel van 15 tot 75 ure per week. Daar is geen verwantskap tussen die aantal ure en die ledetal nie. Twee van die kleinste gemeenskappe voorsien 10 tot 12 ure per dag en een van die biblioteke met 'n totale bevolking van 500 en 600 is 60 ure per week oop. In teenstelling hiermee bied 'n groot biblioteek met 2 100 studente en 18 000 publieke lede minder as 50 ure per week aan (Woolard, 1980, p. 42). Twee-en-veertig biblioteke bedien alle lede, leerlinge en volwassenes alle openingsure. Slegs drie biblioteke is oop vir leerlinge gedurende skoolure. Dit is as gevolg van



onvoldoende ruimte (Woolard, 1980, p. 50).

[ v]           **Faktore wat lei tot die ontwikkeling van 'n gekombineerde biblioteek**

Die grootste motivering vir die ontwikkeling van 'n gekombineerde biblioteek is die tekort aan skool- en openbare biblioteekfasiliteite. Een-en-veertig biblioteke beskou swak of geen fasiliteite, veral openbare fasiliteite as die grootste rede vir kombinasie. Die tekort aan professionele personeel en die behoefte aan onderwyser-bibliotekaris is ook genoem.

[ vi]           **Stigters van gekombineerde biblioteke**

Skoolpersoneel en skoolrade is verantwoordelike vir die kombinasie van twee biblioteke. In 11 gevalle was openbare publieke rade verantwoordelik vir amalgamering. Finansiële hulp van die staat of die federale regering is ontvang vir die ontwikkeling van die gekombineerde biblioteke.

[vii]           **Ligging**

Die meeste van die gekombineerde biblioteke is geleë op die skoolgronde. Vier biblioteke is geleë in ander geboue.

**6.2           Gekombineerde biblioteke in Florida**

Florida is die mees suidelike staat van die Verenigde State van Amerika. Die grootste gedeelte van die staat maak deel uit van 'n skiereiland. Die bevolking is 13 003 362 (1990 sensus). Meer as 80% van die bevolking woon in stedelike areas. Die res van die bevolking woon in die platteland. Van die grootste stede in Florida is Jacksonville, Miami, Orlando en Hollywood.

Die Staatsbiblioteek van Florida het 'n kommissie van ondersoek na die moontlikheid van gekombineerde skool- en openbare biblioteke in 1977 van stapel gestuur. Die konsep van gekombineerde biblioteke is ondersoek om te bepaal watter model die meeste potensiaal toon vir voorsiening van verbeterde skool- en openbare biblioteke. Die ondersoek het bestaan uit drie fases. Fase 1 het bestaan uit besoek aan sewe gekombineerde biblioteke - een uit Kanada en ses ander biblioteke geleë in verskillende areas van die VSA. Die doel van die ondersoek was onder andere om die sukses of mislukking van die biblioteke vas te stel. Kriteria sou dan opgestel word vir gebruik in later stadiums van die projek. Gedurende Fase 2 het die ondersoekspan twee gekombineerde biblioteke besoek en die graad van sukses van elkeen gemeet volgens die kriteria van Fase 1 (Aaron, 1980, p. 50). Die kriteria is gebaseer op inligting verkry van literatuur, menings van deskundiges op die gebied en observasie. Die biblioteke is ge-evalueer op die volgende vrae:

- [ i] Beskou die persone wat betrokke is by die openbare biblioteek sisteem die gekombineerde biblioteek as 'n mislukking?
- [ ii] Was die dienste wat aangebied is tydens biblioteekure aan studente en die gemeenskapslede onsuksesvol?
- [iii] Was daar 'n vermindering in sirkulasie in vergelyking met vorige jare?
- [ iv] het die biblioteek misluk om die behoeftes van alle gebruikersgroepe raak te sien en aanpassings te maak?
- [ v] Was daar 'n afname in belangstelling deur die bestuursliggaam? (Aaron, 1980, p. 17).

Wanneer drie of meer van die antwoorde positief was, was die sisteem as onsuksesvol beskou. Die jaar-lange ondersoek het bevind dat die gemeenskappe

wat nie in staat is om twee afsonderlike biblioteke te onderhou nie, 'n beter oplossing sal vind deur 'n gekombineerde skool- en openbare biblioteek te stig (Aaron, 1980, p. 16).

Die twee biblioteke wat in Fase 2 besoek en evalueer is, was Meadowlane Community Library en Stone Community Library.

### 6.2.1 Meadowlane Community Library

Die idee van 'n gekombineerde biblioteek het reeds in 1968 ontstaan toe die fondse onvoldoende was om 'n openbare biblioteek te bou. Die plaaslike owerheid het onderhandel met die skoolraad om ook die biblioteekprogram van die openbare biblioteek te huisves. Die Meadowlane Community Library Association is gestig wat opgetree het namens die gemeenskap van Meadowlane. Hierdie vereniging tesame met die Brevard County School en die Brevard County Library het volmag gehad oor die gekombineerde biblioteek (Aaron, 1980, p. 52).

Die Community Association was verantwoordelik vir die funksionering en finansiering van die openbare biblioteek. Vir die Brevard County School Board tree die skoolhoof as agent op om saam met die onderwyser-bibliotekaris die administrasie te behartig, die biblioteekprogram te laat funksioneer, aanstellings te maak en toesig oor die biblioteekgebou te hou. Die Brevard County Library Board bestaan uit vyf lede wat elke distrik verteenwoordig en wat maandeliks byeenkom om besluite te neem, advies te gee en behulpsaam is met die opstel van die biblioteekbeleid (Aaron, 1980, p. 53).

Die Meadowlane Library maak deel uit van die administratiewe blok van die skool maar is apart van die klaskamers. Daar is verskillende ingange vir die studente en die gemeenskap. Die biblioteek het ook 'n area, die Quiet Room, spesiaal vir volwassenes wat stilte verlang. Met die uitsondering van die Quiet Room het die skool toegang tot al die lokale gedurende skoolure (Aaron, 1980, p. 53).

Die personeel bestaan uit twee professionele bibliotekaris, een paraprofessionele lid, twee tiksters en drie klerke. Daar is afsonderlike openingsure vir skoolleerlinge en die publiek. Die skool maak van die biblioteek gebruik gedurende die skooltyd wanneer die skoolpersoneel op diens is. Die publiek kan ook soggens van die biblioteek gebruik maak en die biblioteek sluit om 09:00 saans (Aaron, 1980, p. 54).

Die openbare biblioteek se personeel is ook gedurende skooltyd, middag en saans op diens. Hulle lewer ook diens aan skoolleerlinge gedurende en na skoolure.

Skoolbiblioteekmateriaal en die publiek se biblioteekmateriaal is afsonderlik op die rakke gerangskik. Met goedkeuring van die bibliotekaris-onderwyser mag 'n leerling 'n boek uit die openbare biblioteek uitneem.

Die voorraad van die Meadowlane Library word verkry van die biblioteekdienste van die staat wat op bruikleen materiaal aan biblioteke beskikbaar stel. Skenkings is ook ontvang van die gemeenskap. Die grootte van die voorraad is ongeveer 17 000 boeke in die openbare biblioteek en 14 000 in die skoolbiblioteek. Oudiovisuele materiaal is aangeskaf vir skooldoeleindes (Aaron, 1980, p. 55).

Die sukses van die gekombineerde biblioteek was te danke aan die volgende:

- [ i] Die betrokkenheid en die ondersteuning van die gemeenskap;
- [ ii] Die goeie samewerking tussen die skool en openbare biblioteek se twee personele;
- [ iii] Die skoolhoof se entoesiasme om die stelsel suksesvol te laat verloop;
- [ iv] Die onderwysers se samewerking;

- [ v] Die ondersteuning van die skoolraad en motivering van die lede van die Raad;
- [ vi] Die feit dat die skool altyd betrokke is by die aktiwiteite van die gemeenskap.

Daar bestaan ook probleme wat die effektiewe gebruik van die biblioteek benadeel:

- [ i] Die oorvol biblioteek;
- [ ii] Die tekort aan professionele personeel veral wanneer die publiek dit verlang;
- [iii] Die inkort van publieke programme gedurende skoolure in die biblioteek.

Meadowlane Library het baie sukses gehad met die kombinasie van verskeie funksies en take van twee biblioteke om te voorsien in die behoeftes van 'n klein gemeenskap. Namate die gemeenskap groei en die biblioteek moet uitbrei sal daaglikse programme nie meer vlot kan verloop nie en beperkte dienste gelewer word (Aaron, 1980, p. 56).

### 6.2.2 Stone Community Library

Die besoek aan Stone Community Library in Melbourne (Brevard Country) was ook deel van die ondersoek na gekombineerde biblioteke in Florida. Minder tyd is daar bestee as by Meadowline aangesien die biblioteek nie aan die kriteria van Fase 1 voldoen het nie.

Die rede vir die mislukking van die biblioteek was die verkeerde motivering vir die totstandkoming van so 'n biblioteek. Die fasiliteite van die skool moes

opgegradeer word om die gemeenskap tevrede te stel. Gevolglik was die betrokkenheid en ondersteuning van die gemeenskap, wat so belangrik is vir die sukses van die biblioteek, afwesig. 'n Ander belangrike faktor wat sukses verminder, is die feit dat dit naby 'n ander openbare biblioteek geleë is. Laasgenoemde voorsien meer dienste aan die gemeenskap as Stone Library. Derdens was die biblioteek net beman deur slegs een professionele bibliotekaris naamlik die onderwyser-bibliotekaris. Die persoon moes die skool en publiek bedien en volwassenes het beperkte diens ontvang. Selfs die openingsure in die middag en aande was beperk.

Hierdie probleme het die taak van die personeel bemoeilik om bevredigende diens te lewer aan leerlinge sowel as aan die publiek (Aaron, 1980, p. 57).

Probleme en tekortkominge wat vooruitgang gestrem het is:

- Die onduidelike omskrywing van pligte, verantwoordelikhede en administratiewe prosedure;
- Die samewerking tussen die skool en openbare biblioteek;
- Die skoolowerhede wat nie die seggenskap van die openbare biblioteek wil erken nie;
- Die wanindruk van die professionele bibliotekaris in die biblioteek;
- Geen ooreenstemming met werkskedules en salarisse van personeel;
- Volwassenes is traag om die biblioteek te gebruik tydens skoolure as gevolg van skoolprogramme en steurnisse;
- Die biblioteeklokaal voldoen nie altyd aan die volwassenes se behoeftes nie;
- Beperkinge op die openingsure vir volwasse biblioteekgebruik.

Daar is wel ook voordele verbonde aan die gemeenskapsbiblioteke naamlik:

- 'n Groter voorraad en beter materiaal is beskikbaar;
- Openbare biblioteekdienste is 'n groot voordeel, 'n diens wat andersins nie

daar sou gewees het nie;

- Gekombineerde fasiliteite maak dit moontlik om geboue en instandhouding daarvan te bespaar.

### **6.3 Bevindings in ondersoek na gekombineerde biblioteke in VSA**

1. Gekombineerde skool- en openbare biblioteke is geïdentifiseer in alle gebiede van die VSA. Hulle is geleë in die platteland, voorstedelike gebiede en in die stede. Dit toon egter duidelik dat gekombineerde biblioteke meer voorkom in die platteland, in dorpe en distrikte met 'n inwonertal minder as 10 000 (Aaron, 1980, p. 56).
2. Die grootte van die skool beïnvloed nie die bestaan van gekombineerde fasiliteite nie. Die grootte van die personeel word volgens die bevolkingsyfer bepaal maar daar is geen spesifieke patroon of aanduiding wat die biblioteekpersoneel se grootte bepaal nie (Woolard, 1980, p. 57).
3. Daar is 'n groot verskeidenheid van die biblioteekure van elke biblioteek. Die verskynsel wat voorkom is dat biblioteke in die kleinste gemeenskap se openingsure meer is as sommige biblioteke in groot gemeenskappe (Woolard, 1980, p. 58). 'n Tekort aan die nodige fasiliteite kom voor by die meeste biblioteke. Personeeltekort is meestal 'n probleem.
4. In 23 gemeenskappe het skoolrade of skoolpersoneel die gekombineerde fasiliteit tot stand gebring en in 11 gemeenskappe het openbare bibliotekarisse die aanvoorwerk gedoen. In 10 gevalle was die inwoners van die dorp daarvoor verantwoordelik (Woolard, 1980, p. 58).

5. Gekombineerde biblioteke kom meer voor in skoolgeboue en meestal in hoërskole. Ses biblioteke is beskikbaar in gemeenskapsentrums. Die ligging van die gekombineerde fasiliteite is belangrik, want dit moet binne die bereik van alle gebruikersgroepe van die gemeenskap wees (Aaron, 1980, p. 58).
6. Daar bestaan geen eenvormigheid by biblioteke oor die administrasie en organisasie van biblioteke nie. Elke biblioteek stel sy eie beleid op. Die personeel se werksure word so gereël dat die biblioteek ook gedurende naweke en skoolvakansies beskikbaar is (Aaron, 1980, p. 57).
7. Die voordele van gekombineerde biblioteke kom baie ooreen met die voordele wat in Suid-Australië bevind is. Ander voordele wat ook bygevoeg kan word, is die vermindering van duplisering van biblioteekmateriaal, beter gebruik van finansiële bronne en 'n uitbreiding van biblioteekdienste (Aaron, 1980, p. 60).
8. Die tekortkominge kom ook ooreen met die faktore wat in Suid-Australië (paragraaf 4.4) genoem is.

Inligting wat ingewin is in die ondersoek in 1979, het getoon dat gekombineerde biblioteke nog steeds voortgaan met dienslewering in hulle onderskeie gemeenskappe. Wat wel voorgekom het, is besnoeiing en bevriesing van die begroting maar nie die personeel nie. Ondanks die belemmering kon die biblioteke goeie diens lewer en het selfs programme uitgebrei (Aaron, 1980, p. 60).



## **7. GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE IN SWEDE**

### **7.1 Algemeen**

Swede is wat oppervlakte betref (sowat 450 000 km<sup>2</sup>) die grootste land van Skandinawië. Swede het 'n bevolking van ongeveer 8,5 miljoen. Die bevolkingsdigtheid verskil van streek tot streek. Die suide van Swede is die digste bevolk en Norrland, die noordelike provinsies is 'n yl bevolkte en minder ontwikkelde gebied. Langs die kus is 'n aantal groot en kleiner eilande waarvan Oland, Gotland en Faro in die Oossee die grootste is. Gotland het 'n bevolking van 55 000 versprei oor 'n oppervlakte van 3 000 m<sup>2</sup>. Stockholm, langs die Oossee is die hoofstad van Swede. Sweeds is die amptelike voertaal (School libraries, 1991, p. 81).

Agt-en-neëntig persent van die Sweedse kinderbevolking woon staatskole by. Die verantwoordelikheid van skole word gedeel deur die sentrale regering en die plaaslike munisipaliteit. 'n Komprehensiewe onderwysstelsel word gevolg. Na nege jaar van verpligte onderwys ("Grundskolan") volg drie opsionele hoërskooljare ("gymnasium"). Die "gymnasiums" bied beroepsgerigte onderwys aan (Nilson, 1978, p. 44).

### **7.2 Die ontwikkeling van gekombineerde skoolbiblioteke in Swede**

Reeds in 1842 het die Regering aanbeveel dat munisipaliteite biblioteke moet oprig vir plattelandse gebiede (School libraries, 1991, p. 83). Die biblioteke sou opgerig word in plattelandse skole en sou bestuur word deur die skoolpersoneel. Die biblioteke sou egter nie bekend staan as skoolbiblioteke nie, maar as openbare biblioteke. Dit was eers tussen 1890 en 1920 dat skoolbiblioteke toegeneem het maar eers vanaf 1962 het dit verpligtend geword. Die Onderwyswet meld dat biblioteke opgerig moet word maar geen toekenning word gemaak nie en dit is die verantwoordelikheid van die plaaslike skoolowerhede (School libraries, 1991, p. 8).

Personeellede opgelei as onderwyser-bibliotekaris se asook ander personeellede lewer diens in die biblioteek (School libraries, 1991, p. 87).

Samewerking tussen biblioteke is 'n natuurlike kenmerk in Swede (Ottervik, 1954, p. 156). Goeie samewerking het ontstaan as gevolg van die feit dat daar 'n gebrek aan skoolbiblioteke was, die goeie fasiliteite van die openbare biblioteke en die dienslewering van kinderbibliotekaris se aan skoolleerlinge. Hierdie omstandighede word meestal gevind in kleiner munisipaliteite met 'n klein inwonertal en 'n klein bronnevoorraad. Daar is ook gevalle in groter stede waar takbiblioteke ook verantwoordelik is vir openbare dienste en vir dienste aan leerlinge in skole (School libraries, 1991, p. 91).

Samewerking tussen die openbare biblioteke en skoolbiblioteke het reeds in 1934 in Stockholm begin toe twee skoolbiblioteke as takkinderbiblioteke na skoolure gebruik is. Die skema was baie suksesvol en vanaf 1946 was daar 'n ooreenkoms tussen die plaaslike Onderwysraad en die Stockholm Biblioteekkomitee dat sulke takke gestig moet word en gekombineer moet word met bestaande skoolbiblioteke (Harrison, 1961, p. 142).

Op hierdie stadium was daar drie tipes van biblioteekvoorsiening aan die gemeenskap in Stockholm:

- [ i]            Aparte kinderbiblioteekafdelings in die openbare biblioteek en takbiblioteke;
- [ ii]           Slegs skoolbiblioteke op die skoolgrond;
- [iii]           "Co-ordinated libraries" - dit is skoolbiblioteke wat diens lewer aan die skoolleerlinge gedurende skoolure en na skoolure ook diens lewer aan alle kinders van die gemeenskap en dien as 'n takbiblioteek van die stadsbiblioteek (Harrison, 1961, p. 141).

Die plaaslike Onderwysraad voorsien die geboue en ameublement en die openbare biblioteek is verantwoordelik vir die boekevoorraad en prosessering. Gedurende skoolure word die skoolbiblioteek deur 'n onderwyser-bibliotekaris beman, aangestel en besoldig deur die Onderwysraad en na skoolure wanneer dit dien as takbiblioteek van die openbare biblioteek word dit beman deur 'n bibliotekaris van die Stockholm stadsbiblioteek. Die biblioteke is ook saans oop en ook gedurende naweke (Harrison, 1961, p. 142). Hierdie tipe biblioteke het ook uitgebrei na ander stede en ook in die platteland.

Die doelstellings van hierdie samewerking tussen biblioteke is saamgevat in die Verslag van die Openbare Biblioteek (Report of the Public Library Experts) is as volg:

"Co-operation must aim at placing the book resources of the whole country at the disposal of every citizen. The larger the library is, the greater are its responsibilities in these respect. All libraries must - in actual fact and not merely on a principle - form part of a unitary system, a system in which there is an unbroken line reaching from the school library, by the way of the public library, to the research library" (Ottervik, 1954, p. 156).

### **7.3 Gesentraliseerde biblioteekdienste in Swede**

Sowat 100 van Swede se 284 munisipaliteite bied gesentraliseerde dienste vir skoolbiblioteke. Die dienste wat aangebied word is 'n uitgebreide bronneseentrum en personeellede wat skoolbedrywighede koördineer in die munisipaliteit. Hierdie sentrums met 'n groter voorraad dra baie by tot skoolbiblioteke. Raadgewers staan ook die leerlinge by met die keuse van boeke, projekwerk en kurrikulumprogramme. Samewerking tussen die skoolbiblioteke en openbare biblioteke word behou deur distrikskoördineerders (School libraries, 1991, p. 90). Goeie voorbeelde van sulke biblioteke is die biblioteke van Lund, Uddevalla, Umea en Norrköping.

Integrasie van biblioteke kan as volg beskryf word:

- Die twee verantwoordelike liggame, die Cultural Council vir openbare biblioteke en die School Board vir skoolbiblioteke volg dieselfde doel en beleid vir alle aktiwiteite en dienste en deel ook die finansiële las tussen hulle (Koldenius, 1992, p. 8).
- Die plaaslike skoolkurrikulum en die belangrikheid daarvan in die opvoedingsproses sal steeds 'n vername faset van die beleid van die skoolbiblioteek bly (Koldenius, 1992, p. 8).
- Elke skool sal die rol van die biblioteek in hulle skoolaktiwiteite erken (Koldenius, 1992 p. 8).
- Die biblioteekvoorraad is beskikbaar vir gesamentlike gebruik.
- Die personeel is eie aan die twee biblioteke (Koldenius, 1992, p. 8).

Die kultuur- en onderwysbeleid stem dus baie ooreen. Beide het die volgende doelstellings:

- Om alle kinders in die gemeenskap te bereik;
- Om die kinders se taalgebruik te bevorder;
- Om kinders te stimuleer om goeie leesgewoontes en studiemetodes te ontwikkel;
- Om goeie literatuur te bevorder wat as alternatief kan dien tot kommersiële massa media in kinderlektuur (School libraries, 1991, p. 91).

Volgens Malin Koldenius en Elisabeth Nilsson is daar na 'n ondersoek na geïntegreerde biblioteke in Swede, seker nadele vasgestel:

1. Dit gebeur selde dat doelstellings doelgerig is; dit bemoeilik aktiwiteite.
2. Die verdeling van koste is nie altyd prakties moontlik nie.

3. Die personeel gee meer aandag aan skoolleerlinge en die publiek ly skade.
4. Die ligging van die biblioteek is nie sentraal nie. Die skole is gewoonlik nader aan woonbuurte.
5. Die biblioteek word meer beset deur skoolleerlinge wanneer die publiek dit wil gebruik (Koldenius, 1992, p. 10-11).

#### 7.4 Gekombineerde skool- en openbare biblioteke

Ongeveer 500 uit 'n totaal van 2 000 openbare biblioteke is op skoolgronde gebou en dien dan as gekombineerde openbare en skoolbiblioteke (School libraries, 1991, p. 92). Skole met geen biblioteke het dan die fasiliteite van skool- en openbare biblioteke op die skoolgronde. Gedurende die sewentigerjare het die takbiblioteke ook die totstandkoming van gekombineerde biblioteke bevorder. Nuwe woonbuurte is opgerig en nuwe skole is gebou. Takbiblioteke in hierdie gebiede is gekombineer met skole en sogenaamde gekombineerde skool- en openbare biblioteke het ontstaan. Statistieke toon dat 'n gekombineerde biblioteek se voorraad vir kinders tot 50% van die voorraad is teenoor die gemiddelde 30% van skoolbiblioteke (School libraries, 1991, p. 92). Dit het ook die voordeel van professionele personeel en 'n groter boekevoorraad as gewone skoolbiblioteke. Gedurende skoolure het die biblioteek gedien as 'n skoolbiblioteek vir leerlinge en onderwysers het diens gelewer. Na skoolure is dieselfde gebou oorgeneem deur die munisipaliteit om die publiek te bedien (Ottervik, 1954, p. 138).

Die verdere ontwikkeling van gekombineerde biblioteke in Swede kan toegeskryf word aan die nuwe benadering van skoolonderrig, bekend as Lgr 80 vanaf 1982. Die nasionale kurrikulum beklemtoon die belangrikheid van selfstudie, kritiese denke en die aanleer van vaardighede om inligting te bekom. Mediageoriënteerde selfstandige leer teenoor handboekonderwys word bewys as die mees effektiewe vorm van onderrig. Die kurrikulum onderstreep ook die belangrikheid van die

aanbieding van kultuurprogramme aan leerlinge (School libraries, 1991, p. 86). Die biblioteek speel 'n verneme rol in die vervulling daarvan. 'n Toereikende voorraad en toegang tot die inligting en die onafhanklike gebruik daarvan was belangrik. Dit het ook vereis dat die skoolbiblioteek langer oop moet wees. Skoolbiblioteke kon nie alleenlik in die behoeftes van die leerlinge voorsien nie en openbare biblioteke se dienste is geraadpleeg (Limberg, 1991, p. 28).

Met die doel voor oë om biblioteekdienste te verbeter en te ontwikkel het die Swedish National Council for Cultural Affairs 'n studie van gekombineerde skool- en openbare biblioteke gemaak. Sewe munisipaliteite en een plattelandse gemeenskap het deel van die studie gevorm (Koldenius, 1992, p. 7). Die konsep en uitvoering van geïntegreerde openbare en skoolbiblioteke is 'n onderwerp wat reeds bespreek is by 'n IFLA-seminaar in Stockholm in 1990. Die belangrikste redes vir die totstandkoming van gekombineerde biblioteke is besparing en besnoeiing. Die voorsiening van gesamentlike munisipale dienste bring kostebesparing mee (Koldenius, 1992, p. 8).

## **7.5 Voorbeelde van gekombineerde skool- en openbare biblioteke in Swede**

### **7.5.1 Gribby Gard in Taby**

Gribby Gard Biblioteek is 'n voorbeeld van 'n gekombineerde skool- en openbare biblioteek. Taby is sowat 20 kilometer van Stockholm. Die biblioteek bestaan reeds vier jaar en dien as 'n gemeenskapsentrum en bied dienste aan soos byvoorbeeld kinderklinieke, voorskoolse sentrum en 'n dienssentrum vir bejaardes. Die biblioteek staan onder die jurisdiksie van die skoolraad. Die skoolhoof is ook die direkteur van die biblioteek. Die biblioteek het sy eie beleid en doelstellings wat deur die skool en publiek aanvaar word (Koldenius, 1992, p. 9).

## 7.5.2 Gekombineerde biblioteke in Gotland

Gotland is een van die grootste Sweedse eilande in die Baltiese See. Dit lê tussen die land, Swede en die Baltiese eilande. Dit is 'n tipiese dunbevolkte gebied met 55 000 inwoners wat woon op 3 000 m<sup>2</sup>. Daar is nege bestuursgebiede met kleiner skole en 'n hoërskool in Visby met 2 000 leerlinge (Ollson, 1992, p. 6).

- **Grabo**

Net suid van Visby is die gebied Grabo. Die eerste geïntegreerde skool- en openbare biblioteek het reeds in 1978 hier tot stand gekom. Die biblioteek was 'n gemeenskapsentrum. Dit was sentraal geleë met die skool langsaa en ander besighede rondom. (Ollson, 1992, p. 6).

- **Vaskinde**

In Vaskinde, 15 kilometer van Visby, is die skool vergroot en die biblioteek van die gemeenskapsentrum is na die skool se leeskamer verskuif. Die voorraad het geleidelik vergroot en 'n opgeleide bibliotekaris is deelyds aangestel en het 'n salaris ontvang. Die biblioteek is meestal deur die skoolleerlinge gebruik. 'n Nadeel egter was die feit dat die volwassenes die biblioteek in die skoolgebou minder gebruik het (Olsson, 1992, p. 6).

- **Labro**

In Labro is 'n nuwe skoolgebou in 1986 op dieselfde gronde opgerig en die ou skool is vir 'n biblioteek gebruik. Die idee was dat die ou skool wat in 'n biblioteek omskep is, deur die hele gemeenskap gebruik moet word. Bykomende personeel kon aangestel word en die biblioteek kon langer openingsure verskaf en die onderwyser-bibliotekaris tot hulp wees (Olsson, 1992, p. 6).

- **Stenkyr**

'n Naburige openbare biblioteek is op aandrang van die publiek gesluit en dit was die gemeenskap se wens dat die openbare biblioteek moet kombineer met die skoolbiblioteek by Stenkyr. Hierdie biblioteek was onder toesig van 'n onderwyser-bibliotekaris gedurende skoolure en ook oop gedurende die aand wanneer 'n openbare bibliotekaris op diens was (Olsson, 1992, p. 6).

### **7.5.3 Skinnskatteberg**

As gevolg van die kurrikulum, Lgr 80, wat deur die komprehensiewe skole gevolg is, was alle skole, hoe klein ookal, afhanklik van 'n biblioteek. Leerlinge het toegang tot boeke, tydskrifte en koerante nodig gehad om die verskillende opdragte uit te voer (Stenberg, 1987, p. 17).

Skinnskatteberg het geen openbare of skoolbiblioteek gehad nie en die leerlinge sowel as die volwassenes het dit as 'n dringende behoefte beskou. Daar is toe in samewerking met die Cultural Affairs Committee besluit om die biblioteek en die skool onder een dak te vestig. In 1982 is die gekombineerde biblioteek voltooi. Die boekevoorraad sal dan altyd binne bereik van die leerlinge wees en die biblioteek sal ook beskikbaar wees vir volwassenes. Die skool en biblioteek is sentraal geleë en in die nabyheid van die woonbuurt. Die Cultural Affairs Committee is verantwoordelik vir die betaling van die gebou en die skool vir die besoldiging van die bibliotekaris (Stenberg, 1987, p. 17).

### **7.6 Bevindings in die ondersoek na gekombineerde biblioteke in Swede**

- [ i] Gekombineerde biblioteke funksioneer beter in kleiner gemeenskappe. Dit is nie net alleenlik in klein dorpieë nie maar ook in woongebiede van groot stede waar gekombineerde takbiblioteke opgerig word.



- [ ii] Besparing kan geskied wanneer een gebou gebruik word in plaas van twee afsonderlike geboue. Ander aspekte wat koste kan bespaar is huur, boekevoorraad, personeel, skoonmakers ensovoorts.
- [iii] Goeie samewerking tussen skole en biblioteke word toegeskryf aan die kurrikulum, Lgr 80, wat die biblioteek en sy voorraad 'n wesentliche deel van die skoolprogram maak (Nilson, 1978, p. 44).
- [ iv] Meer professionele personeellede kan aangestel word, diens aanvaar en die skoolpersoneel en leerlinge tot hulp wees met die beplanning van selfstudie take.
- [ v] Daar is goeie samewerking tussen die skool en munisipaliteit.

## 8. 'N VERGELYKING TUSSEN DIE GEKOMBINEERDE BIBLIOTEEK-DIENSTE VAN AUSTRALIË, KANADA, VSA EN SWEDE

### 8.1 Stigting van gekombineerde biblioteke

Stigtingsjare van gekombineerde skool- en openbare biblioteke kan as volg vergelyk word:

In Kanada het gekombineerde biblioteke reeds in 1970 tot stand gekom en in 1981 is 179 sulke biblioteke geïdentifiseer (Amey, 1989, p. 109). In die VSA kom skool/openbare biblioteke reeds vanaf 1972 voor en Suid-Australië vanaf 1977. In 1989 was daar 46 gekombineerde skool- en openbare biblioteke in Suid-Australië (Dwyer, 1986, p. 33). In Gotland in Swede is daar reeds in 1978 'n begin gemaak met gekombineerde biblioteke (Olsson, 1992, p. 6).

## 8.2 Geografie

Australië, Kanada en die VSA se geografie is van so 'n aard dat die binneland uitgestrek is. Die uitgestrekte platteland kom goed ooreen met dié van Suid-Afrika. Dele van Swede is ook yl bevolk en Swede besit ook kleiner eilande in die Oossee wat ook dun bevolk is.

Gekombineerde skool/openbare biblioteke kom meer in die uitgestrekte gebiede voor. Dit word algemeen aanvaar dat 'n gekombineerde biblioteek 'n bevredigende alternatief is vir 'n plattelandse area waar daar geen openbare biblioteek is nie. Nieteenstaande is dit ook bewys dat gekombineerde fasiliteite 'n sukses kan wees in groter stede soos byvoorbeeld Melbourne in Australië en Vancouver in Kanada.

## 8.3 Bevolking

Die bevolking is yl versprei oor die hele gebied. In al vier lande kan die bevolking van 'n dorp selfs minder as 3 000 wees. Volgens die Guidelines for School/Community Libraries van Suid-Australië is 'n bevolking van 3 000 en onder, aan te beveel vir gekombineerde fasiliteite. 'n Opname in Kanada het ook getoon dat gekombineerde biblioteke ook voorkom in gebiede met inwonergetalle van 500 tot 5 000.

## 8.4 Plattelandse skole

Die meeste skole in die plattelandse gebiede is aparte hoër- en laerskole. Gekombineerde biblioteke kom meestal voor by hoërskole maar word ook gevind by laerskole. Gekombineerde skole soos in Suid-Afrika kom ook voor in Australië. Soos aanbeveel deur die Guidelines for School/Community Libraries van Suid-Australië en ook gevalle in Kanada en VSA word gekombineerde biblioteke aanbeveel vir gekombineerde biblioteke. Hoërskole beskik reeds oor

biblioteekmateriaal wat geskik is vir volwassenes. Gekombineerde fasiliteite is ook by primêre skole aanpasbaar aangesien dit moet voorsien aan alle gebruikersgroepe van die gemeenskap wat voorskoolse en laerskoolkinders insluit. Dit kan dan verwag word dat watter tipe skool ookal, daar voorsiening gemaak moet word vir openbare biblioteekfasiliteite.

In Swede is daar ook goeie samewerking tussen die openbare- en skoolbiblioteek en fasiliteite word gedeel. Dit is veral as gevolg van die nasionale kurrikulum, Lgr 80, wat in 1982 begin het dat biblioteke 'n onontbeerlike bron van inligting geword het.

#### **8.5 Ligging van skole**

In kleiner dorpe is die skool taamlik sentraal geleë sodat dit maklik bereikbaar is vir skoliere en volwassenes. In groter dorpe is die skole gewoonlik buite die besige gebied van die dorp geleë en nie so maklik bereikbaar nie. Ligging van skole is belangrik wanneer die publiek ook daarvan gebruik maak.

#### **8.6 Gemeenskapsentrums**

Gemeenskapsentrums kom voor in al drie lande. Die gemeenskapsentrums bedien gewoonlik die publiek, die laerskool en die hoërskool. Hulle is nie op skoolgronde geleë nie en het ander opvoedkundige fasiliteite soos byvoorbeeld kuns en ontspanning.

#### **8.7 Personeel**

In die meeste gevalle is daar opgeleide onderwyser-bibliotekaris. Onopgeleide personeellede is ook behulpsaam. In groter biblioteke is daar 'n tekort aan personeel. Dit is veral die openbare biblioteekpersoneel wat na skoolure en vakansies diens doen. Dit wil ook voorkom dat die skoolbibliotekaris se salaris

groter is as die openbare bibliotekaris se salaris.

### **8.8 Leners**

Dit kom voor dat volwassenes die skoolgeboue as die eiendom van die onderwysers en leerlinge beskou en ontuis voel om die biblioteek op skoolgronde te besoek. Huidige onderwys toon egter die betrokkenheid van die ouers en gemeenskap in die skool en samewerking tussen die skool en gemeenskap is belangrik en noodsaaklik.

### **8.9 Biblioteekure**

Openingsure is nie alleenlik gedurende skoolure nie maar ook na skoolure, weeksaande, naweke en vakansies. Die aantal oop ure word bepaal volgens die gebruik van die inwoners. Daarom kan dit wissel vanaf 15 ure per week in klein dorpie tot 75 ure per week in groot dorpe. Langer biblioteekure kom ook voor in kleiner gebiede, afhangende van die gemeenskap se behoeftes.

### **8.10 Bestuur**

In Suid-Australië, VSA en Kanada word gekombineerde biblioteke bestuur deur plaaslike gekoördineerde administrateurs wat die openbare biblioteek en skoolbiblioteek verteenwoordig. Hulle is verantwoordelik vir die opstelling van 'n beleid, publieke betrekkinge, addisionele hulp in die biblioteek en fondsinsameling. Biblioteke in die VSA word ook beheer deur die Skoolraad en die Biblioteekraad. In Suid-Australië en Kanada word riglyne opgestel deur staatsdepartemente of biblioteekrade. Die Departement van Opvoeding finansier die skoolbiblioteek en die openbare biblioteek en personeel word betaal deur die plaaslike owerhede en gesubsidieer deur die Biblioteekraad. In Swede neem die Cultural Council vir openbare biblioteke en die School Board vir skoolbiblioteke die verantwoordelikheid om 'n beleid en doelwitte saam te stel vir geïntegreerde biblioteke en finansies

word ook verdeel (Koldenius, 1992, p. 8). Munisipaliteite (communes) onderneem ook om gekombineerde biblioteke te bestuur (Koldenius 1992, p. 7).

### 8.11 Finansies

Dwyer stel voor dat "joint-use libraries" ook "joint-funding" moet wees. Elke staat, area of gemeenskap kan sy eie beleid van finansiering opstel solank dit die goedkeuring van die gemeenskap wegdra.

## 9. BEVINDINGS VAN GEKOMBINEERDE BIBLIOTEKE IN AUSTRALIë, KANADA, VSA EN SWEDE

- [ i] Oor die algemeen word gekombineerde skool- en openbare biblioteke in plattelandse areas opgerig waar die bevolking van die bepaalde area nie 3 000 oorskry nie.
- [ ii] Die stigting van 'n gekombineerde skool- en openbare biblioteek moet die behoefte van die gemeenskap wees en ook voorsien in die spesifieke behoeftes van die gemeenskap. "So the answer to why new school/community libraries continue to be built, is, in many cases, because they are seen as the best and most reasonable response to a particular situation" (Amey, 1988, p. 42).
- [iii] Die stigting van 'n gekombineerde biblioteek moet die goedkeuring van beide owerhede, die skool en die plaaslike owerheid wegdra.
- [ iv] Gekombineerde fasiliteite moet deur die meerderheid van die gemeenskap gebruik word. Daar moet nie duplisering van fasiliteite wees wat finansiëel meer van die publiek verg nie.
- [ v] Gekombineerde fasiliteite kombineer ook die skoolleerlinge en die

volwassenes en samewerking word bevorder.

- [ vi] Gekombineerde biblioteke moet tot gebruik van die publiek wees wanneer dit vir hulle die geskikste is byvoorbeeld naweke, vakansies, ensovoorts.
- [vii] Die teenwoordigheid van 'n biblioteek in 'n gemeenskapsentrum bevorder opvoeding buite skoolverband. Deur die beskikbaarheid van opvoedingsmateriaal vind opvoeding spontaan plaas en bereik alle gemeenskapsgroepe.
- [viii] Alle personelede moet die verskille tussen die skool en openbare biblioteekdienste verstaan en respekteer.
- [ ix] Behoeftes en belangstellings van die gemeenskap kan verander en groei. Uitbreiding van fasiliteite moet altyd in gedagte gehou word.

## 10. PLATTELANDSE BIBLIOTEKE IN MALAWI

### 10.1 Algemeen

Malawi is geleë in Sentraal-Oos Afrika met 'n oppervlakte van 45,747 vierkante myl. In 1972 was die bevolking 4 666 000. Die bevolking is oneweredig versprei met die digste bevolking in die noorde. Tagtig persent van die bevolking woon in die plattelandse gebiede en landbou is die land se vernaamste inkomste (Mabomba, 1976, p. 1).

Die biblioteekdiens van Malawi is nie 'n voorbeeld van gekombineerde biblioteke soos in Australië of Kanada nie maar is eerder 'n voorbeeld van dienslewering aan 'n gemeenskap van 'n ontwikkelende land - veral aan die uitgestrekte platteland waar die oorgrote meerderheid van die bevolking woon. Malawi se biblioteekdiens

bied wel gekombineerde biblioteekdiens aan maar word aangepas by die behoeftes en omstandighede van die bevolking.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die Rural Service Department gestig is in 1986. Die Rural Service Department is 'n uitvloeisel van die National Library Service wie se doelstelling is om biblioteke te stig, te propageer, te bevorder en te ontwikkel. Die Rural Service Department se doel is om dienste te lewer aan minderbevoorregte inwoners wat as gevolg van geografiese redes, nie die biblioteekdienste by die hoofdienspunte kan gebruik nie (Chimseu, 1991, p. 3).

Die doelwitte van die departement is die volgende:

- Om geskikte biblioteekmateriaal aan die platteland te voorsien;
- Om inligtingsentrums op strategiese plekke tot stand te bring soos byvoorbeeld by skole, kerke, plaaswonings, ensovoorts;
- Om gereelde biblioteekdienste te voorsien in plattelandse areas;
- Om die verspreiding van inligting deur verskillende agentskappe te koördineer (Chimseu, 1991, p. 2).

'n Netwerk van Rural Community Information Centres (RCIC's) is teweeggebring en op strategiese plekke gestig. Reeds 284 sentrums is aan die einde van Maart 1992 tot stand gebring.

Die doel van die sentrums is:

- Om inligting te voorsien aan die gemeenskap oor onderwerpe soos landbou, gesondheid, sindelikheid, landsake of ander onderwerpe wat van belang is;
- Om materiaal te voorsien om geletterdheid te bevorder;
- Om vergaderings en ander opvoedkundige byeenkomste te reël;
- Om saam te werk aan gemeenskapsprojekte;
- Om gesonde vermaak, kulturele byeenkomste en ontspanning aan te bied

(Chimseu, 1991, p. 2).

## 10.2 Funksies van die Rural Community Information Service

- Bepaal die lees- en inligtingsbehoefte van die plattelandse gemeenskap.
- Stel die geskikte en relevante leesmateriaal beskikbaar om in die behoeftes te voorsien en goeie leesgewoontes aan te kweek.
- Moedig die lees van goeie literatuur en die skryf daarvan aan.
- Help die nuutgeletterde om die korrekte keuse van leesmateriaal te maak.
- Lewer 'n bydrae tot afstandsonderrig aan studente (Chuma, 1988, p. 4).

Om die program reg te laat funksioneer, word daar in samewerking met die staatsdepartement wat betrokke is met plattelandse ontwikkeling gewerk. Daar word veral baie aandag aan ongeletterdheid gegee. Die nuutgeletterde moet ook tot die besef gebring word dat geletterdheid en leesvernuf die oplossing kan wees vir hulle sosio-ekonomiese en kulturele probleme (Chuma, 1988, p. 5). Dit is ook belangrik dat daar opvolgwerk gedoen moet word om geletterdheid verder te bevorder. Die verskaffing en gebruik van korrekte leesmateriaal is belangrik om die nuutgeletterde te stimuleer sodat hy nie terugval na ongeletterdheid nie (Chimseu, 1991, p. 2).

Die Rural Library Service Department, School Service Department en Postal Services het in April 1992 geamalgameer om die Extra-Mural Department te vorm. Die belangrikste doel van die departement is om boeke te vervoer of te versend na die lesers wat geen toegang tot dienspunte het nie as gevolg van sosio-ekonomiese redes, groot afstande en vervoerprobleme (Chimseu, 1992, p. 1).

Plattelandse skole kan aansoek doen vir biblioteke in skole. Hierdie biblioteke word "library units" genoem en is nie gestandaardiseerde biblioteke nie maar 'n vertrek met boeke. Inwoners van die dorp word toegelaat om ook van die eenhede gebruik te maak as daar nie 'n "rural library unit" beskikbaar is nie.



Wanneer daar wel 'n "rural library unit" beskikbaar is en nie 'n eenheid in die skool nie, mag skoolkinders met toestemming van die skoolhoof, daarvan gebruik maak (Chimseu, 1992, p. 1).

Die behoefte aan 'n biblioteek is in sekere gemeenskappe so groot dat dit die gemeenskap is en nie die skoolowerhede nie wat met die idee vorendag kom om aansoek te doen vir die oprigting van 'n skoolbiblioteek (Chimseu, 1992, p. 1).

## 11. SAMEVATTING

Gekombineerde skool- en openbare biblioteke is 'n algemene verskynsel in Suid-Australië, Kanada, Swede en VSA. Daar is baie geskryf oor die voor- en nadele van sulke biblioteke. Uitstaande kenmerke wat bydra tot die stigting van gekombineerde biblioteke is geografiese ligging, die yl bevolking en ekonomiese toestande. Dit word egter algemeen aanvaar dat dit die beste oplossing is vir areas waar die inwonertal van die dorpe klein is en waar nie alle biblioteek-fasiliteite is nie. Hierdie kenmerke is soortgelyk aan kenmerke in plattelandse gebiede in Suid-Afrika.

Gekombineerde fasiliteite kan ekonomiese toestande verbeter deurdat dit besparing meebring maar dit kan nie as die belangrikste doel beskou word nie. Die instandhouding van slegs een gebou is goedkoper maar 'n goeie voorraad moet voorsien word en kan nie besnoei word nie. Ligging, personeel en die bestuur is ook faktore wat in ag geneem moet word.

Nieteenstaande probleme, het gekombineerde biblioteke in Australië, Kanada, in die VSA en in Swede alreeds bewys dat dit 'n sukses kan wees. Die omstandighede in die ontwikkelende Afrikastaat Malawi, verskil heelwat van die bogenoemde ontwikkelde oorsese lande. Die neiging bestaan egter dat daar daadwerklike pogings aangewend word om ook in die plattelandse gemeenskapsentrums gekombineerde fasiliteite aan te bring om direk tot die sosio-ekonomiese

ontwikkeling van agtergeblewe gemeenskappe by te dra.

Die kennis wat opgedoen is van gekombineerde biblioteke in die bogenoemde lande kan bydra wanneer aanbevelings vir gekombineerde skole in Suid-Afrika in Hoofstuk 7 gemaak word.

## HOOFSTUK 7

### MODELLE VAN GEKOMBINEERDE SKOOL- EN OPENBARE BIBLIOTEKE VIR KLEINER PLATTELANDSE GEBIEDE

Die doel van die navorsing is om in te gaan op die probleme van skool- en openbare biblioteek in klein plattelandse dorpe in Wes-Kaapland en om oplossings te soek sodat die gemeenskap van die plattelandse dorp en distrik voorsien kan wees van 'n dinamiese en doeltreffende biblioteekdiens wat in die gebruiker se behoeftes kan voorsien.

In die vorige hoofstukke is die *status quo* van biblioteektipes bespreek. Die huidige situasie van skool- en openbare biblioteekvoorsiening is ondersoek. Die ooreenkomste en verskille tussen die twee biblioteke is aangedui en vergelyk. 'n Studie is ook gemaak van gekombineerde skool- en openbare biblioteek in plattelandse dorpe in Kanada, VSA, Australië, Swede en Malawi.

Gekombineerde biblioteke soos in oorsese lande bedryf word, kan 'n moontlike oplossing wees vir kleiner dorpe op die platteland. Van die gegewens wat verkry is, is die nodige bevindings gemaak en sal daar gepoog word om 'n model van 'n gekombineerde skool- en openbare biblioteek vir kleiner plattelandse gebiede in Kaapland op te stel.

#### 1. REDES VIR DIE TOTSTANDKOMING VAN GEKOMBINEERDE BIBLIOTEKE

Die redes vir die totstandkoming van gekombineerde biblioteke in oorsese lande is die volgende:

- Rasionalisering

Die terme rasionalisering, word deur Jenkin (1992, p. 65) in haar artikel Library co-operation; if libraries can do it, they can do it together soos volg beskryf:

"To reduce duplication of materials or economise on time, by working with other libraries".

- Besparing - dit sluit in die uitskakeling van onnodige duplisering van voorraad, kostebesparing op geboue, personeel en instandhouding;
- Geriefliker biblioteekure;
- Beter dienslewering;
- Die-samesmelting van twee soortgelyke biblioteke kan die ekonomiese toestand van die dorp verbeter.

Bostaande kom baie ooreen met die in Suid-Afrika. Twee belangrike redes wat ook aanleiding kan gee tot die samesmelting van twee biblioteke op een plattelandse dorp is:

- Een of beide van die biblioteke is onvoldoende en kan nie bevredigende diens lewer nie.
- Skoolbiblioteke word onderbenut en hulle bestaansreg word betwyfel.

'n Duidelike kenmerk van die totstandkoming van gekombineerde biblioteke in sekere oorsese lande is weens 'n gebrek aan openbare biblioteke en om fasiliteite vir volwassenes te skep in bestaande skoolbiblioteke. In ander gevalle waar daar geen biblioteek is, kom 'n gemeenskapsentrum tot stand in of naby besigheidsentrums. Dit verskil ietwat van die toestande van plattelandse gebiede in Suid-Afrika waar 'n openbare biblioteek en 'n skoolbiblioteek slegs op elke dorp beskikbaar is waar die skoolbiblioteek diens aan skoolleerlinge lewer en die openbare biblioteek aan die breë publiek. Veranderde omstandighede het genoop

dat daar ook biblioteekdienste aan ander woongebiede verskaf word waar daar nog geen dienste beskikbaar was nie.

Die bestaansreg van 'n skoolbiblioteek hang af van die volgehoue opvoedkundige gebruik daarvan. Onderwysers moet die gebruik van die skoolbiblioteek insluit by hulle vakonderrig en die leerlinge moet ook die vaardighede kan bemeester. Die empiriese ondersoek het getoon dat skoolbiblioteke onderbenut word. Statistieke soos aangetoon in Hoofstuk 5 toon dat daar leemtes vir verdere ontwikkeling is.

'n Biblioteek is 'n noodsaaklike voorvereiste vir alle skole. Doeltreffende akkommodasie in of naby die skoolgebou is egter wenslik vir die lewering van biblioteekdienste. Die gebruik van die openbare biblioteek as plaasvervanger van die skoolbiblioteek is moontlik maar daar is ook voordele en nadele aan verbonde.

## 2. VOORDELE EN NADELE VAN DIE GEBRUIK VAN DIE BESTAANDE OPENBARE BIBLIOTEEK AS SKOOLBIBLIOTEEK

### Voordele

1. Die biblioteek is finansieël beter daaraan toe, want boekevoorraad hoef nie deur die plaaslike owerheid aangekoop te word nie.
2. 'n Groter voorraad en wye verskeidenheid word aangebied.
3. Die openbare biblioteek beskik oor bibliotekarisse wat biblioteekdiens as 'n beroep beoefen en altyd beskikbaar is.
4. Biblioteekure is meer gerieflik en dit sluit ook naweke en vakansies in.
5. Leerlinge kan langer ure in die biblioteek deurbring en is nie beperk tot periodes nie.

6. Die gebou is ruimer en sluit ook 'n aktiwiteitsaal in.

### Nadele

1. 'n Openbare biblioteek lewer dienste aan alle gemeenskapsgroepe en dit is nie altyd moontlik om slegs hulp aan skoolleerlinge te bied nie.
2. Die keuring van boeke geskied deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en aangesien dit in alle behoeftes van die gemeenskap moet voldoen, is die voorraad nie altyd geskik vir skoolleerlinge nie. Die voorraad word ook nie aangepas by die kurrikulum van die skool nie.
3. Die openbare biblioteekpersoneel is nie opgeleide onderwysers nie.
4. Openingstye slegs vir skoolleerlinge is nie altyd moontlik nie.
5. Weens 'n tekort aan tafels en stoele kan formele Medialeiding nie aangebied word nie.
6. 'n Groot groep skoolleerlinge kan 'n steurnis wees vir volwassenes wat ontspan in die biblioteek.
7. Die afstand tussen die biblioteek en die skool kan te groot wees. Die biblioteek moet naby die skool geleë wees wanneer dit gedurende skoolure gebruik moet word en leerlinge te voet gaan. Baie tyd sal verlore gaan as die afstand tussen die skool- en openbare biblioteek meer as 500 meter is.

3. **DIE OMSKEPPING VAN 'N BESTAANDE BIBLIOTEEK NA 'N GEKOMBINEERDE BIBLIOTEEK**

In Suid-Afrika is daar bykans in elke plattelandse dorp 'n openbare- en skoolbiblioteek. Om 'n bestaande skoolbiblioteek of openbare biblioteek te omskep in 'n gekombineerde skool- en openbare biblioteek verg verandering en organisasie. In oorsese lande waar gekombineerde biblioteke voorkom, is die biblioteek in die meeste gevalle op klein plattelandse dorpe en is dit die eerste en enigste biblioteek op die dorp en gewoonlik op die skoolgronde opgerig. Wanneer oorgegaan word tot die totstandkoming van 'n gekombineerde biblioteek moet die volgende faktore in gedagte gehou word:

- Die bestuur en administrasie wat verantwoordelik sal wees vir die beplanning van die gebou.
- Die bestaande lokaal moet voorsiening kan maak vir 'n groter voorraad en meer gebruikers.
- Deelydse en voltydse personeel sal aangestel moet word wat skoolleerlinge, klasbesoeke en volwassenes kan hanteer.
- Biblioteekure moet aangepas kan word sodat die skoolleerlinge in die dorp en volwassenes die biblioteek vrylik kan besoek wanneer dit hulle pas.
- Genoeg parkering moet beskikbaar wees en toelating tot die biblioteeklokaal moet veilig en gerieflik wees.
- Besoek aan die biblioteek moet nie 'n steurnis of ontwrigting wees vir ander nie.

4. **DIE OPRIGTING VAN 'N NUWE GEBOU WAAR GEEN FASILITEITE BESKIKBAAR WAS NIE**

Wanneer daar oorgegaan word tot die oprigting van 'n biblioteek waar daar geen biblioteek beskikbaar was nie, moet bostaande vereistes in ag geneem word maar

kan die volgende bygevoeg word:

- Voorgeskrewe standarde kan nagevolg word maar dien net as leidrade aangesien die behoeftes van die gemeenskap eerste prioriteit moet wees.
- Die doelstellings en funksies van die beplande biblioteek gaan die ruimtes, ameublement en voorraad bepaal.
- Die ligging of plasing van die gebou is baie belangrik, die moontlikheid van die skoolgronde is nie uitgesluit nie.
- Voorsiening moet gemaak word vir verdere uitbreiding.
- Gedurige kontak met die argitek en die beklemtoning van die behoeftes eie aan die gemeenskap.

5. **VOORSTELLING VAN MODELLE VAN GEKOMBINEERDE BIBLIOTEKE  
IN SUID-AFRIKA**

Om die moontlikheid van gekombineerde biblioteke uit te beeld gaan gebruik gemaak word van drie modelle:

**Model A**

'n Nuutbeplande gekombineerde skool- en openbare biblioteek op die skoolgronde van 'n gekombineerde skool (Sub. A tot Standaard 10).

**Model B**

Gekombineerde skool- en openbare biblioteek op die skoolgronde beplan vanuit 'n bestaande skoolbiblioteek van 'n gekombineerde skool.



### Model C

Gekombineerde skool- en openbare bibliotek sentraal geleë in die dorp beplan vanuit 'n bestaande openbare bibliotek van 'n plattelandse dorp.

Wanneer 'n model voorgestel moet word, moet die definisie van "gekombineerd" in gedagte gehou word. Gekombineerd beteken "verenig, saamgevoeg, verbode" (Verklarende handwoordeboek, 1981, p. 257).

### 6. MODEL A

'n Voorgestelde plan van 'n Model A gekombineerde bibliotek is opgestel (sien bladsy 201). Die plan is gebaseer op die vloerplan van Zweletemba Openbare Bibliotek wat aangetoon word in Hoofstuk 3 paragraaf 7. Met die goedkeuring van die argitek, mnr. W. Sadie, is sekere wysigings op die plan aangebring om aan te pas by die fasiliteite wat nodig is vir suksesvolle dienslewering in die gekombineerde bibliotek op die skoolgronde.

Die moontlikheid van 'n nuwe funksionele gekombineerde skool- en openbare bibliotek op die skoolgronde sal bespreek word onder die volgende hoofpunte:

- Doelstellings en funksies
- Standaarde
- Bibliotekgebou
- Bestuur en beheer
- Voorraad
- Bibliotekure
- Personeel

## 6.1 Doelstellings en funksies

'n Biblioteek kan slegs funksioneer as 'n doelwit daargestel word en die doelstellings nagestreef word. Die doelstellings van 'n gekombineerde biblioteek moet 'n kombinasie wees van albei biblioteke. In Hoofstuk 4 paragraaf 4.1 word die doelstellings van die skool- en openbare biblioteek vergelyk. Die doelstellings kom baie ooreen en veral opvoeding word sterk beklemtoon by die skoolbiblioteek sowel as die openbare biblioteek.

In 'n gemeenskap waar daar geen verskaffing van biblioteekfasiliteite voorheen was nie, sal gemeenskapsontwikkeling as eerste prioriteit gestel word. Die opvoedingsituasie moet vir die kind sowel as die volwassene geskep word en elke besoek aan die biblioteek kan omskep word in 'n opvoedingsituasie deur die voorraad beskikbaar te stel. Met die voorraad tot sy beskikking kan die biblioteek 'n groot bydrae lewer om ook ander doelstellings soos inligting, ontspanning en kultuur te verwesenlik. Dit is veral met laasgenoemde wat die biblioteek 'n belangrike funksie sal moet vervul om in die onderskeie kultuurgemeenskappe se verskillende behoeftes te voorsien.

Dit sal vir menige student en leerling 'n uitkoms wees om onverstoord in 'n lokaal te studeer en omring te wees van kennis wat hy vrylik kan gebruik. Die biblioteek word vir hom die sentrum vir studie of opleiding.

Die voorsiening van geskikte media in 'n goedtoegeruste gebou sodat alle gebruikersgroepe optimaal daarvan gebruik kan maak en in sy behoeftes kan voorsien, is die belangrikste funksie van die biblioteek. Aangesien die opvoedingswaarde van die biblioteek hoog op die prioriteitslys is, sal dit die taak van die nuwe biblioteek wees om genoegsame studiefasiliteite en studiemateriaal te verskaf en ook 'n doeltreffende program vir volwasse opvoeding daar te stel. 'n Belangrike funksie sal wees om aan mense wat 'n gebrek aan 'n leesgewoonte het, te leer om boeke deel van hulle lewenspatroon te maak.

## 6.2 Standaarde

Die biblioteekstandaarde van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en die Handleiding vir skoolbiblioteke kan beskou word as riglyne om besluite oor die beplanning van 'n gebou te vergemaklik. Waar daar nog geen biblioteekfasiliteite is nie sal die bevolkingsyfer as riglyn dien. Dit is die samestelling van die gemeenskap wat die grootte van die gebou en verskillende oppervlakte sal kan bepaal (vergelyk Hoofstuk 3 paragraaf 7.2).


By die beplanning van 'n nuwe gebou en in hierdie geval 'n gebou met gekombineerde fasiliteite, is die ruimte-indeling van groot belang vir die verskillende areas. Riglyne kan wel verskaf word by die groottes van elke afdeling en dit is belangrik dat die ruimte so beplan is dat dit die funksie vervul waarvoor dit beplan is. 'n Ruimte vir studie sal as 'n noodsaaklike area beskou word.

Aanpasbaarheid is ewe belangrik vir 'n biblioteek in 'n steeds groeiende gebied. Met die oog op bevolkingsgetalle wat styg asook ander ontwikkeling op biblioteekgebied, moet uitbreiding in gedagte gehou word.

6.3 Biblioteekgebou

Figuur 9

Voorgestelde plan - Model A



### 6.3.1 Ligging

Wanneer daar besluit moet word op die mees ideale ligging van die biblioteek sal verskillende faktore in ag geneem moet word, onder andere:

- Die behoeftes van die gemeenskap;
- Die afstand tussen die biblioteek en woongebiede;
- Sentraal geleë en binne die bereik van ander besighede;
- Die moontlikheid van uitbreiding in 'n snelgroeïende gemeenskap.

Die keuse van die skoolgronde kan voldoen aan die vereistes. Die skool neem 'n baie prominente plek in op 'n klein plattelandse dorp. Waar dit ook al geleë is in die dorp, kan dit maklik bereik word en word gereeld besoek - nie net deur skoolleerlinge nie maar ook ouers. Die skool se sportgronde is ook 'n baie gewilde bymeekaarkomplek vir die gemeenskap. Skoolgronde is ook so beplan dat uitbreiding moontlik is en die oprigting van geboue bydra tot die opvoeding van die kind. Die onderwyspersoneel en leerlinge is die gebruikersgroep waar daar ongetwyfeld die grootste behoefte aan biblioteekdienste bestaan.

Wanneer die publiek dan van die gekombineerde biblioteek wil gebruik maak, sal dit nie 'n optog wees vir die volwassene om dit te besoek nie. Skoolleerlinge sal dit die gerieflikste vind aangesien hulle dit gedurende skoolure kan besoek. Dit is dan 'n wonderlike geleentheid om die skoolleerling in sy vroegste skooljare die biblioteek te laat leer ken en gebruik. Ouers sal hulle voorskoolse kinders na die biblioteek kan vergesel. Na die einde van die skooldag, kan leerlinge die biblioteek besoek om van die studielokaal gebruik te maak of om te ontspan in die leesarea. Dit sal dan 'n goeie reëling wees as die biblioteek oop is net na skool bedags.

- **Plasing op die skoolgronde**

Die plasing op die skoolgronde moet van so 'n aard wees, dat lesers en besoekers nie vir die personeel en leerlinge in die skool 'n steurnis sal wees nie. 'n Gebou tussen die ander skoolgeboue sal nie prakties moontlik wees nie. 'n Losstaande gebou op die skoolgronde maar ook binne loopafstand van die skoolgebou sal die beste plasing wees (Vergelyk Hoofstuk 2 paragraaf 5.1).

Die biblioteek moet so geleë wees dat die hoofingang na buite naby die straat is. Ter wille van sekuriteit en beter kontrole is dit wenslik dat daar slegs een ingang en 'n nooduitgang sal wees (vergelyk plan op bladsy 201). Die voorgestelde plan van Model A se hoofingang is naby die straat en parkeergebied geleë. Gedurende skoolure maak die leerlinge gebruik van die gang wat van die skoolgebou na die nooduitgang lei. Die toegang word deur middel van 'n skuins muur van die aktiwiteitsaal geskei en die leerlinge kan die biblioteek besoek terwyl die aktiwiteite in die saal ongehinderd kan voortgaan. Die toegang kan slegs deur leerlinge gebruik word en sal middag na skool gesluit wees.

Die belangrikheid van die ligging van die biblioteek kan nie genoeg beklemtoon word nie. Oorsee is dit ook bewys dat gekombineerde biblioteke op skoolgronde baie goed funksioneer. Wat ook van belang is, is die plasing op die skoolgronde en dat die toegang na die biblioteek maklik bereikbaar moet wees vanaf die straat of parkeergebied. Wanneer daar besluit is op die skoolgronde as die mees ideale plasing van 'n nuwe biblioteek, is daar ander faktore wat in gedagte gehou moet word.

Daar kan ook die geval wees dat as gevolg van finansiële tekort, klaskamers ook in 'n biblioteek omskep word (vergelyk figuur 3 op bladsy 51). Verskeie skoolbiblioteke by kleiner skole het op die manier tot stand gekom, maar dit word nie aanbeveel vir gekombineerde biblioteke wat deur die hele gemeenskap benut word nie. Klaskamers kan ook nie funksioneel beplan word om doeltreffend

gebruik te word nie. Besoekers gedurende skoolure kan 'n steurnis wees en skoolbedrywighede ontwrig. Ongewenste besoekers kan ook oortree en 'n gevaarlike situasie op die skoolgronde skep.

Om die probleem op te los kan afsonderlike ure vir leerlinge en volwassenes beplan word, dit wil sê geen biblioteekure vir die gemeenskap gedurende skoolure nie. Dit sal egter volledig onder die paragraaf Biblioteekure bespreek word.

### **6.3.2 Beplanning**

Navorsing oor alle aspekte van die biblioteekbehoefte van die gebied is noodsaaklik. Hierdie groot en verantwoordelike taak sal opgedra word aan die plaaslike owerheid of aan 'n spesiale komitee wat daarvoor verantwoordelik is. Samewerking met ander organisasies sal die projek vergemaklik.

Die feit dat die nuwe gebou op die skoolgronde opgerig sal word, moet die ondersteuning van die skoolhoof en personeel word. Die skoolprogram en ander bedrywighede sal in ag geneem moet word. Die nodige toestemming van die Bestuursliggaam of Onderwysdepartement sal verkry moet word.

Hierdie bevindinge sal aan die dorpsraad oorhandig word. Verdere onderhandelings sal tussen die plaaslike owerheid en Provinsiale Biblioteekdiens geskied. Die plaaslike owerheid versoek die Biblioteekdiens om finansiële hulp vir die oprigting van 'n biblioteek. Die subsidie moet aan die plaaslike owerheid verduidelik word. Die Biblioteekdiens moet ook aanbeveel dat 'n argitek aangestel word. Samesprekings tussen die argitek en hoofbibliotekaris geskied gereeld en vloeroppervlakte, areas, meubels en ander spesifikasies word bespreek.

Kommunikasie tussen die argitek en skoolhoof is baie belangrik, want dit is nie net biblioteekfasiliteite wat opgerig moet word nie maar dit is fasiliteite wat sal moet aanpas by die opvoedingsprogram van die skool.

- **Aanpasbaarheid**

Die ligging van die gebou moet van so 'n aard wees dat daar ook 'n moontlikheid van uitbreiding is. Wanneer 'n biblioteek beplan word, kan daar as gevolg van 'n tekort aan fondse nie alle fasiliteite aangebring word nie en word dit vir later beplan. 'n Toename in die bevolking of leerlingtalle in skole kan ook uitbreiding genoodsaak. Selfs die behoeftes van die gemeenskap kan vra vir meer ruimte en ander lokale.

Wanneer die ligging dus beplan word, sal die aangrensende spasie op die skoolgronde onbebou moet wees om voorsiening te maak vir uitbreiding. 'n Dubbelverdieping is nie altyd so prakties moontlik nie; nie vir 'n gekombineerde biblioteek waar die personeel klein is en toesig so belangrik is nie. Funkisionaliteit het baie waarde maar die estetiese voorkoms is ook van belang.

### **6.3.3 Lokaal**

Die bevolkingsyfer en die area wat die biblioteek gaan bedien, bepaal die grootte van die oppervlakte van die biblioteek. Die lede in die distrik moet ook by die bevolkingsyfer gevoeg word.

Model A se plan is ontwerp vir 'n gemiddelde bevolkingsyfer van 5 000. Die hele gebou beslaan 400 m<sup>2</sup>.

Die verskillende areas van die interne biblioteek moet noukeurig beplan word.

Faktore wat in ag geneem moet word is:

- Rangskikking en beplanning van die ruimtes;
- Goeie verkeersvloei;
- Aanpasbaarheid vir toekomstige uitbreiding;



-206-

- Behoeftes vir toekomstige uitbreiding;
- Behoeftes van die gebruikers.

'n Gekombineerde biblioteek sal die volgende areas insluit:

- 'n Toonbankarea;
- 'n Volwasse afdeling;
- 'n Naslaan- en leesarea;
- 'n Kinderafdeling;
- 'n Kleuterafdeling;
- 'n Kantoor;
- 'n Werksarea;
- Onderrigarea;
- Aktiwiteitsaal;
- Studielokaal;
- Portaal, kleedkamers, kombuis, stoorkamer.

Die studielokaal is 'n behoefte by die gemeenskap waar daar ondervind word dat leerlinge en studente van die gemeenskap nie altyd tuis beskik oor studiefasiliteite nie.

Studieareas moet goed beplan word. Daar moet genoegsame sitplek vir die leerlinge wees en die area moet ook naby die naslaanafdeling wees maar weg van die kleuterafdeling. Die personeel moet ook kan toesig hou oor die leerlinge. Die studielokaal voldoen aan hierdie vereistes. Op die voorgestelde plan op bladsy 201 word die behoefte aan studie fasiliteite as baie belangrik geag en is studiehokkies, meer tafels en 'n onderrigarea aangebring.

Dit is voorsien van los stoele en tafels sodat die studente dit kan rangskik soos hulle verkies. Vier studiehokkies word ook voorsien. Die studielokaal is met 'n glasafskorting van die biblioteeklokaal, geskei; dit is geluiddempend en die

personeel kan toesig hou oor die studente.

'n Ander moontlikheid is seminaarkamers. Twee seminaarkamers langs mekaar kan geskei word deur 'n ruimteverdeler soos byvoorbeeld 'n opvoubare konsertina-deur. As 'n groter lokaal benodig word kan die seminaarkamers verbind word deur die deur weg te skuif. Die seminaarkamers kan nuttig gebruik word vir vergaderings, studie, groepwerk, leeskringbesprekings, ensovoorts. Dit is raadsaam dat die leeskamers ook studiehokkies sal voorsien. Wanneer die seminaarkamers nie vir groepaktiwiteite gebruik word nie kan dit ook as 'n studielokaal dien, veral in eksamentyd wanneer leerlinge wat nie oor studiefasiliteite beskik nie, meer daarvan sal gebruik maak.

Die toonbank is goed geplaas sodat die personeel goeie toesig oor al die ruimtes het. Die toonbank moet ook so ontwerp word dat daar ruimte of meer oppervlakte sal geskep kan word vir moontlike uitbreidings byvoorbeeld installering van rekenaars. Die toonbankarea bevat ook gewoonlik 'n kantoor vir die hoofbibliotekaris en 'n werkkamer.

Die onderrig van Medialeiding word van Sub. A tot Standaard 7 in skole aangebied. Die onderrigarea word uitsluitlik daarvoor gebruik en moet van genoegsame stoele en tafels voorsien word. In die voorgestelde area van Model A kan 25 tot 30 leerlinge gehuisves word. Tydens Medialeidinglesure sal die klas en die onderwyser of bibliotekaris wat dit aanbied, alleen toegelaat word in die biblioteek en onder leiding van die onderwyser kan die leerlinge praktiese opdragte uitvoer, die biblioteek verken en baie kennis opdoen.

Genoegsame spasie word voorsien aan die volwasse-, kinder- en kleuterafdeling. Die kleuters verkies om op die mat te sit, rond te snuffel en boekies deur te blaai. Daar moet ook voorsiening gemaak word van 'n area waar die kleuters kan sit en stories luister. So byvoorbeeld is die speel- en leesarea op die voorgestelde plan op bladsy 201 'n gebied wat uit twee trappies met verskillende hoogtes bestaan

waarop die kinders sit en luister na die stories wat vir hulle voorgelees word. Die kindertuinklasse kan gedurende skoolure ook van die area gebruik maak en kan die liefde vir boeke en die leesgewoonte reeds in hulle jong jare aangekweek word. Die hele klas kan die voorreg geniet wat nie die geval sou wees as net enkele leerlinge in die middag die biblioteek besoek het nie.

Die naslaan- en leesarea is naby die ingang. Hierdie area bevat ook tydskrifrakke met tydskrifte en koerante. Die naslaanafdeling se voorraad mag nie uitgeneem word nie en daarom sal die area voorsien wees van tafels en stoele en ook gemaklike leunstoel sodat die leser gerieflik kan ontspan en sy leesstof geniet. Die oudiovisuele materiaal soos laserskywe en video's beslaan nie baie ruimte nie en word ook in die nabyheid van hierdie area of toonbankarea uitgestal.

Die aktiwiteitsaal, kleedkamers en kombuis kan afsonderlik gebruik word, ook na biblioteekure. Die aktiwiteitslokaal kan baie nuttig gebruik word vir groter groepe en behoort sowat 70 mense te huisves. Genoegsame stoele wat opgestapel kan word moet voorsien word. Die saal se een symuur kan ook skuifdeure bevat en die biblioteeklokaal kan vergroot word wanneer meer ruimte benut word. Studiehokkies is ook aangebring en dit is veral gedurende eksamentye dat die saal as 'n studielokaal gebruik kan word.

#### **6.3.4 Ameublement**

Alle ameublement soos vir skool- en openbare biblioteek aanbeveel, geld ook vir hierdie biblioteek (vergelyk Hoofstuk 2 paragraaf 5.3 en Hoofstuk 3 paragraaf 7.3).

Die belangrikste is die plasing van die verskillende rakke. Rakke moet aanpas by die ruimte waar dit gebruik word, byvoorbeeld laer en breër rakke vir die kleuterafdeling sodat die boeke makliker bereikbaar is. Die spasie tussen die rakke sal ook ruim genoeg moet wees. Die rakke kan ook as skeiding dien tussen die volwasse- en kinderafdeling.

Die aantal tafels, die grootte van die tafels en die rangskikking daarvan is ewe belangrik. Aangesien primêre sowel as hoërskoolleerlinge die tafels gebruik, moet die tafels 'n gemaklike hoogte hê. Genoeg tafels en stoele moet voorsien word en so geplaas word dat leerlinge wat naslaanwerk doen of volwassenes wat met gewone ontspanningslees besig is, nie 'n steurnis vir mekaar is nie. Genoeg tafels en stoele moet voorsien word in die onderrigarea. Wanneer meer as een klas vergader, sal van die aktiwiteitsaal gebruik gemaak word.

### 6.3.5 Sekuriteitsmaatreëls

Maatreëls vir sekuriteit is noodsaaklik. Veiligheid vir die lesers en personeel is eerste prioriteit en diefstal, veral boeke en apparaat, moet gekeer word. Die personeel is goed bekend met die omstandighede van dag tot dag en sal kan voorskryf watter maatreëls die effektiwste in die biblioteek sal wees.

Die volgende is 'n lys van sekuriteitsmaatreëls wat moontlik aangeskaf kan word:

- Goeie beligting bedags en veral snags;
- Een hoofingang en 'n nooduitgang, dit wil sê te veel deure is onveilig;
- Hoë vensters met diefwering;
- Diefalarm;
- Sekuriteitswagte.

Om voorsorgmaatreëls te tref teen diefstal van biblioteekmateriaal kan van bogenoemde gebruik gemaak word, maar die volgende maatreëls kan ook bygevoeg word:

- Binnekring televisie;
- Konvekse spieëls;
- Die uitleg van die ameublement moet van so 'n aard wees dat al die afdelings dopgehou kan word vanaf die toonbank;

- Tasse en sakke moet nie toegelaat word tussen die rakke nie maar kan in 'n bewaarplek naby die ingang gestoor word terwyl die leser die biblioteek gebruik;
- Die personeel van die biblioteek moet gereeld tussen die rakke beweeg en oplettend wees;
- 'n Verklikkerstelsel.

### **6.3.6 Parkering**

Voldoende parkering is ook noodsaaklik. Wanneer die parkeergebied op die skoolgronde is, moet veiligheidsmaatreëls in ag geneem word. Parkering buite die gronde en langs die straat voor die biblioteek is ook voldoende.

### **6.4 Beheer en bestuur**

Wanneer kombinasie plaasvind tussen die skool- en openbare biblioteek, sal die vraag ontstaan, wie die beheer sal oorneem aangesien 'n gekombineerde biblioteek die skool en die gemeenskap tot diens sal wees.

Dit was die plaaslike owerheid se plig en verantwoordelikheid om die gebou en sy geriewe tot stand te bring op die skoolgronde. Die skool sal dan ook 'n aandeel hê in die beheer van die biblioteek.

In die ondersoek na die bestuur van gekombineerde biblioteke in oorsese lande is tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen eenvormigheid van bestuur in die verskeie lande is nie. Wat wel opmerklik is, is die feit dat 'n verteenwoordigende raad van die skool byvoorbeeld, 'n skoolraad en 'n dorpsraad 'n gesamentlike raad stig om die biblioteek te bestuur. In die meeste gevalle word die gekombineerde biblioteek gesubsidieer deur die Staat. Daar is egter altyd 'n bydrae van 'n biblioteekraad of die plaaslike owerhede.

Aangesien die gekombineerde biblioteek so 'n groot bydrae tot die opvoeding en onderwys gaan bydra, sal onderwysowerhede 'n groter seggenskap in die bestuur van die biblioteek moet verkry.

Die feit dat daar geen biblioteek beskikbaar was nie het 'n agterstand in die opvoeding laat ontstaan. Met die totstandkoming van 'n nuwe biblioteek word pogings aangewend om die agterstand uit te wis. Opvoeding en onderwys is eise van hoë prioriteit en die gekombineerde biblioteek sal 'n groter rol in die onderwys moet speel.

Daar sal dan sterk aanbeveel word dat die gekombineerde biblioteek die gesamentlike verantwoordelikheid sal wees van die Stadsraad van die dorp en die Bestuursliggaam van die skool. Die stadsklerk en die skoolhoof sal twee sleutelfigure wees waarom alles draai; veral die skoolhoof wat sal toesien dat 'n gekombineerde biblioteek op die skoolgronde tot stand kom en beplan word (sien ook die paragraaf skoolhoof as onderafdeling van 6.4).

Die beheer van die plaaslike owerheid is belangrik aangesien 'n ooreenkoms volgens Ordonnansie van 1981 aangegaan is met die Provinsiale Biblioteekdiens en biblioteekmateriaal gratis verskaf sal word indien die plaaslike owerheid sal voldoen aan die bepalinge (vergelyk Hoofstuk 3 paragraaf 4.1). Volgens die regulasies moet die plaaslike owerheid die gebou voorsien en personeel aanstel en besoldig.

Die verskaffing van biblioteekmateriaal deur die Provinsiale Biblioteekdiens sal in die geval van die gekombineerde biblioteek nog kan geskied mits die plaaslike owerheid of skoolowerhede ook die verantwoordelikheid van die gebou en personeel sal dra. Die biblioteek bly dus die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeenskap en is nie 'n provinsiale biblioteek nie. Samewerking tussen die plaaslike owerheid en die Bestuursliggaam van die skool is dus van die allergrootste belang.

'n Gesamentlike raad kan dan saamgestel word uit verteenwoordigers van die Stadsraad, Bestuursliggaam, skool- en biblioteekpersoneel. Die gesamentlike raad sal vele pligte en verantwoordelikhede hê, onder andere aanstelling en besoldiging van personeel, vasstelling van biblioteekure, ledegeld of boetes, die gebruik van die skoolgebou en gronde deur die gemeenskap, instandhouding van gebou, ensovoorts. 'n Eie beleid kan opgestel word. Die doelstellings en funksies van die skool- en openbare biblioteek kan as leidraad gebruik word. Die gesamentlike raad sal onder 'n naam moet funksioneer wat nie verwarring sal veroorsaak met ander liggame nie. Die naam Biblioteekraad word voorgestel.

Een van die belangrikste take wat die Biblioteekraad aan die begin mee gemoëid sal wees, is propagering van dienste. Metodes om die gemeenskap aan te moedig, moet bedink word. Die gemeenskap moet na die biblioteek gelok word. Aangesien die gebou op die skoolgronde is, kan die leerlinge dit gereeld besoek en met die hulp van die onderwysers meer vertrouwd raak met die voorraad en oudiovisuele materiaal. Die teenoorgestelde reaksie kan van die volwassenes verwag word. Die volwasse gemeenskap kan die biblioteek as deel van die skool beskou en dit assosieer met studies. Die biblioteek moet nie net as 'n studielokaal gesien word nie maar ook as 'n gemeenskapsentrum waar lesers kan ontspan.

- **Die skoolhoof**

Om 'n gekombineerde biblioteek op die skoolgronde tot stand te bring, is 'n hoogs verantwoordelike taak. Die skoolhoof sal dan in samewerking met die Bestuursliggaam en die Stadsraad 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling en organisasie van die biblioteek. Skoolhoofde moet deeglik kennis dra van die personeel en let op die vaardighede en belangstellings van die personeel wat ingespan kan word om die biblioteek toereikend te beman.

As professionele leier moet hy tesame met die biblioteekpersoneel die verantwoordelikheid dra vir die organisasie en leiding van die biblioteek. Die

skoolhoof moet as gesaghebbende skakeling tussen die skool en die Stadsraad toesien dat die biblioteek tot volle potensiaal ontwikkel en benut word. As addisionele fondse nodig is, is dit ook die skoolhoof wat die voortou sal neem om fondsinsamelings te organiseer en ander skenkings te bekom.

- **Die stadsklerk**

Soos die skoolhoof 'n belangrike rol speel in die beheer van die biblioteek in die skool, sal die stadsklerk ook gesag kan uitvoer oor die beplanning en bestuur van die biblioteek.

Die stadsklerk sal egter persoonlik nie so betrokke kan wees by die organisasie van die biblioteek soos 'n skoolhoof by die biblioteek in die skool nie, omdat sy pligte en verantwoordelikheid so uiteenlopend is en hy leiding moet neem in alle departemente van die munisipaliteit. Die stadsklerk is nie altyd in die gelukkige posisie om die biblioteek te besoek soos die skoolhoof wie se kantoor in dieselfde gebou as die biblioteek is nie. Die stadsklerk kan kontak behou deur gereeld met die biblioteekpersoneel te kommunikeer en die bibliotekaris moet ook die geleentheid gebruik om die stadsklerk te kan spreek of raadpleeg. In gedurige kommunikasie met die biblioteekpersoneel kan hy op hoogte bly met biblioteeksake.

Dit is ook van deurslaggewende belang dat daar gereelde skakeling tussen die stadsklerk en die skoolhoof sal wees en dat ook gereelde raads- of komitee-vergaderings belê sal word om biblioteekdienste deeglik te bespreek en te beplan.

- **Biblioteekomitee**

Die komiteelede sal bestaan uit lede wat werklik belangstelling toon in die biblioteek en die biblioteekpersoneel bystaan wanneer addisionele hulp nodig is.



Funksies wat die Biblioteekkomitee kan verrig is:

- Hulp met die organisasie van funksies vir fondsinsameling;
- Bystand met aktiwiteite soos vakansieprogramme;
- Hulp in die biblioteek soos byvoorbeeld onttrekking van boeke;
- Die stadsraad van advies voorsien met die aanstelling van nuwe personeel;
- Probleme wat in die biblioteek mag ontstaan, probeer oplos.

Die Biblioteekkomitee moet nie verwar word met die Biblioteekraad wat saamgestel word uit verteenwoordigers van die Stadsraad, Bestuursliggaam en biblioteekpersoneel nie. Die Biblioteekkomitee kan die Biblioteekraad van raad en advies voorsien aangesien hulle meer met die "huishouding" van die biblioteek te doen het.

Vriende van die Biblioteekvereniging is ook 'n aanbeveling aangesien addisionele hulp en ondersteuning van lesers en ouers altyd verwelkom word.

## 6.5 Voorraad

Die aanskaffing van voorraad verg deeglike beplanning en die taak is groter as slegs boeke aanskaf, want daar sal deeglik ondersoek ingestel moet word watter soort materiaal aangeskaf moet word om die leemtes te vul.

Riglyne vir die uitbou van 'n versameling en vir die aanskaf van materiaal in die biblioteek kan die volgende wees:

• Die doelwitte en standaarde van die biblioteek.

• Die behoefte van die gebruikers.

• Die beskikbare fondse.

### 6.5.1 Die doelwitte en standarde van die biblioteek

Die doelstellings is reeds in paragraaf 6.1 genoem en daarvan kan ons aflei dat gemeenskapsontwikkeling as hoogste prioriteit gestel word. As gevolg van 'n gebrek aan 'n biblioteek, ontbreek 'n leeskultuur plus die agterstand op onderwysgebied wat veroorsaak dat daar met die grootste versigtigheid 'n voorraad opgebou moet word sodat daar nie net in elke gebruiker se behoefte voorsien moet word nie maar ook in gemeenskapsgroepe wat as gevolg van tekortkominge nog nie heeltemal gereed is om die biblioteek te benut nie.

Waar daar egter nog nooit voorheen 'n biblioteek bestaan het nie, is die taak om 'n voorraad op te bou soveel groter. Die biblioteek moet eers 'n leesgewoonte kweek by die gemeenskap. 'n Liefde vir boeke moet opgebou en ontwikkel word. Die feit dat die biblioteek ook op die skoolgronde gebou is, maak dat die skoolleerlinge die biblioteek meer gereeld kan besoek en vertrouwd kan raak met al die dienste wat aangebied word.

Dit kan egter nie sonder 'n boekevoorraad geskied nie. 'n Kennis van die gemeenskap is baie belangrik. Die volgende behoeftes kan opgesom word:

- Kinderlektuur;
- Inligting;
- Opvoeding: formele, nie-formele en informele opvoeding (vergelyk Hoofstuk 3 paragraaf 5.2);
- Studiemateriaal vir skoolleerlinge en studente;
- Biblioteekmateriaal aan die ongeletterde en nuutgeletterde;
- Ontspanningsleesstof;
- Oudiovisuele materiaal.

Dit sluit in die aanskaf van materiaal vanaf die voorskoolse kinders tot bejaardes. Die aanvraag na biblioteekmateriaal deur die gebruikers is een van die fundamentele

beginsels waarop die aanskaf en keuring van materiaal gegrond is.

### 6.5.2 Behoeftes van die gebruikers

Met die besoek aan 'n biblioteek wat slegs twee jaar in gebruik is en waar daar voorheen nog geen biblioteek was nie, het die bibliotekaris die ouderdomsgroep 5 tot 10 jaar en die leerlinge en studente wat studiefasiliteite en studiemateriaal verlang, uitgesonder as die twee groepe wat die biblioteek die meeste besoek en wil benut. Hierdie waarneming dui daarop aan dat jong kinders en studente die ruimte wat aan hulle toegeken is in die biblioteek, optimaal sal gebruik en dat die ruimtes ook goed van voorraad voorsien sal word.

Dit is veral die kleuters wat met die deurblaai van boekies op die mat die liefde vir boeke kan aanleer en 'n goeie leesgewoonte kan aankweek. Dit bewys ook dat hulle die toekomstige gebruikers van die biblioteek sal wees en dat die gewoonte reeds vroeg in hulle lewe vasgelê sal wees.

Die keuring van vakliteratuur sal met sorg gedoen word van alle vakke en belangstellings van die leerlinge sowel as die volwassenes wat die biblioteek sien as 'n plek om te voorsien in hulle opvoedingdoeleindes. Boeke oor stokperdjies en tuisteskepping sal gewild bly. Die skoolkurrikulum sal 'n belangrike faktor wees by die keuring van biblioteekmateriaal. Die nie-fiksie en naslaanafdeling sal toegerus moet word om 'n verstaanbare en praktiese diens aan die gemeenskap te voorsien.

Dit is veral ontspanningsleesstof wat baie gewild sal wees onder die volwassenes. Dit hang ook af van die gemeenskap watter taal voorkeur sal geniet. So byvoorbeeld sal Afrikaanse fiksie baie gewild in 'n Afrikaanse gemeenskap wees maar by die keuring van Afrikaanse fiksie sal gewildheid nie die enigste kriteria wees vir keuring nie. Die voorraad sal Engelse fiksie bevat maar sal ook boeke in 'n swart taal voorsien, afhangende van die belangstelling. Ongelukkig is boeke in

'n swart taal baie skaars. Die sirkulasiesyfers sal aantoon watter leeskatgorie die gewildste is.

Die leesarea sal moet voorsien word van verskeie tydskrifte en koerante. Ook hier sal die verskillende kultuurgemeenskappe in ag geneem moet word. Tydskrifte van opvoedkundige waarde sal ook sy plek moet inneem op die rak. Dit is veral hier waar die kind en volwassene ontspanne verkeer en op informele wyse meer kennis opdoen en opvoedkundig verryk word.

Dat al die leesstof 'n positiewe bydrae tot opvoeding en geestelike ontwikkeling moet lewer, is 'n belangrike beginsel wat gehandhaaf moet word. Taal, styl en illustrasies by fiktiewe werke asook akkuraatheid en feitlike korrektheid by vaklektuur is baie belangrik (vergelyk Hoofstuk 2 paragraaf 3.4).

Oudiovisuele materiaal vir uitreiking sal moontlik bestaan uit plate, video's, laserskywe, films, ensovoorts. Oudiovisuele materiaal wat deur die skool aangeskaf is en meestal vir klasonderrig gebruik word, moet liefers nie aan die publiek beskikbaar gestel word nie. Dit sluit in transparante, skyfies, kaarte, ensovoorts. Dit is duur items en kennis van die gebruik daarvan is noodsaaklik. Uitreiking van oudiovisuele materiaal verg ook ekstra administrasie. Die materiaal sal dan ook altyd beskikbaar wees wanneer die onderwyser dit benodig vir klasonderrig.

Die gebruik van oudiovisuele materiaal soos films en video's kan 'n belangstelling vir lees en boeke aanwakker. Die ongeletterde en halfgeletterde sal baat vind by vertonings van films en video's.

### **6.5.3 Beskikbare fondse**

Voorraad word opgebou uit fondse wat verkry word uit:

- Die voorsiening van biblioteekmateriaal deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens soos dit tans aan openbare biblioteke gelewer word (vergelyk Hoofstuk 3 paragraaf 4);
- Addisionele boeke wat voldoen aan die skoolkurrikulum of wat deur die personeel as noodsaaklik beskou word om leemtes te vul, kan deur die Bestuursliggaam of plaaslike owerheid aangekoop word;
- Fondsinsamelings;
- Skenkings.

#### **6.6 Die keuring van die voorraad**

Alle boeke wat op die rakke van die biblioteek verskyn moet gekeur word. Die materiaal wat ontvang word van die Provinsiale Biblioteekdiens is reeds gekeur wanneer dit die biblioteek bereik. Dit is egter die aankoop van boeke en ook boeke wat as skenkings ontvang word wat deur die Biblioteekraad of deur 'n spesiale keurkomitee gekeur moet word. Wanneer daar 'n leespatroon onder die gebruikers ontwikkel het, sal daar 'n duidelike behoefte aan 'n bepaalde leesstof wees. Die kriteria vir die keuring van boeke soos deur die skoolbiblioteek voorgestel word (vergelyk Hoofstuk 2 paragraaf 3.4) en ook die van die openbare biblioteek kan as maatstawwe gebruik word.

#### **6.7 Uitreiking van die voorraad**

'n Aangepaste uitreikingstelsel sal opgestel moet word en daar sal besluit moet word op die aantal boeke per leser wat uitgereik moet word, die uitreiking van oudiovisuele materiaal, tydskrifte en bloklenings aan klasse. Die tydperk van uitreiking sal gewoonlik twee weke wees en hernuwings is moontlik. 'n Besluit sal geneem moet word of oudiovisuele materiaal ook aan kinders uitgereik sal word. Die hoeveelheid wat uitgereik sal word, sal bepaal word deur die grootte van die voorraad.

## 6.8 Biblioteekure

Die gemiddelde openingsure van 'n plattelandse openbare biblioteek is 28 ure per week. Die openingsure van die skoolbiblioteek is nie konstant elke dag nie en nuwe aanpassings sal gemaak moet word sodat die biblioteekure die skool sowel as die publiek sal pas.

Die skool is in die bevoorregte posisie dat die gekombineerde biblioteek op die skoolgronde is en daar moet die geleentheid geskep word dat die leerlinge die biblioteek tydens skoolure gereeld kan besoek. Wanneer daar nie 'n onderwyser-bibliotekaris beskikbaar is nie, kan die klasonderwyser die leerlinge na die biblioteek vergesel. Daar moet volop geleenthede vir selfstudie en selfwerkzaamheid vir die leerling geskep word. Dit leer ook die kind om met meer selfvertroue die biblioteek ook buite skoolure, sonder die toesig van sy onderwyser te besoek en navorsing te doen.

Die vraag ontstaan of die volwassenes ook soggens toegang tot die biblioteek sal hê. Die ondersoek het getoon dat volwassenes die biblioteek soggens minder besoek as middag. Daar is selfs biblioteke wat soggens gesluit is of net sekere dae in die oggende oop is. Dit is egter nie genoeg rede om volwassenes se biblioteekbesoeke soggens te staak nie.

Dit is raadsaam dat die biblioteek soggens slegs vir skoolgebruik oop sal wees. Aangesien die biblioteek ook vir opvoedingsdoeleindes gebruik word, sal die skool die volste reg hê om gedurende skoolure ook klasse in die biblioteek aan te bied. Leiding in die gebruik van bronne kan geïntegreer word met vakke. Groepwerk kan ook maklik plaasvind. Medialeiding moet in die biblioteek aangebied word om dit ook prakties toe te pas. Dit word vanaf Sub. A tot standerd 7 aangebied en vanaf standerd 2 tot standerd 7 word een lesuur van 30 minute per week aan elke klas bestee. Die kindertuinklasse besoek die biblioteek soos dit hulle pas en op informele wyse word Medialeiding aan hulle oorgedra.

As daar egter deur volwassenes aangedring word om ook soggens besoek aan die biblioteek te bring, kan die Biblioteekraad met gebruikers en die skool onderhandel en kan 'n sekere oggend of 'n aantal ure per dag aan die volwassenes afgestaan word. Dit is slegs by die aanbied van Medialeiding aan die senior klasse waar volwasse teenwoordigheid in die biblioteek dalk 'n steurnis kan wees en dit is slegs 'n totaal van drie en 'n halfuur per week. Dit kan gereël word dat Medialeiding-klasse op die skoolrooster voor 'n sekere tyd, byvoorbeeld voor 11:00 in die oggend afgehandel sal word. Volwasse besoek aan die biblioteek kan dan vanaf 11:00 toegelaat word.

In die meeste gevalle oorsee word volwassenes ook gedurende skoolure in die biblioteek toegelaat. Amey wil beweer dat plattelandse gemeenskappe makliker aanpas omdat hulle mekaar so goed ken (vergelyk Hoofstuk 6 paragraaf 5.3).

Gewone klasbesoeke met die doel om naslaanwerk te doen of boeke uit te neem kan gereël word deur middel van 'n biblioteekrooster waarop aangedui word watter tye en periodes verskeie klasse die biblioteek sal besoek. Dit sal voorkom dat die biblioteek oorvol sal wees. Die teenwoordigheid van volwassenes kan geen ontwrigting veroorsaak nie aangesien daar geen informele klasonderrig is nie en in die ontspanne atmosfeer van 'n klein plattelandse dorp kan aktiwiteite sy natuurlike gang gaan.

Dit is natuurlik baie noodsaaklik dat die biblioteek in die middag oop sal wees vir die hele gemeenskap. Biblioteekure saans sal baie gerieflik wees vir skofwerkers en ander wat die dag wil afsluit met ontspanne leesstof of 'n koerant of tydskrif. Openingsure op Saterdag is opsioneel en selfs ook op Sondag word sterk aanbeveel met die oog op gesonde tydverdryf.

'n Algemene kenmerk by oorsese biblioteke is die gerieflike biblioteekure. Biblioteke, veral in Kanada is tot 60 ure per week oop. Biblioteke is ook saans, naweke en selfs op Sondag oop. Die ure word aangepas by die behoeftes van die

gemeenskap (vergelyk Hoofstuk 6 paragraaf 8.9).

## 6.9 Personeel

'n Nuwe biblioteek beteken ook nuwe personeel. Die nuwe biblioteek is wel op die skoolgronde maar dit is onwaarskynlik dat die nuwe personeel almal onderwysers sal wees. In Suid-Australië en Kanada word opgeleide personeel aangestel. 'n Onderwyser-bibliotekaris sal altyd diens lewer gedurende skoolure. Openbare bibliotekarisse word ook gebruik, veral naweke en vakansies.

Dit is 'n besluit van die Biblioteekraad hoe die personeelstruktuur daarna sal uitsien en aangestel sal word.

Die volgende vier moontlikhede word voorgestel en kan dien as 'n ideale aanstelling afhange van die gemeenskap se behoeftes:

1. 'n Voltydse gekwalifiseerde openbare bibliotekaris, dit wil sê  $\pm$  8 uur per dag.
2. 'n Gekwalifiseerde onderwyser-bibliotekaris gedurende skoolure en 'n gekwalifiseerde openbare bibliotekaris na skoolure en bykomende openingsure van die biblioteek.
3. 'n Voltydse gekwalifiseerde onderwyser-bibliotekaris in diens van die skool en plaaslike owerheid.
4. 'n Vakonderwyser met geen biblioteekkwelifikasies en 'n voltydse gekwalifiseerde openbare bibliotekaris gedurende skoolure en bykomende openingsure van die biblioteek.



### **6.9.1. 'n Voltydse gekwalifiseerde openbare bibliotekaris**

Die openbare bibliotekaris se werkprogram word opgestel volgens die aantal ure wat hy in diens is van die plaaslike owerheid. Dit kan tot agt uur per dag wees.

'n Openbare bibliotekaris, deelydse of voltydse word besoldig volgens die ure wat hy werk. Hy sal dan gedurende skoolure in die biblioteek behulpsaam kan wees, maar veral na skoolure, Saterdag en skoolvakansies sal die openbare bibliotekaris hoofsaaklik die diens lewer. Medialeiding mag slegs deur onderwysers onderrig word maar die bibliotekaris kan die onderwyser wat dit aanbied baie behulpsaam wees. Die openbare bibliotekaris sal gedurende middag bygestaan word deur deelydse personeel.

### **6.9.2 'n Gekwalifiseerde onderwyser-bibliotekaris gedurende skoolure en 'n gekwalifiseerde openbare bibliotekaris na skoolure en bykomende openingsure van die biblioteek**

'n Onderwyser-bibliotekaris kan Medialeiding-onderrig aanbied en kan verantwoordelik wees vir die funksionering van die biblioteek. Afhanklik van die grootte van die skool, word die persentasie tyd vir biblioteekwerk vasgestel en sal hy straks ook verantwoordelik wees vir vakonderrig.

Na skoolure sal die openbare bibliotekaris dan oorneem. Die nadeel verbonde aan bogenoemde betrekking is die feit dat twee bibliotekarisse as hoof van die biblioteek sal optree en daar nie deurlopende diens sal wees nie. Verskille in die aanbieding, optrede en afhandeling van administratiewe werk sal onsekerheid meebring.

Hierdie personeelstruktuur word toegepas by gekombineerde biblioteke in Swede (vergeelyk Hoofstuk 6 paragraaf 7.2).

### **6.9.3 'n Voltydse gekwalifiseerde onderwyser-bibliotekaris in diens van die skool en plaaslike owerheid**

Bogenoemde sal die mees ideale aanstelling wees omrede dat die onderwyser-bibliotekaris gedurende skoolure as onderwyser ook sy opvoedingstaak kan verrig en ook die vak, Medialeiding, kan aanbied. Middae word sy taak as bibliotekaris voortgesit en met sy kennis van die opvoeding en die feit dat hy die leerlinge ken, kan hy as opvoeder waardevolle diens lewer in 'n gemeenskap waar daar nog heelwat leemtes ontstaan as gevolg van die agterstand op onderwysgebied.

Die onderwyser-bibliotekaris sal dan in diens van die skool en van die munisipaliteit wees en sy diensure sal sowat 8 uur per dag wees. 'n Deeltydse assistent sal bykomende hulp kan aanbied in die middag en oor naweke.

Die vraag sal wel ontstaan wie die salaris sal betaal van 'n bibliotekaris wat aan die skool verbonde is en ook aan die plaaslike owerheid. Wanneer die betrokke onderwyser deel van die skool se personeel is en die ure in die biblioteek deel is van sy onderwyspligte sal hy besoldig word deur die Onderwysdepartement. Daar sal egter 'n ooreenkoms met die plaaslike owerheid getref moet word oor die diens wat gelewer word na skoolure.

### **6.9.4 'n Vakonderwyser met geen biblioteekkwelifikasies en 'n voltydse openbare bibliotekaris gedurende skoolure en bykomende openingsure van die biblioteek**

Hierdie moontlikheid sal 'n oplossing vir klein plattelandse skole wees waar daar as gevolg van 'n klein leerlingstal nie 'n onderwyser-bibliotekaris aangestel kan word nie. Die vakonderwyser sal met sy klas die biblioteek besoek en in baie gevalle ook die Medialeiding aanbied. Die openbare bibliotekaris staan die onderwyser by om hulp en leiding aan die leerlinge te bied. In ander gevalle waar daar 'n tekort aan onderwysers is en 'n groot getal leerlinge in een klas, sal die openbare

bibliotekaris waardevolle hulp kan aanbied in die biblioteek, veral as individuele aandag nodig is.

In hierdie geval sal die openbare bibliotekaris besoldig word deur die plaaslike owerheid. Afhangende van die sirkulasiesyfers kan 'n assistente aangestel word om deelyds in die middag en naweke diens te lewer.

Samewerking tussen die skoolpersoneel en die openbare bibliotekaris is 'n ideaal wat lank gekoester word en in 'n gekombineerde biblioteek verwesenlik kan word. Dit is veral onontbeerlik in 'n gemeenskap waar daar 'n agterstand op onderwysgebied is.

#### **6.9.5 Addisionele bibliotekpersoneel**

Dit kan so bewerkstellig word dat afgesien van vakonderrig, bibliotekdiens ook deel van die daaglikse onderwyspligte is. Die onderwyspersoneel wat diens doen in die biblioteek, doen dit gewoonlik ook as deel van hulle verpligte buitemuurse bedrywighede en is dus werksaam in die biblioteek na skoolure. Dit bly egter belangrik dat die addisionele personeel 'n belangstelling sal toon in bibliotekwerk, die nodige leiding aan die leerlinge gee en die onderwyser-bibliotekaris bystaan met administratiewe werk en organisasie van die voorraad.

Deelydse openbare bibliotekarisse kan ook deur die Stadsraad aangestel word om die hoofbibliotekaris by te staan na skoolure. Deelydse personeel werk slegs 'n sekere aantal ure per week en word besoldig volgens die ure wat hulle werk.

#### **6.9.6 Nie-professionele personeel**

In die biblioteek kan leerlingassistentes en vrywilligers ook diens lewer. Die hulp van skoolleerlinge word baie van gebruik gemaak en hulle kan behulpsaam wees met die daaglikse roetine-pligte soos toonbankdiens, voorbereiding van nuwe

boeke, verfraaiing van lokaal, voorraadopnames en klerklike werk. Tydens die ondersoek is daar bykans nie een skool wat nie van skoolleerlinge gebruik maak nie. Dit is veral gedurende pouses wat leerlinge diens in die biblioteek doen. Dit is egter raadsaam om van leerlinge net gebruik te maak onder toesig van 'n verantwoordelike biblioteekpersoneellid.

Vrywilligers is persone uit die gemeenskap wat nie daaglik nodig is nie maar kan aangevra word in tye wanneer die biblioteek druk besoek word of wanneer daar tekort aan personeel is. Dit is veral op Saterdag en gedurende vakansies waar personeel buite die skool baie nuttige diens kan lewer.

## 7. MODEL B

Gekombineerde skool- en openbare biblioteek op die skoolgronde beplan vanuit 'n bestaande biblioteek van 'n gekombineerde skool.

### 7.1 Ooreenkoms tussen Model A en Model B

'n Sterk ooreenkoms tussen Model A en Model B is die ligging van die geboue. Albei hierdie modelle maak deel uit van die skoolgeboue geleë op die skoolgronde. Model A is 'n nuutbeplande gebou op die skoolgronde terwyl Model B 'n reeds bestaande gebou op die skoolgronde is. Ander sterk ooreenkomste is ten opsigte van [i] doelstellings, [ii] standaarde, [iii] bestuur en beheer, [iv] biblioteekure en [v] personeel. Verskille wat wel voorkom is fasiliteite en die voorraad van die bestaande biblioteek.

Alle fasiliteite wat by Model A voorkom kan ontbreek by Model B omdat dit 'n ouer gebou is en aanpasbaarheid nie in gedagte gehou is by beplanning nie. Die plasing op die skoolgronde en die gebrek aan uitbreiding aan die gebou is tekortkominge wat dienslewering ietwat sal strem maar dit kom nie alle gevalle voor nie en met die nodige aanpassings kan die bestaande skoolbiblioteek die skool en gemeenskap

tot diens wees.

## **7.2            Skoolbiblioteekgebou**

### **7.2.1        Ligging**

Soos reeds bespreek in paragraaf 6.3.1 is die ligging van 'n biblioteek op die skoolgronde baie belangrik. Die gebou moet deur die publiek bereik word sonder enige steurnis of ontwrigting van skoolbedrywighede. Dit sal nie altyd die geval wees met 'n bestaande skoolbiblioteek op skoolgronde nie. 'n Losstaande gebou soos voorgestel in figuur 1 op bladsy 50 sal prakties moontlik wees maar wanneer die biblioteek deel uitmaak van die skoolgebou soos figuur 2 voorstel op bladsy 51 kan gebruikers van buite ontwrigting in die skoolprogram veroorsaak. Dit is dus nie raadsaam dat die publiek in die skoolgebou toegelaat word nie. Een toegang sonder die gebruik van die leerlinge se toegang tot die skool kan aanbeveel word. Waar dit egter onmoontlik is, sal dit sterk aanbeveel word dat 'n losstaande gebou met 'n toegang na buite alleenlik aanvaarbaar sal wees vir 'n gekombineerde biblioteek.

### **7.2.2        Lokaal**

Model B is 'n reeds bestaande biblioteek wat omskep moet word in 'n gekombineerde biblioteek. Standaardgroottes van 'n skoolbiblioteek is 217,5 m<sup>2</sup>. In die navorsing is gevind dat die kleinste skoolbiblioteek in die area 58,2 m<sup>2</sup> is en die grootste lokaal is 204 m<sup>2</sup> (vergelyk Hoofstuk 5 paragraaf 7). Die gemiddelde grootte van 'n openbare biblioteek, afhangende van die inwonertal van die dorp is 270 m<sup>2</sup>. Hierdie grootte sluit egter ook ander lokale in soos byvoorbeeld aktiwiteitsaal, kleedkamers, ensovoorts in.

Die bestaande biblioteke is nie geskik om alle gebruikers van die gemeenskap te akkommodeer nie. Die ruimte-indeling van die lokaal voorsien nie vir die

noodsaaklike areas nie en by die meeste skoolbiblioteke ontbreek studielokale en 'n aktiwiteitsaal.

### **7.2.3 Ameublement**

Die meubels van die bestaande skoolbiblioteek is slegs aangepas by laer- en hoërskoolleerlinge en die tafels en stoele word meestal vir onderrig gebruik en is so gerangskik vir studiedoeleindes. 'n Leesarea sal moontlik ontbreek. Die boekrakke kan aan die vereistes voldoen maar as die voorraad verdubbel sal dit moet vermeerder en ruimte sal beperk wees.

### **7.3 Bestuur en beheer**

Die bestuur en beheer van Model B sal ooreenkom met Model A. 'n Biblioteekraad sal in beheer wees van die gekombineerde biblioteek. Aangesien die gebou wel die eiendom van die skool of Onderwysdepartement was, sal na die kombinasie van die twee biblioteke ooreengekom moet word wie die eienaars of huurders van die gebou gaan wees. Dit kan egter ook, net soos in die geval van Model A en Model C, die verantwoordelikheid van die plaaslike owerheid wees.

### **7.4 Vorraad**

Wanneer 'n skoolbiblioteek omskep word in 'n gekombineerde biblioteek is die uitbreiding van die voorraad baie noodsaaklik. Die skoolbiblioteek beskik nie oor genoeg boeke om te voorsien in die behoeftes van leerlinge en volwassenes nie.

Die ondersoek het bevind dat die huidige skoolbiblioteke se voorraad uiters beperk is vir die skoolleerlinge. 'n Gekombineerde biblioteek sal 'n gebalanseerde voorraad moet voorsien, dit wil sê daar sal moet voorsien word in die kurrikulêre sowel as buite-kurrikulêre behoeftes van die leerlinge, asook in die behoeftes van die volwassenes. Die huidige voorraad van die skoolbiblioteke is onvoldoende;

die voorraad is te klein en parate naslaanwerke is verouderd en nie meer relevant vir die kurrikulum of vir die leerlinge se persoonlike belangstellings nie.

Gekombineerde skole soos in Suid-Afrika sal die aanpassing van 'n gekombineerde biblioteek makliker vind as in die geval van aparte laer- en hoërskole aangesien die voorraad in alle ouderdomsgroepe kan voorsien. Die voorskoolse kind kan die voorraad van die kindertuinleerling gebruik en die voorraad van die hoërskoolleerling is ook geskik vir die volwassene. Addisionele leesstof, veral fiksie sal aan die volwasse leser verskaf moet word. Bloklenings deur die kindertuinpersoneel is ideaal. Dit maak dan moontlik dat die leesboekies altyd tot beskikking van die leerling is aangesien die kleiner kind nie die biblioteek so gereeld gedurende skoolure kan besoek nie.

In oorsese lande is ook ondervind dat bloklenings ook 'n nadeel kan wees wanneer onderwysers vakliteratuur vir lang periodes onttrek en die boeke dan nie tot beskikking van die publiek is nie. Dit kan voorkom word deur leerlinge as klasgroep na die biblioteek te bring en die betrokke boeke daar gebruik word. Die betrokke boeke kan op reserve geplaas word. Volwassenes kan dit dan ook slegs in die biblioteek gebruik totdat die leerlinge hulle taak voltooi het.

#### **7.4.1           Uitbreiding van die voorraad**

By die samesmelting van die skoolbiblioteek met die openbare biblioteek word die diens van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens ook oorgedra en sal die verskaffing van voorraad soos aan openbare biblioteke ook hier kan geskied. Die stelsel sal die voorraad aanmerklik laat uitbrei en sal dit ook aan die behoeftes van die skool en gemeenskap voorsien.

Die aanskaffing van voorraad kan ook op die volgende maniere geskied:

- Die aankoop van materiaal om die voorraad aan te vul vra goeie

samewerking van ander instansies soos byvoorbeeld die munisipaliteit as deel van die begroting;

- 'n Jaarlikse toewysing van die Kaaplandse Onderwysdepartement soos vir Model B-skole (vergelyk Hoofstuk 2 paragraaf 3.3);
- In die geval van Model- C skole is die skoolbiblioteek afhanklik van die toewysing uit die begroting soos opgestel deur die Bestuursliggaam van die betrokke skool;
- Skenkings;
- Fondsinsamelings.

Boekekeuring en aanskaffing van boeke soos deur die Onderwysdepartement aanbeveel is, sal nie streng gevolg kan word nie aangesien die keuring van die openbare biblioteek ook in aanmerking geneem behoort te word. 'n Hoë standaard sal gehandhaaf moet word en dit sal dan die taak van die personeel van die gekombineerde biblioteek wees om die keuring te doen.

By die samesmelting van twee biblioteke sal veral duplisering van die voorraad na vore kom. Klasbiblioteke kan hier nuttig wees. Die oortollige boeke kan in klaskamers aangehou word en kan as ontspanningsleesstof of as hulpmiddels by klasonderrig gebruik word. Uitdunning kan dalk ook nodig wees aangesien daar heelwat verouderde en verslete boeke van die skoolbiblioteek se voorraad sal wees omdat dit as gevolg van skraps fondse nooit vervang kon word nie.

Dieselfde probleme is ook oorsee by kombinasie van biblioteke ondervind. Duplisering van boeke en ook leemtes in sekere kategorieë het ontstaan. 'n Ongebalanseerde voorraad kan nie in die behoeftes van die lesers voorsien nie.

Die fiksie voorraad wat na samesmelting beskikbaar gestel word aan leerlinge en volwassenes, sal aan spesiale vereistes moet voldoen aangesien nie alle voorraad van die openbare biblioteek wenslik is vir hoërskoolleerlinge nie. 'n Belangrike besluit wat die personeel sal moet neem is of alle voorraad aan die jeug beskikbaar



vir uitleen gestel sal word. Om strenger reëls voor te skryf om dit te verhoed sal nie wenslik wees nie; dit sal eerder die teenoorgestelde uitwerking hê. Boeke met sensitiewe materiaal kan ook eenkant gehou word en op 'n spesiale versoek uitgereik word.

Ter aanvulling van die boekevoorraad is tydskrifte van veel waarde, veral vaktydskrifte. Die skoolbiblioteek beskik oor min tydskrifte en dit word meestal slegs gebruik vir ontspanningslesstof. Vaktydskrifte is duur en word nie maklik aangeskaf nie. 'n Pamfletversameling kan doeltreffend gebruik word. Waar duur tydskrifte nie aangekoop kan word nie, kan fotostate van belangrike artikels in tydskrifte deel uitmaak van die pamfletversameling.

'n Nadeel wat wel sal voorkom is die beperkte voorraad as gevolg van die beperkte binneruimte van die bestaande gebou. Dit sal meebring dat rakke noodgedwonge voller sal wees en die beweegruimte tussen die rakke soveel kleiner.

Die rangskikking van die voorraad in verskillende kategorieë verg deeglike beplanning van die bibliotekaris.

#### **7.4.2 Uitreiking van die voorraad**

Die uitreikingstelsel van die Kaaplandse Onderwysbiblioteekdiens verskil heelwat van die openbare biblioteke en sal daar ooreengekom moet word watter stelsel die mees praktiese stelsel sal wees vir kinders en volwassenes.

#### **7.5 Biblioteekure**

Die biblioteekure soos voorgestel vir Model A in paragraaf 6.8 sal ook toegepas kan word by Model B. Aangesien die ruimte van die lokaal kleiner sal wees sal die voorstel dat slegs leerlinge gedurende skoolure die biblioteek gebruik en nie volwassenes nie, goed te pas kom. Sekere dae of ure per week kan ook aan

volwassenes afgestaan word. Middae sal nie oorvol wees nie aangesien die leerlinge met sportbedrywighede en ander skoolaktiwiteite besig sal wees. Dienslewering sal ook vinniger kan geskied as daar gebruik gemaak kan word van assistentes.

## 7.6 Personeel

In paragraaf 6.9 is vier moontlikhede voorgestel. Wanneer die bestaande biblioteek vervang word deur 'n gekombineerde biblioteek sal die onderwyspersoneel wat verantwoordelik was vir die biblioteek asook die openbare biblioteek se huidige personeel in aanmerking geneem word vir die betrekkinge. Dit is veral die voorstel van paragraaf 6.9.2; 6.9.3 en 6.9.4 waar die onderwyspersoneel ook sal betrokke wees. Die voorstelle sal verwelkom word aangesien twee van die voorstelle 'n onderwyser-bibliotekaris insluit en die derde vakonderwysers betrek. 'n Gekwalifiseerde onderwyser-bibliotekaris veral gedurende skoolure sal van veel betekenis wees. Medialeiding kan aangebied word en met klasbesoeke aan die biblioteek kan die leerlinge individuele aandag ontvang. Die vakonderwysers sal ook behulpsaam kan wees met die onderrig van Medialeiding, maar soos voorgestel in paragraaf 6.9.4, is dit raadsaam dat 'n voltydse openbare bibliotekaris gedurende skoolure die klasonderwysers kan bystaan met leesleiding en die verskaffing van inligting. 'n Openbare bibliotekaris wat ook betrokke is met leerlinge gedurende skoolure het ook die voordeel dat hy die leerlinge beter leer ken en 'n goeie verhouding opbou.

## 8. MODEL C

Gekombineerde skool- en openbare biblioteek sentraal geleë in die dorp beplan vanuit 'n bestaande openbare biblioteek van 'n plattelandse dorp.

## **8.1 Biblioteekgebou**

### **8.1.1 Ligging**

'n Openbare biblioteek op 'n klein plattelandse dorp is gewoonlik baie sentraal geleë en daar is geen probleem vir die publiek om dit te bereik nie. Gekombineerde skool- en openbare biblioteekdienste sal dus vir die meeste gebruikersgroepe gerieflik wees wanneer dit in die openbare biblioteekgebou gehuisves is. Die probleem sal wel ontstaan wanneer die klasse gedurende skoolure van die biblioteek moet gebruik maak.

Die afstand tussen die skool en die openbare biblioteek kan 'n nadeel wees. In 'n klein plattelandse dorp kan die afstand wissel van 500 meter tot 2 kilometer. Gedurende die empiriese ondersoek is daar twee gevalle waar die skole en openbare biblioteke slegs sowat 500 meter van mekaar geleë is. In sulke gevalle kan die skool- of openbare biblioteek te voet bereik word. Wanneer die skool nie binne loopafstand van die openbare biblioteek bereikbaar is nie, kan vervoer-reëlings getref word. Onderwysers beskik oor die nodige lisensies om kinders per bus te vervoer. Die reëling geld egter net vir klasbesoeke en individuele besoek soos byvoorbeeld gedurende pouses sal nie moontlik wees nie.

### **8.1.2 Gebou**

Die meeste plattelandse dorpe wat besoek is, het standaard openbare biblioteke; dit is 'n gebou van 'n gemiddelde grootte van 270 m<sup>2</sup>. 'n Openbare biblioteek moet genoegsame ruimte bied aan volwassenes en skoolleerlinge. Die biblioteek is ook so ingerig dat daar 'n kinder- en volwasse afdeling is. Die kinderafdeling is gewoonlik verdeel met 'n ruimte vir die voorskoolse kind en kindertuinleerlinge en primêre leerlinge. Die meeste openbare biblioteke op die platteland het ook 'n kantoor, aktiwiteitsaal, portaal, kleedkamers en 'n kombuis.

Die openbare biblioteekgebou het dus 'n voorsprong bo die skoolbiblioteekgebou as daar na die moontlikheid van 'n gekombineerde biblioteek gesoek word. Aangesien dit opgerig is met die doel om volwassenes en kinders te bedien, is aanpassing vir gekombineerde dienste onnodig. Die aktiwiteitsaal kan ook baie nuttig gebruik word as vergaderplek, as klaskamer en dien ook as 'n lokaal vir lesings en aanbieding van video- of rolprentvertonings. Wanneer die aktiwiteitsaal aangrensend is met die biblioteeklokaal en slegs geskei is met 'n skuifdeur, kan die lokaal ook vergroot word wanneer meer ruimte benodig word.

Met die oog op die toekoms en as daar 'n behoefte ontstaan sal 'n studielokaal aangebring moet word vir leerlinge wat studiefasiliteite benodig.

### **8.1.3 Ameublement**

'n Standaardbiblioteek se rakke voldoen ook aan die vereistes van duursaamheid en stewigheid. Die rakke sal so ingerig wees dat dit maklik bereikbaar is vir almal. Verstelbaarheid van die hoogte van die rakke is noodsaaklik en genoeg beweegruimte moet tussen die rakke toegelaat word. Die hoogte van die rakke sal verskil aangesien dit aangepas moet word by kinders en volwassenes. Die grootte van die tafels en stoele en die rangskikking daarvan is ook belangrik. Die tafels en stoele moet aanpas by die aktiwiteite wat verrig moet word byvoorbeeld die lae stoeltjies by lae rakke en gemaklike tafels vir koerant lees. Die openbare biblioteek maak ook voorsiening van 'n ontspanningsarea waar lesers rustig op gemaklike stoele kan lees en gesels.

Die aanbring van genoeg tafels en stoele vir 'n onderrigarea is noodsaaklik wanneer 'n klas die biblioteek besoek gedurende skoolure en Medialeiding aangebied word.

## **8.2**            **Bestuur en beheer**

Organisasie en administrasie van gekombineerde biblioteke hang grotendeels van die personele van beide biblioteke af. 'n Beleid en doelstellings sal opnuut opgestel word. Nuwe reëls sal aanpassing verg, maar nie noodwendig probleme veroorsaak nie aangesien die metodes wat gevolg sal word, reeds aan die leser bekend sal wees, hetsy in die skool- of openbare biblioteek.

